
# In Die Begin

## Gedagtes uit Genesis



Louis Nel

# In die Begin

## Gedagtes uit Genesis

# Louis Nel

Voorblad: Gedeelte van die beroemde skildery van Michael Angelo

Februarie 2018

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

Na Inhoud 

# Inhoud


1. Genesis
2. In Die Begin
3. Daar was Lig!
4. Die Heelal Ontwaak
5. Kroon van die Skepping
6. Die Tuin
7. Adam kry ‘n Maat
8. Die Slang
9. Dis die Slang se Skuld!
10. Verban!
11. Skeppingsverhaal in Perspektief
12. Twee Seuns
13. Broedermoord
14. Kain
15. Kain se Nageslag
16. Tweede Kans
17. En Toe was daar Noag
18. Noag Kry ‘n Opdrag
19. Om ‘n Skip te Bou
20. Die Groot Reën
21. Geduld, o Geduld.....
22. Splinternuwe Aarde
23. Noag en die Druiwerankie
24. ‘n Babelse Verwarring


**Na Inhoud**

25. Abraham - Geloofsheld
26. Trek weg uit jou Land!
27. ‘n Onverstaanbare Belofte
28. Neem ‘n Geloofstap
29. Die Geloofsheld Val
30. Gelowiges Kan Ook Struikel
31. ‘n Onselfsugtige Besluit
32. Keuses en Beloftes
33. Liefde Ten Spyte Van....
34. Twee Konings
35. Geloof Ten Spyte Van.....
36. Die Verbond Gesluit
37. Sarai Beraam ‘n Plan
38. Die Here Sien My Raak!
39. ‘n Nuwe Geloofs-gemeenskap
40. Verbondstekens
41. Drie Vreemde Manne
42. Die Oordeel Oor Sodom
43. Sodom se Lot
44. Ag nee, Abraham!
45. O Blye Dag!
46. Abraham Koop Eiendom Aan
47. Lam Ter Slagting
48. God se Offerlam
49. ‘n Tafereel Ontvou
50. Die Meisie by die Put

**Na Inhoud** 

51. Rebekka se Besluit
52. Op Pad Na Ware Geluk
53. Is daar Lewe na Sara?
54. Die Verskriklike Tweeling
55. Dáárdie Pot Lensiesop!
56. Nie Jy Óók nie Isak?
57. Putte Spel Net Moeilikheid
58. Esau se Seën Gekaap
59. Bedrog Deur Gelowiges
60. Jakob die Vlugteling
61. Immanuel - God-Met-Ons!
62. Einde Van Die Pad
63. Jakob kry van sy Eie Medisyne
64. Twee Vroue Spel Moeilikheid
65. Skelmstreke Werk Nie
66. Ons Trek!
67. Laban is Briesend!
68. Ontmoeting by Jabbokdrif
69. Vergifnis
70. Soete Wraak
71. ‘n Bet-El Geleentheid
72. Leer uit die Geskiedenis
73. Van Witbroodjie tot Slaaf
74. Josef in die Put
75. Van Slaaf tot Baas
76. Verlei!

**Na Inhoud** 

77. Alwéér in 'n Gat
78. Van Tronkvoël tot Heerser
79. Hongersnood
80. Die Feesmaal
81. 'n Groot Terugslag
82. Dis Ek, Josef!
83. Egipte, Hier Kom Ons!
84. Langs Jakob se Sterfbed
85. Epiloog

**Na Inhoud**

# Genesis

## Inleiding tot Genesis

Vandag begewe ek my eintlik op baie gevaarlike grond, want dit maak nie saak uit watter oogpunt ek hierdie reeks dagstukkies gaan aanpak nie, iemand gaan my wil kruisig. Dus sal ek waarlik die wysheid van Salomo aan die dag moet lê. Ek sal met ‘n oop gemoed moet luister na die influistering van die Heilige Gees.

Die verhale wat opgeteken is in Genesis, is sekerlik die bekendste verhale van alle tye. Boonop is dit nie net gelowiges wat die verhale ken nie, maar mense van alle gelowe. Die vraag is dan ook of dit in die eerste plek ware verhale is of dalk bloot sprokies? Goeie verhale, is hulle beslis! Daar is al selfs talle rolprente gemaak wat gebaseer is op hierdie verhale.

Die feit is egter dat hierdie nie maar bloot stories is nie. Dit is nie maar net lekker leesstof nie. En boonop is dit nie maar net ‘n geskiedenisboek wat jou nooi om op die spore van die oervaders en die aartsvaders te stap nie. Dit is véél meer as dit. Dit vra van jou om toe te laat dat die karakters van Genesis deel word van jou lewe vandag, duisende jare na hulle lewe op aarde.

Na Inhoud 

Dit vra verder van jou om jou in die situasie van daardie tyd in te leef en dit deel van jou eie lewenservaring te maak. Jy moet as't ware in Adam se kaalvoetspore gaan staan. As jy Eva was, wat sou jy gedoen het in haar situasie? Sou jy nie dalk ook maar voor die listigheid van die geslepe slang geswik het nie? En Kain? Is daar nie dalk ook maar 'n stukkie Kain in elkeen van ons nie? En as jy soos Noag vandag God se stem moes hoor en 'n opdrag kry wat gládnie sin maak nie en jou totaal stomslaan, sou jy gehoorsaam wees?

As jy jou eers begin inleef in die boek, begin jy iets baie groter ervaar as dat dit maar net 'n verhaal is wat duisende jare gelede afgespeel het. Dan begin jy die asemrowende grootheid van die Almagtige Skeppergod ervaar. 'n God wat bereid was om die pad saam met Sy skepsels te stap en moeite met hulle te maak. 'n God wat genadig was en nog steeds vandag is. Om te vergewe en tweede kanse te gee, selfs nadat hulle totaal afvallig geword het.

Die eerste gedeelte van Genesis vertel die oergeskiedenis. Die brandende vraag is egter, wanneer was hierdie oertyd? Hieroor is daar

gladnie eenstemmigheid nie. Sommige gelowiges is van mening dat dit niks meer as 6000 jaar gelede was nie. Ander weer is oortuig daarvan dat dit miljoene jare gelede was. Wie is reg? Maak dit vir my as gelowige ooit werklik saak wie reg is?

As ons hieroor begin stry, verloor ons totaal die boodskap wat die lewende God vir ons vandag uit hierdie asemrowene boek wil gee. Ja, inderdaad is dit die inspirasie van die Heilige Gees wat hierdie boek tot stand gebring het en dit 'n totaal tydlose boek gemaak het wat selfs vandag nog vir my en jou 'n aktuele boodskap het.

Genesis, en veral die verhaal van die skepping, is die eerste boek van die Bybel wat geskryf is, reg? Nee, verkeerd! En Moses het die eerste vyf boeke van die Bybel, die sogenaamde Boeke van Moses geskryf, reg? Nee, wéér verkeerd!

Die brandende vraag is, hoe en wanneer het die Ou Testament tot stand gekom? En dan dink ons veral aan die boek Genesis.

Vir duisende jare was daar absoluut niks op skrif nie. Dit beteken egter nie dat die Bybel nie bestaan het nie. Daar was ‘n baie sterk tradisie

onder die gelowiges om die geskiedenis oor te vertel. Nou moet ons eers baie duidelik verstaan: as iemand vandag ‘n storie vertel, gaan die persoon wat dit hoor waarskynlik sy eie kleurtjie daaraan toevoeg en ‘n stertjie of wat aanlas wanneer hy dit oorvertel. In die kultuur van die mense van daardie tyd was dit egter baie anders. Daar was net eenvoudig nie verander aan ‘n vertelling nie. Om dit makliker te maak, is baie van die vertellings in digvorm of liedere oorgedra sodat die oorspronklike verbasend goed behoue gebly het.

Die héél eerste gedeeltetjie van die Bybel wat op skrif gestel was waarvan ons weet, is die Lied van Debora in Rigters 5. Eers baie jare later, tydens die regering van Koning Hiskia in ongeveer 700 vC. was daar begin om van hierdie vertellings te versamel en op skrif te stel. Die meeste vertellings is egter eers baie later, tydens die ballingskap in ongeveer 550 vC. op skrif gestel. Die boek Genesis is een van die laaste boeke wat afgerond is. Dit kon moontlik selfs so laat as  515 vC. gefinaliseer gewees het. Dit is ook moontlik dat dit byna 500 jaar geneem het vandat die eerste stukkies van Genesis neergeskryf is totdat dit in sy finale vorm verskyn

het.

Natuurlik het die finale samestellers ook hulle eie stempel op die verhaal geplaas, want hulle wou 'n spesiale boodskap aan hulle lesers oordra. Ons moet dus ook Genesis lees in die lig van die gebeure van die ballingskap tydperk asook uit die agtergrond van daardie tyd.

Ek wil jou uitnooi om saam met my hierdie oeroue verhaal te deurleef en te stap in die voetspore van die gróót manne en vroue van ouds.

**Gebed:**

**Here, Skeppergod, dankie dat U op 'n wonderbaarlike wyse vir my hierdie ou, ou verhaal laat behoue bly het. Dankie vir die wonderlike boodskap en beloftes wat hierin vir my opgesluit is.**

# In Die Begin

## Genesis 1:1-2

Ons meet tyd in terme van die aarde se beweging om die son en die draai van die aarde om sy eie as. ‘n Jaar is ‘n lang tydperk. Of is dit? As ons ‘n verhaal sou begin met “Lank, lank gelede….”, hoe lank gelede is dit?

Genesis begin met die woorde: “In die begin het God….” Wanneer was die begin? Hoe lank gelede was dit? Die vraag is of ons dit ooit in terme van tyd kan meet? Wanneer het tyd begin? Van wanneer af was God reeds daar?

Dalk wil jy my nét hier stop en sê dat ek nou filosofies raak. Om bloot te wil dink oor wanneer alles begin het, laat my verstand duisel. As die Bybel sê dat God in die begin geskep het, word die sluier net so effentjies gelig oor ‘n reuse misterie wat gans te groot is vir enige menslike verstand.

Maar daar is meer: Die eerste sin in Genesis lees: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep.” Die vraag is: uit wat het God dit geskep? Was daar ooit iets voor die skepping?

Die oerknalteorie sê dat die heelal ontstaan het

uit ‘n baie klein “iets” wat ontplof het en uiteindelik alles gevorm het. Die vraag is: waar kom daardie “iets” vandaan? Hoe het dit ontstaan? Hierdie vraag kan selfs die slimstes onder die slimmes nie antwoord nie.

Moenie my verkeerd verstaan nie. Ek skiet hiermee nie die oerknalteorie af nie. Ek probeer slegs sin maak van wat die wetenskap en die Bybel ons leer. Nou moet ons ook dadelik byvoeg dat die Bybel nooit bedoel was om ‘n wetenskap-handboek te wees nie. Die Bybel sê egter iets baie belangrik wat ons sal help om die wetenskap te verstaan.

Om bloot die wetenskap te probeer verstaan uit die natuurkragte, is nie heeltemal logies nie. Sien, daar het iets gebeur in die verre verlede wat die wetenskap gladnie kan verklaar nie. Fisika leer ons dat daar materie nodig is in die een of ander vorm om iets anders te kan skep daaruit. Jy kan nie iets uit niks laat ontstaan nie. Genesis leer ons egter iets totaal anders: God het die heelal geskep uit niks. NIKS!

Presies hoe Hy geskep het, maak nie saak nie. Presies wanneer dit was, maak ook nie saak nie. Of dit sesduisend jaar gelede was of vyftien

biljoen jaar gelede, wat maak dit saak? Die belangrikste feit is dat God alles uit absoluut niks geskep het.

Ons kan dus sê, eendag lank, lank gelede was daar niks, buiten God. Daar was absoluut geen materie of sterre of lig nie, niks. En toe gebeur dit! Die almagtige, ewige God wat van altyd af bestaan het, skep. Die eerste deel van Sy perfekte skepping is die hemel. Daarmee saam kom mettertyd ook die aarde. In een enkele sinnetjie kom die skrywer van Genesis en vat die ganse skepping van die heelal saam as een enkele gebeurtenis.

Die vraag is of dit ‘n enkele gebeurtenis was wat slegs sekondes of dalk ‘n dag geduur het? Waarskynlik nie. Dit kon selfs 15 biljoen jaar geduur het, soos wat die wetenskap beweer. Hiermee wil ek dus sê dat Genesis 1:1 nie ‘n beskrywing is van wat daar gebeur het in die jaar nul nie, maar eerder ‘n verklaring wat uitgereik word oor God, die Skepperwese. Hieruit moet ons Sy grootheid, Sy almag en Majesteit sien. Dit moet maak dat ons ons hande saamslaan in verwondering, elke keer wanneer ons die ontelbare sterre in die hemel aanskou. Of wanneer ons die perfek-geskape blommetjie of

insek of mens sien. Niks, maar absoluut niks so kompleks kon bloot uit toeval van omstandighede plaasvind nie. Elke dingetjie is deeglik beplan deur ‘n Wese wat baie, baie groter is as ons menslike verstand.

Verder moet dit ons ook diep laat buig voor hierdie almagtige Skeppergod, want Hy is die Een wat heers oor alles en almal.

Die tweede vers kom nader aan ons eie tuiste, die aarde. “Die aarde was heeltemal onbewoonbaar. Dit was donker op die diep waters.” Die 1953 vertaling lees: “En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed.”

Daar was met ander woorde gladnie lewe op die aarde nie. Alles was onder water en daar was selfs nie eers land iewers in sig nie. Die aarde was ‘n dooie wildernis, iets baie onheilspellend.

So ‘n situasie laat ons magteloos voel. Die totale verlatenheid gryp jou aan die keel en verwurg jou. En dan was daar boonop die verstikkende duisternis wat al die niks omhul het.

Het jy nie dalk al so ‘n totale magteloosheid beleef nie? Waar jy op ‘n plek in jou lewe gekom het waar dit voel asof jy in die middel van ‘n

onherbergsame woestyn van niks staan. Waar die verstikkende duisternis jou wil verswelg. Het dit al vir jou gevoel asof selfs God nie meer daar is nie? Asof jy totaal verlate is, selfs deur jou enigste hoop, God?

Daar is egter hoop! God was wél daar! Sy Gees het oor die waters gesweef. Juis wanneer die chaos op sy ergste is, en die duister op sy verstikkendste, is die hoop op sy grootste. Al dink jy dat jy van God verlate is, is Hy steeds teenwoordig! Nou gaan dinge begin gebeur!

Gebed:

Here, dankie dat U my steeds hoop gee, selfs in die donkerste tye in my lewe.

# Daar was Lig!

## Genesis 1:3-13

Een enkele sinnetjie van vier woorde verander absoluut alles: “Laat daar lig wees!” Dit is die eenvoudige woorde wat die proses aan die gang sit om al die chaosmagte wat die aarde oorheers te tem. Die Koning gee ‘n eenvoudige bevel en dit gebeur: “En daar was lig!”

Nou wil dit klaar nie mooi vir ons sin maak nie, want die son, maan en sterre se skepping kom eers later. Daar is egter ‘n baie goeie rede waarom dit spesifiek in hierdie volgorde beskryf word. Hiermee wil die skrywer vir ons dit baie duidelik maak dat God nie ‘n son nodig het om Hom te “help” om lig of dag te maak nie. Hy skep eers die lig en dan skei hy boonop die lig van die duister. Daar is met ander woorde dag en nag sonder die hulp van ‘n son, maan of selfs sterre.

Wat wil dit vir ons sê vandag? God het nie “helpers” nodig nie. Hy tree op in majesteit en gesag. Alles is onder Sy beheer, ook die lig en selfs die duisternis. Soms kan die duisternis vir ons ‘n beklemming wees en kan dit by ons vrees inboesem. En wanneer die daglig uiteindelik aanbreek, is dit vir ons goed en voel ons verlig.

Ons moet egter weet dat hoe vreesaanjaend die nag ookal mag wees, en hoe wonderlik goed die daglig, God is in beheer in álle omstandighede. Ons kan en móét te álle tye ons volle vertroue op Hom plaas.

Dan lees ons dat God gesien het dat die lig goed was. Lig het Hy "dag" genoem en donker "nag." Dit is 'n baie belangrike handeling. Om iets of iemand 'n naam te gee, is destyds gesien as 'n handeling om gesag oor dit uit te oefen. Ons sien dit byvoorbeeld wanneer Daniël en sy vriende ander name kry in die ballingskap. Nou staan hulle onder die gesag van daardie koning.

Lig en duister, oftewel dag en nag staan onder beheer van God. "Ja, maar dit word mos beheer deur gewone natuurkragte?" In Josua 10 lees ons hoe hierdie Skeppergod die son laat stilstaan het sodat die Israeliete die geveg kon wen. Natuurkragte?

Wanneer God dag en nag skei, skep Hy terselfdertyd ook iets anders wat vir ons as mense van uiterste belang is, naamlik tyd. Voor hierdie gebeurtenis was alles totaal tydloos. Nou het die horlosie begin draai en was dit die begin van die tydsiklus.

Dit bring ons weereens by die vraag: wat is tyd? En hoe word dit gemeet? Vir ons gewone mense is tyd ‘n konkrete maatstaf wat gemeet word deur bepaalde gebeurtenisse soos die wenteling van die aarde of die afstand wat lig beweeg binne ‘n bepaalde tydsraamwerk.

Dit werk egter nie heeltemal so nie, want tyd is eintlik hoe jy dinge ervaar. By verskillende geleenthede word tyd verskillend ervaar. Vandag vra selfs die groot geeste in die wetenskap: “Wat is ruimte en tyd?” en daar is nie ‘n klinkklare antwoord nie. Dit is een van die groot misterieë van God.

Dit was aand van die eerste skeppingsdag.

Uiteindelik was die duisternis getem. Maar daar is steeds die totale verlatenheid van die morsdooie watermassa wat die ganse aarde bedek. Wat gaan God maak met hierdie onheilspellende woesteny?

Met ‘n enkele magwoord skei God die water sodat daar ‘n “hemelkoepel” is bokant die aarde. Hiermee skep Hy ruimte sodat daar lewe kan wees. Hierdie hemelkoepel is ook nie maar aan die mag van natuurkragte oorgelaat nie, maar dit is ‘n skepping van God wat in God se beheer is.

Dag twee van God se skepping was verby, maar steeds was daar chaos. Wat sou God op die derde dag doen?

Dag drie breek aan en God besluit om die aarde bewoonbaar te maak. Hiervoor is daar droë grond nodig. Dus skei Hy weereens die water sodat een helfte op die hemelkoepel is en die ander helfte agterbly.

Terloops, in antieke tye was die veronderstelling dat hierdie hemelkoepel water is wat die aarde oorspan, amper soos ‘n oseaan in die lug. Uit hierdie watermassa het dit dan soms op die aarde gereën.

Uiteindelik is die aarde gereed om lewe te kan huisves. Daar is landmassas waar landdiere kan bly en die seemassa waar seediere kan lewe. Maar steeds is die aarde nie hééltemal gereed om die lewe van diere te kan hanteer nie. Sonder plante kan niks lewe nie. Dus skep God plante. En só word nóg een van die mens se grootste vrese besweer, naamlik onherbergsaamheid. Nou is die tafel gedek vir die groot wondere van die skepping.

Daar is egter iets groot wat kort en wat ons die wenkbroue laat lig. Hoe kan plante voortleef

sonder sonlig? God het dan nog nie die son geskep nie? En hier groei die plante van alle soorte alreeds lustig voort? Dit maak nie sin nie!

More sal ons DV in diepte kyk na hierdie kwellende vraagstuk.

“Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.” So jubel Psalm 19 dit uit, en Psalm 8 sing: “Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!” So kan ek en jy ook vandag saamjuig oor God se wonderlike skeppingsdade.

Gebed:

Here, ons verstaan nie die skepping nie, maar ons glo! Dankie dat U ons God is.

# Die Heelal Ontwaak

## Genesis 1:14-25

Dag vier van die skepping breek met ‘n groot gejuig aan want vandag gaan iets baie opwindend geskep word: die hemelliggame en die sterre!

Teen hierdie tyd wil ons skreeu: “Maar dis ‘n fout! Hulle het mos reeds baie lank voor die aarde ontstaan!”

Nee, dis gladnie ‘n fout nie! Ons het reg aan die begin gesê dat hierdie vertelling gladnie gaan oor die wyse waarop dinge tot stand gekom het nie, maar dat dit ‘n verklaring is wat uitgereik is oor God, die Skepperwese.

Kom laat ek verduidelik: In die antieke tye het van die volkere verskeie dinge aanbid as gode. Dan het hulle ook dikwels daarop aanspraak gemaak dat hulle gode sekere dinge geskep het. So was daar byvoorbeeld die geweldige watermassa wat as ‘n godheid gesien is. Uit hom sou die skepping dan plaasgevind het. Die Egiptenare het die songod Ra aanbid, en dit was ‘n baie belangrike god. So ook die maan.

Met die spesifieke orde waarin God se skepping

hier gestel word, wil die skrywer dit baie duidelik maak dat hierdie belangrike sogenaamde gode eers ontstaan het nadat die skepping reeds ver gevorder het. Boonop is hulle almal sélf ook geskep deur die Skeppergod.

Daar is géén ander god buiten die Here nie!

Alle sienlike en onsienlike dinge, hóé groot of magtig hulle ookal mag vertoon, is deur God geskep. Niks hiervan is gode nie! Hulle is almal blote voorwerpe wat in God se skepping ‘n sekere funksie het. Hierdie hemelliggame is dus daar om te dien in die skepping en beslis nie om gedien te word nie. Boonop moet almal besef dat God só magtig is dat Hy lig kan maak sonder dat daar enige ligbronne hoef te wees. En Hy kan plante laat groei, selfs al is daar nie ‘n son om dit te laat fotosinteer nie. God het nie hulp of hulpmiddels nodig om dinge te laat gebeur nie.

Dalk moet ons dit ook in ‘n ander lig beskou. Ons sien vandag die son en ander hemelliggame as die bron van lig. Dit is dan ook waarom die antieke volke hulle aanbid het as gode. Maar eintlik is ons totaal verkeerd, want God is die enigste Bron van Lig. Joh. 1:4 sê dat daar in Jesus lig is wat skyn in die duisternis en nie

uitgedoof kan word nie. 1 Joh. 1:5 verklaar dat God lig is. Open. 21 sê dat son en maan oorbodig sal wees omdat die heerlikheid van God oor alles sal skyn. In Joh 8:12 sê Jesus dat Hy die lig vir die wêreld is. Paulus word verblind deur die glans van Jesus by Damaskus.

Hiermee trek God ‘n dik swart streep dwarsdeur die verheerliking van die natuur. Die natuur is deur God geskep vir die gebruik van die mens. Alhoewel dit nie iets heiligs is nie, het ons ‘n verantwoordelikheid om alles wat God geskep het te bestuur na die beste van ons vermoë, want dit is immers Sy eiendom. Ons mag dit dus verantwoordelik gebruik en ondersoek, maar terselfdertyd moet ons dit ook koester en bewaar. Die vraag is, wat ons vandag met hierdie asemrowende skepping van God aanvang? Ons is besig om die aarde te verwoes. Ons het alreeds baie belangrike spesies totaal uitgeroei.

Maar kom ons kom terug by die gebeure op dag vier, die son, maan en sterre. Ek dink nie dat ons mooi aldag besef hoe asemrowend groot hierdie afdeling van die skepping is nie. Ons massiewe groot aarde is maar ‘n ou klein spikkeltjie in ons eie sonnestelsel. Ons is ‘n skamele 8 ligminute

oftewel 150 miljoen km. weg van die son af. Neptunis is 4500 miljoen km. weg. En dis kort afstande! Die naaste ster aan ons, buiten die son is meer as 4 ligjare weg. Feitlik al die sterre wat ons kan sien is geleë in slegs een galaksie, die melkweg, met moontlik 400 biljoen sterre. Dit is meer as 100’000 ligjare in deursnee. En dit is slegs een van biljoene ander galaksies waarvan sommige selfs baie groter is. Die verste hemelliggame wat die moderne teleskope kon sien was 14 biljoen ligjare ver.

Is dit nie genoeg om jou asem skoon weg te slaan nie? Maar daar is meer, want sommige geleerdes reken dat ons heelal dalk gladnie alleen is nie, maar dat daar talle soortgelyke heelalle kan bestaan. En God het hulle almal geskep deur slegs ‘n woord te spreek op die vierde dag van die skepping.

Op dag vyf skep God die seediere en die voëls. Hy het reeds op die derde dag die nodige ruimte vir hulle geskep en nou is die aarde gereed om die lewende diere te akkommodeer.

Dag ses breek aan en uiteindelik is alles gereed vir die landdiere in ‘n groot verskeidenheid. Klein en groot, maak Hy hulle. Piepklein muisies en

reuse olifante. In die see swem daar mikroskopiese eensellige organismes en reuse walvisse. Elkeen het sy plek.

Hoe lank het hierdie skepping geneem? Niemand weet nie. ‘n Duisend jaar is vir God soos een dag, so leer die Bybel ons. Kon dit duisende, dalk miljoene of selfs biljoene jare geneem het? Ons weet net eenvoudig nie. En is al die diere destyds geskep om vandag presies nog net so te lyk? Of was daar evolusie? Ook oor hierdie vraag wil ek my nie uitlaat nie, bloot omdat alle bewerings wat ons hierop sou maak, suiwer spekulasie sou wees. Al wat ek verséker weet, is dat God geskep het. Hoe en wanneer, weet niemand nie!

Gebed:

Here, ek staan weereens verstom as ek aan U wonderlike skepping dink. U is groot, Here!

# Kroon van die Skepping

## Genesis 1:26-28

Die ganse skepping wil bars van opgewondenheid, want uiteindelik is alles in gereedheid gebring vir die kroon op God se skepping.

Met groot sorg het God die heelal gevorm tot ‘n meesterstuk. Dan kom die aarde en dit word uniek gemaak sodat lewe daar gevestig kon word. Met Sy fyn kunstenaarshande vorm God die aarde en maak dit bewoonbaar. Hy vestig plante daarop om as kos te dien vir ‘n verskeidenheid diere, maar ook om broodnodige suurstof te vervaardig waarsonder diere nie kan lewe nie.

En dan, wanneer alles gereed is, vestig hy die seediere en voëls en uiteindelik ook die landdiere. Dit is ‘n absolute juweel! Die aarde, alhoewel dit maar baie klein is in die heelal, is die kroonjuweel van Sy skepping. Maar dit was nog steeds nie klaar nie. Daar was nog één laaste item op God se agenda.

Vers 25 sluit die laaste hoofstuk van die skepping van die landdiere af met die woorde: “God het gesien dit is goed!”

Dan kom die verrassende: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger.” God wou iemand op hierdie wonderlike “kroonjuweel” plaas om Hom te verteenwoordig. Daar moes iets van Homself wees in hierdie persoon, en Hy wou hom aanstel om Sy skepping te bestuur namens Hom.

In vers 27 praat God van Homself in die meervoud. Hoe moet ons dit verstaan? Die antwoord is nie so maklik nie, want ons weet net eenvoudig nie presies wat die bedoeling was nie. Die een teorie is dat hier verwys word na die Drie-eenheid, en dat Hy praat as Vader, Seun en Heilige Gees. ‘n Tweede teorie lui dat dat Hy in die meervoud van majesteit praat soos die gebruik by Persiese konings was om na hulleself te verwys. ‘n Derde teorie is dat dit ‘n gesprek in die hemelse hofhouding was met moontlik engele.

Met wie God hier beraadslaag is egter nie belangrik nie. Die beeld wat gebruik word, is wel van uiterste belang. Wanneer God sê: “Kom Ons maak die mens na ons beeld,” sien jy dadelik die prentjie van ‘n groot koning wat beraadslaag met sy raadgewers wanneer hy ‘n baie besonderse en belangrike taak aanpak.

Die mens is vir God baie besonders, en Hy word absoluut uniek geskep, totaal anders as enige van die ander skepsele. Hy word God se verteenwoordiger gemaak. Dit vertel vir ons dat daar 'n besonderse verhouding tussen hom en God moes wees. As jy iemand verteenwoordig, stel jy jouself in daardie persoon se plek, en om dit te kan doen moet jy hom deeglik ken en moet julle mekaar verstaan. Jy sal weet wat hy sou wou hê. Jy is dus amper 'n afbeelding van daardie persoon wie jy verteenwoordig. So was die bedoeling van God, dat die mens in 'n besonderse verhouding met Hom sou staan en Sy wil doen. Omdat God die Koning by uitstek is, kry die mens dus ook outomaties Koningsgesag. Dus sê God dat die mens moet heers oor die diere. Hy kry volle gesag van God om te regeer oor die skepping namens God. Derdens kry hy die bevel om die aarde te vul en te bewerk.

Vandag weet ons baie goed dat mense nie almal dieselfde is nie. Maar één ding staan uit soos 'n paal bo water uit, dat elke mens nog steeds vir God iets besonders is, nét soos met die skepping van die eerste mens. Ek en jy is steeds geskep na die beeld van God. Ons is steeds Sy verteenwoordigers, maak nie saak wie of wat

ons is nie.

Die héél belangrikste element is natuurlik dat daar ‘n verhouding moet wees tussen ons en God. Hoe kom jy in so ‘n verhouding? Eenvoudig, deur geloof in Jesus Christus. Hiermee bedoel ek nie slegs om te glo dat Hy bestaan nie, maar om Hom in die geloof aan te neem as jou Saligmaker. As Sy verteenwoordiger leef jy dan Sy beeld van liefde uit teenoor God in die eerste plek asook teenoor jou medemens, soos wat Jesus vir ons kom demonstreer het. Hy het fisies op aarde kom wys hoe so ‘n verteenwoordiger behoort te lewe.

Die wonderlike is dat dit nie maar net ‘n paar uitgesoekte, spesiale gelowiges is wat God kan verteenwoordig nie, maar dat elke gelowige die vermoë kry om dit te kan doen. Jy moet jouself net gewillig verklaar. Die Heilige Gees sal jou daarin lei.

In die tweede plek gee God vir jou en my as gelowiges ook elkeen dieselfde gesag om te heers as wat die eerste mens gekry het. Die mag om te kan heers is aan my en jou toevertrou. Jy kan dus besluite neem oor jouself asook ander mense en die skepping. Maar jy moet dit altyd

baie goed onthou, dat die mag om te heers ook ‘n baie groot verantwoordelikheid inhou. Dit beteken byvoorbeeld nie dat jy maar kan maak en breek soos jy wil nie. Om jou mag te misbruik en ander mense uit te buit, is totaal verkeerd.

Om te heers, beteken om met oorleg te bestuur, bou, beskerm, bewaar. Onthou, jy is die verteenwoordiger van God, en dus moet jy jouself altyd die vraag afvra of jy steeds namens God regeer en Sy belange in gedagte hou, en of dit dalk vir eie gewin gebeur.

Om te bewerk is eweneens ‘n groot verantwoordelikheid. Bewaar ek wanneer ek bewerk? Of buit en God se skepping uit?

Gebed:

Here, dankie dat ek U verteenwoordiger kan wees. Maak my asseblief ‘n waardige verteenwoordiger vir U.

# Die Tuin

## Genesis 1:29-2:1-14

God se skepping was volmaak. Wat is volmaak? Vir ons het die volmaakte dag in die natuur geword om iewers in ‘n wildtuin te kan sit en te sien hoedat ‘n leeu ‘n bokkie vang en opvreet. Om te sien hoedat die pragtige luiperd sy bloederige prooi in die boom ophys. Volmaak?

Jesaja 11 beskryf die eindtyd, wanneer God ‘n nuwe hemel en nuwe aarde skep. Dan sal die wolf en die lam saam bly en die luiperd tussen die bokkies lê. Leeus sal gras eet en babatjies met slange speel. Dit is volmaak!

Maar was die oorspronklike skepping dan nie volmaak nie? O, dit was beslis! Oorspronklik het die leeus ook gras gevreet! In Genesis 1:29-30 lees ons dat God vir die eerste mense vrugte en sade gegee het om te eet. Ook die diere het slegs plante geëet.

Dit wil dan vir ons sê dat daar ‘n vrederyk op die aarde geheers het nét soos die vrederyk wat vir ons beskryf word na die wederkoms van Jesus. Dan maak die skrywer van Genesis die opmerking in vers 31: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed!”

Dan kom die verrassende. Dag ses is verby en dag sewe breek aan. Ons wil dink dat die skepping nou verby is. Maar dit is nie. Op dag sewe skep God nog een laaste ding. Hierdie slag is dit egter nie ‘n konkrete iets wat ons kan sien nie, maar Hy skep ‘n rusdag. Daarmee begin God ‘n siklus van arbeid en rus, iets wat deur die eeue gevolg is en wat noodsaaklik is vir enige mens. Boonop verklaar God dit as ‘n heilige dag, ‘n dag wat anders moet wees as ander dae en vir God afgesonder moet wees. Dit was nooit bedoel as ‘n dag wat vir die mens ‘n las moes wees nie, maar dit moes heilsaam wees vir die mens.

Toe Genesis op skrif gestel is tydens die ballingskap, het hierdie rusdag vir Israel ‘n nuwe betekenis begin kry. Dit is gekoppel aan hulle verlossing uit Egipte destyds. Hulle het begin besef dat dit nie bloot maar ‘n dag is van rus en niksdoen nie, maar dat die dag aan God verbind is. Dit wil iets oor God sê. Eerstens wil dit verklaar dat God inderdaad die Skepper is en dat Hy steeds in beheer staan van alles, ten spyte van die feit dat hulle in ballingskap verkeer.

Hierdie rusdag moes ook dien as ‘n onderskeidingsteken. Hulle, God se volk, was

anders as die ander volke. Om die dag heilig deur te bring en tot eer van die Skeppergod, moes hulle vir almal wys dat hulle God aanbid het. Dit moes ook vir hulle sê dat Hy ‘n verhouding met hulle het.

Die skepping was nou voltooi. Dit was ‘n lang proses wat begin het by niks en duisternis en chaos. Dit het geëindig by ‘n kosmos en volmaaktheid en lig. Daar was orde in God se skepping. Hy het die kroon van Sy skepping, die mens gemaak en iets van Homself in die mens geplant. Nou kon die interaksie tussen God en Sy baie spesiale skepsel begin.

Genesis 2 wil vir ons lyk na ‘n tweede skeppingsverhaal. Eintlik is dit gladnie die geval nie. Dit wil die skeppingsverhaal uit ‘n ander hoek beskou. In Genesis 1 word vir ons vertel van die Skepper en Sy werke. Genesis 2 vertel van die skepsel, die mens, en hoe hy op God se skepping reageer.

Ons eerste reaksie wanneer ons Genesis 2 begin lees, is dat dit beslis nie lyk soos die skepping waarvan ons in Genesis 1 lees nie. Alles is nou anders. Dit wil voorkom asof daar chaos is, droog en dor soos ‘n woestyn, en nou

begin God van voor af.

Dit is egter nie die geval nie. Die skeppingsverhaal in Genesis 1 fokus op die skepping as ‘n geheel en dan spesifiek op die aarde. Nou word die fokus verskuif na een klein gedeelte iewers in die midde-ooste waar God die mens skep uit die stof van die aarde. Uit stof, inderdaad, want alhoewel hy die kroon van die skepping is, is hy steeds nietig en verganklik en van die grond. Maar God het persoonlik die lewensasem in sy neus geblaas. Ja, hy is God se verteenwoordiger en hy het God se asem in sy liggaam, maar hy is steeds deel van die aarde. Nogtans heg God groot waarde aan hierdie nietige skepsel.

God gee hierdie besonderse skepsel van Hom net die beste. Hy skep ‘n paradys-tuin waar alles perfek en ongeskonde is spesiaal vir die mens om in te woon. Alles was daar in oorvloed, oorgenoeg heerlike vrugte om van te eet, asemrowende skoonheid van die natuur en oorgenoeg kristalhelder vars water. Daar was ‘n groot verskeidenheid pragtige bome. Maar twee van hulle word baie pertinent genoem: Die boom van lewe en die boom van kennis.

In hierdie asemrowende tuin het ‘n rivier sy oorsprong. Die rivier verdeel om vier groot riviere te vorm wat deur verskeie landstreke vloei. Daar word so terloops genoem van goud en edelstene in een van die riviere. Hierdie tuin se invloed is dus nie beperk tot die gedeelte waar die mens woon nie, maar sy invloed strek oor baie landstreke en bring selfs rykdom.

Die tuin is dus die simbool van absolute geluksaligheid, oorvloed en vreugde en dít wat daaruit voortvloei gee vrugbaarheid en voorspoed. Dit pols van lewe!

Die vreugde en geluk wat uit God se teenwoordigheid voortspruit, vloei oor na ander plekke. Wanneer jy die dag vir God ontmoet, word jy self ‘n bron van lewe!

Gebed:

Here, dankie dat U ook die bron van lewe vir my gegee het.

# Adam kry ‘n Maat

## Genesis 2:15-25

Wat maak ‘n mens as jy alles het wat jy nodig het? Jy het volmaakte geluk, oorgenoeg geld en jy het al jou ideale bereik? Dit was die dilemma van die eerste mens. Alles waarvan hy kon droom, was daar vir hom op ‘n silwer skinkbord.

Ek onthou uit my kinderjare van die spoorwegpersoneel op Waterval Boven. Hulle was verplig om op 55 af te tree na jare se harde werk. Gewoonlik het hulle dan gaan sit en rus en niksdoen. En keer-op-keer is die manne binne enkele jare onder die kluite van pure verveling. ‘n Mens is net eenvoudig nie ontwerp om niks te doen nie!

God gee aan die mens twee opdragte. Die eerste een is bitter eenvoudig: hy het die ganse groot tuin se vrugte waarvan hy kan eet soveel as wat hy wil. Maar die een enkele boom in die middel van die tuin, die boom van kennis mag hy nie eet nie. Die twee bome wat ons gister vlugtig genoem het, het groot betekenis. Beide bome simboliseer besonderse eienskappe van God. Die Boom van Lewe simboliseer God se ewigdurendheid. Slegs Hy kan vir ewig lewe. Die

tweede boom is die Boom van Kennis. God is die enigste Een wat alle kennis het en wat alwetend is. Inderdaad probeer sommige mense voorgee asof hulle alwetend is, maar dit is bedrog. Met die verbod op die eet van die vrugte van die Boom van Kennis, wil God verhoed dat die mens meer mag kry as wat hy kan hanteer.

Die vraag is: waarom sou God dan iets in die tuin plaas as Hy sou weet dat dit die mens in ‘n versoeking kon stel? Die antwoord is eenvoudig: God het die mens totaal anders gemaak as enige van die ander skepsele. Hy is gemaak as ‘n persoon met ‘n eie vrye wil. Boonop gee Hy die mens die wonderlike voorreg om in ‘n verhouding met Hom te staan. Anders as ander diere, kon die mens besluite neem en keuses maak en uitoefen. God wil hom op géén manier dwing om die regte keuses te maak nie. Daar moet dus ook vir hom die moontlikheid gestel wees om ‘n verkeerde keuse te kan maak. Daarom die boom as een enkele verkeerde keuse. En dan waarsku God hom baie pertinent oor hierdie keuse.

Verhoudings word spesifiek gebou sodat bepaalde perke gerespekteer sal word. Wanneer jy dan by hierdie grens kom, skep dit juis

vertroue as jy die grens eerbiedig. Voorbeeld: ek staan in ‘n besonderse verhouding met Jan. Sy pragtige vroutjie is genoeg om enige man te laat swymel. As ek my perke oorskry en met haar flirteer, is dit die einde van my en Jan se verhouding. Respekteer ek dit egter en behandel haar slegs as ‘n goeie vriendin, versterk dit ons verhouding. Daardie boom was dus júís daar om Adam se verhouding met God te versterk. Die boom simboliseer immers God se teenwoordigheid in die tuin!

Die tweede opdrag klink op die oog af eenvoudig: Hy moet heers oor die skepping. Dit plaas op sy skouers ‘n geweldige verantwoordelikheid. Dit begin met ‘n relatief eenvoudige taak, om name te gee aan al die diere. Ek dink hierdie eerste taak moes Adam baie lank besig gehou het.

Ten spyte van sy groot taak, was Adam eensaam. Hy het gesien dat al die diere maats het, maar hy was ‘n alleenloper. Ook hiér voorsien God mildelik.

God skep nie ‘n splinternuwe mens uit stof om vir Adam ‘n maat te wees nie. Hy besluit eerder dat hierdie nuwe skepsel die gelyke van Adam

sal wees. Die enigste manier om dit te bewerkstellig, is dat sy deel van hom sal wees. God neem dus ‘n ribbebeen uit Adam se eie lyf en vorm die vrou daaruit. Nou kan daar géén twyfel wees oor die status van die vrou nie.

Die skepping van die vrou is uniek. Hier sien ons God as die Pottebakker wat kunstig die vrou vorm uit roumateriaal wat Hy uit Adam se lyf gehaal het. Hy behandel Adam baie sag dwarsdeur hierdie hele proses. Eers word hy onder narkose geplaas (‘n diep slaap) sodat dit nie pynlik sal wees nie. En nadat Hy die ribbebeen verwyder het, word die wond kunstig opgevul en toegemaak sodat daar nie eers ‘n merkie wys nie.

Dit bevestig alles vir ons ‘n paar baie belangrike dinge. Eerstens is die vrou nie ‘n andersoortige wese nie. Sy is uit presies dieselfde stof as die man gemaak, eintlik deel van hom self. Boonop is sy nie minderwaardig nie, hulle twee is gelyk. Sy is inderdaad ‘n afbeelding van die man. In vandag se terme kan jy amper sê dat sy ‘n kloon van hom is.

Wanneer God klaar is met haar, bring Hy haar na die man toe. Adam is in ekstase as hy haar

sien. Soveel so dat hy vir haar ‘n lied sing, ‘n huwelikslied. “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.”

Dan voeg die skrywer van die Genesisboek ‘n voetnota by: “Daarom sal die man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.” Hier is dus absoluut géén twyfel oor die oorspronklike verhouding tussen man en vrou nie. Dit is ‘n verhouding met gelyke status, alhoewel hulle tóg verskillende rolle het binne hierdie verhouding.

In Efesiërs 5 word hierdie verhouding beskryf as een wat gegrondves is op liefde en twee mense wat onderdanig is aan mekaar. Dan word dit verder vergelyk met die verhouding tussen Jesus en Sy kerk. Dit is baie diep!

Gebed:

Here, help my asseblief om my huweliksverhouding te bou tot iets wat waarlik Goddelik is.

## Die Slang

## Genesis 3:1-8

Elkeen van ons beleef daagliks die krisis van besluitneming en die gevolge van ons besluit kan positief of negatief wees. Besluitneming behels ook dikwels grense wat ons moet eerbiedig. Oorskry ons die grense, kan verhoudinge vertroebel en kan dit selfs katastrofiese gevolge hê. ‘n Goeie voorbeeld is die verhouding tussen Amerika en Noord Korea. Beide dreig om die grense oor te steek, en as een tot die daad oorgaan kan dit katastrofies vir die hele wêreld wees.

Die slang-verhaal in Genesis gaan oor die mens se eie verantwoordelikheid. Hy moet ‘n keuse maak tussen ‘n goeie verhouding met God en om die grense te oorskry en die verhouding te vertroebel.

Genesis 3 begin met die woorde: Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”

Van kleintyd af was ek wysgemaak dat hierdie slang die duiwel homself was wat vermom was

soos ‘n slang. Dit is egter nie so eenvoudig nie. Wie en wat was hierdie slang? En waarom kon hy praat?

In die Bybel word die slang nie altyd gekoppel aan die bose nie. In Numeri 21:9 is dit die simbool van genesing. In Joh 3:14-15 word die slang ‘n analogie van verlossing en Jesus aan die kruis. Die slang word egter meermale gekoppel aan die bose en in Openbaring word terugverwys na die Paradys en dan word die slang met die duiwel verbind.

Dit is interessant dat die woord wat met “listiger” vertaal word, slegs enkele kere verder in die Bybel gebruik word. In Job is die betekenis “slinks” en in Spreuke “verstandig.” Daardie woord het dus ‘n negatiewe sowel as ‘n positiewe betekenis. Verder is daar ‘n klankooreenkoms tussen die woorde “listig” en “kaal.” Hiermee word daar ‘n baie subtiele verband getrek tussen die slang en die mens.

Maar kom ons kyk wat presies daar gebeur het. Die slang (ons neem maar aan dat dit die duiwel is) kom stel op baie slinkse wyse aan Eva ‘n alternatiewe keuse. Sy vraag: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet

nie?" is een wat daarop gemik is om twyfel te saai in Eva se gemoed. Wanneer sy aanvanklik baie positief antwoord, is sy steeds van plan om haar verhouding met God te eerbiedig. Dan lieg die slang blatant wanneer hy haar verseker dat God slegs wil keer dat hulle nie soos Hy word nie, en dat hulle beslis nie sou sterf as hulle oortree nie.

Die slang se woorde het iets in haar geprikkel. Beteken dit dat sy baie mag sou kry as sy van daardie vrug eet? Beteken dit werklik dat sy soos God sou kon word? Dit het 'n begeerte in haar laat kiemvat. Baie jare later, wanneer God vir Moses die Wet gee, is een van die gebooie pertinent dat jy nie slegte begeertes mag koester nie. God weet presies wat sulke slegte begeertes aan jou kan doen. Dit het Adam en Eva tot 'n val gebring!

Ons moet weet dat hierdie daad van Eva nie maar 'n impulsiewe pluk van die verbode vrug was nie. Dit was die gevolg van 'n hele reeks dinge wat almal baie menslik was. Eers was daar die slang wat suggesties in haar gemoed geplant het. Hy het God probeer verdag maak met sy tergende vrae. "God wil net keer dat jy nie soos Hy word nie!"

En dan word die begeerte van mag in haar gebore. Sy wil ook daardie mag hê wat God het. Sy wil ook God se soort kennis hê. Wanneer jy iets werklik begeer, kry jy ‘n baie goeie rede wat jou gewete sal gerusstel. Moenie op jou gewete vertrou nie! Dit kan gevaarlik wees. Toets dit aan kontroles soos liefde, getrouheid, eerlikheid, toewyding en die behoud van goeie verhoudings. En dan natuurlik die belangrikste: wat sê die Bybel, die lewende Woord van God?

Eva se daad, om die verbode vrug te eet, was maar net die simptoom van die ware oortreding. Haar groot sonde was eintlik om in opstand te kom teen God. Dit was ‘n lang proses wat sy deurgegaan het en nie iets wat sommer skielik een dag gebeur het nie.

Wanneer sy egter by Adam kom, is dit ‘n ander saak. Toe sy vir hom van die vrugte gee, eet hy daarvan sonder om eers navraag te doen. Adam het baie duidelik God se opdrag gehoor. Wanneer Eva egter by hom kom, stel hy haar woord bokant dié van God.

Wanneer jy God se Woord ignoreer, ontken jy eintlik dat die Here God is! Dit gaan dus nie soseer oor die eet van die vrugte nie, maar die

aantasting van God se simbole. Dit gaan oor keuses wat téén God gemaak is.

Hierdie breuk met God het onmiddellike gevolge vir die twee mense. Skielik kom hulle om die een of ander rede agter dat hulle kaal is. Tot nou toe het hulle in volle harmonie met die natuur geleef. Daar was géén nut om hulle “skaamte” te bedek nie. Nou het hulle skaamte ontdek. Skaam waarvoor? Skaam vir mekaar? Skaam vir die diere? Of is dit dalk eerder dat hulle skaam is oor die verskriklike ding wat hulle gedoen het.

Só skaam is hulle, dat hulle wegkruip wanneer hulle vir God hoor wandel in die tuin. Hulle probeer hulle skaamte wegsteek deur klere van vyeblare te maak. Ek kan my indink hoe ongemaklik dit moes voel!

Ja, dikwels probeer ons vandag steeds vir God wegkruip as ons skuldig voel oor ons sonde.

Gebed:

Here, vanoggend kan ek ook maar net my kop in skaamte laat sak en weereens vra: Vergewe asseblief.

## Dis die Slang se Skuld!

## Genesis 3:8-13

Het die aarde geskud? Het die sterre uit die hemel geval? Is die twee mense wat teen God in opstand gekom het, deur ‘n weerligstraal getref sodat hulle dood neergeslaan het?

Nee!

God het bloot soos gewoonlik in die tuin gewandel op die gewone tyd, in die koelte van die vroeë aand. Hierdie was sékerlik die gebeurtenis waarna Adam gereeld uitgesien het. Dit was heerlik om só saam met die Here te verkeer. Nou het alles egter totaal verander vir dié twee mense. Adam en Eva het verskrik weggekruip toe hulle van Hom bewus word. Maar God het hulle geroep. Nie woedend nie, maar vriendelik: “Waar is julle?” Alles was nog presies dieselfde. Van God se kant af het absoluut niks verander nie.

Maar vir Adam en sy vrou Eva was dit ‘n totaal ander saak. Hulle was bang vir God want hulle het bitter skuldig gevoel oor hulle verfoeilike verraad. Dus het hulle gaan wegkruip in die hoop dat God hulle nie sou raaksien nie. Toe hulle egter begin besef dat dit niks help nie, kom

Adam met ‘n stortvloed van woorde om homself te probeer verontskuldig: “Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. En toe het ek weggekruip!”

As Adam maar net sy skuld bely het: “Here, ek het teen U gesondig. Vergewe my asseblief!” Maar nou probeer hy sy sonde wegpraat met allerhande onbenullige dinge.

Wanneer jy iets het om weg te steek, raak die teenwoordigheid van iemand baie naby aan jou vir jou ‘n verleentheid. So kan dit selfs beteken dat dit vir jou ‘n verleentheid kan wees om in God se teenwoordigheid te wees. Dan probeer jy allerhande verskoninkies uitdink.

Steeds probeer die Here vir Adam net sover kry om te bely dat hy skuldig is. “Hoe het jy besef dat jy kaal is? Het jy tog nie van die verbode vrug geëet nie?” Weereens het Adam die volle geleentheid om om vergifnis te vra en te bely dat hy verkeerd was, maar hy doen dit nie. Hy pak dadelik die skuld op “die vrou wat U my gegee het.” Hiermee wil hy eintlik dan sê dat dit indirek God se skuld is dat hy oortree het. “Daardie vrou” het hom verlei om te eet.

Wanneer die Here vir Eva vra: “Wat het jy nou

gedoen?" is haar antwoord verontskuldigend: "Die slang het my mislei." In haar woorde lees ons dat sy voel dat sy eintlik totaal onskuldig is. Sy is nie werklik jammer oor wat sy gedoen het nie, maar sy voel jammer omdat sy nie gekry het wat sy verwag het nie.

Ag, ons wil so graag eerder die skuld vir ons dade pak op ons omstandighede, die slang, "daardie vrou," die versoeking waarin God my laat beland het. Eintlik het dit alles te make met die verkeerde keuses wat ons maak. Josua het die volk ook voor 'n keuse geplaas in Jos. 24:15 toe hy gesê het dat hulle moes kies watter God hulle wou dien. "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien," het hy dit baie duidelik gestel. Dit was sy keuse!

Adam en Eva het die verkeerde keuses gemaak. Daardeur is hulle verhouding met God versuur. Hulle het selfs vir Hom probeer wegkruip, wou nie meer met Hom praat nie, wou Hom nie meer sien nie! Hy het sóveel mooi drome vir hulle gehad. Hulle was dan die kroon van Sy skepping! Hy het dan soveel vir hulle gedoen, vir hulle die mooiste tuin in die heelal spesiaal ingerig. Hy het selfs elke aand uit die hemel neergedaal om saam met hulle te kuier. Hy het

selfs Sy eie asem in hulle geblaas om hulle lewe te gee. Hoe kon hulle dit so gou al opgemors het? Hulle het Hom bitter seer gemaak. Sal Hy hulle ooit hiervoor kan vergewe? Sou dit nie dalk beter wees om hulle te vernietig en oor te begin nie?

Maar dit is nie net die verhouding met God wat skade gely het nie. Adam het nie alleen die Here blameer nie maar ook vir Eva. Hy was baie gewillig om daardie vrug te neem sonder om eers enige navraag daaroor te doen. Maar nou is dit kwansuis háár skuld dat hy van die vrug geëet het. Hy kon só maklik "nee dankie" gesê het, maar hy het nie. Daardie wonderlike verhouding tussen hulle was gebreek. Weg was die totale verwondering waarmee hy haar daardie eerste dag aangekyk het. Weg is die loflied wat hy oor haar gesing het. Het hy al vergeet dat Hy sélf in ekstase vir die Here gesê het dat sy onlosmaaklik deel van hom is, want sy is uit hom gemaak? Vlees van sy vlees? Nou is dit "daardie vrou!"

Dit gaan egter verder, want daar het selfs 'n skeuring gekom tussen die mens en die natuur. Die vrou beskuldig die slang.

Vandag is dit steeds so. Sonde bring skeuring. Wanneer ek sondig, dryf dit ‘n wig in tussen my en God. Nee, dit is eintlik gladnie Hy wat wegstaan nie, maar my eie skaamte wat maak dat ek Hom nie meer in die oë kan kyk nie. Dan is ek te bang of dalk te hoogmoedig om my voor Hom te verootmoedig en om vergifnis te vra. Ek pak die skuld vir my sonde op omstandighede. Ek kruip eerder vir Hom weg. Ek kom al minder en minder by ‘n erediens, totdat ek naderhand heeltemal wegbly.

Sonde dryf ook ‘n wig in tussen man en vrou. Hoeveel huwelike gaan jaarliks te gronde, en dit net deur sonde? Dit is tragies. En dit kan voorkom word as mense net bereid is om mekaar te vergewe. Dit kan soveel huwelike red!

Gebed:

Here, My hart is bitter seer oor soveel huwelike wat op die rotse beland.

# Verban!

## Genesis 3:14-24

God het die mens goed gemaak, baie spesiaal, beter as enige ander wese wat Hy geskep het. Hy het groot verwagtinge en ideale gehad vir hierdie besonderse skepping van Hom. Maar dan gaan staan en mors die mens alles op! Natuurlik is die slang ook nie onskuldig nie. Hy is immers die een wat hulle verlei het.

Nou moet ons baie duidelik besef: sonde het gevolge!

Moontlik sal jy baie gou vir my sê dat God mos genadig is en dat Hy my as gelowige se sondes vergewe het, soveel so dat hulle eintlik nie eers meer bestaan nie. Inderdaad is dit so. Daar is egter iets wat nie maklik ongedaan gemaak kan word nie, en dit is die gevolge van ons sonde. Kom ons neem ‘n voorbeeld: Sê nou jy skiet iemand dood in ‘n woedebui. Dadelik besef jy dat dit verkeerd was en jy het berou. Jy vra God om jou te vergewe. Sal Hy dit doen? Ja, natuurlik! Jou daad kan egter nie ongedaan gemaak word nie, al het jy God se vergifnis. Jy het deur dit wat jy gedoen het baie pyn en smart veroorsaak vir die persoon se familie en hulle dalk selfs beroof

van ‘n broodwinner. Boonop gaan jy ook deur die gereg aangekla word en tronkstraf uitdien vir moord.

Het God die twee mense vergewe? Ja, ek glo beslis so. Hulle daad het egter ‘n vertrouensbreuk tussen hulle en God veroorsaak.

Eerstens is daar die gevolge vir die slang. Hy word verneder. Voortaan sal hy op sy pens seil en as’t ware stof eet omdat hy hom teen God verhef het. Maar nie alleen dit nie, hy het ook ander mense in die verderf gelei en bygedra tot hulle vertrouensbreuk met God. Daarom word sy straf soveel erger, en nou sal daar ook vyandskap wees tussen hom en die vrou.

Hierdie vyandskap waarna in Genesis verwys word, kan op verskillende maniere verstaan word. Eerstens ‘n fisiese vyandskap. Slange val mense aan en mense maak slange dood. Tweedens sê sommige dat dit wys op die stryd tussen die mens en demoniese magte. Die Jode van die derde eeu vC. het dit geïnterpreteer as die Satan wat die Messiaskoning wil vernietig. ‘n Vierde verduideliking is dat dit ‘n Messiaanse profesie is wat in verband staan met Jesus wat

die Satan vernietig. ‘n Vyfde verduideliking is dat dit te doen het met die stryd tussen goed en kwaad.

Watter een is reg? Die hoogtepunt van hierdie vyandskap kom natuurlik wanneer die slang die nageslag van die vrou in die hakskeen sal byt maar dat haar nageslag sy kop sal vermorsel.

As ons uit ‘n Nuwe Testamentiese perspektief hierna kyk, is die hoogtepunt van hierdie stryd die dag wanneer die slang (die bose) Jesus op die oog af dodelik verwond, maar dat Hy ten spyte hiervan die oorwinning behaal oor die bose. Die bose word gebind sodat hy geen verskrikking meer inhou vir die gelowige nie.

Die vrou se lot is dat sy pynlike swangerskappe en geboortes sal beleef. Tóg sien ons God se genade hierin. Sy kan steeds haar lewensvervulling as moeder ervaar, alhoewel dit met pyn gepaard sal gaan.

Ook haar verhouding met haar man word vertroebel. Ja, sy sal steeds die hunkering na hom hê maar dit sal ‘n gebroke verhouding wees waar hy oor haar sal heers.

Wat die man betref: sy pragtige verhouding met God is lelik skade aangedoen. Voortaan sal die

kos nie uit die hemel vir hom val soos in die tuin van Eden die geval was nie. Hy sal hard moet werk om kos te verdien. Buite die paradys is dit ‘n harde wêreld van onkruid en peste wat jou oeste verswelg.

Die twee mense moes op die harde manier uitvind dat sonde nie maar sommer maklik uit die weg geruim kan word deur ‘n paar eenvoudige stappe nie.

Die laaste deel van God se straf vir hulle sonde, klink vir ons na ‘n verskriklike een: hulle word uit die tuin verban. Ons wil amper vra: “Hoe kan God so hard wees met hulle?”

Ons moet egter uit die regte perspektief kyk na hierdie daad, dan sal ons sien dat dit eintlik genade is. Sien, die tweede spesiale boom is die boom van lewe. Sou hulle hiervan eet, sou hulle vir ewig lewe met hierdie las van sonde wat reeds deel van hulle lewe geword het. God wou dit verhoed, daarom verban Hy hulle en plaas ‘n wag van gerubs by die ingang van die tuin van Eden sodat daardie verskriklike lot hulle nie sou tref nie.

Maar God stuur hulle nie maar net blindelings in die woeste wêreld in nie. Eers gee Hy hulle

name. Tot dusver het hulle net bekend gestaan as man en vrou. Nou kry die man ‘n persoonlike naam, Adam, “Mens” en die vrou Eva wat “Lewe” beteken. Daarna kry hulle behoorlike permanente klere wat baie meer prakties is as hulle vyeblare. Klere is belangrik, want dit verraai iets van jouself, jou status, jou persoonlikheid ens. In hulle geval wil die vyeblare iets sê oor hulle skaamte en verlore onskuld teenoor God. Hulle nuwe velklere bedek hulle skaamte sodat hulle nie meer hoef weg te kruip nie.

Dus sien ons selfs in God se straf terselfdertyd ook Sy groot genade. Hy het hulle nie uitgewis nie, maar hulle ‘n tweede kans gegee. Wat sou hulle daarmee maak?

Wat maak ek en jy met die tweede kanse wat God ons gee? Gebruik ons dit tot Sy eer?

Gebed:

Dankie dat U my ook ‘n tweede kans gegee het, Here! Help my asseblief om hierdie kans tot U eer te gebruik.

## Skeppingsverhaal in Perspektief

## Genesis 1-3

Voordat ons kan aanbeweeg na die volgende, baie opwindende hoofstuk in die aangrypende verhaal van die eerste mens, is dit eers nodig dat ons ‘n kort terugblik gee op dít wat in die Tuin van Eden gebeur het. Hoe raak daardie verhaal ons vandag, indien enigsins?

Die tuinverhaal is een wat ons vul met verwondering. Dit is die verhaal van God wat in groot liefde die mens skep en hom ryklik seën deur hom ver verhewe te maak bo enige ander skepsel. Hy gee vir hom nét die héél beste in die lewe. Die taak wat God vir die mens gee, is eenvoudig en gladnie ‘n las op sy skouers nie. Dan kom gee Hy vir die mens die perfekte maat, een wat uit homself geskep is, en God blaas persoonlik die asem van lewe in haar neus.

Dit was wonderlike tye waarin God gereeld persoonlik in die vroeë aand saam met hulle kom kuier het en met hulle gesels het. Alles was perfek! Maar dan gebeur die verskriklike ding en die wonderlike verhouding tussen God en die mens versuur wanneer die mens sy eie kop wil volg.

Alle hoop is verlore, want die mens het gekies om eerder na die slang te luister as na God. Maar voordat die mens finaal uit die tuin verban word, gee God tóg weer hoop. Ten spyte van die vertrouensbreuk wat die mens geskep het, besluit God uit Sy groot genade dat Hy nie die mens aan sy eie lot gaan uitlewer nie. Boonop gee Hy ook ‘n wonderlike belofte dat Hy eendag Iemand sou stuur om “die slang se kop te vermorsel.” Daardie Iemand sou alles wat die mens opgemors het kom herstel. Daar is dus die belofte van hoop op ‘n beter môre.

Blaai ons nou na die laaste drie hoofstukke in die Bybel, in Openbaring, dan word hierdie hoop bevestig. Duisende jare het verloop tussen hierdie eerste boodskap van hoop en die finale bevestiging daarvan.

In Openbaring 20 lees ons van die einde van Satan en die bose. Johannes sien in sy visioen ‘n engel wat van God af kom. Hy het toegang tot die onderaardse diepte oftewel die woonplek van die bose. Die engel bind Satan vas met ‘n groot ketting, simbolies daarvan om sy mag te beperk. Hy word in die onderaardse diepte gehou vir ‘n duisend jaar, en dan word hy vir ‘n kort rukkie vrygelaat. Ons kan nie die duisend jaar as ‘n

letterlike tyd vertolk nie. Hierdie is ‘n simboliese getal wat daarop dui dat hy vir die volle tydperk wat God vir hom bestem het gebind is. In die lig van die boodskap van Openbaring as ‘n geheel, kan ons verstaan hieruit dat Satan gebind is vir die tydperk tussen Jesus se eerste koms 2000 jaar gelede en sy wederkoms. Deur Jesus se sterwe en opstanding het Hy Satan oorwin en is hy gebind. Die klein rukkie wat hy losgelaat word dui op die verskriklike intensiteit van sy aanslag kort voor die einde.

In Openbaring 21 beskryf Johannes die wonderlike gesig wat hy beleef, van die vernuwing van die hemel en die aarde, waar die volmaakte gemeenskap met God nou aangebreek het. Ja, die ou bedeling het verdwyn. Die eerste hemel en aarde is volmaak geskep deur God. So het ons gelees in Genesis 1 tot 3. Dit is egter totaal verwoes deur die mens en Satan se sonde. Die ou aarde waar pyn en lyding, wat maar die gevolg van sonde was, so ‘n verskriklike werklikheid is, word nou vervang deur ‘n splinternuwe toestand van altyd-durende, volmaakte heerlikheid saam met God. Dit word met ander woorde weer herstel tot dieselfde toestand as wat geheers het in die Tuin van

Eden voordat die mens in sonde verval het. In ‘n figuurlike sin verdwyn selfs die see, omdat dit in die antieke denke beskou is as die woonplek van die bose. Die bose is nou vernietig, en daarmee saam sy woonplek.

Saam met hierdie gebeurtenis is daar natuurlik die wederkoms van Jesus. Dit is die dag wanneer almal geoordeel word. Adam en Eva sal daar wees om God se oordeel aan te hoor. En so ook al die mense na hulle, ook ek en jy. Adam sal moet antwoord waarom hy besluit het om God se genade en liefde te verwerp. Maar belangriker nog, sal hy moet sê of hy ooit tot besinning gekom het daarna. Het hy ooit om vergifnis gevra? Was daar ooit weer ‘n verhouding tussen hom en God? Daardie perfekte verhouding van weleer, sou sekerlik nie meer moontlik wees nie. Maar daar kon tóg weer ‘n verhouding wees as Adam maar net sy hart vir die Here sou oopmaak.

Is daar vandag vir my as gelowige iets om voor bang te wees met die wederkoms? Hierop kan ek onomwonde antwoord dat ek niks het om te vrees nie want ek is reeds vrygespreek van die oordeel, en daarom kan ek saam met ‘n reuse skare van gelowiges uitroep: “Kom Here Jesus,

kom gou!” Op grond waarvan is ek vrygespreek? Op grond van Jesus se soenverdienste. Daarmee saam, omdat ek my hart vir Hom oopgemaak het en toegelaat het dat Hy in ‘n verhouding met my kon staan. Hy het alles gedoen; ek moes dit net aanvaar.

My vraag aan jou vanoggend is egter of jy ook so daaroor voel? Sien jy ook met groot verlange uit na Jesus se wederkoms? Of sit jy dalk met vrees in jou hart, want jy weet nie of jy die binnekant van die hemel sal sien nie? As jy met daardie verskriklike vrees sit, dan smeek Jesus by jou om te kom en van die water van die lewe te kom drink - dis verniet! Jy hoef niks daarvoor te betaal nie! Ek wil jou dan ook dringend uitnooi om vir my te skryf as jy met daardie probleem sit.

Gebed:

Here, dankie dat U my uit genade gered het ten spyte van my sonde.

## Twee Seuns

## Genesis 4:1-7

Daar is baie wanopvattings oor Genesis 4. As jong seuntjie is ek in die Sondagskool geleer van Kain en Abel, en toe is ek vertel dat Abel se offerrokie kiertsregop getrek het tot in die hemel en Kain s'n het so grondlangs gewarrel.

Maar kom ons gaan kyk wat die Bybel hieroor sê. Sondagskoolonderwysers kan ook soms die kluts kwytraak!

Moontlik moet ons by die eerste sin begin wat vertel van Kain se geboorte. Na die bevalling roep Eva uit: "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!" Eintlik is hierdie vertaling nie heeltemal korrek nie, want daar staan letterlik: "Ek het 'n man geskep, die Here." Wat presies het sy daarmee bedoel? Dit wil amper lyk asof dit 'n uiters arrogante ding is wat sy sê. Eerstens sê sy hiermee dat sy 'n kind geskep het, soortgelyk aan God se skepping van Adam. Tweedens wil dit lyk asof sy hierdie "man" wat sy geskep het met God vergelyk.

Eva is baie trots op hierdie eersteling van haar, en die kind was vir haar baie belangrik. 'n Ruk later word daar egter 'n tweede kind gebore, ook

‘n seuntjie. Nou is die opgewondenheid van ‘n eerste baba verby en die tweede kind kry die naam “Abel.” Hy was nou nie juis vir Eva so belangrik nie, en sy naam weerspieël dit baie duidelik. Abel se naam beteken: “Nietigheid.”

Eva was dus die eerste persoon wat daarvoor geval het om een kind bo die ander voor te trek. Kain word aan God gelyk gestel terwyl Abel maar net ‘n nietigheidjie is. Vandag, duisende jare later gebeur dit steeds. En dit is nie net die geval by kinders nie, op alle terreine kry ons dit dat die een persoon bo die ander bevoordeel word. In die skool is daar die “witbroodjies” en in die werkplek die een wat bevordering kry sonder die kwalifikasies. Hierdie is dan ook een van die probleme in die lewe wat hierdie verhaal vir ons in perspektief wil stel.

Die twee broers het opgegroei, elkeen met sy eie belangstelling. Abel s’n was veeboerdery terwyl Kain eerder die landerye wou bewerk en graan saai.

Dan sien ons ‘n verrassende element in die verhaal. Ten spyte daarvan dat Adam en Eva hulle rug op die Here gekeer het in die Paradys, blyk dit dat die twee seuns albei hulle Godsdiens

uitleef en dat hulle ‘n verhouding met die Here het. So gebeur dit dan ook dat albei seuns besluit om offers te bring aan die Here, Abel van die vet van die eerstelinge van sy kudde en Kain van die opbrengs van sy saaiboerdery. Ons moet dit duidelik verstaan dat die een offer nie bo die ander geag was nie. Beide seuns het gegee wat hulle gevoel het reg is.

Maar dan lees ons dat die Here Abel se offer aangeneem het maar nie dié van Kain nie. En net hier kom baie probleme vir ons, want nêrens lees ons in die eerste plek hoe Kain geweet het dat sy offer aanvaar is nie. Die storie van die rook wat verskillend getrek het is ‘n mite. Al wat ons weet is dat Abel aanvaar is en Kain nie. Hoe het Kain dan geweet? Ons weet net eenvoudig nie.

Die tweede kwelpunt is, waarom die Here dan nie Kain se offer aanvaar het nie? Ek het al dikwels gehoor dat daar gesê word dat Kain nie opreg was toe hy geoffer het nie, en daarom het die Here sy offer weggewys. Die vraag is dus: het Abel met ‘n opregte hart geoffer en Kain nie? Nee, dit word ook nie hier gesê nie, en dit sou dus verkeerd wees om so ‘n afleiding te maak. Ons moet eerder sê dat die rede vir God se

keuse nie gesoek moet word by die twee seuns nie, maar by God se regverdigheid in ‘n bepaalde situasie.

Die sleutel tot hierdie verhaal moet ons dalk gaan soek by die feit dat Eva vir Kain voorgetrek het en Abel gering geskat het. Volgens die kommentaar in Die Bybellennium kan ons dus sê dat God moontlik hier ‘n “regstelling” gemaak het deur nie die broer wat die hele tyd bevoordeel was te aanvaar nie, en die offer te aanvaar van die broer wat deur sy ma verontreg is.

Vandag wil hierdie verhaal vir ons vertel hoe God optree wanneer onreg gepleeg word. Die oumense het ‘n spreekwoord gehad: Die wiel draai stadig, maar hy draai! Ek moet ook baie deeglik besef dat die oordeel of wraak my nie toekom wanneer ek verontreg word nie. Ek moet dit aan God oorlaat. Op Sy regte tyd en manier sal Hy dit hanteer.

Verder moet ons ook besef dat die Here nie vir Kain gestraf het deur nie sy offer te aanvaar nie. Kain het in die eerste plek niks verkeerd gedoen nie. Dit was bloot ‘n regstelling omdat Kain bevoordeel was. Dit kan moontlik wees dat die Here hierdeur vir Kain beproef het om sy reaksie

te toets, soos wat Hy Adam beproef het met die boom in die tuin.

Die vraag is dan ook hoe Kain hierop sou reageer? ‘n Gelowige reaksie kon dalk een van teleurstelling wees, maar terselfdertyd berusting in God se keuse. Kain reageer egter met woede en hy loop met ‘n wrok in sy hart rond. Alhoewel sy broer totaal onskuldig is, is Kain se woede op Abel gerig. Die Here het dit dadelik raakgesien en met hom daaroor gepraat. Hy waarsku vir Kain om nie die sonde vatplek te gee nie.

Hoe reageer ek as dinge vir my skeefloop? Meeste mense reageer soos Kain. God toets ons dikwels op so ‘n manier om ons geloof sterk te maak en ons nader aan Hom te trek. Eintlik moet ons vir Hom dankie sê wanneer dit ons tref. Dit bevestig dat Hy ons innig liefhet.

Gebed:

Here, dankie vir die beproewinge ‘n my lewe. Help my asseblief om hulle in die regte lig te sien.

# Broedermoord

## Genesis 4:5-8

Wanneer Kain besef dat God sy broer se offer aangeneem het, maar nie syne nie, het hy baie kwaad geword. Die Bybel sê dat hy bedruk was.

Die tien gebooie handel oor konkrete handelinge wat die Here van ons as gelowiges verwag. So byvoorbeeld mag jy nie iemand doodslaan nie. Een gebod handel egter oor jou begeertes, dié dinge wat jy in jou hart koester. Dit is iets wat onsigbaar is vir ander mense, dinge wat slegs in jou hart gebeur. Hierdie begeertes kan egter lei tot lelike gevolge.

Hierdie bedruktheid wat Kain in sy hart gekoester het, val in presies dieselfde kategorie. Dit het gelei tot wraakgedagtes wat hy gekoester en vertroetel het en wat uiteindelik tot ‘n liederlike daad oorgegaan het.

Ongelukkig is dit vandag steeds ‘n groot probleem by baie mense en selfs by gelowiges. Iemand het jou verontreg, en nou broei jy daarop. Naderhand begin dit soos ‘n giftige brousel te borrel en kook en die kanse dat dit iewers gaan uitbars is baie groot.

Die Here het gesien dat Kain met hierdie woede in hom loop. Sy woede was boonop gerig op iemand wat totaal onskuldig was in die verhaal, sy broer Abel. Dit was nie sy broer wat hom beroof het van die aanvaarding van sy offer nie, maar dit was ‘n besluit van God. Eintlik moes Kain se woede dus teen God gerig gewees het.

Die Here het met Kain gepraat en hom gewaarsku teen die gevaar van dít wat hy in hom laat opbou. Hier sien ons duidelik dat daar op daardie stadium steeds ‘n verhouding tussen God en Kain was. Maar Kain het die verhouding laat verbrokkel toe hy God se waarskuwing totaal ignoreer.

Sonde is nie noodwendig ‘n fisiese daad nie, maar dit kan selfs ‘n gedagte wees wat jy vertroetel. Kan jy dan so ‘n sonde oorwin? Verseker! Dit is binne elke gelowige se mag om oor sulke sonde te heers. Lees maar wat Paulus skryf in Romeine 6:6, dat ons nie langer slawe van die sonde is nie. In vers 12 vra hy dat ons nie moet toelaat dat sonde oor ons heerskappy voer nie. In Gal. 5:24 skryf hy dat dié wat aan Christus behoort, se hartstogte en begeertes gekruisig is. Dit was dus heeltemaal binne Kain se mag om sy sonde te laat staan, maar hy wou

nie. Hy wou nie luister na God se pleitstem nie. En toe gaan die wrok in sy hart oor in die daad en hy vermoor sy broer.

Vandag wys ons die vinger na Kain, dis mos maklik! Daardie tipe mens is nie iemand met wie ek graag assosieer nie. Hy is sleg en goddeloos! Ek sal liewer maats maak met iemand soos Abel. Hy is mos ‘n goeie kerkmens wat gedoen het wat reg was. En toe is hy onskuldig vermoor.

Dit is dan ook tipies hoe ons hierdie verhaal verstaan, die slegte Kain teenoor die goeie Abel. Twee kontraste. Maar die vraag is of ons ooit verstaan waaroor dit alles gaan? Verstaan ons hierdie verhaal reg?

Kom ons gaan weer ‘n stappie terug ek kyk weer na die twee broers. Albei was voorbeeldige “kerkmense.” Albei het God opreg aanbid, met Hom gekommunikeer en lof bewys aan Hom deur vir Hom offers te bring. Ons kan dus albei as gelowiges sien.

Die vraag is dan: Wat is die boodskap wat ek uit hierdie verhaal moet kry? Ek en jy kan vandag ons lewe sien in hierdie twee broers. Ja, ons is gelowige kerkmense en ons gee ons dankoffers aan die Here soos wat dit ‘n gelowige betaam.

Dalk sien jy jouself in die lewe van Abel. Hy was verontreg en misken. Miskien voel jy self dat jy verontreg en misken is, dalk benadeel. Dan moet jy vandag weet dat God intens in jou belangstel en dat Hy beslis nie van jou vergeet het nie. Hy sien die dinge raak wat met jou gebeur en Hy sal op Sy regte tyd en manier die rolle omkeer.

Maar jy kan jouself dalk ook in Kain sien. Jy voel dalk dat daar onregverdig teenoor jou opgetree is. Dalk voel jy dat jy beter verdien het as dít wat die Here na jou kant laat kom het. Jy doen al die regte dinge, aanbid God, gee jou dankoffer, gaan gereeld kerktoe maar dinge wil maar nie reg loop vir jou nie. Dalk het iemand anders die bevordering gekry wat jóú eintlik toegekom het. Dit is sulke tye dat jy só verstrengel raak in jou eie gedagtes dat jy begin doof word vir die stem van die Here. Dalk raak jy kwaad vir die persoon wat jou bevordering "gesteel" het.

Vandag wil Kain jou waarsku dat daardie selfde sondemonster wat hom oorval het, jou ook dalk kan oorval. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die onding van padwoede wat so handuit ruk. Jy is vasgevang in 'n verkeersknoop en die ongeduld laai in jou gemoed op. Dan doen iemand 'n onnosel ding, en onmiddellik bars jy uit in 'n

woedebui. Dan kan jy hom dalk soos Kain doodslaan. Dalk nie noodwendig fisies nie, maar ook met lelike woorde, vulgêre vingers, gebare ens.

Kain wil vandag vir ons sê dat ons moet waak daarteen dat hierdie dinge nie in ons opbou nie. Bedink te alle tye die positiewe. Paulus het in Filippense 4:4-8 dit baie duidelik gestel hoe ons dit moet hanteer. Vul jou gedagtes met die mooi en positiewe dinge in die lewe, en daar sal nie plek wees vir die negatiewe goed om op te bou nie.

Gebed:

Here, dit is so maklik om my gemoed te vul met negatiewe geagtes. Help my om dit met positiewe dinge te vul, om die mooi en regte dinge in die lewe te bedink.

# Kain

## Genesis 4:9-16

In die Tuin van Eden het die Here na Adam geroep: “Waar is jy?” Dit was die smeekstem van God toe die mens afgedwaal het en besig was om vir Hom weg te kruip. Nou kom die Here met dieselfde smeekstem as Hy vir Kain vra: “Waar is jou broer?” Hierdie slag is daar egter meer die klank van ‘n aanklag in God se vraag. Hy het immers baie duidelik vir Kain gewaarsku teen ‘n wandaad, maar Kain het hom nie aan die waarskuwing gesteur nie.

Wanneer Kain antwoord, is dit half astrant: “Ek weet nie. Moet ek dan nou my broer oppas?” Hoe arrogant, om God op so ‘n wyse te antwoord! Eintlik is dit ‘n totale minagting van die Almagtige God.

God se reaksie is summier om Kain te veroordeel. Sy straf is om onder ‘n vloek te lewe. Pa Adam is destyds uit die Tuin verban, en nét so word Kain ook verban van sy grond. En as hy nog iets probeer bewerk, sal die grond absoluut niks vir hom gee nie. Omdat hy God totaal geïgnoreer het, word hy eintlik van God af weggejaag. Maar dis nie al nie, hy word boonop

voëlvry verklaar, en hy sal ‘n swerwersbestaan voer.

Nêrens lees ons dat Kain enigsins berou het oor sy verfoeilike daad nie. Hy pleit egter by God om sy straf te versag want hierdie straf is te swaar vir hom om te dra. Om sonder God te moet lewe is bitter genoeg. Dan is daar boonop die res van die gesin wat dalk bloedwraak sal wil neem. Moet hy dan selfs in vrees lewe vir sy eie mense? Hy sien net eenvoudig nie kans vir so ‘n lewe nie.

Dan besluit God uit Sy groot genade om Kain se straf te versag. Hy het immers Adam en Eva se straf ook versag toe hulle teen Hom in opstand gekom het. Kain het die doodstraf verdien vir sy gruwelike daad, maar God besluit om hom te spaar. Hy rig dan ook ‘n ernstige waarskuwing tot enigeen wat sou wou wraak neem op Kain.

Inderdaad haat God enige sonde. Hy het egter groot deernis met die sondaar! Só groot is Sy deernis dat Hy selfs ‘n moordenaar beskerm sodat niemand op hom sou wraak neem nie. En dan gee die Here vir Kain ‘n teken om enigeen te waarsku dat hy vir Kain met rus moet laat.

Jare gelede het my sondagskoolonderwyser ons

geleer dat Kain daardie teken van vervloeking gekry het sodat almal moes weet dat hy Kain, die broedermoordenaar is. Dit is egter ver verwyder van die waarheid. Ons moet dit eerder sien as God se teken van Sy groot genade. Al is Kain die sondaar by uitstek, staan hy steeds onder God se beskerming.

Die Kainsteken wil ook vir ons iets oor God sê, dat God vir ‘n gevalle mens omgee. Hy is nie ongevoelig teenoor die persoon wat hard geval het in die lewe nie. Hy beskerm hom selfs teen die wraak van ander mense.

Sonde het liederlike gevolge. Ja, inderdaad vergewe God my as gelowige wanneer ek die dag sondig. Maar die spore wat daardie sonde van my agterlaat, kan lelik wees en dikwels kan dit nie weer uitgewis word nie.

Daar is ‘n verhaaltjie van ‘n seuntjie wat bitter stout was en net nie wou luister nie. Op ‘n dag besluit sy pa om ‘n krom, geroeste spyker in die outjie se deurkosyn te kap elke keer as hy ongehoorsaam is. So is daar naderhand ‘n hele ry van daardie gruwelike spykers ingekap, en dit was beslis nie ‘n mooi prentjie nie.

Uiteindelik kom die outjie tot besinning. Hy gaan

huil by sy pa en vra om vergifnis vir al sy stoutigheid en hy besluit om van nou af die reguit pad te stap. Pa het hom styf teen sy bors vasgedruk en hom gesoen en hom verseker dat al sy streke vergewe en vergeet is. Hy kom toe met sy hamer en trek al die aaklige spykers uit sodat daar nie ‘n enkele een oorbly nie.

Die seuntjie was natuurlik in die wolke want sy deurkosyn was skielik skoon en sonder enige sondespykers. Maar toe sien hy die gate waar die spykers ingekap was. “Wat van die gate, Pappa?” wou hy weet. Toe verduidelik Pa dat hulle maar altyd daar sou bly. Dit kannie reggemaak word nie. Die gate sou hom altyd daaraan herinner dat dit verkeerd is om ongehoorsaam te wees. Sonde laat spore agter, selfs al kry jy volle vergifnis.

Die probleem is egter ook dat die sonde wat jy doen, nie net gevolge inhou vir jouself nie, maar dit raak ook ander mense, en ook dáár kan die merke dikwels nooit uitgewis word nie.

God het vir Kain daardie teken gegee, die sogenaamde Kainsteken. En dan lees ons die ontstellende woorde: “En Kain het van die Here af weggegaan.” Sou dit letterlik beteken het dat

Hy God totaal verlaat het? Hierop is daar nie klarigheid nie. Volgens Die Bybellennium word Kain egter verbind met die Keniete waarvan ons lees in Rigters 1:16. Hulle was ‘n nomadiese volk wat op die suidgrens van Kanaän gewoon het. Die interessante is dat hulle ook die Here geken het. Blykbaar het hierdie stam die een of ander kenteken gedra, moontlik ‘n tatoeëermerk, wat dan verband sou gehou het met die Kainsteken.

Uit hierdie verhaal leer ons van God se onbegryplike groot genade en dat Hy selfs die grootste sonde vergewe. Ek kan dan ook vandag weet dat ek Sy volle onvoorwaardelike vergifnis het, ten spyte van die liederlike dinge wat ek in die verlede gedoen het.

Gebed:

Ek wil U loof met alles wat in my is, Here, want U het ook my sondes vergewe. U het die straf wat ek verdien het, totaal opgehef. Dankie Here, dankie!

## Kain se Nageslag

## Genesis 4:17-24

Kain het ‘n vrou gekry en hy het ‘n nageslag gehad. So lees ons in Genesis 4:17. Hierdie enkele sinnetjie het menige mense al laat kopkrap. Waar het hy ‘n vrou vandaan gekry? Sommige mense beweer dat hy met sy suster getrou het. Dit word egter nêrens in die Bybel gemeld nie, dus kan ons nie sê dat dit Skrifgetrou is nie en ook nie getrou aan ‘n historiese hantering van die teks nie.

Ons moet baie mooi verstaan dat die Bybel nooit bedoel het om die geskiedenis weer te gee nie. Ons mag dus ook nie meer in hierdie versie probeer lees as wat hier geskryf is nie. As ons gaan begin met allerhande teorieë hieroor, is dit alles suiwer spekulasie. Ons weet net eenvoudig nie waar Kain sy vrou gekry het nie.

Genesis 4:17 begin met ‘n familiestamboom, soos wat dit gebruiklik was in die tyd toe Genesis op skrif gestel was. Hierdie stamboom is nie maar net ‘n lys van name en nogmaals name nie. Dit vertel ‘n verhaal, die verhaal van die genade van God, in die eerste plek. Kain het geval, maar ten spyte daarvan gee God hom ‘n

nageslag. Daar is selfs ontwikkeling in sy nageslag. Ons sien egter ook hoedat Kain se sonde deurslaan na sy afstammelinge.

Wanneer ons so vinnig deur die name lees, sien ons hoedat ontwikkeling plaasvind van ‘n primitiewe mens tot vakmanne wat yster en koper bewerk en selfs musikante. Ons moet egter onthou dat hierdie slegs ‘n vinnige oorsig is oor die ontwikkeling van die mense wat strek oor duisende jare. Dit is nie ‘n ontwikkeling wat eensklaps plaasvind nie.

Ons sien ‘n beskawing wat begin ontwikkel op alle terreine van die lewe. Dit begin by landbou en weldra begin hulle met die bou van stede. Kain was alreeds die eerste om ‘n stad te begin bou. Natuurlik het al hierdie ontwikkeling vereis dat mense begin om gereedskap te ontwerp.

Ook op die terrein van die kunste het daar ontwikkeling gekom. ‘n Beskawing verhoog jou lewenskwaliteit, en daarmee saam kom natuurlik ook die mooi en fynere dingetjies in die lewe. Vir daardie mense het dit nie bloot net gegaan om oorlewing nie, daar was die behoefte om hulle kunste uit te leef. Ten spyte daarvan dat Kain onder God se vloek moes leef oor sy sonde, is

God se genade só groot dat Hy vir Kain se nageslag ‘n kunssinnigheid gegee het. So het dit gekom dat Jubal en sy afstammelinge musiekinstrumente ontwerp het, soos die fluit en die lier, om sodoende hulle kuns te kon uitleef.

Ons moet dus sê dat deel van God se gawes aan die mensdom was om te kon ontwikkel in kuns en kultuur, maar terselfdertyd ook in vakgebied sodat hulle kundigheid kon bemeester op vele terreine.

Ongelukkig was daar ook die negatiewe sy van al hierdie ontwikkeling. Dit het begin by Lameg, Kain se agterkleinseun. Hy het besluit dat een vrou vir hom nie genoeg is nie, en toe neem hy ‘n tweede vrou. Dalk was hierdie slegs die simptoom van wat werklik in Lameg se binneste aangegaan het. Ons sien hom as ‘n verwaande, arrogante man wat by sy twee vrouens spog oor sy vermoëns. By hom is daar absoluut niks van die genade te bespeur wat God gee nie. Hy is totaal genadeloos en van vergifnis is daar géén sprake nie.

Lameg sing vir sy vrouens: “Ek maak ‘n man dood wat my wond, en ‘n seun wat my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word,

maar Lameg sewe en sewentig maal!”

Wraak, vergelding, onvergewensgesindheid, dit word deel van Lameg se lewe. God word totaal buite rekening gelaat, en hy neem die volle reg in sy eie hande. Later word hierdie soort bloedwraak ‘n algemene ding, en as iemand te-na gekom is, wreek hy hom nie alleen op daardie persoon wat hom die onreg aangedoen het nie, maar die hele familie van die man. Hy word sewe en sewentig maal gewreek!

Wanneer Jesus ‘n paar duisend jaar later gekonfronteer word oor vergifnis, gryp Hy terug na Lameg se uitlating. Hy sê egter nie vir Petrus dat jy sewe en sewentig maal moet vergewe nie, maar sewentig maal sewe keer! (Matt. 12:22)

Die ongelowige Lameg het ‘n lewenspatroon gehad van geweld en liefdeloosheid. Hy was nie die laaste nie. Ons sien dit telkemale in die geskiedenis opgeteken. Mense soos die goddelose Agab en Isebel, Herodus die Grote en sy goddelose seuns, Nero en nog vele ander.

Teenoor dit staan die lewenspatroon van die gelowige. ‘n Christen-gelowige het ‘n totaal andersoortige lewe wat vir ons iets vertel van ‘n lewe wat herskep is. Dit beeld iets uit van die

genade en liefde wat God openbaar. Dit is presies die teenoorgestelde as die lewens van die Lameg's en dit is gebasseer op liefde en vergewensgesindheid.

Wanneer ons die familiestamboom van Kain lees, sien ons 'n stygende lyn van verval wat begin by die sondeval in die Tuin van Eden. Dit loop deur Kain en sy nageslag en dit bereik 'n hoogtepunt in die wrede Lameg. Hierdie is die opbou na die groot klimaks wat bereik word in Genesis 6 waar ons die verhaal van Noag lees. Dit dien dus as 'n aanloop om te wys dat die mensdom totaal korrup geword het. Dit het vir die Heilige God groot pyn veroorsaak oor die kroon van Sy skepping. God het dus nie 'n ander keuse gehad as om drasties op te tree nie.

Gebed:

Here, dit maak baie seer om te sien hoedat die mensdom verval het. Ook vandag sien ons dit. Ek sien reikhalsend uit na U wederkoms.

# Tweede Kans

## Genesis 4:25-6:4

Abel is vermoor deur sy eie broer en Kain het sy ouers en God verlaat. Maar weereens sien ons God se genade: Hy gee vir hulle ‘n derde seun en hulle noem hom Set. Hierdie slag sien ons dat Set en sy seun Enos begin om die Here te dien. Daar is dus ‘n splinternuwe geloofsgemeenskap gebore. Duisende jare later sou die Messias, Jesus Christus uit dieselfde geloofsgemeenskap gebore word.

Dan volg daar weereens ‘n ellelange geslagsregister, oftewel familiegeskiedenis. Hierdie lys name het al oor die eeue baie mense laat kopkrap, want die mense wat hier beskryf word, wil nie vandag vir ons sin maak nie. Die eerste ding wat ons opval, is die geweldige hoë ouderdomme. Keer op keer draai hulle hier by die duisend jaar rond, met die uitsondering van een, Henog wat slegs die skamele ouderdom van 365 jaar bereik.

Die eerste vraag wat ons wil vra, is of die mense werklik so oud geword het? Dikwels kom die antwoord dat jare in daardie tyd anders bereken was, en dat dit dalk maand-jare was. Dit sou dan

beteken dat Henog slegs 30 jaar oud geword het, en dit maak beslis nie sin nie. Die antwoord kom in Gen. 6:3, waar God uiteindelik die mens se lewensduur tot 120 jaar beperk.

Die vraag is of dit dan onmoontlik sou wees dat mense so oud kon word? Wel, is enigiets vir God onmoontlik?

Kom ons neem dan aan dat hierdie ouderdomme werklik jare is soos ons dit vandag ken. Dan ontstaan die vraag: waarom sou God mense so verskriklik oud laat word? Die een moontlikheid is dat God hiermee dalk die mens die geleentheid wou gee om die aarde te vul, want die kinders wat hier vermeld word, was nie die enigste wat gebore is nie. Ons kan aanneem dat die mense baie vrugbaar was en dat talle kinders gebore is uit elke gesin.

Wanneer ons 'n bietjie begin wiskunde doen met die getalle wat hier gegee is, kan ons interessante afleidings maak. Soos byvoorbeeld dat Adam so kort duskant 'n duisend jaar oud geword het en so ook Metusalag asook Noag. Volgens ons berekeninge het Adam nog die geboorte van sy nasaat Metusalag beleef. Op sy beurt het hy weer die geboorte van Noag beleef.

Noag het nog geleef tot kort voor die geboorte van Abraham. Dus van Adam tot Abraham slegs drie leeftye!

Dit is egter gevaarlik om bloot sulke afleidings te maak en op hierdie manier te wil bepaal presies wanneer Adam geskep is. Dit was nooit die bedoeling van Genesis om sulke berekeninge te wil weergee nie. Genesis, en spesifiek die oergeskiedenis, het ‘n totaal ander doel gehad. As ons dit wil gebruik om berekeninge te maak, mis ons die boodskap wat God vir ons uit hierdie gedig wil gee.

Wat lees ons dan in hierdie ellelange familiegeskiedenis? In die eerste plek, dat God besig was om vir Hom ‘n geloofsgemeenskap te vorm, en dít te midde van die verskriklike verval waarvan ons gister gelees het. Hier lees ons van absoluut géén opspraakwekkende dinge soos wat ons sien in die geskiedenis van Kain nie. Hier is egter iets van véél groter belang, naamlik dat hulle begin het om die Here te aanbid.

Dit is belangrik om te sien dat God Adam geskep het na Sy beeld (Gen. 5:1). Net daarna lees ons dat Set na die beeld van Adam was, “een soos hyself” (Gen. 5:3). Dit beteken dus dat Set óók

volgens die beeld van God geskep was. Hierdie beeld van God word dus van geslag na geslag oorgedra, sodat ek en jy vandag ook kan weet dat ons steeds volgens die beeld van God is. Dit maak nie saak of jy man of vrou, mooi of lelik, ryk of arm is nie. Elke mens is ‘n beelddraer van God.

In hierdie geskiedenis is daar ook ‘n paar dinge opgeteken waaroor ons vandag net kan raai. Die eerste is die geval van Henog. Hy word vir ons beskryf as iemand wat baie naby aan God geleef het. Daar was dus ‘n besonderse verhouding tussen hom en God, nét soos die verhouding tussen Adam en God voor die sondeval. En dan lees ons die verrassende in vers 24: “en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na hom toe weggeneem.” Wat sou dit beteken? Sou dit beteken dat hy nooit gesterf het nie, maar dat hy direk hemel toe is, na God toe? Of sou dit dalk beteken dat hy wel gesterf het, maar dat hy (sy gees) na God is? Daar is vir ons geen duidelikheid nie, maar die mees verklaarbare is dat hy nooit gesterf het nie, en reguit hemel toe is.

In Genesis 6:1-4 lees ons ‘n verdere onverklaarbare stukkie geskiedenis. Daar word

vertel van hemelwesens wat met die dogters van die mens getrou het. Oor die eeue is daar reeds baie bespiegel hieroor. Was hierdie hemelwesens engele? In die volgende verse word weer gepraat van reuse.

Hierdie twee hou waarskynlik verband met mekaar. Wanneer ons ander gedeeltes in die Bybel vergelyk hiermee, sien ons dat dit hoogs onwaarskynlik is dat dit engele kon wees. Die antwoord moet dalk eerder gaan soek word in die sogenaamde vergoddeliking van mense. In die tyd toe Genesis op skrif gestel is, was dit alreeds praktyk dat mense van hoë aansien gesien is as goddelik en selfs as half-gode. Van die Romeinse keisers het hulleself later as gode gesien. So het Daniël byvoorbeeld in die leeukuil beland toe hy geweier het om die koning te aanbid.

En vandag: Wat van sport- en musieksterre wat vergoddelik word en letterlik aanbid word?

Gebed:

Here, ek wil ook graag naby aan U leef soos Henog.

# En Toe was daar Noag

## Genesis 6:5-12

Wanneer ons die verhaal van Noag lees, is die een groot gebeurtenis wat uitstaan in sy lewe die sondvloed.

Daar is verskeie buite-Bybelse verhale oor hierdie gebeurtenis. Ander volke vertel ook van die een of ander katastrofale vloed wat die wêreld getref het, en daar is heelwat ooreenkomste met die verhaal wat in die Bybel opgeteken is, soos byvoorbeeld van die ark wat gebou is en die uitstuur van die duif. Daar word selfs vertel van die offer ná die vloed en die genadeteken wat die mense ontvang het in die reënboog. Daar is egter ook baie veskille in hierdie verhale, waarvan die grootste is dat God hierdie vloed gestuur het teenoor ander verhale waar dit anders gebeur het.

Hierdie verhaal word oorheers deur die verval van die mensdom. Dit was slegs die enkelinge soos Henog wat nog aan God gedink het. Alles het alreeds begin by Adam en Eva wat teen God in opstand gekom het. Daarna Kain en sy nageslag, en veral gewelddadige kleinkinders van hom soos Lameg.

In Gen. 6:5 sien ons hoe bedroef God geword het oor al die verdorwenheid van die mensdom. Hulle bedink heeldag lank net slegte dinge!

Maar ten spyte van al die slegte, sien ons steeds God se liefde en genade. Wanneer Kain die eerste groot misdaad pleeg en sy broer vermoor, dan is dit God wat ten spyte hiervan steeds vir Kain genadig is en hom beskerm met 'n belofte (Genesis 4:15). Maar Kain het God se belofte ook geminag en van die Here af weggegaan (vers 16).

Soos reeds gesê, was Lameg uit die nageslag van Kain die man van geweld. Boonop het hy ook twee vrouens gehad. Maar daar was ook 'n tweede Lameg. Hy was uit die nageslag van Set. Wanneer Lameg nommer twee alreeds 182 jaar oud is, word daar vir hom 'n seun gebore. Lameg is lewensmoeg. God het die grond waarop hy 'n lewe probeer maak vervloek (so het hy geglo). Dit was swaarkry elke dag, en dan vestig hy sy hoop op hierdie klein seuntjie, want dalk sal die outjie hom 'n bietjie opbeur. En hy noem hom Noag. Sy naam beteken letterlik "Rus". Sal hierdie klein seuntjie werklik daarin slaag om vir Lameg rus te bring vir sy siel?

Maar steeds duur die onreg voort. Inteendeel, dit raak al hoe erger en erger sodat God ernstig gegrief is hieroor.

Klein Noag het groot geword en Pa Lameg het oud geword. Na Noag se geboorte het hy nog so byna 600 jaar geleef en ‘n stokou grimmige man geword wat op die rype ouderdom van 777 jaar genadiglik dood is.

En Noag? Hy het uiteindelik ook vrou gevat en op 500 jaar word hy die pa van drie seuns, Sem, Gam en Jafet. Noag was nie ‘n super-mens wat sondeloos gelewe het nie. Maar één ding het in sy guns getel: hy was lojaal teenoor God. Daar was ‘n persoonlike verhouding tussen hom en die Here, en dit het Noag anders gemaak as al die ander mense van sy tyd. Genesis 6:9 beskryf Noag as ‘n regverdige man wat onberispelik gelewe het. Hy het ook, nes sy grootoupa Henog, naby aan God geleef.

Wat was dit dan wat daartoe aanleiding gegee het dat God besluit het om die vloed te stuur? Weereens moet ons terug gaan na die begin, toe God so kort nadat die skepping voltooi was, daarna gekyk het. Hy het gesien dat dit alles baie goed was. Kort daarna slaan die kroon van

Sy skepping ‘n verkeerde rigting in. In die familiegeskiedenis lees ons van die stygende lyn van goddeloosheid totdat alles uiteindelik onuithoudbaar word. Weereens sien ons dat God na die aarde kyk. Hierdie slag het Hy gesien dat dit korrup was. Dit wat oorspronklik goed was, het die mens geruïneer. Nou bly net een ding oor: om die ruïnes plat te vee en oor te begin.

Ons sien dus duidelik dat die mens sélf verantwoordelik was vir die vloed. Dit was hulle eie toedoen, en God se besluit om alles te vernietig was bloot die gevolg van die mens se verskriklike dade.

Ek en jy leef vandag ook in ‘n bitter deurmekaar wêreld. Misdaad, geweld, onreg, bedrog, moord, verkragting - al hierdie dinge is by ons baie bekend. Baie mense het moeg geword vir al hierdie gemors, selfs ook ongelowiges. Almal soek na ‘n klein “Noag” wat rus kan bring. Maar elke “Noag” wat gebore word het ook maar voete van klei. En die onreg stoomroller voort!

Maar daar is hoop, want Jesus bring redding waar alles totaal verlore lyk. Ja, en inderdáád het Hy die dood oorwin! Hy vra slegs van jou en my

om in ‘n persoonlike verhouding met Hom te staan en naby aan God te leef soos Noag van ouds.

En dan is daar boonop ook nog die groot hoop waarna alle gelowiges reikhalsend uitsien, daardie groot hoop waarvan Johannes skryf in Openbaring. En daardie groot hoop waarvan die engel gepraat het tydens Jesus se hemelvaart. Wanneer Jesus se wederkoms die dag plaasvind, sal alles splinternuut gemaak word. Daar sal ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde wees waar alles absoluut perfek en vlekkeloos sal wees, sonder die geringste teken van sondesmet. Sien jy ook uit daarna?

**Gebed:**

**Here, vandag is daar baie vrae in ons gemoed oor hierdie verhaal. Maar dan kan ons troos kry dat U genade vir ons oorgenoeg is. En boonop is daar die vooruitsig van die Wederkoms! Dankie daarvoor Here.**

## Noag Kry ‘n Opdrag

## Genesis 6:11-16

Duidelik hoor Noag die stem van God: “Noag, Ek wil hê dat jy ‘n skip bou.”

“’n Skip Here? Waarom? Ek verstaan nie.....”

“Ek het besluit om ‘n einde te maak aan alle mense, want die aarde het ontaard in ‘n kookpot van geweld.”

Noag was ‘n man wat al aangestap het in die jare toe hierdie opdrag van die Here aan hom kom. Hy was al 600 jaar oud, en hy het die dinge sien gebeur. Sy eie pa, Lameg was nie ‘n maklike entjie mens nie. Jy moes net skeef kyk na hom, dan slaan hy jou uitmekaar.

Noag sug swaar as hy herkou aan die woorde van die Here. “Ja, so kan dit beslis nie aangaan nie!” dink hy. “Die Here is reg: Die aarde moet ‘n slag skoongemaak word, want alles het sleg geword.”

Sy gedagtes dwaal, en onmiddellik dink hy aan die reuse - daardie verskriklike groot manne. Almal is bang vir hulle. Noag verstaan die ding nie baie mooi nie, maar met die druiwerankie langs het hy gehoor dat daar hemelwesens was

wat met jong aardse meisies omgang gehad het, en toe word hierdie reusegeslag gebore. Sou dit werklik waar wees? Noag het sy bedenkinge daaroor. Dit sou mos beteken dat hierdie reuse half-gode moet wees? Nee, dit kan seker tog nie! Sou dit dalk die laaste strooi wees waarom God besluit het om die aarde te verdelg?

In Noag se kop maal God se woorde rond. Hy weet nie mooi wat om daarvan te maak nie. Hy kry sommer al klaar 'n knop op sy maag as hy dink wat die mense se reaksie gaan wees as hy hier in die middel van die woestyn 'n skip begin bou. Hulle gaan dink dat hy nou finaal siniel begin word het. Hy is een van die laaste baie ou manne wat oorgebly het. Selfs Oupa Metusalag het uiteindelik ook nou die dag die lewensstryd gewonne gegee. Almal het begin dink dat hy vir altyd sou lewe. 969 Jaar oud geword - so byna-byna het hy die duisend kerf bereik. Ja, hy en Pa Lameg is so kort na mekaar oorlede.

As Noag rondom hom kyk, sien hy die boosheid. Niemand is meer sy lewe veilig nie. Elkeen dink net aan homself. Dit maak nie saak op wie se kop jy trap om bo uit te kom nie, en wie in die proses seerkry nie. Hy skud sy kop: "God is beslis reg!"

Maar skielik tref ‘n gedagte vir Noag: Maar hoe bou ‘n mens ‘n skip? Ek is g’n skeepsbouer nie? Waar begin jy? Waarvan maak jy hom?

“Here, ek weet nie hoe nie!” pleit hy by God. “En boonop, waarom ‘n skip in die woestyn? Hier is mos nie water nie? Here, ek verstaan gladnie.....”

Dan antwoord die Here hom: “Ek gaan ‘n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Al wat lewe op die aarde gaan vernietig word!”

“En die skip, Here, wie gaan in die skip wees?”

“Noag, Ek gaan met jou ‘n verbond sluit. Ek wil hê dat jy en jou vrou en kinders op die skip klim. Ek sal julle bewaar sodat julle kan bly lewe.”

Noag is baie verlig. Nou weet hy darem dat hy en sy gesin veilig gaan wees. Sjoe, maar dit gaan darem verskriklik wees as al die mense moet verdrink! Maar dan tref ‘n nuwe skokgedagte vir Noag: Wat van die diere? Wanneer hierdie water waarvan die Here praat gesak het, gaan die aarde darem ‘n baie eensame plek wees as daar nie ‘n paar diere ook oorbly nie. “Here.....” begin Noag.

Maar God weet al lankal van sy bekommernisse nog voordat Noag daaraan gedink het: “Noag, jy hoef nie bekommerd te wees oor die diere nie. Dit gaan jou taak wees om twee van elke soort dier op aarde bymekaar te maak en saam met jou op die skip te neem.”

Noag is tevrede. Maar dan begin hy sommetjies maak, en skielik wil dinge nie meer in plek val nie. “......van elke soort dier op aarde.....” het die Here gesê. Noag se oë rek groot: “Here, U bedoel tog seker nie.......”

“Ja Noag, álmal! Ook die leeus, olifante, renosters, kameelperde én tiere.”

“Maar Here, dan sal dit ‘n verskriklike groot skip moet wees! En boonop, Here, party van daardie goeters is verskriklik gevaarlik! Hoe gaan ek dit óóit regkry?”

“Noag, vertrou My! In die eerste plek sal jou skip groot genoeg wees. Ek sal jou nog volledige instruksies hiervoor gee. En Ek sal jou vertel presies wat jy moet maak en presies hoe om die skip te bou. En wat die diere betref: daaroor hoef jy jou nie te bekommer nie. Ek sal sorg dat selfs die gevaarlike diere so mak soos lammetjies is.”

Noag het nog baie vrae, maar vir eers is hy

tevrede. Hoeveel vrae loop ek en jy nie dikwels mee rond nie? Ons sê dat ons God vertrou, maar diep binne-in knaag dit. Ek moet die Evangelie met iemand gaan deel, maar ek weet nie mooi hoe nie. Wees gerus, God sal jou die regte woorde gee. Al wat Hy van jou vra, is om gewillig te wees. Hy het mos die Heilige Gees vir jou gegee om jou ál die nodige krag en wysheid te gee sodat jy die taak kan verrig wat Hy jou gee. Hy sal jou nooit 'n taak gee wat groter is as wat jy kan hanteer nie.

**Gebed:**

**Here, so dikwels knaag die vrae en onsekerheid in ons. Leer my asseblief om U ten volle te vertrou vir absoluut alles in my lewe.**

# Om ‘n Skip te Bou

## Genesis 6:14-22

Noag het ‘n groot knop op sy maag. Die blote gedagte aan ‘n skip maak hom siek van bekommernis. Waar begin mens as jy ‘n skip wil bou? Hy het nog nooit in sy lewe eers ‘n skip gesien nie! Hoe lyk so ‘n ding?

“Noag, moenie bekommerd wees nie, Ek gaan nou vir jou mooi verduidelik presies wat jy moet doen.”

Noag is sommer opgewonde as hy die stem van God hoor. “Dankie Here” prewel hy, en dan luister hy aandagtig.

“Noag, gaan soek vir jou ‘n mooi oop, gelyk stuk grond sowat 200 meter by 100 meter. Maak dit mooi skoon want daar gaan jy jou skip bou.” Noag maak soos God beveel, en dan kom die volgende opdrag: hy moet ‘n groot hoeveelheid goferhout bymekaarmaak. Dit gaan die boustof wees vir sy skip. Hy moet ook pik in die hande kry, sommer baie, want dit is wat die skip waterdig moet maak sodat dit nie lek nie.

Vir maande en maande werk Noag om genoeg boumateriaal vir sy skip in die hande te kry. Die

boomstamme word gekap en gevorm met primitiewe ystergereedskap om planke te vorm. Onverpoosd werk hy en sy drie seuns totdat daar ‘n berg planke lê.

Nuuskierig kom kyk al wat leef en beef wat Noag daar doen. Daar word bespiegel en gegis en gelag, maar niemand bied aan om te help nie, waarmee die ou man ookal besig is.

Na wat voel soos ‘n ewigheid, is daar uiteindelik genoeg boumateriaal om ‘n baie groot skip te bou. Dan roep die Here een oggend vroeg vir Noag: “Nou moet jy mooi luister,” sê die Here vir hom. “Die skip wat jy gaan bou moet 135 meter lank wees en hy moet 22,5 meter breed wees. Gaan tree dit af op die grond wat jy voorberei het.”

Noukeurig merk Noag die afmetings op die grond. As hy sien hoe groot dit is, rek sy oë eintlik van skrik. Nou begin hy verstaan waarom hy so ‘n verskriklike stapel planke moes voorberei. “En Noag, die skip moet 13,5 meter hoog wees. En dit moet ‘n dak ook hê, want as dit eers begin reën, gaan die sluise van die hemel oop wees. Sonder ‘n dak gaan jou skip vol reën, en dan sink julle.”

Noag begin bou. Eers begin die reuse raamwerk. Die skip se kiel is een en ‘n halwe rugbyvelde lank (nou nie dat Noag iets van Rugby af geweet het nie). Daaraan word die reuse ribbebene van die skip geheg. Stadig begin dit vorm aanneem, en begin die toeskouers al meer en meer word.

“Noag, wat is die doel van hierdie verskriklike gevaarte wat jy bou?” wil iemand eendag weet. Gaan dit jou nuwe paleis wees?

Noag is half verbouereerd. Hy het hierdie vraag gevrees, want hoe verduidelik hy nou dat dit ‘n skip is wat op die water moet seil? Hulle gaan hom mos uitlag!

“Dis ‘n ark!”

“Nou wat maak mens met ‘n ark?” Nou is die gepeupel éérs nuuskierig!

“Dit dryf op die water.”

“Water? Wat jy waar kry?” Die kêrel rol op die grond rond soos hy lag. Ja, dan is dit tóg waar wat hy vermoed het, die ou man het nou hééltemal siniel geraak. Wat kan jy ook anders verwag van ‘n seshonderdjarige ou man?

Nie lank nie of ‘n skare van laggende, spottende mense dans om Noag en sy skip rond. “Ou Noag

se skip in die middel van die woestyn gaan beslis die grootste wit olifant wees in die geskiedenis van die mensdom!” koggel hulle hom uit.

Daardie aand is Noag se drie seuns baie stil. “Wat is fout?” wil hy weet.

“Pa, ons kan nie so aangaan nie, almal dink ons is koekoes! Dink Pa werklik dat hier genoeg water gaan kom dat hierdie ding gaan dryf?”

“As God so sê, wie is ons om te stry?” is Noag se besliste antwoord. “Môre gaan die werk voort soos gewoonlik!”

Maande gaan verby en die reuse skip begin stadig vorm aanneem. Noag kry verdere instruksies: binne in hierdie skip moet daar drie verdiepings wees, en dit moet verder verdeel word in verskillende vertrekke. Dit is sodat daar genoeg plek moet wees vir al die diere. En soos die bouwerk vorder raak die gespot meer intens, totdat dit naderhand ondraaglik word. Van heinde en verre kom mense om na hierdie spektakel te kom kyk.

Uiteindelik, na ‘n baie lang tyd is die skip klaar gebou. Tot die fynste detail het Noag dit gebou volgens God se instruksies. Dit het baie kruike

pik gevat om elke krakie in die skip van binne en buite te seël. Aan die een kant was daar ‘n deur, groot genoeg om ‘n olifant deur te laat. Trots staan Noag terug om sy handewerk te bewonder, te midde van die gekoggel en gespot. “Ja, spot maar,” brom hy onderlangs, “julle sal nog sien!”

Soms wil ons ook moed verloor as ons magteloos staan om ons geloof uit te leef te midde van die wêreld se gespot. Ons kan van Noag leer dat God baie groter is as mense se spot. Byt vas en vertrou God! Uiteindelik sal dit alles die moeite werd wees.

**Gebed:**

**Here, dit is nie altyd maklik om as kind van U te lewe nie, want mense verstaan dit nie. Gee my asseblief die moed om aan te hou en vas te byt.**

# Die Groot Reën

## Genesis 7:1-24

Noag bewonder sy handewerk. Dit was jare se arbeid, net hy en sy drie seuns. En nou staan die reuse skip, die Ark in die middel van die woestyn. Noag wonder nog steeds hoe al die baie water hier gaan kom.

En dan kom die nou-al-bekende stem van die Here weereens na Noag: “Die tyd het aangebreek Noag. Jy moet begin gereed maak vir die groot vloed.”

“Here, ek verstaan nog nie mooi nie. Waar gaan al die water vandaan kom?”

“Ek gaan die sluise van die hemel oopmaak Noag, vir veertig dae en veertig nagte aaneen. Jy en jou gesin moet nou in die skip intrek, en julle moet al die diere, soos Ek vir jou genoem het saam in die Ark neem. Jy moet onthou om genoeg kos vir al die diere in te laai. Niemand mag van die honger omkom nie. Oor sewe dae gaan dit begin reën, so jy moet beslis nie gras onder jou voete laat groei nie!”

Opgewonde hardloop die gryse ou Noag na sy vrou toe en vertel haar die nuus: “Jy moet oppak

Vrou, ons gaan op ‘n bootreis!”

Vir die volgende week vergaap al die mense hulle aan die diere wat Noag en sy seuns die skip injaag. Meeste van hierdie diere het niemand in hierdie omgewing nog ooit gesien nie. Buiten vir die skape, beeste, kamele en bokke, is daar hase, muise en allerhande soorte wildsbokke, van piepklein blouduikertjies tot massiewe elande. Dan is daar die ou héél grotes, die langnek kameelperd en die oorgewig olifant, seekoei en renoster. Die mense spat uitmekaar wanneer die leeus en tiere hulle opwagting maak, so mak soos lammetjies.

Om elkeen sy nis in die ark te gee, is nie ‘n maklike taak nie. Die skaap wil nie saam met die luiperd nie en die olifant weier om met die muis ‘n kamer te deel.

“Waarom jaag jy al die diere in jou skip in?” wil iemand nuuskierig weet.

“Die groot reën is op pad!” is Noag se kortaf antwoord.

“Reën? Watter reën?” Dit bulder soos dit lag, want in die wolklose hemel is daar nie eers die vaagste tekentjie van enige reën nie. En dan begin die gekoggel en gespot weer reg van

vooraf. “Bon voyage Noag, geniet julle bootvaart!” spot hulle. “Jou God is nie so groot dat hy daardie skip kan laat dryf nie!”

“Ja toe, lag maar, julle sal nog sien! Jy spot nie met God nie!” brom Noag deur sy ruie baard. “Sy beloftes staan vas!”

‘n Week later kom die reën. Nie sommer jou gewone ou donderstormpie nie. Dit voel letterlik of dit met emmers uit die hemel neerstort. Inderhaas jaag Noag nog die laaste paar diere die Ark in. En dan hys hy die swaar deur op om die opening aan die sy van die ark toe te maak. Dan kom die Here en Hy seël die deur Persoonlik agter Noag sodat daar nie ‘n druppel water kan inlek nie.

Buite skarrel die skare wat om die ark saamgedrom het om iewers te gaan skuiling soek totdat hierdie skielike reënbui bedaar het. Maar dit bedaar nie! Dit hou net aan en aan en aan. Bedremmeld en sopnat kom hulle later by hulle huise uit. “Dit lyk rêrag of ou Noag se voorspelling van groot reën waar was.” lag een kêrel. Maar ‘n paar dae later verander sy lag in ‘n vervloeking, en Noag word uitgeskel oor hy met sy voorspelling soveel ellende gebring het.

Riviere woed voort en sleur alles mee in plekke waar daar nog nooit in menseheugenis ‘n stroompie gevloei het nie.

Een-vir-een begin die huise wegspoel, en die inwoners wat nog daarin kan slaag, vlug na grotte toe vir skuiling teen hierdie bonatuurlike stortvloed. Binne ‘n kort tyd is die grotte oorvol. Nêrens is daar meer skuilplek nie. Met groot angs kyk die vreesbevange mense hoe die watervlak styg en al nader en nader na die grotopening kom. Uiteindelik is daar géén ander genade as om die berge in te vlug. Talle kom om in rotsstortings en modderstortings. En uiteindelik is daar niemand oor nie. Alle lewe op aarde is uitgewis as gevolg van die mens se verskriklike sonde.

Alles uitgewis, buiten natuurlik Noag en alles wat op die Ark is. Na ‘n week of twee se harde stortreëen, voel Noag een oggend hoe die skip begin kantel en beweeg. En dan dryf hulle. ‘n Juigkreet gaan op van die drie seuns. Hier begin ‘n groot avontuur! Noag val neer en dank die Here dat Hy hulle gesin genadig was, dat Hy Hom oor hulle ontferm het en hulle uit die kake van die dood gered het.

Noag het so pas twee maande tevore sy seshonderdste verjaarsdag gevier!

Die beloftes van die Here staan vas. Aan Noag het Hy belowe dat Hy hom sou red; vir die Goddelose mense het Hy belowe dat die aarde sou vergaan. Alles het presies so gebeur. Aan my en jou maak Hy vandag ook beloftes. Aan die een kant is daar die belofte van die ewige verderf vir diegene wat die geskenk van Sy Seun Jesus nie wil aanvaar nie. Aan die ander kant is daar wonderlike beloftes van Sy groot genade en seën. Die wonderlike ewige lewe is daar vir elkeen wat glo in Jesus. Sy beloftes staan steeds nét so vas. Wat is jou besluit?

Gebed:

**Here, dankie vir U wonderlike beloftes ook aan my. Ek gryp daaraan vas met alles wat ek het.**

## Geduld, o Geduld.....

## Genesis 7 en 8

Die reën het gekom soos God belowe het, dag in, dag uit. Noag het die dae afgetel, tien, twintig, dertig, en steeds het dit gestortreën soos hy nog nooit in sy lang lewe beleef het nie. “Wanneer gaan dit eendag ophou?” sug Vroulief.

“Toemaar ou Vrou, nog net tien dae, dan is alles verby. Dan kan ons weer vry asemhaal.”

Met al die diere in die ark moes dit sékerlik naderhand onhoudbaar geword het, want alles was mos toe, geseël soos ‘n reuse sardiensblikkie wat op die see dobber. Dag nege-en-dertig breek aan, en steeds sous dit harder as óóit. Gelukkig is daar nie veel tyd vir die gesin op die skip om hulle te verknies oor die reën nie, want dit is harde werk om al die diere gelukkig te hou met kos en skoonmaak.

Dag veertig breek so nat aan soos elke dag van die vorige maand. En dan, wanneer Noag op dag een-en-veertig sy tam oë oopmaak, kry hy ‘n gewaarwording van iets totaal anders: Stilte! Skielik besef Noag dat dit nie reën nie! Dit het opgehou! Deur die skrefies van die planke sien hy helder sonlig deursypel.

Nét daar val Noag op die vloer neer en dank God vir Sy genade. “Here, wanneer kan ons uitgaan? Ek smag na ‘n bietjie son op my vel.....”

“Nie nou al nie Noag, jy sal maar eers geduldig moet wees, want die hele aarde is bedek met water, tot sewe meter bokant die bergtoppe.. Al hierdie water moet nou eers wegsak voordat julle en die diere kan uitgaan. Maar Ek sal ‘n sterk wind stuur om alles te bespoedig.”

En dit het gebeur soos wat God belowe het. Die doodse stilte het plek gemaak vir die harde geruis van ‘n sterk wind. Dag en nag het die wind gewaai, week na week, maand na maand. En steeds het Noag se skip op die golwe rondgedobber. “Hoe lank nog, Here?” het hy telkemale gebid.

Die maande het verby gegaan, en teen hierdie tyd het hy en sy drie seuns elke dier op die naam geken. Noag wou net begin moedeloos raak, toe hy een dag tot in sy fondamente geskud word. Skielik besef hy dat die Ark land getref het. Met ‘n ysingwekkende siddering kom die reuse gevaarte tot stilstand. ‘n Groot gejuig klink op van die reisigers op die Ark. Een honderd en vyftig dae sedert die reën opgehou het! So lank

dobber hulle nou al rond.

Nou wil Noag net uit! “Nee Noag, die wêreld is nog onder water! Hierdie is slegs ‘n bergtop wat julle getref het. Wees geduldig! Op My regte tyd sal Ek julle laat uitgaan, sodra alles gereed is.”

Geduld, o geduld wat so baie kan dra.........

‘n Volle agt maande nadat dit vir die eerste keer begin reën het, kan Noag die eerste toppe van die heuwels rondom die berg waarop hulle gestrand het sien deur die enigste klein venstertjie op die boonste verdieping. Veertig dae later kan Noag nie meer sy geduld bedwing nie. “Ek gaan ‘n kraai laat uitvlieg,” verduidelik hy vir sy seuns, “want ek wil sien of daar nie dalk al land iewers is nie.”

So gemaak, so gedaan, en die kraai kry sy vryheid deur die venstertjie. Dit was nie lank nie, of Noag hoor die swart voël op die ark se dak. Hy kon nêrens sitplek kry nie. ‘n Week later probeer hy weer, maar dié slag laat hy ‘n duif los. Nie lank nie of die duif is óók terug.

Moedeloos wag Noag nog ‘n week. Nou is sy geduld tot die uiterste beproef. Wéér laat hy ‘n duif los. Nie lank daarna nie is die duif weer terug. Noag se moed sak in sy skoene. Maar as

die duif deur die venster klouter, val Noag se mond oop: in die duif se bek is ‘n lowergroen olyftakkie.

Die seshonderdjarige ou man gee ‘n paar wilde bokspringe, en al jubelende gaan vertel hy die nuus vir sy reisgenote: “Kyk, die duif het ‘n olyftakkie gebring!” sing hy al huppelende. “Nou gaan dit nie meer lank wees voordat ons vry is nie!”

‘n Week later is die duif weer uitgestuur, maar hierdie slag het hy nie weer teruggekom nie. Toe weet Noag: Die aarde is besig om te herstel!

Wanneer Noag ‘n luik in die Ark oopmaak, elf maande nadat die groot reën begin val het, kan hy byna nie sy oë glo nie. Lowergroen lê die deurdrenkte aarde voor hom oopgesprei. Alles is so vars en mooi en splinternuut. “’n Herskepte aarde!” mymer hy. “Nou kan ons weer nuut begin en alles herbou. Dankie Here, vir U groot genade.”

Maar steeds moet Noag nog ‘n klein rukkie geduldig wag voordat hy kan uitgaan. God was nog nie hééltemal klaar met die herskepping nie.

Geduld is ‘n baie moeilike ding. Ons wil alles hier en nou klaar gedoen hê, en dan hou die Here

ons terug en sê dat ons eers geduldig moet wag vir Sy regte tyd. Dit is beslis nie maklik nie!

Ek is al talle male daar deur. Wanneer dit vir my lyk asof dinge maar net nie in plek wil val nie en my senuwees begin knaag, hoor ek elke keer maar net weer die stem van die Here: "Wees geduldig Louis, Ek sal op My regte tyd voorsien!"

Alles kom eintlik daarop neer dat ek my volle vertroue in God moet plaas. Op hierdie manier leer Hy my iets van vertroue.

**Gebed:**

**Here, gee asseblief deur U Heilige Gees vir my die krag om waarlik op U te vertrou vir alles.**

# Splinternuwe Aarde

## Genesis 8 en 9

Dit was op ‘n paar dae ná presies ‘n jaar nadat die eerste reëndruppels op die aarde neergeplof het, toe Noag weer ‘n opdrag van God kry: “Noag, nou kan jy en jou gesin en al die diere die Ark verlaat.”

Dit was ‘n heuglike dag! Noag het die reuse deur wyd oopgegooi en die heerlike sonskyn en vars lug ingedrink. Voor hom lê die wêreld lowergroen en splinternuut. God het alles wonderlik herstel en vir Noag en sy gesin ‘n nuwe begin gegee. Dit was ‘n begin sonder al die geweld, korrupsie en sonde waaraan hulle so gewoond was. Maar voordat hulle die aarde kan betree, wag daar eers harde werk.

Om al die duisende diere ordelik uit die ark te kry is géén maklike taak nie. Dit is soos om 50’000 mense na ‘n wedstryd tussen die Sharks en die Bulle deur een enkele hek uit Kings Park Stadion te probeer bondel. Maar Noag het al in sy lewe ‘n ark gebou, dus is hierdie een maar ‘n vulletjie!

As die laaste diere (sékerlik die skilpaaie!) uit die ark marsjeer, roep Noag sy gesin bymekaar. Die seuns kry die taak om elkeen ‘n mak dier te gaan

vang: “Eerste dinge eerste!” sê Noag. “Ons moet eers vir die Here dankie sê dat Hy ons deur al hierdie verskrikking bewaar het en ons ‘n splinternuwe aarde gegee het.”

Met sy eie twee hande bou Noag ‘n altaar vir die Here van ’n klompie uitgesoekte groot klippe. ‘n Paar droë takkies en stompe maak baie gou ‘n vuur op die altaar. Die seuns kry die taak om die diere te slag, en dan in aanbidding voor God word die diere geoffer ten aanskoue van die enigste paar oorblywende mense op aarde.

Terwyl hy nog besig is met sy offer, hoor Noag duidelik die stem van die Here uit die hemel: “*Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie. So lank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie*.”

Noag en sy hele gesin val op die grond neer en aanbid God, die Een wat al Sy beloftes nakom tot op die laaste kommatjie.

En dan gebeur die wonderlike ding: Die Here seën Noag en sy gesin. “Julle moet vrugbaar

wees en baie word en die aarde bewoon.” Dit is God se seën aan die klein groepie mense.

Dan praat die Here ernstig met hulle. Hy verduidelik dat Hy vir hulle sal sorg. Hy gee vir hulle al die plante en diere om te gebruik, ja alles is tot hulle beskikking. Hulle kan van alles gebruik as kos vir hulle.

Maar dan gee God ook ‘n ernstige waarskuwing, dat hulle niemand mag doodmaak nie. Mensebloed mag nie vergiet word nie. Dit is nie om dowe neute dat die Here so ‘n opdrag vir hulle gee nie, want voor die vloed was niemand sy lewe seker nie! Geweld was aan die orde van die dag. Nou sê God egter: “Genoeg is genoeg!”

“Noag, julle is My verteenwoordigers op aarde,” verduidelik die Here.

Dit is heilige oomblikke hierdie, en die wonderlike nabyheid van God raak Noag en sy gesin aan. Dan maak God dit nog meer spesiaal: “Noag, Ek het besluit om ‘n verbond te sluit met jou en jou nageslag. Ek het besluit dat hierdie verskrikking wat die aarde getref het om alles uit te wis, nooit ooit weer sal plaasvind nie, dit belowe Ek vandag plegtig vir julle. Daar sal nooit weer so ‘n oorstroming wees wat mens en dier

op die aarde sal uitwis nie."

Noag kan nie genoeg dankie sê hiervoor nie, want al was hulle dan ook gered van die vloedwaters, wil hy nooit weer so 'n skrikwekkende ondervinding hê nie.

"Kyk op in die lug Noag," hoor hy weer God se wonderlike stem. En Noag kyk. En wat hy sien slaan sy asem skoon weg. Nog nooit in sy ses honderd en een jaar het hy so 'n wonderlike gesig aanskou nie. Oor die aarde span die wonderlikste boog in al die kleure waaraan 'n mens kan dink.

"Noag, dit is die teken van My verbond met jou en al die toekomstige geslagte na jou. Wanneer Ek die wolke laat saampak oor die aarde, sal Ek ook hierdie reënboog gee om julle te herinner aan My verbond met julle. Dit sal vir julle die berusting gee dat daar nooit weer so 'n vloed sal wees nie."

Inderdaad staan God se beloftes vas. Dit was alreeds duisende jare gelede, en nog nooit was daar weer so 'n vloed nie, nét soos die Here belowe het. En God se seën oor Noag se gesin? Die drie seuns, Sem, Gam en Jafet was baie vrugbaar en die ganse aarde is uiteindelik deur

hulle en hulle nageslag bevolk.

God se beloftes staan vandag nog steeds vas, net soos in Noag se tyd. Duisende jare na Noag het die Bybel uiteindelik op ‘n wonderbaarlike wyse tot stand gekom. Talle beloftes van die Here is daarin opgeteken vir jou en my vandag, net soos vir miljoene mense voor ons. Het jy al God se beloftes jou eie gemaak?

**Gebed:**

**Here, ek dank U met my hele hart vir al die wonderlike beloftes wat U vir my gegee het in U Woord.**

# Noag en die Druiwerankie
## Genesis 9 en 10

Die groot vloed is verby. God het as't ware die aarde herskep en 'n splinternuwe begin gemaak.

Noag en sy gesin was die enigste mense wat oorgebly het op die aarde. Hulle het God se opdrag om vrugbaar te wees en die aarde te vul, nagekom. Vandag kan ons dus sê dat daardie gesin die naelstring was van die ganse aardse bevolking, en dat ons almal dus afstammelinge van Noag is, of ons nou wit, swart, Sjinees of Aseaat is.

Die vraag is of die vloed-ervaring 'n heilsame invloed gehad het op almal wat op die ark was? Het die vloed hulle met ander woorde letterlik skoon gewas van die ou sonde van die tyd voor die vloed? Of sou hulle dalk ook bagasie met hulle saamgedra het?

As ons die verhaal verder lees, sien ons 'n insident wat jou wenkbroue laat lig. Na die vloed moes die mense aan die lewe bly. Noag het besluit om 'n grondjie te bewerk en daar gewasse te plant wat vir hulle kos kon voorsien. Ek kan my maar net voorstel dat Noag eendag deur die veld gestap het en daar 'n plant

raakgesien het met ‘n tros sappige vrugte. Toe hy daaraan proe, het sy mond ontplof in ‘n smaaksensasie. Heerlik soet en verruklik! Hy het die plant versigtig uitgegrawe en op sy grondjie gaan plant. Die plant het hom nie teleurgestel nie, en het trosse en trosse van die sappige vrugte gelewer. Omdat dit so tot oorlopens toe vol sap is, neem hy ‘n klompie trosse en pars dit, en die sap gooi hy in ‘n kruik om later te drink.

Die kruik het seker iewers vergete bly staan en die soet sap het begin gis. Toe Noag onthou van die kruik met sap, het dit al ‘n heerlike skop gehad, ‘n totale nuwe smaak soos wat hy nog nooit voorheen geproe het nie. Nou-ja, wat moes die arme Noag dan ook weet van die gevolge van te veel wyn drink? En hy het onkapabel besope geraak daarvan.

Die gevolg was dat die arme ou Noag poedelkaal op sy bed neergeval het. Sy jongste seun Gam kom toevallig by Pa se tent verbygeloop en hy sien hierdie spektakel. Haastig hardloop hy na sy broers toe en vertel vir hulle van die grap van die jaar. “Pa lê daar kaal en hy weet nie wát om hom aangaan nie! Die vrome ou man het ‘n bespotting van homself gemaak!”

Sem en Jafet het uit respek vir hulle gryse ou vader sy naaktheid gaan bedek sonder om in sy rigting te kyk.

Wanneer Noag die volgende dag tot sy sinne kom, is hy woedend as hy hoor wat Gam hom aangedoen het. Dan praat hy baie hard met sy seun wat so ‘n bespotting van hom gemaak het terwyl hy so uiters weerloos was. “Gam, jou seun Kanaän sal jou broers se slaaf wees!” En hoe waar het Noag se vervloeking nie geword nie! Die Kanaäniete, nasate van Kanaän, was vir jare eers onderdruk deur Egipte, later selfs ook deur Israel en die Grieke.

Hierdie verhaal gaan allermins oor Noag wat hom vergryp het aan die verruklike voggies van die wingerd. Dit gaan in die eerste plek oor ‘n streng etiese kode wat verbreek is: respek vir jou ouers. Gam het nie die nodige respek vir sy gryse ou vader getoon nie. Hy het ‘n bespotting van hom gemaak. Ja, Noag het gestruikel, maar dit was nog steeds géén rede om disrespek vir hom aan die dag te lê nie. Baie jare later het die Here dit goed geag om dit as ‘n basiese wet neer te lê en dit op klip vir Moses te graveer: “Eer jou vader en jou moeder.....” (Eksodus 20:12).

Hierdie insident het vir ons ‘n skokkende onthulling gemaak: selfs die groot vloed kon nie die sonde wegspoel nie. Sonde was iets wat die mens binne-in hom rondgedra het, en wat net gewag het vir ‘n insidentjie om dit weer soos ‘n sweer te laat oopbars. Vloede, oorloë, wetsbepalings en strafkampe kan nie die sonde bestry nie. En as ons die geskiedenis verder gaan lees, sien ons hoedat sonde uiteindelik weer opgevlam het en uiteindelik ontaard het in ‘n kookpot van ellende.

Maar iewers in hierdie Goddelose brousel was daar altyd iemand wat die nalatenskap van die vrome Noag brandend gehou het. Noag het uiteindelik op die rype ouderdom van 950 jaar gesterf. Uit sy seun Sem se nageslag is daar baie geslagte later ‘n man gebore met die naam Tera, ‘n agter-agter kleinkind van Noag. En wat maak Tera dan nou so besonders? Hy was die vader van die groot geloofsheld Abraham, ‘n man so reg na God se hart, en ook natuurlik die aardsvader van die volk Israel, die volk waaruit die Verlosser Jesus, die Seun van God gebore sou word.

Lees ons Genesis 10, dan sien ons ‘n ellelange lys van name van volke wat ontstaan het uit die

drie seuns van Noag. Uiteindelik moet ons dan besef dat ons almal, maak nie saak van hoe ons lyk of watter kleur of kultuur ons is, álmal afstammelinge is van Noag. Hy was waarlik die vader van die mensdom. Vandag kan ons dus aanneem dat ons almal verlangs familie van mekaar is, maak nie saak van watter volk ons afstam nie en maak nie saak wat ons kleur is nie.

Kom ons vergeet dus van die dag toe Noag hom aan wyn vergryp het, en eer hom as ons stoere en vrome voorvader wat gehoorsaam was toe God hom ‘n groot opdrag gegee het.

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief ‘n nuwe respek vir my ouers en diegene wat oor my aangestel is.**

# ‘n Babelse Verwarring

## Genesis 11

Die oergeskiedenis eindig nie met Noag nie. Ons kan hierdie geskiedenis nie afsluit voordat ons ook eers besin het oor die Toring van Babel nie.

Die groot vloed het gekom om alles uit te wis. Maar uit Sy groot genade, bewaar God vir Noag en saam met hom, sy vrou, drie seuns en hulle vrouens. Dus ‘n klein handjievol van agt mense wat God gedien het.

Gam was die eerste van hierdie groep wat gestruikel het en gewys het dat die sonde steeds inherent deel van hulle lewens was.

Ons lees verder dat God hierdie drie seuns van Noag en hulle vrouens ryklik geseën het met vrugbaarheid sodat daar oor ‘n relatief kort tydperk alreeds ‘n baie groot nageslag gebore is. En soos dit maar gaan wanneer daar ‘n groot klomp mense bymekaar bly en op mekaar se tone begin trap, dan besluit hulle om te trek. En so gebeur dit dat mense die wye wêreld begin intrek.

‘n Groot groep van hierdie trekkers ontdek die wonderlike, vrugbare vlakte in Sinear, iewers

tussen die Tigris en Eufraat riviere. Hier kan hulle ‘n baie goeie bestaan maak want die aarde gee vir hulle in oorvloed.

Daar is egter ‘n klein probleempie: anders as die wêreld waar hulle vandaan kom met sy volop klippe om huise mee te bou, is hier nie ‘n enkele klippie in sig nie. Om bloot huise van modder te bou, is nie baie prakties nie, want elke keer as dit reën, spoel die huis weg!

Toe ontdek een kêrel, dat as jy klei in die vuur bak, dan word dit kliphard. Nou waarom dan nie ‘n huis bou met sulke nagemaakte klippe nie? En só gee die mensdom nóg ‘n tree vorentoe in sy tegnologiese ontwikkeling. Die nuus versprei vinnig, en binne ‘n ommesientjie bak al wat leef en beef stene om hulle huise te bou. Asfalt word gebruik om die kleistene in mure te messel, wat dan sorg vir uitstekende, baie stewige bouwerk. Die mense is baie opgewonde oor hulle nuwe vernuf.

Omdat die aarde hier so vrugbaar is, koek ‘n groot klomp mense hier saam. Die gevolg is uiteindelik, na ‘n goeie klompie jare dat hier ‘n stad ontstaan. Dit is lekker om só baie mense rondom jou te hê en dinge begin baie

voorspoedig gaan. Ons kan maar net aanneem dat handel dit vir die mense die moeite werd gemaak het om in ‘n stad saam te koek. Niemand wou hiervandaan wegtrek nie want al hoe meer geriewe het ontstaan soos wat behoeftes raakgesien is.

En dan begin hierdie stad se mense ‘n grootheidswaan kry. Hulle is beter as die ander sukkelaars daar buite wat net ‘n bestaansboerdery voer. Hulle is besig om vir hulleself nou hier groot naam te maak!

Op ‘n dag sit die stadsvaders weer soos gewoonlik vir kwaadgeld rond en praat oor al hulle wonderlike prestasies. Dan kom een slim kêrel met ‘n groot gedagte na vore. Hier sit hulle met die wonderlike tegnologie om strukture te kan bou sonder om eers klippe te moet kap, wat daar in elkgeval nie in hierdie wêreld is nie. Wat daarvan as hulle nou hierdie tegnologie aanwend en vir hulle ‘n toring bou?

“‘n Toring? En waarvoor nogal?” wil een ringkop weet.

Dan verduidelik hy dat hierdie toring die simbool moet wees van wat hulle in die lewe bereik het. Hiermee sal hulle vir hulleself gróót naam maak.

Maar hierdie moet nie sommer enige ou toringkie wees nie. Húlle toring moet tot bo in die hemel strek, tot daar waar God is.

“Is dit ooit moontlik?” wil iemand weet.

“Maar natúúrlik! Ons moet net reg beplan!”

Stadig begin daar ‘n groot opgewondenheid oor die manne kom en gedagtes word rondgegooi. Half spottend merk iemand op dat as hulle tot binne in die hemel kan bou, dan is hulle mos enige tyd net so goed en magtig soos God. Wie het Hom dan nog nodig? Hierdie sal die grootste projek wees wat enige mens ooit kan bedink!

En só begin die grootste bouprojek waarvan énigeen kon droom.

Maar die grote Almagtige God het gesien dat daar iets aan die gang is. Hy was genoodsaak om neer te daal om te sien waarmee die mense besig was, want so groot as wat dit vir die mens gelyk het, so gering was dit in God se oë. Ons moet ons asemrowende menslike prestasies in perspektief sien met wat God vermag het! Eers wanneer ons God se groot dade raaksien, besef ons hoe nietig ons en al ons wonderlike prestasies eintlik is!

God besef dat die mens besig is om vir hulle ‘n monster te bou, en dit kan lei tot gruwelike dinge. Dus gryp Hy in. Hy verwar hulle taal, sodat die een nie kan verstaan wat die ander sê nie. Daar ontstaan ‘n reuse kommunikasiegaping, en uiteindelik spat die mense uitmekaar en word hulle oor die aarde verstrooi. Hiermee word ‘n era afgesluit, die era van die oertyd.

Nét hierna volg weereens ‘n familiegeskiedenis, die uiteensetting van die familie van Sem. Nou sien ons ‘n klemverskuiwing, want hier word nou spesifiek gekonsentreer op een enkele gesin waaruit die volk van God gebore word. En nou val die fokus op die groot geloofsheld, Abraham.

Gebed:

Here, hou my asseblief nederig en maak my oë oop vir al U groot wonders.

# Abraham - Geloofsheld

## Genesis 11:10-32

In Genesis 11 lees ons die eerste keer van hom, die man met die groot geloof: Abraham. Onderaan ‘n lys van name en nogmaals name, wat begin by Noag se seun, Sem. ’n Volle tien geslagte later word die klein Abrampie uiteindelik gebore, toe Pappa Tera nog in sy prille jeug gestaan het, skaars sewentig jaar oud! Hulle het gelukkig gewoon in Ur in die ooste, die huidige Irak, naby die Persiese Golf. Op ‘n mooi dag kry ou Tera die treklus, en hy besluit dat die land Kanaän nét die regte plek sou wees om te gaan tent opslaan. Hy kommandeer vir Abram en sy jong bruidjie, Sarai en sy kleinseun Lot op om in te pak, en toe pak hulle die langpad aan. Ongelukkig was ou Tera se GPS ‘n bietjie foutief, want toe slaan hy skoon die verkeerde rigting in, en hy beland in Haran, iewers op die grens tussen die moderne Turkye en Sirië. En net dáár roep ou Tera halt, en slaan sy tentpenne in. Tot hiertoe en nie verder nie! Daar is hy toe ook ‘n paar jaar later dood op die rype ouderdom van tweehonderd jaar.

Ja, Abram moes seker baie teruggedink het aan

sy nostalgiese kleintyd, daar langs die kus van die Persiese Golf. Waarom sou Pa dan nou wou wegtrek van so ‘n mooi wêreld en hier in die wildernis wou kom nes skrop. Dit was lekker daar!

Tera het sékerlik vir klein Abram geleer van God, nes Oupa Nahor voor hom, en Oupagrootjie Serug. Met mooi gedigte het hy vir Abraham geleer van die wonder van die skepping, en van oer-oupa Adam en van voorvader Metusalag wat amper ‘n duisend jaar oud geword het, en van Noag wat die reuse skip op droë grond gebou het omdat God gesê het hy moet. Abram was skaars ‘n baksteen hoog, toe ken hy al groot dele van die oergeskiedenis uit sy kop uit. Natuurlik was daar nie daardie jare ‘n Bybel nie - nie eers énige geskrifte nie. Die enigste manier waaarop die geloofswaarhede aan die volgende geslag oorgedra kon word, was deur die kinders van kleinsaf die dinge noukeurig te vertel nes hulle voorgeslagte gedoen het al vir die afgelope duisend jaar.

Van die skepping kon hy nie verstaan nie. Hoe was daar dan lig nog voordat daar ‘n son en maan en sterre was? Maar Pa Tera het gesê dat dit so was, en Abram moes dit maar net aanvaar

en glo. En net dáár is waarskynlik die eerste saadjie van geloof in die klein Abram geplant, ‘n geloof wat sou blom oor baie jare.

Hier wil ek nou net eers die storie onderbreek om te verduidelik: In Genesis 11 word daar ‘n duidelike streep getrek. Voor dit was vir ons vertel van die oergeskiedenis, van God se betrokkenheid by die wêreld in geheel. In Genesis 5 kry ons byvoorbeeld ‘n lang lys name van mense uit die oertyd, ‘n lys wat ons iets vertel van hoe die wêreld ontwikkel het. Dit vertel ons ook van uitstaande figure uit die voorgeskiedenis, soos Kain wat sy broer vermoor het, en van Henog wat nooit dood is nie, maar reguit hemel toe is sonder om te sterf. En natuurlik van Metusalag wat ‘n ongelooflike 969 jaar oud geword het. En dan natuurlik Noag, die man wat nie alleen die ark gebou het nie, maar ook op ‘n baie jeugdige ouderdom van vyfhonderd jaar pa geword het van drie seuns.

In Genesis 11 het ons ‘n soortgelyke lys, maar die groot verskil is dat dit nou nie meer oergeskiedenis is nie, maar die historiese tyd, met name en plekke wat ons ken. Nog belangriker, is dat hierdie lys nou gerig is op een enkele gesin, die gesin van God. Later sal ons

sien dat hierdie gesin ook nie net op Abraham gerig is nie, maar jou en my, want vandag is elke gelowige ‘n geestelike afstammeling van Abraham.

Terloops, Tera het hom die naam Abram gegee, maar later het God hom ‘n nuwe naam gegee: Abraham.

Abram het ‘n jong man geword met ‘n mooi droom: om eendag ook hierdie wonderlike geloof in God aan sy seun te kan oordra sodat die geloof lewendig bly.

En toe gebeur dit: Skielik word sy voete eendag net onder hom uitgeslaan deur hierdie beeldskone meisie. So mooi het hy nog nooit in sy lewe gesien nie! Daardie oë........ Opgewonde gaan vertel hy vir Pa Tera van hierdie skepsel wat sy hart so tjoklits laat pomp, en Tera wéét: Dit het tyd geword. Hy het géén keuse gehad nie, as om maar te begin met die onderhandelinge om hierdie wonderwerk op twee voete (nogal báie mooi voete!) vir sy seun te verkry as lewensmaat.

Die jonge Abram was in die wolke! Hy het gesweef, want dit is bitter min mans beskore om so ‘n mooi vrou te kan hê om jou tent met jou te

deel. Maar daar was ‘n ou probleempie: Na ‘n jaar van hartstogtelike huwelik verloop het, was daar nog nie ‘n teken van babavoetjies wat om die tent sou hardloop nie. Twee jaar het verby gegaan, en Abram het moedeloos begin raak. Vyf jaar het later tien geword, en steeds was daar niks. Abram se mooi vrou, Sarai was onvrugbaar. Sou hulle eendag kinderloos sterf? Sou die geloofspad van hierdie gesin van God skielik hier in ‘n doodloopstraat eindig? Ons sal moet wag en sien!

Gebed:

Here, dankie vir die lewensvoorbeeld wat die stoere ou geloofsheld, Abraham aan ons kon stel. Ek wil vanoggend bid vir ‘n geloof so onwankelbaar soos die van Abraham.

## Trek weg uit jou Land!

Genesis 12:1-3

Het ek dalk gesê Tera en Abram het in die wildernis gaan nesskrop in Haran? Nee, dan het ek seker maar ‘n bietjie oordryf. As jy met Google Earth vlieg tot by Haran, sien jy ‘n wonderlike ding, dalk juis die rede waarom Tera daar anker uitgegooi het. Reg in die middel van die barre woestyn lê Haran, ‘n helder groen kol op die kaart. Een van die sytakke van die Eufraatrivier ontspring hier, en dit vorm ‘n lowergroen landstreek wat vandag totaal oordek is met vrugbare landery-op-landery. Abram moes sekerlik sy bejaarde ou pa se besluit heftig bevraagteken het. In die eerste plek om te wil trek uit die mooi paradys van Ur, en in die tweede plek om hier tussen niks en nêrens te kom kamp maak. Dalk het hy gehoop dat Pa tot sy sinne sal kom en spoedig aanskuif na hulle oorspronklike bestemming in Kanaän. Maar dit gebeur nie, en weldra skiet hulle behóórlik wortel en maak nuwe vriende en versamel rykdom.

Een ding wat Abram nooit vergeet het hier in die vreemde land nie, was die geloofswaarhede wat Pa in hom ingedril het van babatyd af. As hy

saans buite sy tent sit en die helder naglug instaar, kyk hy met verwondering na die grootheid van die skepping. Sterre, meer as die sandkorrels in hierdie woestyn om hom, hang daar in die lug. Met die spreek van ‘n enkele woord het God al hierdie hemelligte gemaak. En as Abram sy oë op skrefies trek, sien hy die kleure-skouspel van die heelal. En die wonder is dat hulle ook nie stilstaan nie! Hulle beweeg die hele nag deur. God is groot! God is onbegryplik! En God is so goed vir hom wat Abram is. In die jare wat hy hier in Haran bly, word hy ‘n vermoënde man, skatryk in aardse goedere. Op die vrugbare delta het sy veetroppe aangegroei tot groot getalle, en kon Abram bekostig om talle slawe aan te koop, goeie manne wat in sy diens kon staan.

Op ‘n dag kom Abram ‘n vreemde gewaarwording agter. Dit was asof iemand met hom praat in ‘n onhoorbare stem. Abram was onrustig. Iewers hier in sy binneste sê die stem vir hom dat hy moet trek. Trek!!! Waarheen? Weg, uit hierdie paradys uit? Nog nooit! Hy wat Abram is, sal sékerlik gek moet wees om uit hierdie lushof weg te trek. Deur die jare het hy al vergeet van Ur. Haran het nou sy land geword.

Hy skree selfs vir die plaaslike rugbyspan!

Maar die stem het nie weg gegaan nie, maak nie saak hoe hard Abram probeer het om dit te ignoreer nie. “Trek uit jou land uit,” het die stem gesê, “weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek jou sal aanwys.”

Stadigaan het Abram begin besef dat hierdie stem niemand anders s’n is nie as dié van God. Ek is séker dat Abram aanvanklik geprotesteer het. Hierdie is nie ‘n maklike opdrag nie. “Besef die Here ooit wat ek alles sal moet prysgee om hierdie opdrag uit te voer? My besittings kan ek dalk saamvat, Here, en my slawe en my mooi Sarai. Maar wat van al my vriende? En my familie? Pa Tera? Hy is al te oud om nog ‘n trek te kan oorleef. Hy trek darem al hier naby die tweehonderd!”

Om vandag van jou familie af te moet wegtrek is dalk vir baie van ons ‘n groot verligting. Familiebande is nie meer sterk nie. In Abram se tyd was familiebande absoluut onbreekbaar. Dit was seker die héél belangrikste deel van jou lewe. Jy het net eenvoudig nie weggetrek van jou familie af nie, dit was taboe. En nou kry Abram hierdie opdrag van dié God wat hy so

liefhet en so respekteer. Dit was seker die swaarste opdrag wat hy óóit in sy lewe gekry het.

Met ‘n swaar hart neem Abram die besluit: “Ek sal doen wat U vra, Here.” Met trane wat stroom oor sy wange gaan deel hy die bitter nuus met Pa Tera. Nee, hy het nie eers die vaagste benul waarheen hy gaan nie, maar die Here sal weldra nog vir hom verduidelik.

En dan kry Abram weer daardie vreemde gewaarwording, dat iemand met hom praat, Iemand baie groter as hy: “Abram,” sê die stem in sy binneste, “Ek sal jou ‘n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou ‘n man van groot betekenis maak.” Die Stem het nog baie ander dinge ook gesê van seën en van al die volke van die aarde wat in hom, Abram geseën sou word, maar hy het nie meer geluister nie, want sy gemoed was te vol. Abram hardloop na Sarai toe en vertel haar wat die Stem in hom gesê het. Wat sou dit beteken? Sou daar tog uiteindelik na al die jare van probeer en nogmaals probeer, ‘n afstammeling vir hulle wees?

“Kom, ons moet oppak!” sê hy vir sy beeldskone liefling. “Ons moet maak soos God sê, al

verstaan ons dit gladnie.”

Hoor ek en jy nie dikwels die Stem van God nie, en dan ignoreer ons dit omdat dit nie vir ons sin maak nie? Hoeveel keer het die Here jou nie dalk al gevra om betrokke te raak in jou gemeente nie? Maar ons het verskonings vir elke opdrag. En dan kan die Here nie eers uitkom by die tweede deel, dié deel oor die seën nie, want ons weier om gehoorsaam te wees. Kom ons luister ‘n slag waarlik na Hom, en doen wat Hy van ons vra, al lyk dit soms waansinnig.

Gebed:

O Here, ek bely vanoggend dat ek al so dikwels my ore toegedruk het vir U opdragte. Maak my gewillig om te doen wat U van my vra.

## ‘n Onverstaanbare Belofte

Genesis 12:1-3

In Sarai se kop weergalm Abram se woorde: “Kom, ons moet oppak!” Eers wou sy bly word, want sy het gedink dat hulle dalk vir die familie in Ur gaan kuier, maar toe sien sy die kyk in haar man se oë, en sy weet: hierdie “oppak” beteken dat alles - ALLES - opgepak moet word, en dat hulle gaan wegtrek.

Ek weet presies hoe Sarai moes gevoel het, want ek het ‘n paar jaar gelede ook deur die trauma van “oppak” gegaan. Veertig jaar se goed wat ek opgegaar het moes skielik weg, want daar was nie plek om dit saam te neem nie. Daar het sekerlik ‘n swart wolk oor haar kop gehang. Wat sou nou skielik in haar man se kop gevaar het? Het hy nie dalk dieselfde gier gekry wat Skoonpa Tera die dag daar in Ur gepak het toe hy besluit het om te trek nie? Nee wat, sy sal maar vir Abram uit hierdie ding moet uitpraat.

Daardie nag kan Abram nie slaap nie. Hy lê heel nag en rondrol. Langs hom lê Sarai en sy weier om met hom te praat. “Ek sal jou ‘n groot nasie maak,” bly die Here se woorde deur Abram se kop maal. “Ek sal jou seën en jou ‘n man van

groot betekenis maak." Wat sou al hierdie dinge tog beteken? Wat is 'n mens nou eintlik as jy iemand "van groot betekenis" is? Gaan hy stinkryk word daar in die nuwe land? Gaan hulle hom dalk kroon tot koning oor die hele land? Abram glimlag, en hy sien homself as die vername koning voor wie almal nederig kom buig. Maar dan trek daar 'n suur knop op sy maag: "Konings maak oorlog!" Nee, vir sulke speletjies voel hy tog gladnie lus nie! Hy wat Abram is, is 'n vredeliewende man! Hy wil beslis nie met ander mense moeilikheid hê nie! Nee, sy Here sal verséker nie van hom 'n koning maak nie!

Skielik sit Abram regop op sy slaapmatjie, sy oë wawyd oop. "Sarai. Sararai!" Hy skud sy wederhelf wakker. Sy máák in elkgeval tog maar net of sy slaap. "Ek het skielik die laaste deel onthou van God se boodskap." Sarai deel nou nie juis in Abram se entoesiasme nie. Sy is in elkgeval nog vies vir hom oor sy skielike trekgier. "Wat is dit dan tog Abram?"

"Die Here het gesê dat al die volke van die aarde in my geseën sal word. Wat sou dit beteken?" Nou is Abram helder wakker. Hy staan op en gaan sit buite sy tent en kyk na die sterre. "Here,

wat beteken dit alles? Waarheen wil U my stuur? Hoe kan ek ‘n groot nasie word as my mooi Sarai onvrugbaar is?” Maar daar kom geen antwoord nie. “Here, hierdie ding is hééltemal te groot vir my verstand om te begryp.” Bo hom hang die heelal, gevul van hoek tot kant met wonderwerke, ‘n reuse skilderdoek, beskilder met lewende elemente wat beweeg en flikker en vir Abram wink. “Ek verstaan ook nie die gewelf hier bo my nie,” sug hy vir die Here. “Maar ek glo dat elke klein liggie die werk van U hande is.” Trane loop oor sy wange as hy bely: “Here, en ek glo met my hele hart dat ek in U hande is, en dat U my sal lei waarheen ek ookal moet gaan.” Een ster staan vanaand helderder uit as al die ander sterre in die hemelruim.

Tweeduisend jaar later, toe Abram se afstammelinge al meer as die sand van die woestyn was, het daar ook een aand ‘n helder ster geflikker - een wat baie helderder was as al die ander sterre. Wyse manne uit die Ooste het dit gevolg tot by ‘n klein dorpie in die hartjie van die beloofde land, en daar het hulle ‘n Baba gekry in ‘n stal. Hulle het goud en wierook en mirre vir Hom gegee as geskenke, want Hy was gebore as Koning. Nie sommer net enige ou

koning nie, maar dié Koning van alle konings van alle tye.

Maar Sy geboorte was nie om koningskap op aarde oor te neem nie. Die omstandighede van Sy geboorte - die vuil stal en die stinkende diere om Hom - alles het gedui daarop dat Sy lewe nie maklik sou wees nie, om die minste te sê! Op ‘n jeugdige drie-en-dertig jaar is Hy tragies dood. Hy is onskuldig tereggestel op die wreedste moontlike manier. Selfs die regter het Hom onskuldig bevind.

Maar toe gebeur die wonderwerk: drie dae later staan Hy uit die dood op. En elkeen wat in Hom glo, kry die ewige lewe, nie alleen Jode nie, maar ook Grieke en Romeine en Assiriërs - en selfs Suid-Afrikaners. In Hom rus onmeetlike seën.

Hy was ‘n direkte afstammeling van Abram!

Ja, Abram sou ‘n volle tweeduisend jaar moes wag om die belofte wat God hom daardie dag gegee het te sien waar word. Al sou hy ook so oud word soos sy oer-oupa Metusalag, sou hy dit nie beleef nie. Maar die hoop het nie beskaam nie, en die dag toe die wyse manne hulle geskenke in Betlehem afgegee het, het

Abram lofliedere gesing en gejubel en gedans daar aan die voete van die Heilige God wat eenmaal vir hom belowe het dat dit sou gebeur. Tóé het hy niks daarvan verstaan nie, maar hy het bly glo.

Ek en jy wonder dikwels oor die ongelooflike beloftes wat dieselfde God vir ons gegee het in Sy Woord. Die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem met sy goue strate en die ewige lewe. God hou Sy beloftes!

Gebed:

Here, ek klou vandag vas aan elke belofte wat U my gee. Dankie dat U getrou is.

# Neem ‘n Geloofstap

Genesis 12:4-9

Alles is in rep en roer in die Abram-huishouding. Jare en jare se goed wat Sarai versamel het word opgepak vir die groot trek (ja dalk het Abram ook so ’n ou klein aandeeltjie gehad!) Daar word gehiet en gebied: “Versigtig met daardie kruik hy is kosbaar!” Van heinde en verre kom familie en vriende om vir oulaas te groet. Hulle skud hulle koppe meewarig: Wat het die ou man tog besiel om op vyf-en-sewentigjarige ouderdom te wil staan en trek? Nou nie dat hy juis beplan om na ‘n aftree-oord te gaan nie. Nee, hy wil op sy oudag nuwe wêrelde gaan ontdek. Hulle sê dat hy nie eers weet watter rigting hy gaan inslaan nie, glo net iewers suid .......

Die familie is vies vir Abram, want ‘n ordentlike man los mos nie sy familie sommer net so nie! Maar Abram is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie wat op pad is Margate toe.

Nefie Lot kom so deur die oppakkery na die ou man toe: “Oom Abram, hoe lyk dit, kan ek nie maar saamgaan nie?” Hy sien net opwinding voorlê. Abram kyk sy broerskind op en af. Sal die

mannetjie ooit opgewasse wees vir hierdie soort ding? Hy is maar ‘n bietjie van ‘n losbol. Mens weet nooit waarmee jy daar in die vreemde te doene gaan kry nie. Daar is juis fluisteringe van reuse en allerhande skrikwekkende barbare daar langs die Dooie See. En dan is daar die gerugte van die Goddeloosheid van die mense, glo iets aller-ysliks! “Ja, toe, pak dan maar op. Ons vertrek oor ‘n week.”

Dit was ‘n trek van epidermiese proporsies. Daar was kamele en nog kamele en nóg kamele, almal gelaai tot brekens toe. Die slawe het in stringe geloop, en dan was daar Abram se vee, groot kuddes wat hy vir homself versamel het in Haran. Ja, Abram kon sékerlik tevrede gewees het met homself oor hierdie rykdom wat hy opgebou het. Die Here was vir hom baie goed.

Dit het amper ‘n halfdag geneem vir almal om in beweging te kom. By die poorte van Haran staan skares familie en vriende en huil oor Abram. Dit is ‘n groot verlies.

Die Bybel sê nie vir ons hoe lank dit Abram geneem het om te kom by die plek wat die Here hom sou aanwys nie, maar sy reis moes sékerlik ‘n maand of twee-drie geduur het. Soos die kraai

vlieg is dit meer as seshonderd kilometer van Haran af tot by Sigem, waar Abram vir die eerste keer uitspan. Daar by die groot waarsêersboom het die Here met Abram gepraat. Daar het Abram weer daardie stem in sy binneste gehoor, klokhelder, asof die Here hier reg voor hom staan: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land,” het die Here vir hom gesê. Abram se mond val oop: “Aan mý Here? Gee U hierdie hele groot land aan my en my nageslag?” Dit het Abram nooit in sy wildste drome verwag nie. Eers was daar die belofte dat die Here hom ‘n nageslag sou gee, en dit terwyl sy liewe Sarai onvrugbaar is. En nou hiérdie belofte!

Abram het in aanbidding voor God neergeval. Dit is ‘n mooi land. Wat het hy wat Abram is, gedoen om dit te verdien? “Dankie Here, dankie,” prewel hy terwyl hy begin om klippe bymekaar te maak. “Hier moet ek ‘n altaar bou,” maal dit deur sy gedagtes, “’n altaar vir God. Hier sal ek ‘n offer bring aan die Here wat my veilig gebring het deur die gevaarlike, onherbergsame wildernis tot hier.”

God bou ‘n geloofsgemeenskap. Hoe doen Hy dit? Hy roep en Hy belowe. Geen dwang, die mens moet self kies. Hy word ‘n keuse gestel: hy

kan in Haran bly, in die paradys, die land van oorvloed, daar waar hy soveel rykdom kon opgaar. Daar kan hy voortgaan met sy óu lewe, waar al sy vriende en familie waarskynlik afgodsaanbidders was. Of hy kan hierdie verskriklike waagstuk aangaan, om die onherbergsame wildernis aan te durf op pad na ‘n bestemming wat totaal onbekend is aan hom. Doen hy dit, stel hy homself totaal weerloos in die hande van God. Sou hy God genoeg vertrou om hierdie waaghalsige stap te neem?

Hy besluit om God onvoorwaardelik te vertrou. En wanneer hy dit doen, kom die groot verrassing: daar wag ‘n tweede belofte op hom, die belofte van ‘n ganse land wat aan hom sou behoort.

Abram antwoord deur die Here aan te roep (met woord), en deur ‘n altaar te bou (met daad). En dan begin hy deur die hele land te trek en oral tent op te slaan. Sodoende neem hy simbolies die land in besit. Nee, hy verower nie die land met ‘n groot gedruis nie, maar neem dit bloot simbolies in ontvangs. Dit is mos ‘n geskenk van God!

Hoe groot is my vertroue in God? Hoe ver is ek

bereid om Hom te vertrou? Ek het al dikwels gesien hoedat mense die sendingveld invaar met slegs ‘n belofte van God. Dikwels is hulle bereid om alles prys te gee en te waag. En dan skud die familie en vriende meewarig die kop. Maar as jy hom ‘n ruk later raakloop, en jy sien dat sy klere deurgeskaaf is, maar die blydskap straal uit hom uit, dan weet jy dat dit nooit ‘n waagstuk was nie, maar dat hy slegs op God vertrou het. En God was getrou!

Gebed:

Here, so dikwels is my vertroue so klein. Versterk asseblief my lam knieë.

# Die Geloofsheld Val

Genesis 12:10-20

Ons het Abram leer ken as die wonderlike geloofsheld wie se spoor ons gaan volg. Dit was ‘n groot waagstuk in sy lewe om eers uit Ur te trek, daar waar hy grootgeword het. En toe weer uit die pragtige Haran na ‘n onbekende land. Hy moes sékerlik groot gevare trotseer om God se opdrag uit te voer. Toe hy in die land aankom, is die eerste ding wat hy doen om God daar te aanbid en vir Hom ‘n altaar te bou.

Deur Abram se aksies beoefen hy nie alleen Godsdiens nie, maar hy bely ook sy Godsdiens. Almal wat hom ontmoet sal weet watter God Abram aanbid. Wat meer is: Abram is die instrument om die Koninkryk van God te vestig in die land Kanaän.

Daar kom egter soms ‘n tyd wanneer ‘n gelowige se belydenis en sy belewenis nie so lekker wil sinchroniseer nie. Hierdie is gevaarlike tye, en dan moet jy jou perspektief behou, anders kan jy lelik seerkry. Dit het juis dan ook met Abram gebeur, so kort nadat hy hierdie nuwe land betree het.

Op ‘n dag het Abram begin agterkom dat hierdie

nuwe land wat die Here hom gegee het, nie juis die paradys is waarvandaan hy kom nie. Dit het begin droog raak. Die reën het weggebly. Abram het begin bekommerd raak, want sy groot troppe vee gaan daarmee heen wees as die droogte veel langer sou aanhou. Dag-vir-dag sit hy die hemel en dophou, maar daar gebeur niks. Hy bid vir uitkoms, maar die stem van God bly stil. Stadigaan kwyn die groot vertroue wat Abram in God gehad het, en begin hy al verder en verder van God af wegdwaal.

Abram het te doen gekry met ‘n baie aktuele vraag: Kan ‘n leë broodblik met geloof volgemaak word? Abram moes op die harde manier leer dat beloftes nie die hongerpyne kan stil nie. Vir die eerste keer in sy lewe besef Abram nou eers wat dit werklik beteken het toe die Here vir hom gesê het: “Trek uit jou land uit”. Abram het weereens voor ‘n keuse gestaan: gaan hy bly dáár waar die Here hom geplaas het om die Koninkryk te vestig, of gaan hy groener weivelde soek?

Een bloedige, kurkdroë dag kan Abram nie meer nie: “Kom ons pak op. Hier kan ek nie langer bly nie.” En hulle vat hulle goedjies en vertrek na Egipte.

Maar daar was ‘n ou probleempie. Sien, Sarai was nie maar net mooi, soos ons al genoem het nie, sy was beeldskoon. Ja, sy was al ‘n volle 65 jaar oud toe hierdie tog aangepak is, maar Sarai moes haar jare baie goed gedra het, want sy was verleidelik mooi. Soveel so dat Abram net moes kéér elke keer as ‘n man haar sien. En tydens die tog af na Egipte het hierdie ding gevreet aan Abram. “Wat as..... ?” het hy getob. “Sê nou maar net die Farao kry sin in Sarai.....”. Hy skud die gedagte van hom af. Maar nou het hy alreeds goeie teelaarde geskep vir drog-gedagtes. “As die Farao vir Sarai sien, gaan hy my laat elimineer om haar te kry vir sy harem,” maal dit deur sy verwarde kop.

“Ou vrou, ek het ‘n plan!” Hy roep vir Sarai nader en hy verduidelik. Sarai se oë raak al hoe groter. “Nee! Jy kan mos nie Abram! Nee, ek sal dit nooit toelaat nie!” Maar stadigaan begin Sarai besef dat as sy nie saamwerk nie, kan haar geliefde man dalk op-eindig as ‘n geraamte op die Nylrivier se bodem. Dalk boonop opgevreet deur krokodille! “Ja goed!” Sy stem huiwerig in. “Ek sal so maak.” Die briljante (!?) plan behels dat Sarai haar voordoen as Abram se suster. Sou Farao dan dalk betower word deur haar

skoonheid, sal Abram ten minste nie vir Sy Hoogheid ‘n bedreiging wees nie.

En die plan het gewerk. Dit het gebeur nét soos Abram dit verwag het, en die Farao kon sy oë nie afhou van hierdie mooi vrou nie. Daar word nie vir ons gesê wat alles gebeur het tussen die Farao en Sarai daar in die paleis nie, en ek dink ook nie ek wil weet nie! Maar die man was so in sy noppies met Sarai dat hy vir Abram oorlaai het met allerhande geskenke: kamele, donkies, bokke, skape, beeste.

Maar niemand het rekening gehou met die Here nie. Ja, al het Abram Hom dalk verlaat, het Hy nóóit vir Abram verlaat nie, selfs nie eers toe Abram so hard geval het nie. Hy stuur plae onder die Egiptenare, sodat hulle later moet besef dat hier iets baie bonatuurlik aan die gebeur is. En toe kom Abram met die hele sak patats uit. Hulle kuiertjie is nét daar kortgeknip.

Wanneer ‘n mens die dag ‘n geloofsbesluit neem, dan moet jy van die begin af besef dat jou paadjie nie altyd besaai gaan wees met rose nie. Die ekstase wat jy beleef in diens van God, moet hand-aan-hand gaan met ‘n besef van groot afhanklikheid aan Hom. En dit is veral wanneer

dit die dag swaar gaan, wat dit van jou ‘n wilsbesluit kos om te bly vashou aan Sy beloftes. Ek verseker jou, ek kry elke dag hiermee te doen in my lewe, en dit is beslis nie maklik nie. Dit is so maklik om moed te verloor. Maar as jy in volle vertroue jou oog hou op Jesus en vas bly glo aan die dinge wat Hy jou belowe het, sal Hy getrou bly en jou selfs deur die grootste krisis dra.

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag kan weet dat U getrou is, en dat ek maar al my vertroue op U kan stel.

# Gelowiges Kan Ook Struikel

Genesis 12:10-20

Kom ons kyk vanoggend ‘n bietjie uit ‘n ander perspektief na die verhaal van ons vorige oordenking, toe Abram so hard met Moeder Aarde kennis gemaak het. Is dit nie snaaks nie, dat die terrein waar ‘n mens die sterkste staan, dikwels ook dieselfde plek is waar jou grootste swakheid na vore kom? En as dit die dag gebeur, dan voel dit vir jou asof alles skielik net onder jou padgee, asof God jou nooit óóit hiervoor sal vergewe nie.

Nogtans kan ek vanoggend vir jou die wonderlike nuus uitblaker, dat God jou nie verwerp as jy die dag sou struikel nie. Hy weet dat ons maar net doodgewone mense is. Ons is brose skepsele wat kan verbrou, al is ons ook die mees toegewyde gelowige. ‘n Paar jaar gelede het ons gesien hoedat ‘n toegewyde gelowige, ‘n Pastoor op wie se skouers duisende mense geleun het vir krag, een oggend in trane voor sy gemeente gestaan en bely het van sy gebroke huwelik. Hoeveel huwelike het hy nie sélf gered nie, en nou dit! Dink jy vir een oomblik dat God hierdie man na sy val uit die Koninkryk

uitgeskop het? Baie beslis nie! Hy is ‘n liefdevolle Vader, en Hy maak ruimte vir ‘n sondaar wat val.

Toe daardie Pastoor geval het, was daar duisende mense wat hom verwerp het en vinger gewys het. Dalk was jy een van hulle! Ja, mense is bitter gou om die slegste in iemand raak te sien en te verwerp, maar God is soveel groter as ons, en soveel meer verhewe bo ons menslike aksies en verstand. Hy dink baie groter en hoër as ons, en Hy sien die potensiaal raak waar ander dit nie sien nie. Hy sal selfs die grootste sondaar nie verwerp nie. Aan ‘n kruis het daar eenmaal ‘n moordenaar gehang. Aan die kruis langs syne was Jesus onskuldig vasgespyker. Jesus het vir hierdie moordenaar gesê dat hy daardie selfde dag nog saam met Hom in die paradys sou wees. Is dit verwerping? Ek glo nie!

God vergewe nie alleen nie, Hy gryp in!

Abram het in ‘n hopelose situasie beland, en hoe meer hy probeer het om homself daar uit te lieg, hoe dieper het hy in die gemors ingesak. En die ergste van alles was dat hy dit alles oor homself gebring het. Dit was nie “omstandighede” wat hom in die sop laat beland het nie, maar sy eie

doelgerigte, voorafbedagte, goedbeplande skelmstreek! Ja, dit kan as niks anders as ‘n skelmstreek beskryf word nie, want hy het doelbewus die Farao mislei.

Hoe gryp God in in hierdie situasie? Deur vir Abram te straf? Hom te slaan met ‘n siekte? Nee: God gryp in deur die Egiptenare te tref met plae. Dit herinner ‘n mens nogal aan die gebeurtenis ‘n paar honderd jaar later, toe die Farao ook deur plae getref is, kort voor die Israeliete se groot uittog. Maar daar is meer dinge in die verhaal wat herinner aan die uittog. Die Farao skrik hom spierwit as die dinge gebeur en hy jaag vir Abram weg: “Maak dat jy wegkom,” staan daar letterlik in vers 19. Die Israeliete is ook later weggejaag, tot groot verligting van Moses. Maar Abram is nie leëhande weggestuur (weggejaag) nie. Al die geskenke wat hy gekry het vir sy skelmstreek en al sy besittings kon hy saamneem, net soos dit ook gebeur het met die Israeliete.

Ek het al so dikwels gehoor dat daar gesê word dat God iemand straf oor die een of ander misstap. God straf nie gelowiges nie, al val hulle ook baie hard. God gryp wel in wanneer iemand val, en daardie ingryp kan soms baie seer maak.

Maar moet dit nooit as straf beskou nie. Ek het eenkeer die mooi storietjie gehoor van ‘n pa wat moedeloos was met sy onbeheerbare seun. Op ‘n dag kom hy met ‘n hamer en ‘n paar gebuigde, geroeste spykers die seun se kamer in, en hy kap ‘n spyker in die deurkosyn. Die seun se oë rek groot - sies dis lelik! Na elke onderonsie word daar ‘n spyker ingekap, tot die seun dit naderhand nie meer kan hou nie, en hy huilend sy pa om vergifnis smeek. En toe kom Pa met dieselfde hamer en trek al die spykers uit. “Wat van die lelike gate Pa?” wil die seun weet. “Jammer, hulle kan ek nie toemaak nie. Dit is die gevolge wat jou sonde op die deurkosyn agtergelaat het.”

‘n Gelowige moet onthou dat wanneer hy struikel, God alles sal vergewe, maar daar bly soms letsels agter wat nooit sal toegroei nie. Dikwels is dit letsels aan ander mense, nie aan homself nie.

Abram is betyds wakkergeskud. Die geloofsheld se geloof het hom in die steek gelaat, maar God se ingrype het hom weer tot sy sinne geruk.

Ek weet dat hier vandag baie “geloofshelde” is wat hierdie dagstukkie lees. Dalk is jy een van

dié wat ‘n lang pad saam met God gestap het, en nou gegly het. Ja, jy glo steeds, maar deur “omstandighede” het jy op ‘n paadjie beland waar jy ver van God af is. Jy is dalk nie meer deel van die geloofsgemeenskap nie, of dalk is jy betrokke by ‘n buite egtelike verhouding. Breek nóú met dit waarmee jy besig is! God is getrou en Hy sal vergewe. Hoe langer jy daarmee aanhou, hoe groter gaan die skade wees as jy vir God moet dwing om in te gryp. Moenie wag tot more nie, doen dit vandag nog!

Gebed:

Here, ek faal so dikwels as gelowige - doen onbesonne dinge wat ander mense kan laat seerkry. Vergewe asseblief Here, en help my om betyds te sien waarmee ek besig is voordat U drasties moet ingryp.

# ‘n Onselfsugtige Besluit

## Genesis 13:1-12

Na die Egipte-episode is Abram terug op sy spore, terug na die beloofde land. Hy is terug na Bet-El waar hy aan die begin sy tent opgeslaan het. Jy sal onthou dat hy voor die groot hongersnood daar ‘n altaar vir die Here gebou het? Die altaar was nog steeds daar, en dit is dan ook die plek wat Abram opsoek om die aangesig van God te soek. Daar word nie vir ons gesê wat plaasgevind het in daardie gesprek tussen God en Abram nie, maar ons kan maar net raai. Abram het baie dinge verkeerd gedoen: Hy het gelieg, mense in die moeilikheid gebring en sy eie kop gevolg. Die ergste van alles was egter dat hy sy vertroue in God verloor het en van die Here af weggedwaal het! Het Abram daar by die altaar die Here om vergifnis gesmeek? Het hy dalk daar weereens sy onwrikbare geloof in God bely? Was dit diepe berou wat hy daar voor God uitgestort het? Of was dit dalk ook ‘n soeke na die herbevestiging van God se beloftes?

Die feit is dat Abram daar in die teenwoordigheid van God gaan staan het. Dit is verder ook ‘n feit

dat elke gelowige van tyd-tot-tyd ‘n Bet-El nodig het waar jy tot verhaal kan kom. ‘n Bet-El waar jy tot stilstand geruk word en jou hart voor God kan uitstort. ‘n Bet-El waar jy net stil kan word voor God, en luister na Sy wonderlike influisteringe in jou lewe.

Ons lees so terloops in Gen 13:2 dat Abram teen hierdie tyd baie ryk was. Dit was nie net die groot troppe vee, en dan ook nog die goed wat die Farao hom gegee het nie, al die donkies, kamele, beeste en goed. Abram het by dit alles ook nou rykdom versamel in goud en silwer. God het aan Abram ‘n paar dinge beloof: rykdom, sy eie land wat aan hom en sy nageslag behoort, en dan natuurlik die groot een: ‘n nageslag. Van hierdie drie beloftes het tot dusver nog net een waar geword, die groot rykdom. Maar van ‘n nageslag is daar nog géén sprake nie, en boonop besit Abram nog nie ‘n enkele vierkante sentimeter van die grond in hierdie land wat God hom beloof het nie.

En dit is juis hier waar die moeilikheid begin het. Die Kanaäniete en die Feresiete het die land besit, en die arme Abram en sy nefie, Lot, wat intussen ook al groot kuddes vee opgebou het, moes maar tweede viool speel. Die ander volke

het die beste dele van die land vir hulleself opgeeis, en Abram-hulle moes tevrede wees met die oorskiet. Dit lei uiteindelik tot wrywing tussen Abram en Lot, omdat daar net eenvoudig nie genoeg weiding was vir al hulle vee nie. Die veewagters het onder mekaar begin baklei, en Abram het besef dat iets gedoen moet word. As hulle nie kan saamstaan nie, is hulle weerloos teen die bakleierige Kanaäniete, en gaan hulle groot moeilikheid optel. Dus stel hy voor dat sy paadjie en dié van Lot liewer maar moet skei. Nie alleen om vredesonthalwe nie, maar vir hulle eie veiligheid.

Die tameletjie was egter: wie gaan waarheen? As ouer persoon het Abram die volste reg gehad om vir Lot voor te skryf waarheen hy moes gaan, en Lot sou geen keuse gehad het as om te gehoorsaam nie. Abram was immers ook die beloftedraer, en volgens God se belofte het die hele land aan hom behoort. Sal hy sy regte opeis? Sy materiële toekoms is immers hier op die spel. Het Abram iets geleer uit sy Egipte-ervaring? Sal hy die beste opeis vir homself en Lot sy eie gang laat gaan? Dit gebeur egter nie so nie, en die groothartigheid van die God's-man, Abram, kom na vore as hy vir Lot sê dat hy

maar kan kies watter deel van die land hy wil gebruik. Abram sal tevrede wees om te vat wat oorbly. Hy sal die minste wees.

Ons lees dan ook dat Lot watertand gekyk het na die vrugbare Jordaanvallei, en besluit het dat dit syne sou wees. Hierdie besluit sou hom later nog baie duur te staan kom, maar dit is ‘n storie vir ‘n héél ander dag. Die naam van die stad waar Lot sy tent gaan opslaan het, gee ‘n mens al klaar koue rillings: Sodom! Niemand weet verseker waar presies hierdie stad geleë was nie, maar ons vermoed dat dit dalk iewers op die bodem van die Dooie See kan wees, iets wat nog méér rillings gee.

Abram se onselfsugtige besluit laat ‘n mens skaam voel. Hoeveel keer in my en jou lewe was ons nie dalk al voor die keuse geplaas nie, waar ons die volste reg het om die beste vir onsself te kon hou? En wat doen jy? Jy vat wat jou toekom, wat seker heeltemal reg is, en los die oorskiet vir iemand anders.

Jesus het ons egter anders kom leer. Deur die voorbeeld wat Hy gestel het, het Hy gesê dat ‘n gelowige bereid moet wees om die minste te wees. Hy was bereid om die voete (vuil,

stinkende voete!) van Sy dissipels te was. Hy het die keuse gehad: Hy kon gaan sit dat iemand anders dit doen, en Hy het die volste reg gehad. Maar Hy het gekies om sélf die vuil werk te doen. Jesus se liefdesgebod is alles-omvattend. Nie alleen moet jy jou naaste en jou broers en susters in die geloof liefhê nie, maar selfs ook jou vyande. En as iemand jou dwing om iets te doen, bied jy aan om nog selfs meer vir hom te doen. Abram het onselfsugtigheid uitgeleef, en Jesus het dit kom vervolmaak. Kom ons volg in hulle spore.

Gebed:

Here, dankie vir die voorbeeld van ‘n Abram en van Jesus. Gee my asseblief die genade om dit na te volg.

## Keuses en Beloftes

Genesis 13:10-18

Soos ons in die vorige dagstukkie gesien het, het Lot sy keuse gemaak. Die Jordaanvallei was mooi en vrugbaar, en daar was volop water. “So volop soos ‘n tuin van die Here,” word dit vir ons beskryf in vers 10. Dit was waarlik die paradys waarin Lot hom sou begewe. Maar daar is ‘n onheilspellende klankie in hierdie opmerking, want in die tuin was daar ook ‘n slang, ‘n baie listige slang: die duiwel. Om die onheil hiervan te versterk, voeg die skrywer ‘n vergelyking met Egipte ook by. Natuurlik was dele van Egipte, veral die delta en die Nylgebied, ook uiters waterryk en vrugbaar. Maar daar sis die slang nog selfs listiger as in die paradys.

Dan slaan die skrywer die pen reg in die hart, as hy noem van die twee stede, Sodom en Gomorra, waarvan ons later meer in die verhaal sal hoor. Hierdie twee stede was só sondig dat God nie anders kon as om hulle totaal te vernietig nie. “Die inwoners van Sodom was sleg,” word daar vertel in vers 13. “Hulle het baie gesondig teen die Here.”

Lot het sy keuse gemaak. Op die oog af was dit

‘n baie goeie keuse van oorvloed en potensiële rykdom. Maar was dit ‘n wyse keuse? Hy moes sékerlik al teen hierdie tyd die gerugte gehoor het oor Sodom? Waarom het hy juis by hierdie hool sy tent gaan opslaan?

Maar nou skuif die fokus van die verhaal weereens na ons geloofsheld. Abram staan op ‘n hoogtetjie naby Bet-El. Dit is ‘n helder dag. Kyk hy noord, sien hy die eindelose heuwellandskap. Baie, baie ver kan hy net-net die spits van berg Tabor sien. Vir sy ouderdom is sy oë nog baie skerp. Abram draai suid, en sy oë volg dieselfde bergreeks tot waar dit verdwyn in die eindelose woestyn. Iewers op hierdie bergreeks sal hy sy vee moet laat wei. Nou nie juis ‘n goeie vooruitsig nie, want die aarde is maar dor hier bo. Abram verskuif sy blik na die weste, en daar op die horison sien hy die see, uitgestrek tot in die oneindigheid. “Wat lê anderkant daardie massa water?” wonder die ou grysaard.

Dan draai hy oos met groot kommer in sy hart. Daar ver onder, ‘n volle 1300m laer as die hoogland waar hy staan, kronkel die lowergroen slang van die Jordaanvallei tot waar dit doodloop in die Dooie See. ‘n Mooi prentjie, maar terselfdertyd ‘n onheilspellende een.

“Abram”, hoor hy skielik die stem van die Here in hom, en hy word gevul met groot ontsag. “Abram, die hele landstreek wat jy kan sien, gee Ek vir jou en jou nageslag.” Abram se mond hang oop: “Here, is U ernstig?” wil hy vra, maar hy is stomgeslaan. So verskriklik baie? Wat gaan hy met so baie grond maak? Hy kan dit mos onmoontlik nie alles gebruik nie? Nou het Abram totaal vergeet van sy probleme met Nefie Lot. Die stem van God weergalm deur sy binneste: “So ver as wat jy kan sien!” Abram kyk weer, net om dóódseker te maak, en wat hy sien is ‘n baie groot stuk aarde. Is dit ooit moontlik? Maar dan dink hy: die Here het hom mos drie beloftes gegee. Die eerste was groot rykdom. En kyk net waar sit hy vandag! Ten spyte daarvan dat hy so groot drooggemaak het en ten spyte daarvan dat hy die Here so bitterlik teleurgestel het, het hy steeds soveel rykdom dat hy nie weet wat om daarmee te maak nie. As die Here dít vir hom kan doen, is hierdie stuk eiendom mos ook nie te vergesog nie.

Dan hoor hy wéér die stem van God: “Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde.” Nou begin dit vir Abram sin maak. As sy nageslag so baie gaan wees soos wat God belowe, sal hulle

hierdie hele stuk aarde mos nodig hê vir blyplek. Hy wat Abram is sal darem nou iets moet begin doen om daardie derde belofte te laat inskop, want sy jare begin nou vinnig aanstap. Sarai is boonop nie meer die jong dingetjie wat hy daar in Ur getrou het nie. Dan skud Abram die gedagte af: “God sal sorg!” Hy bly dit vir homself sê, maar iewers knaag daar tóg die hele tyd ‘n stukkie twyfel.

“Abram,” praat die Here weer. “Gaan trek nou deur die hele land, oor sy lengte en breedte, want Ek gee dit vir jou.”

“Pak op Sarai,” gee hy nog dieselfde middag opdrag aan sy moedelose vrou wat wonder wat haar ou man dan nóú weer pla.

“As hy tog net nie weer iets onbesonne gaan aanvang nie,” sug sy, maar hierdie keer doen Abram wat die Here vir hom sê, en hy verskuif sy reuse trek tot by die groot bome van Mamre, waar hy tent opslaan en ‘n altaar bou vir die Here.

Anders as Lot, het Abram reg gekies. Sy onselfsugtige keuse was wat God van hom verwag het, en daarom word die beloftes herhaal. Hierdie slag gebeur dit egter net baie

meer grafies en duidelik, soveel so dat Abram gesnak het na sy asem in verwondering.

Die Here maak ook aan my en jou beloftes. Hy laat ons ook met keuses. Glo ons die beloftes met alles binne-in ons? En wat maak ons met ons keuses? Met hierdie twee vrae wil die Here ons die dag instuur.

Gebed:

Here, dankie vir die asemrowende beloftes wat U aan my gemaak het. Ek glo dit met elke greintjie in my. Heilige Gees, lei my asseblief om die regte keuses in my lewe te maak.

# Liefde Ten Spyte Van....

Genesis 14:1-17

Oorlog! Oorlog! Oorlogswolke hang swaar in die lug. Abram het hom uit hierdie speletjies uitgehou van die gespuis wat mekaar aan die keel gryp.- ‘n Man van vrede was hy, tevrede om maar net met sy kuddes vee te boer. Maar Nefie Lot was reg in die middel van al hierdie skermutselinge. Al het hy nie deelgeneem aan die ander klomp se oorlogspeletjies nie, het alles reg rondom hom gebeur. Ja, dit was een van die nadele van die keuse wat hy gemaak het om homself in die Jordaanvallei te gaan vestig.

In die vorige dagstukkie het die vraag sékerlik by jou opgekom, waarom stede soos Sodom en Gomorra nou juis by die Dooie See gebou sou wees? Daar is vandag géén lewe in hierdie stuk hiper-sout water nie, en niemand sou ooit daar wou bly nie. Die antwoord kry ons weggesteek in vers 3, waar die gebied beskryf word as die Siddemvlakte, ‘n gebied wat waarskynlik baie vrugbaar moes gewees het. Wat daar gebeur het, kan ‘n mens maar net raai, want teen die tyd wat die boek Genesis geskryf is, het die Dooie See alreeds hierdie vrugbare stuk aarde

verswelg. Het dit iets te doen gehad met die verwoesting van Sodom en Gomorra? Het die aarde dalk weggesak? Daar word in vers 10 gepraat van "asfaltgate." Was dit dalk al 'n gevaarteken van vulkaniese aktiwiteit in die gebied? Was God dalk so teleurgestel in die verskriklike sonde van hierdie mense dat Hy besluit het om alles vir ewig met dooie soutwater te bedek? Ons sal dalk nooit antwoorde hê op enige van hierdie vrae nie. Dit is raaisels om ons net weereens in verwondering voor God te laat neerval.

Maar hierdie is nie die enigste raaisels nie. 'n Ander vraag wat die geleerdes vir hulleself gevra het, is wie die invallers in die gebied was? Daar word 'n klomp name van konings genoem, maar niemand weet wie hulle eintlik was, en waar hulle vandaan kom nie. Dit is ook nie belangrik nie. Die belangrike deel is dat Lot uiteindelik die slagoffer geword het van die oorlog, en dat hy as krygsgevangene weggevoer is, natuurlik met al sy besittings, want dit is hierdie rykdom wat hulle wou buit. Toe dit gebeur, het Abram geen keuse gehad as om ook deel te neem aan die oorlog nie. Sy familie was in die gedrang, en hy moes vir Lot gaan red. Met 'n skamele 318 slawe wat

vir hom gewerk het, omsingel Abram die vyand in die nag en oorval hulle. Lot word gered asook al die ander gevangenes en hulle besittings. Abram se brawe poging laat ‘n mens nogal dink aan Gideon, wat baie lank daarna op dieselfde wyse ‘n reuse vyand verslaan het.

‘n Paar baie belangrike dinge kom hier na vore: Geloof vereis waagmoed. Vir jare het die opgeleide, geharde soldate al die stede van die streek oorheers. Abram is egter bereid om hierdie goed-geoliede leër aan te durf met driehonderd veewagters. Abram storm egter nie blindelings in die geveg in soos die gebruik is nie, maar hy gaan sit en doen deeglike beplanning. Hy werk ‘n goed-deurdenkte strategie uit. Die verassingsaanval in die nag, van alle kante af, is een te veel vir die vyand, en hulle vlug. Die belangrikste is egter dat dit God is wat die oorwinning vir Abram gee, nie om te roof en buit soos die ander nie, maar om te red en terug te win.

Geloof is nie ‘n blinde roekeloosheid nie, dit is berekenend. As jy glo, moet jy jou omstandighede goed kan opsom en jou vermoëns eerlik evalueer. Dan moet jy met oorleg te werk gaan. Beplan alles deeglik asof dit

totaal van jouself alleen afhang om die taak uit te voer. Maar die belangrikste is dat wanneer dit by die uitvoering kom, doen jy dit asof alles van God alleen afhang, en jy maar net die instrument is.

Waarom het Abram vir Lot gaan red? Ons het Lot leer ken as die nefie wat maar net ál agter Abram aangedrentel het. Nêrens lees ons dat hy ooit ‘n konstruktiewe bydrae gemaak het nie. Boonop het ons intussen agtergekom dat hy selfsugtig is en hy dink net aan homself. Toe Abram hom voor ‘n keuse gestel het, het hy nie vir een enkele oomblik aan sy gryse Oom Abram gedink nie. Hy het dadelik die beste vir homself gekies, en Abram moes maar opsnork in die droë bergwêreld. Maar die ergste van alles is dat Lot nie vir ‘n oomblik gehuiwer het om homself in die middel van die sonde-hool te gaan plant nie. Dáár waar die sonde op sy ergste floreer, daar gaan plak Lot. Later kom hy dan ook sommer in gróót moeilikheid daar. Ten spyte van al hierdie dinge, is Abram bereid om alles op te offer vir Lot. Waarom? Hy is familie!

Tweeduisend jaar later sien ons hoedat die eerste Christene bereid is om ook alles op te gee om hulle medegelowiges, hulle familie in

Christus, te help waar hulle in nood is. Dit is die boodskap wat vandag dan ook helder en duidelik na ons as gelowiges deurkom: dat dít is hoe die Here wil hê dat ons liefde moet uitleef. Hy vra van ons ‘n ware omgee ten spyte van dinge wat dalk krap. Hy vra van ons om die swakhede, en dikwels irriterende sondes van ons medegelowiges nie in berekening te bring wanneer hulle in nood is nie, maar hulle te alle tye te behandel soos naby bloedfamilie. Is dit nie immers presies wat hulle is nie?

Gebed:

Here, gee my asseblief vandag ‘n groot liefde in my hart vir my broers en susters in Christus, en dat ek hulle sal liefhê ten spyte van hulle swakhede.

## Twee Konings

Genesis 14:17-24

Wanneer Abram vir Koning Kederlaomer en sy bondgenote verslaan om sy nefie Lot te bevry, is daar twee konings wat reageer op die oorwinning. In vers 17 lees ons dat die koning van Sodom Abram tegemoet gegaan het. Ongelukkig is dinge nie altyd soos wat hulle lyk nie. Hierdie koning was inderdaad gladnie vriendelik nie. Die woordjie “tegemoetgaan” word hier gebruik in die sin van ‘n koning wat optrek teen ‘n vyand. Dalk het hy vir Abram gesien as die nuwe bedreiging, of dalk was hy maar net geïnteresserd in die buit wat Abram saamgebring het. Dalk het hy gedink dat Abram se “leër” nou moeg en uitgeput is van die groot geveg, en dat dit dalk nou die tyd is om hom te verslaan terwyl hy op sy swakste is. Wat ookal die geval, hy het baie dreigend nadergestaan. En wat hy daar gesien het, het hom briesend gemaak, want by Abram en sy manne was nie alleen hope besittings wat uit Sodom afkomstig is nie, maar ook ‘n klomp krygsgevangenes. Meeste van hulle was sy soldate se vrouens en kinders wat deur Kederlaomer gebuit is. Daardie goed wil hy terughê ten alle koste.

Voordat hy egter vir Abram kon aanval, daag daar ‘n ander persoon op: Melgisedek. Dalk het Sodom se heerser ‘n heilige vrees gehad vir Melgisedek, want hierdie was ‘n uiters misterieuse figuur.

Ten spyte van al die misterie en die dreigemente, tree Abram egter op met groot waardigheid, en hy staan sy man. Baie gou laat hy die Sodomiet baie duidelik verstaan dat hy gladnie belangstel in die krygsgevangenes nie, en nog minder in die oorlogsbuit uit Sodom. Abram het natuurlik die volste reg gehad om al die mense te hou as sy slawe, en om al die buit vir homself te hou. Die oorwinnaar het volle besitreg gehad oor sy buit. “Ag, gee asseblieftog net my mense vir my terug,” pleit die koning by Abram. “Hou maar die res vir jou!” Maar Abram besluit dat hy nie eers ‘n garingdraad of ’n skoenveter vir homself sal hou nie. Die koning van Sodom kan alles terugkry.

Ons sou dalk verwag dat hierdie koning in dankbaarheid voor Abram sou neerval. Nêrens lees jy egter enigiets van eers ‘n “dankie” nie. Daar word nie vir Abram ‘n verwelkomingspartytjie gereël nie. Daar word nie lofliedere gesing oor sy heldhaftige oorwinning nie.

Maar soos ons reeds gemeld het, het daar ‘n tweede persoon op die toneel verskyn, Melgisedek, die koning van Salem. Waar is hierdie stad, Salem? Ons weet nie! Met die verloop van jare se oorvertellings van die verhaal, het mense begin aanvaar dat dit dalk Jerusalem moes wees. In Psalm 76:3 word Jerusalem dan ook die naam “Salem” genoem. Jerusalem was natuurlik nie altyd ‘n Joodse stad nie. In die tyd van koning Saul het dit nog aan die Jebusiete behoort, maar toe Dawid koning word het hy die stad ingeneem en dit sy hoofstad gemaak. Hy het terselfdertyd ook die heiligdom daarheen verskuif, sodat dit nie alleen die politieke hoofstad was nie, maar ook die Godsdienstige hoofstad. Dit net so terloops.

Oor Melgisedek weet ons bitter min. Daar is baie teorië oor hom. In die boek Hebreërs word hy as ‘n prototipe of voorganger van Jesus beskryf. Anders as die arrogante koning van Sodom, sien ons hier ‘n vriendelike mens wat waardering het vir Abram se heldhaftige poging. Hy bring vir Abram kos en wyn om sy dank te bewys, en boonop bid hy God die Allerhoogste se seën af op Abram. Abram antwoord hierdie gebaar van goedgesindheid deur aan hom ‘n tiende van die

oorlogsbuit te gee.

Daar is ‘n paar tergende vrae oor Melgisedek: Wie was hierdie koning werklik? Hy was nie alleen koning van Salem nie, maar ons lees ook dat hy terselfdertyd die priester was van God die Allerhoogste - dus ‘n priester-koning. Dit laat die vraag ontstaan, of Abram dan nie die unieke draer van die Godsdiens was nie? Het Melgisedek dan ook die God van Abram aanbid? Ons kan maar net spekuleer want ons weet net eenvoudig nie.

Tweeduisend jaar later word daar ‘n Baba gebore uit die nageslag van Abram. Hierdie Baba is later gekroon as Koning van die heelal en Hoëpriester by uitstek. Melgisedek het op ‘n baie beskeie manier vooruitgewys na hierdie Priester-Koning van alle tye.

Melgisedek het liefde bewys aan Abram deur lewegewende kos en wyn vir hom te gee. Die groot Priester-Koning gee aan almal wat in Hom glo die kos en wyn van die ewige lewe.

Abram het lof gebring aan Melgisedek deur aan hom ‘n tiende van die buit te gee. Die groot vraag is: wat is ek en jy bereid om aan die groot Priester-Koning te gee uit dankbaarheid vir die

lewe wat Hy vir ons gegee het?

Psalm 110 besing die lof van hierdie Priester-Koning volgens die orde van Melgisedek. Kom ons maak vandag ‘n loflied ter ere van Hom wat was en wat is en wat kom. Kom ons bring Hom ere deur liefde te lewe soos wat Hy vir ons die voorbeeld gestel het.

Gebed:

Here, God, Almagtige, ons bring vandag al ons dank en lof en aanbidding aan U alleen vir alles wat U vir ons gedoen het.

# Geloof Ten Spyte Van.....

Genesis 15:1-6

Jare het verbygegaan. Abram was ‘n jeugdige 75 jaar oud toe hy en Sarai uit Haran vertrek het na die onbekende bestemming. Nou het die jare egter begin aanstap en die ouderdom begin knaag aan Abram. En Sarai - wel, sy is ook nie meer die jong meisietjie wat hy daar in Ur getrou het nie. Beeldskoon soos sy is, is sy eintlik al ‘n stokou vrou. Kanse vir ‘n baba is minder as nul. Abram sug baie swaar. Drie beloftes het die Here hom destyds gegee, drie beloftes waarvan nog net die eerste waar geword het. Ja, rykdom het hy oorgenoeg, meer as wat hy óóit sal kan opgebruik. Maar hier sit hy steeds as vreemdeling in die land wat die Here aan hom beloof het. Maar selfs dít kan hy nog verwerk. Die een ding wat hom dwars deur die krop steek, is die derde belofte wat nooit óóit meer waar kan word nie! Dit is gáns onmoontlik - die belofte van ‘n nageslag. Vir meer as ‘n halfeeu probeer hulle nou al, en daar het absoluut niks van gekom nie. “Here, waarom?” huil Abram.

Hoe kan ‘n mens aanhou glo as daar absoluut géén aanduiding is dat God saam met jou op

koers is nie? O glo my: ek het al hierdie paadjie geloop, en dan bly jy maar net aanhou hoop en hoop. Tot op ‘n dag, dan gee jy moed op, want God se beloftes aan jou gaan net eenvoudig nie in vervulling nie. Het jy nie al ook in dieselfde situasie gesit nie? God se belofte aan my was dat ek die Evangelie sou verkondig. Ek was in ekstase, en ek het begin studeer vir predikant. Dit was egter nie wat die Here vir my in gedagte gehad het nie, en my studies het doodgeloop met baie vrae in my hart. In die jare wat gevolg het, het ek dikwels die vraag gevra, wat van God se belofte geword het. Twintig jaar het verbygegaan voordat ek die antwoord gekry het. Op ‘n totaal verassende wyse het die Here Sy belofte vervul toe Hy my hierdie Internetbediening gegee het, waar my beskeie boodskappie elke dag baie duisende mense kan bereik.

Tien jaar later het Hy my boonop nog ‘n wonderlike bonus gegee, toe ek uit die bloute ‘n aanstelling in ons gemeente gekry het as Gemeentehulp. Ek was in die sewende hemel! Deesdae kry ek dikwels die geleentheid om in etlike van die plattelandse dorpe in KZN te preek. God is groot!

Maar terug by Abram: Een aand sit die gryse ou man en staar in die donker nag in deur die tentopening, toe hy ‘n gewaarwording kry dat hy nie alleen is nie. ‘n Visioen ontvou rondom die verbaasde Abram. Hy voel die heilige teenwoordigheid van God aan. Abram se hart klop in sy keel. Dan hoor hy die Stem klokhelder, dieselfde Stem wat hy al so baiekeer voorheen gehoor het: “Moenie bang wees nie Abram. Ek beskerm jou!” Abram snak na sy asem! Watter groot, gróót belewenis is dit nie, elke keer wanneer God met hom praat. “Jou beloning sal groot wees,” sê die Here vir Abram.

En dan stort Abram sy hart uit voor die Here: “Here my God,” snik hy sy frustrasie uit. “Ek gaan kinderloos sterf, en ek sal al my besittings aan my slaaf moet bemaak.” Waarom kom die Here dan nie Sy belofte na nie? Hy het tog so duidelik vir Abram laat verstaan dat hy ‘n groot nageslag sou hê, maar nou is alles klaar te laat! Dit kan nie meer gebeur nie! Abram huil voor die Here. Dalk het hy die Here verkeerd verstaan. Dalk het hy iets verkeerd gedoen - sy sondes wat hom nou inhaal en nou straf die Here hom op hierdie wyse, deur nie Sy beloftes na te kom nie. “Here, moet ‘n slaaf dan nou my erfgenaam

wees?" Hy huil by die Here.

Ons sit dikwels self ook met so 'n frustrasie in ons lewe - 'n frustrasie wat ontaard in 'n wrede ontnugtering. Kan ek bly glo in sulke omstandighede? By Abram het die spanning oor baie dekades bly opbou en opbou, totdat dit nou by breekpunt gekom het en oopbars. God het nie Sy beloftes nagekom nie!

"Nee Abram," sê die Here vir hom. "Die slaaf sal nie jou erfgenaam wees nie. Kom Abram, kom buitentoe. Ek wil jou iets wys." Abram staan op en stap die koel naglug in. "Kyk al die sterre Abram." Abram staar na die hemel. "Kan jy hulle tel?" Abram skud sy kop. "Abram, soveel sterre as wat jy sien, so groot sal jou nageslag wees."

Ons lees in Genesis 15:6 dat Abram die Here geglo het.

Het God vir Abram veroordeel toe sy geloof begin wankel het? Het Hy vir Abram verwyt toe alles vir hom onmoontlik begin lyk het, en toe hy by die Here gekerm het? Nee! God weet dat Abram ook maar net 'n mens is - 'n mens met baie foute. Hy weet lankal van Abram se frustrasies en sy teleurstelling, selfs die woede wat soms in hom opgebou het. Maar God is baie

groter as die mens, en Hy het empatie met hom. En daarom val die woorde van God saggies op Abram se oor: “Moenie bang wees nie.” Die wonderwerk wat God vir Abram beplan het was asemrowend, maar die tyd was nog nie reg nie. Abram sou nog ‘n paar jaar moes wag.

Abram se ontnugtering het oorgegaan in vertroue. Wat van joune? Wonderwerke gebeur nog elke dag, daarvan kan ek oor en oor getuig! Vertrou Hom net! En bly vashou aan jou geloof!

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend kan weet dat U getrou is. Hou my hand asseblief styf vas, en versterk my wankelende geloof.

# Die Verbond Gesluit

Genesis 15:6-21

Ons het in die vorige oordenking gehoor hoedat die skrywer van Genesis tot die slotsom kom: “Abram het toe in die Here geglo”. Oor en oor het die Here vir Abram die belofte gegee van ‘n nageslag, maar soos die jare aangestap het, het die gryse ou man skepties begin raak oor hierdie bitter vergesogte belofte. Dit sou kos dat die Here eers nóg ‘n slag Sy belofte herhaal, hierdie keer op ‘n baie grafiese wyse, om Abram se geloof te versterk.

Maar daar was egter ook ‘n ander probleempie, dat hy en sy toekomstige nageslag steeds vreemdelinge is sonder ‘n land. Ja, die Here het vir hom ‘n land beloof, maar die ganse land word bewoon en regeer deur ‘n klomp goddelose heidene. Hier moes hy wat Abram is, so pas vir Lot red uit die hand van een van hierdie konings. Sy ou paar slafies kan mos nooit as te nimmer hierdie wrede spul aanhou bly verdryf nie?

Die manier waarop die Here ook hierdie belofte aan Abram bevestig, bly onuitwisbaar in sy geheue vir die res van sy lewe. Só grafies en aanskoulik was dit, dat géén mens dit ooit sou

kon vergeet nie.

Abram het sékerlik vir die Here gevra: “Hoe sal ek weet dat ek hierdie land sal besit Here?” Dan antwoord God op ‘n baie verrassende wyse. Abram word aangesê om ‘n jong bees, ‘n bok, ‘n skaap en twee duiwe vir Hom te bring. Dit was met ‘n reuse vraagteken op sy gesig wat Abram vroeg die volgende oggend al die diere op die Here se lysie gaan bymekaarmaak. Wat sou die Here daarmee wou maak? Moes hy dit vir die Here gaan offer? Maar die Here hou vir Abram in afwagting.

Wanneer Abram weer voor die Here staan met sy diere, kry hy ‘n baie snaakse bevel: “Sny al hierdie diere middeldeur, Abram.” Die ou man maak so, en almal, buiten die duiwe, word geslag en sorgvuldig in twee helftes gesny volgens die Here se opdrag. Hulle word in twee rye geplaas met ‘n paadjie tussen die twee helftes deur. Abram kyk na die hemel op en wag met groot opgewondenheid vir wat volgende gaan gebeur. Hy brand van nuuskierigheid - wat gaan die Here doen? Hy verstaan nie!

Die son klim die hemel in en verskroei Abram se bruingebrande gesig. Hy sug. Niks gebeur nie. ‘n

Kraai kom pik-pik aan die vleis, en hy word summier verwilder. As die son op twaalfuur sit, sien Abram 'n ontstellende ding: aasvoëls. Hulle sirkel al laer en laer tot Abram se groot ontsteltenis. As die eerstes by die karkasse land, jaag 'n verwoede Abram hulle weg met 'n groot handegeswaai: "Dis nie julle s'n nie," skree hy vir die arrogante voëls. "Hierdie is die Here se diere!"

Abram sug swaar as hy teen 'n klip gaan sit. "Waarom sê die Here dan niks?" Hy wag. Die son sak en sak, en steeds is daar niks. Abram se ooglede raak swaar. Hy kan die slaap nie keer nie. Dit is asof hy oorweldig word deur 'n pikswart, swaar kombers wat oor hom gegooi word.

Skielik is Abram helder, nugter wakker as hy daardie bekende Stem hoor. Die dinge wat die Here vir hom sê is ontstellend, maar terselfdertyd ook gerusstellend. Abram word vertel van wat sou gebeur met sy nasate: Hulle sou wegtrek na 'n heidense land (Egipte), en daar sou hulle vir vierhonderd jaar bly en later selfs slawe word van die heidene (die Egiptenare). Na vierhonderd jaar in die vreemde sal hulle egter terugkeer na die beloofde land en

dit in besit neem. Wat nie vir Abram gesê word nie, is dat sy nageslag teen daardie tyd dan meer as drie miljoen sou tel!

En dan, as dit al pikdonker is, laat die Here die aanskoulike vuurwerk gebeur. In vrees en bewing kyk Abram toe as daar vanuit die hemel vuur verskyn. Sy oë rek groot as die reuse fakkel reg op hom afpyl. Hy ruik die rook en die reuk van geskroeide vleis hang swaar in die lug as die vuur skouspelagtig tussen die karkasse wat hy uitgepak het deurbeweeg. Met ‘n hart wat klop in sy keel, aanskou Abram hierdie Gods-wonder. En dan verdwyn die vuur, en al wat Abram hoor is die sagte, soet Stem van die Here, as Hy vir Abram uitspel presies waar die grense van sy land sal wees.

Wat wou die Here vir Abram sê met hierdie onverstaanbare gebeure? In die antieke tye is ‘n verbond tussen twee partye dikwels gesluit deur ‘n dier middeldeur te sny, en dan het die twee saam tussen die twee helftes deurgeloop. Daardeur sê hulle vir mekaar dat die een wat die verbond verbreek, nes hierdie dier in twee gekap sal word. God het egter alléén die handeling voltooi, en daarmee wou Hy vir Abram sê dat Sy beloftes vas staan. Hierdie is ‘n eensydige

verbond tussen Hom en Abram. Boonop is dit ‘n verbond wat vir altyd vas sou staan en wat nooit verbreek sou word nie.

Tweeduisend jaar later het God ‘n soortgelyke verbond gemaak. Hierdie slag was dit nie diere wat geslag is nie, maar Sy eie Seun, Jesus. Daardie verbond staan vir ewig vas. Die vraag is of jy deel het aan die verbond? Het jy al jouself aan Hom verbind? Diegene wat nie die verbond aanvaar nie is verdoem. Aan diegene wat egter daardie verbond aanvaar, wag die nuwe Beloofde Land. Waar staan jy?

Gebed:

Here, dankie dat ek deel kan wees van U wonderlike verbond.

# Sarai Beraam 'n Plan

Genesis 16:1-6

Dit is alreeds tien jaar wat Abram en Sarai die belofte van die Here in hulle harte dra - die belofte van 'n groot nageslag. Abram is 85 en Sarai 75. Abram het so pas bevestiging gekry van die Here dat die belofte steeds vas staan. Maar Sarai? Het die Here dalk van haar vergeet? Die frustrasie van wag en wag, en niks gebeur nie bou op tot 'n breekpunt in die ou vrou. Dit is nou maar eenmaal so dat die samelewing 'n vrou beoordeel volgens die aantal kinders wat sy in die wêreld bring. En wat kan sy aan hierdie beoordelende samelewing wys? Niks! 'n Ronde nulletjie! God het haar beslis vergeet! Sy kan nie langer die verskriklike skande van kinderloosheid verduur nie. Dalk het hulle vir God verkeerd verstaan oor hierdie nageslag-belofte. Haar ou man se geloofsore hoor dalk nie meer so lekker nie. Het hy nie dalk verkeerd gehoor nie?

Stadigaan begin 'n plan in Sarai se kop vorm aanneem. Wat van surrogaatmoederskap? Dit was tog algemene gebruik in die Ooste dat 'n kinderlose vrou haar slavin vir haar man gee om

kinders te kon verwek namens haar. Daardie kind word dan as die vrou se eie aangeneem. Sou dit nie dalk ‘n goeie oorweging wees nie? Almal doen dit tog!

“Ou Man,” skud sy vir Abram wakker. “Slaap jy?” Natúúrlik slaap Abram, maar nou is hy mos klaar wakker, en hy luister: “Ek het ‘n plan!” Sarai verduidelik. Ek is seker dat die ou gryse eers wou teenstribbel, maar as ‘n vrou so opgewonde is oor ‘n plan soos Sarai nou is, dan praat ‘n man mos nie terug nie! Om die vrede te bewaar, stem Abram in met haar slim plan. En so word Hagar dan gebruik as surrogaatmoeder vir Abram en Sarai se baba, en boonop verhoog haar status tot “vrou.”

En dis net dáár waar die moeilikheid begin, want skaars was Hagar swanger, of die intriges steek kop uit. Hagar dink sy is beter as haar baas, Sarai en sy minag haar. ‘n Onhoudbare situasie het nou totaal ondraaglik geword, want nou was daar nie alleen die duiwel van kinderloosheid nie, maar boonop ook die demoon van verwerping en minagting. Wat doen sy? Natúúrlik is dit alles Abram se skuld! Al wat die arme Abram kon doen, ws om in desperaatheid maar net sy hande in die lug op te gooi. Dit laat

‘n mens nogal terugdink aan die tragedie wat in die Tuin van Eden afgespeel het, nê? Ja, dit wás Eva wat die vrug gepluk het, en dit wás sy wat dit ook vir Adam gegee het, maar Adam kón immers nee gesê het. Het hy nie van beter geweet nie? Was dit nie hý wat persoonlik met God gepraat het nie?

En Abram? Vasgevang tussen twee bitsige vroue, doen Abram presies wat Sarai vir hom sê. Hy swig voor die tong van sy vrou, en degradeer vir Hagar weer tot doodgewone slaaf. Met haar nuwe posisie as “vrou” daarmee heen, besluit sy om weg te loop.

Wat het dit alles vir Abram in die sak gebring? Sy versuim om van die begin af die regte leiding te gee in sy huis, dompel hom en sy hele nageslag in die ellende. Dalk was hierdie maar ‘n nietige gebeurtenissie in die geskiedenis, maar die gevolge was astronomies, want hierdie enkele insident het vir eeue daarna spanning veroorsaak tussen die nasate van Hagar en Abram. Bloedige oorloë is geveg, en selfs vandag, 4000 jaar later, loop die spanning steeds hoog tussen die twee afstammelinge van Abram.

Dink dus baie mooi oor die gevolge wanneer jy iets onbesonne aanvang!

Hagar het koers gekies na Egipte, haar geboorteland. ‘n Eensame, mismoedige swanger vrou alleen op reis deur die dorre wildernis. Waarom het Abram ooit toegelaat dat sy haar op hierdie moordende selfvernietigingsreis begewe? Sou Hagar ooit hierdie verskriklike tog oorleef? Sou die Here haar ook genadig wees? Sy is immers nie deel van die bloedlyn van die volk van God nie? Daaroor sal ons DV in die volgende dagstukkie gesels.

Maar nou eers die belangrike les wat ons leer uit vandag se verhaal: Dikwels gebeur dit dat die Here vir ons beloftes gee, en dan raak ons ongeduldig wanneer die beloftes ‘n bietjie te lank na ons sin draai. So maklik wil ons dan maar sake in ons eie hande neem - net om God so ‘n bietjie aan te help. Die gevolge kan katastrofies wees.

Kom ons neem ‘n eenvoudige voorbeeld: Die Here sê vir my dat Hy vir my sal sorg terwyl ek sendingwerk doen. Daar is geen inkomste nie, en ek is totaal afhanklik van mense wat die Here op my pad stuur vir my onderhoud. Dan gebeur

dit op ‘n dag dat niemand opdaag nie, en ek sit in groot nood. Ek besluit dat ek die Here so ‘n bietjie gaan aanhelp deur te kyk of ek die R100 wat ek nog oor het kan laat groei by die kasino. Ek bid hard dat die Here my sal laat wen (baie edel!) Iemand wat ek bearbei op die sendingveld, sien my daar raak, en dink dat dit ‘n goedkeuring is om maar te dobbel. Nou is dit nie meer net ek sélf wat beïnvloed word deur my besluit nie, maar ook ander mense. Die gevolge is legio!

Kom ons plaas ons volle vertroue vandag op God, en wees geduldig as Hy dinge op Sy eie tyd doen.

Gebed:

Here, ek wou al so baie keer my eie kop volg en U aanhelp met U beloftes. Vergewe asseblief, Here.

# Die Here Sien My Raak!

Genesis 16:7-16

Abram se besluit om ‘n tweede vrou in sy lewe toe te laat, het hom duur te staan gekom. Die blote feit dat dit oorspronklik Sarai se voorstel was, het géénsins die saak verbeter nie. Die droewige gevolg was dat die situasie vir Hagar ondraaglik geword het, en dat sy, die slavin/vrou-nommer-2 in trane weg is, die dorre woestyn in. Haar bestemming: Sur. Om vrou-alleen die wrede woestyn aan te pak, is géén kinderspeletjies nie. En boonop is sy swanger. Dit is niks minder nie as selfmoord!

Die pad na Sur loop verby ‘n fontein, en dit is hier waar Hagar aangaan vir die broodnodige lafenis. Maar sy is nie die enigste een by die fontein nie. Sy ontmoet daar ‘n baie vreemde persoon. Die Bybel beskryf Hom as “Die Engel van die Here”. Hierdie is nie maar ‘n doodgewone gerub of seraf nie, maar die Boodskapper of Gevolmagtigde van God. Dit kan ook vertaal word as die Seun van God, met ander woorde: Jesus! Is Hagar, die slavin, so belangrik in God se oë dat Hy persoonlik uit die hemel neerdaal om met haar ‘n gesprek te voer?

Weet jy: Ek en jy is nét so belangrik voor God se oë, want elke keer as ons bid, dan is Hy persoonlik daar om deel te neem aan die gesprek. Met Hagar het dit slegs een keer in haar lewe gebeur. Met my en jou gebeur dit elke dag! Vir ons het gebed dalk so alledaags geword, dat ons vergeet van die groot wonder wat plaasvind elke keer as 'n mens jou oë toemaak in gebed. Hagar was dus nie belangriker as ons nie!

Maar dit wat die Engel van die Here vir Hagar sê is van uiterste belang. Hy konfronteer haar met twee vrae: "Vanwaar?" en "Waarheen?" Die eerste vraag is maklik. Die tweede - weet sy ooit waarheen sy op pad is? Maar hierdie vreemdeling weet baie meer van haar af as wat dit wil voorkom. En dan besef sy dat sy hier nie met 'n gewone mens te doene het nie. Hy is inderdaad die Engel van God!

Hy het twee opdragte vir haar: Eerstens moet sy omdraai en terug gaan na Sarai, haar eienares. Dit is al klaar 'n bitter pil om te sluk. Maar die tweede opdrag is nog moeiliker: sy moet haar gaan onderwerp aan Sarai, die vrou wat vir haar soveel pyn besorg het. Inderdaad gaan die Here haar lewe red, maar Hy gaan haar nie red van

die gevolge van haar optrede nie. Sy moet gaan regmaak waar sy verbrou het, en sy moet haarself gaan verneder voor die vrou wat haar so sleg behandel het. Die kind wat sy in haar dra - dus ook haar eie toekoms - is gekoppel aan die huis van Abram, hoe moeilik dit ookal mag wees.

Inderdaad is ek en jy dikwels in dieselfde bootjie as Hagar. Die Here vra dikwels ook vir ons om te gaan regmaak waar ons verbrou het. Het ek dalk iets kwetsend van iemand gesê nadat die persoon op my tone getrap het? Dan is dit my plig om te gaan om verskoning vra. Dit kan dalk beteken dat ek bereid moet wees om die minste te wees. Dit kan selfs beteken dat ek die kans staan om verneder te word.

Wanneer die "Engel" weer met Hagar praat, sien ons Sy ware gesag: "Ek sal jou nageslag so baie maak dat hulle te veel sal wees om te tel," sê Hy vir haar. Slegs God kan so 'n belofte maak! Dit is dus niemand anders nie as Jesus wat voor haar staan! En Hy gee haar nog baie ander beloftes ook. Hy weet dat sy swanger is, al is dit dalk nie sigbaar deur haar los klere nie. En Hy weet dat die kind wat sy in haar dra, 'n seun is. "Ismael, moet jy hom noem," kry sy die opdrag van die Here. Wat 'n mooi naam! Dit beteken: "God

Hoor."

Wanneer dinge buite jou beheer met jou gebeur, en jy dalk in ellende gedompel word, dan hoor God as jy roep. Hy het Hagar se geroep gehoor. Hy tree in en Hy versterk haar met 'n belofte.

Ja, die belofte aan Abram oor 'n groot nageslag, sal nou ook vir háár geld. Ismael is immers ook 'n kind van Abram! Maar die beloofde land sal nie aan hom behoort nie. God sal op 'n ander manier vir hom ruimte skep in die wildernis.

God werk nie met resepte nie! Elke mens is vir Hom uniek! Ons kan ook nie vir God verklaar nie. Al wat Hy van ons vra is dat ons Hom vertrou. Vir my persoonlik het God 'n unieke ruimte geskep, een wat perfek by my persoonlikheid pas en een waarin ek myself ten volle kan uitleef. Vandag kan ek maar net in groot dankbaarheid jubel oor die geleenthede wat Hy my gee. Het jy al die ruimte ontdek wat die Here vir jou beplan het?

Hoe reageer Hagar? Sy het in aanbidding met die Here gepraat, en sy noem Hom "'n God wat my sien." Ja, sy is maar net 'n slavin, 'n voortvlugtige, weg van haar meesteres se slegte behandeling af. En tóg sien God haar raak! Dit is

nie net die Abrams vir wie God raaksien nie, maar ook die eenvoudige Hagars. Hy sien elke mens raak, ook vir jou en my. Dit is juis in ons droefheid en nood waar Hy kom en ons vertroos waar ander ons dalk wegstoot. Hy verstaan selfs wanneer ons dikwels dwase dinge doen - die woestyn invlug.

Terloops, wat is die naam van die fontein waar Hagar die Here ontmoet? Lagai-Roï. Die naam beteken: “Fontein van die Lewende Een wat my sien”. Het jy al by daardie fontein aangegaan?

Gebed:

Here, dankie dat U ‘n lewende God is wat my, eenvoudige mens, raaksien en vir my omgee.

## ‘n Nuwe Geloofsgemeenskap

Genesis 17:1-9

Klein Ismael is gebore, en die seuntjie het grootgeword en ‘n normale woelige tiener geword. Dertien jaar het verloop sedert sy geboorte, en steeds wag Abram en Sarai dat die Here se belofte oor ‘n nageslag vir hulle twee moet waar word. Abram het hom al so half en half versoen met die gedagte dat dit nou al gans onmoontlik geword het vir nog ‘n baba, en dat Ismael dalk maar die een sou wees om die familienaam te dra. Maar dit is nie wat God in gedagte gehad het nie. God het vir Abram beplan om nie maar net ‘n normale nageslag te hê nie. Nee, sy nageslag moet hééltemal anders wees as enige ander bloedlyn.

Om waarlik ‘n verskil te kan maak, moet ‘n totaal nuwe mensheid geskep word. Dit moet boonop baie duidelik wees aan almal, dat dit onmiskenbaar God se ingryping was in die menslike gebeurtenisse, wat hierdie nageslag tot stand gebring het. Daar was ‘n doel agter God se besluit om Abram ‘n volle 100 jaar oud te maak, en Sarai 90 voordat hulle baba gebore sou word. Menslik is dit absoluut, totaal, beslis,

onteenseglik onmoontlik vir so ‘n bejaarde egpaar om kinders in die lewe te bring. Almal moet kennis neem dat dit niks anders is nie as ‘n Goddelike wonder!

Wanneer God aan Abram verskyn, kondig Hy Homself aan as “El-Shaddai”. Dit is een van die Name van God wat eintlik baie selde in die Bybel voorkom. Wanneer hierdie Naam gebruik word, word dit meestal gekoppel aan vrugbaarheid, waar daar byvoorbeeld gesê word dat dit God is wat vrugbaarheid gee. En dan sê die Here ook aan die gryse ou man dat Hy hom vrugbaar sal maak, en dat daar ‘n menigte nasies uit hom gebore sal word. Hier het ons eintlik met ‘n nuwe skepping te doen want die mens uit die ou skepping het totaal weggedryf van God af. Abram en Sarai sal nou die nuwe Adam en Eva wees.

Die nasies wat uit hulle gebore sou word, sou baie meer as maar net nog ‘n volk wees - hulle sou ‘n geloofsgemeenskap wees. ‘n Geloofsgemeenskap is nie ‘n natuurlike ontwikkeling onder ‘n klomp mense nie. Dit is eerder die herskeppende werking uit die hand van God. Die beste menslike beplanning en organisasie en indoktrinasie kan nie ‘n

geloofsgemeenskap vorm nie. Dit is deur-en-deur die werk van God.

Ons moet ook besef dat so ‘n geloofsgemeenskap slegs optimaal kan funksioneer as daar ‘n spesifieke lewenswyse gehandhaaf word. Hierdie een het by Abram begin, en dan is sy eerste opdrag ook: “Lewe naby My en wees opreg!” Eenvoudig! Dit beteken nie ‘n sondelose lewe nie, want dit is tog gans onmoontlik. Dit beteken eerder ‘n lewe waarin elke tree van die pad saam met God gestap word, en waarin hy opkyk na God om leiding en hulp. En dan, om elke dag se gebeure ‘n belewenis saam met God te maak. Die nuwe gemeenskap wat tot stand kom, se kenmerk is ook nie die wettiese nakom van ‘n stel reëls of die beoefening van sekere rituele nie, maar hulle kenmerk is ‘n bepaalde verhouding met God.

Ons sien in vers 4 dat God ‘n verbond sluit met Abram. Dan kom lojaliteit en vertroue ter sprake, want daarsonder kan ‘n verbond nie werk nie. God maak ‘n belofte: die land wat aan hulle sal behoort. Daar is egter ‘n voorwaarde: Abram en sy nageslag moet getrou bly aan God. Doen hulle dit nie, verloor hulle die land. Hy belowe verder ook dat Hy vir hulle ‘n God sal wees.

‘n Nuwe tydperk het in Abram se lewe aangebreek. ‘n Nuwe fase vra ‘n nuwe naam. Ons sien dit later oor en oor in die geskiedenis, byvoorbeeld met Daniël, Petrus en Paulus. Abram (dit beteken verhewe vader) kry ‘n splinternuwe naam: Abraham. Die konnotasie wat ons aan die naam kan heg, dui op “vader van baie”. Hierdie nuwe naam moet sy nageslag daaraan herinner dat hulle die draers is van ‘n nuwe lewe.

As ons ‘n slag mooi gaan dink oor die verbond met Abraham, dan merk ons op dat dit in sy totaal ‘n eensydige verbond is, waarin God die opsteller asook die gewer is. Hy gee ‘n nageslag en Hy gee ‘n land om in te bly. Maar bo alles gee Hy Homself as God vir hierdie nasie. Van hulle vra Hy slegs ‘n klein dingetjie: lojaliteit en vertroue. Tweeduisend jaar later het God weer ‘n soortgelyke verbond gemaak. En weereens was dit ‘n eensydige verbond in sy totaliteit. In hierdie verbond gee God weereens ‘n land om in te bly, maar hierdie slag is dit nie die stowwerige ou Kanaän nie, maar die asemrowende hemel. Hy gee egter nie ‘n nageslag nie, want met die nuwe reëling is ‘n nageslag totaal oorbodig. Hy gee in die plek daarvan die ewige lewe. Daar is egter

weereens ‘n voorwaarde om in hierdie verbond ingesluit te kan word, presies dieselfde as die vorige: lojaliteit en vertroue. Is dit nie maar wat geloof beteken nie? Om te glo in Jesus, beteken nie net om bewus te wees van Sy bestaan nie, maar om ál jou lojaliteit en ál jou vertroue in Hom alleen te stel. Dit is twee baie klein dingetjies wat God van ons vra. Hy gee op Sy beurt egter in oorvloed, meer as wat ons óóit sal kan begryp.

Gebed:

Here, ek kan U vanoggend nie genoeg loof en dank nie, vir die verbond wat U met my gemaak het. Dankie dat U altyd getrou is en nooit U kant van die verbond sal verbreek nie. Help my asseblief om my deeltjie met groot ywer te doen.

# Verbondstekens

Genesis 17:9-27

In die vorige dagstukkie het ons gehoor van die verbond wat God met Abraham gemaak het. Ons het gesien dat God aan Abraham ‘n groot nageslag beloof as deel van die verbond, en ook die land Kanaän as sy eiendom. Verder het Hy belowe om vir Abraham ‘n God te wees. Om dit te bevestig, gee God hom ’n nuwe naam: Abraham. Hy vra egter van Abraham lojaliteit en vertroue.

Maar daar is nog so ‘n ou klein dingetjie wat hy van Abraham vra. Hy wil vir Abraham ‘n fisiese teken gee wat hom altyd sal herinner aan hierdie verbond: die besnydenis. Hierdie was eintlik ‘n baie algemene gebruik in die Nabye-Ooste, maar dit is uitgevoer om baie verskillende redes. Gewoonlik was dit die gebruik met die oorgang na volwassenheid, soos dit vandag steeds by baie Afrika-volke gedoen word. Daarmee word die seun beskou as ‘n volwaardige lid van die samelewing. Abraham se opdrag was egter dat babas op die ouderdom van 8 dae besny word. Dit het natuurlik ‘n baie diep geestelike betekenis.

Die besnydenis het twee dinge vir Abraham en sy nasate gesê: Eerstens het dit hulle natuurlik herinner aan die verbond wat God met hulle gesluit het, en aan al die beloftes wat daarmee saamgaan. Maar dit het ook vir hulle ‘n tweede ding gesê, naamlik dat daar ‘n sekere verantwoordelikheid mee saamgaan, want dit sou beteken dat hulle op ‘n bepaalde manier voor God moes lewe. Godsdienstige rituele op sigself is absoluut waardeloos as dit nie gepaard gaan met geloof en natuurlik die dinge wat uit geloof voortvloei, soos om liefde uit te leef nie.

Vandag het die Christelike gemeenskap natuurlik nie meer die besnydenis as verbondsteken nie, maar hierdie erfenis word nogtans voortgesit met fisiese tekens soos die doop en die nagmaal, albei dinge wat ons herinner aan God se verbond met ons as gelowiges. Die doop, of dit nou as baba is of as volwassene, is ‘n teken van die toetrede tot ‘n geloofsgemeenskap. Maar weereens is dit nie die uiterlike handeling wat die belangrikste is nie. Paulus het immers in Rom 2:28-29 tereg gesê dat dit die innerlike is wat van belang is en dat daardie teken (besnydenis/doop) in jou hart plaasgevind het. Natuurlik moet ons ook onthou dat daar ‘n

klemverskuiwing gekom het in die nuwe verbond. Hier gaan dit nou nie meer oor ‘n fisiese land wat belowe word nie, maar die ewige lewe. En natuurlik ook dat Jesus die sentrale punt is waarom die verbond draai.

In die antieke tye was die verstandhouding tussen twee partye, wanneer ‘n verbond gemaak word, dat slegs die senior vennoot die verbond kon ophef. In Abraham se geval, was hy die “junior vennoot” en God was die Een wat die verbond ingestel het. Slegs God kon hierdie verbond beëindig. Ja, Abraham en sy nasate kon dit dalk verbreek, maar dit sou vir ewig bly staan solank as wat God dit wil laat staan. ‘n Verbreking van die verbond deur Abraham of sy nasate sou lei tot ballingskap en ander droewige gevolge.

Die nuwe verbond kan eweneens ook slégs deur God opgehef word. As gelowiges kan dit gebeur dat ons die verbond verbreek, met baie droewige gevolge. Ons kan dit egter nooit beëindig nie. Dit is die groot troos van die verbond. God is altyd daar, en Hy sal altyd bereid wees om ons weer in die verbond op te neem as ons geval het.

God het nie alleen aan Abraham gedink nie.

Onthou, Sarai was óók deel van Sy groot raadsplan. Al was sy so byna 90 jaar oud, word daar weer bevestig dat Sarai, die onvrugbare, die moeder van nasies en konings sou word. As bevestiging hiervan, kry sy dan óók ‘n nuwe naam. Van nou af sal sy bekend staan as Sara, “Prinses”. Die nageslag moet vir altyd onthou dat hulle ontstaan het as gevolg van ‘n groot wonderwerk wat alleen God kon doen, die wonder dat Hy ‘n stokou onvrugbare vrou ‘n moeder gemaak het.

Só ongelooflik klink hierdie aankondiging, dat Abraham lag. God se liefde is egter só groot, dat Hy nie eers vir Abraham hieroor berispe nie. God het geweet dat hierdie lag iewers lê tussen verbasing, ongeloof, blydskap en geloof. Sy seun Isak sal die beloftedraer word. Ismael, die “buite-egtelike” kind, word egter nie vergeet of verwerp nie, en ook hý ontvang die seën van die Here.

Die sluiting van hierdie verbond was vir Abraham ‘n geweldige groot ding. Hy gaan onmiddellik oor tot aksie. Eers word elke manlike lid van sy huishouding besny, elke slaaf en elke seuntjie wat onder sy dak bly, kry die teken van God se verbond met Abraham. Op daardie selfde dag is

Abraham en sy seun Ismael ook besny. Dit was ‘n keerpunt in die lewe van die gryse ou man, en ‘n keerpunt in God se betrokkenheid met die mensdom. Daardie dag het ‘n splinternuwe gemeenskap van gelowiges tot stand gekom.

Tweeduisend jaar later sou die volgende groot keerpunt kom in die geskiedenis, met die dood en opstanding van Jesus. Elke keer as die doop of die nagmaal gevier word, word hierdie keerpunt herbevestig as die begin van die nuwe geloofsgemeenskap.

Gebed:

Here, dankie dat U vir ons tekens gegee het om ons geloof telkemale net weereens te versterk. Help ons om hierdie tekens nie maar net as uiterlike simbole te sien nie, maar om dit in ons harte tot uiting te laat kom.

# Drie Vreemde Manne

Genesis 18:1-15

By die groot bome van Mamre staan Abraham se tente opgeslaan. Dit is middag, die warmste tyd van die dag. Dis die tyd wanneer almal liewer ‘n siesta vang en jy wegbly uit die moordende son. In sy tentopening sit die bejaarde ou Abraham, sy gedagtes elders.

Skielik staan daar drie manne ‘n entjie van hom af. Hy skrik - hoe is dit dan moontlik dat hy hulle nooit sien aankom het nie? Die een oomblik was dit net die kaal klippe en grond, en nou staan hulle hier? Abraham spring op en draf nader. Op nege-en-negentig dra sy bene hom nog besonder goed. Vreemdelinge hier rond is so ‘n rare ding, dat ‘n mens draf as jy hulle sien. Ook niks aanstellerig oor die skatryk Abraham nie, en beleefd buig hy voor die manne. Hulle moet sekerlik vreeslik honger en dors wees na ‘n lang staptog deur die woestyn. Dus nooi hy die manne uit om tog maar “‘n stukkie brood” saam met hom te geniet, en dan kan hy hulle sommer ‘n bietjie lafenis gee vir hulle moeë voete. Hulle is nou eenmaal hier, waarom sal hulle dan by hom verbyloop?

En so begin ‘n verhaaltjie wat gehul is in misterie. Wie was die manne? Waarvandaan het hulle so uit die niet verskyn? Waarheen was hulle op pad? Waarom was Abraham so opgewonde en gretig om hulle te bedien van kop tot tone? Dit word later duidelik dat hulle vir Abraham en sy situasie baie goed ken, al het hy hulle nog nooit tevore met ‘n oog gesien nie.

Maar die misterie verdiep. As die manne instem om te gaan sit vir “’n stukkie brood”, haak Abraham se kop skoon uit, want die opdrag wat hy vir Sara gee, is om nie minder nie as sestien kilogram meel te vat en te knie om roosterkoeke te bak. Met so ‘n berg meel sou ‘n man sékerlik genoeg roosterkoeke kon bak om ‘n jong weermag te voed! Maar dit hou nie op nie, want volgende draf Abraham gou oor na die beeskamp, en soek daar ‘n mooi jong tollie uit om te slag vir sy gaste. En daar kom botter en melk, en hierdie “stukkie brood” word sommer ‘n reuse feesmaal, gáns te veel vir net drie mense!

Nogtans hoor ons nêrens dat die gaste protesteer oor hierdie berg kos wat die tafels laat kreun nie.

Hierdie was gasvryheid op sy beste. Wat is dit

wat maak dat jy wildvreemde mense trakteer asof hulle konings is, sonder om eers uit te vra na wie en wat hulle is? Vandag is sulke soort gasvryheid ‘n rare ding. Vreemdelinge word met groot wantroue aangekyk, dalk ook nie met ongegronde redes nie. Jy weet mos nooit meer wie jy kan vertrou en wie nie. Dikwels fel ons ‘n oordeel oor ‘n vreemdeling nog voordat ons hom ontmoet het. Die persoon wat by jou deur opdaag, word dikwels begroet met ‘n nors: “Wat wil jy hê?” ‘n Paar jaar gelede daag daar een aand ‘n man op by die kerk terwyl ons besig is met ons kooroefening. Hy lyk maar bra gehawend, en hy maak homself tuis op een van die agterste gestoeltes van die kerk. Ek kyk die “boemelaar” baie skepties aan, met my neus baie hoog in die lug. Nie lank nie, of die man begin luidrugtig kommentaar lewer oor ons sang, en ek wens hom uit my lewe uit. “Met watter hartseer storie gaan hy nou weer kom bedel?” wonder ek hardop teenoor die ander koorlede. Die man kry lelike skewe kyke, ten spyte van sy baie positiewe kommentaar.

Toe ons klaar is met ons oefening, klap hy hande. Nee, hy wil niks hê nie! Hy het maar net groot behoefte gehad om die mooi musiek te

kom waardeer. En ja, hy ís ‘n boemelaar, en nou gaan hy iewers onder ‘n boom slaap. Maar dankie vir die mooi musiek! En toe verdwyn hy. Ek voel soos ‘n wurm!

Op ‘n ander geleentheid struikel ek weer baie hard, toe ek ‘n man en vrou in ‘n sakesentrum sien loop. “Bedelaars! Swendelaars!” Ek veroordeel hulle dáár en dán, want hulle lyk bitter verdag! Ek loop ‘n wye draai om hulle. Dan skrik ek my yskoud as die man skielik reg langs my staan waar ek iets moet koop in ‘n klein winkeltjie. Tot my skande moet ek verneem dat hy ‘n man van die gereg is wat op soek is na ’n swendelaar wat onder baie verdagte omstandighede sake gedoen het in Ballito, en baie mense ingedoen het. Hoe verkeerd was ek nie! Dit is nie vir my en jou om te oordeel nie!

Die besoek van die drie vreemdelinge het toe geblyk dat een van die drie die Here was. Hy het geweet van Sara, en toe sê Hy vir Abraham dat Hy hulle weer na ‘n jaar sou besoek, en dat Sara dan met ‘n baba in die arms sou staan. Sara het in haar mou gelag, want sy was al lankal verby menopouse, dus is dit ‘n belaglike gedagte. Met groot deernis reageer Hy op Sara se gelag: “Is iets te buitengewoon vir die Here?” Dan moet ek

en jy ook deeglik kennis neem, want Hy is die onpeilbare, die Een wat op misterieuse wyse dinge doen en dikwels op baie verrassende wyse optree. Hy is die Een wat die onmoontlike kan doen, en dikwels ook wél doen.

Hoe dikwels het ek nie moes luister na mense wat vertel dat hulle op onverklaarbare wyse genees is net voordat hulle ‘n operasie moes ondergaan! Ons kan maar op Hom vertrou en ons kan gerus maar die onmoontlike van Hom verwag! Hy is immers God Almagtig!

Gebed:

Here, dankie dat ons vanoggend net weereens kan besef dat U die Almagtige God is.

# Die Oordeel Oor Sodom

Genesis 18:16-33

Waarom het God nou éintlik vir Abraham kom besoek? Hier was twee baie belangrike sake betrokke. Die eerste was natuurlik om die aankondiging te maak van die geboorte van Sy volk - dus oor lewe. Die ander saak het gehandel oor dood - die dood van twee Goddelose stede. Lewe en dood, die drama van menswees in 'n neutedop. Dit is tussen hierdie twee pole waar die mens gedurig beweeg. En by beide van hierdie dramatiese sake wil God betrokke wees.

Die vraag wat ons vandag vir onsself moet vra is, hoe is God betrokke, veral by die dood? Is Hy dan nie 'n liefdevolle en regverdige God nie? Inderdaad is die dood van 'n gelowige nie werklik dood nie, maar die begin van die ware lewe. Maar vir die ongelowige is die dood 'n verskrikking, wat vir hom die aankondiging is van die finale oordeel en uiteindelik die ewige straf. Hoe rym dit, as ons praat van God se liefde en genade? Hierdie dood is tog vernietigend! Is God ooit regverdig? Inderdaad is hierdie vrae wat gedurig gevra word. Ek het hulle al dikwels gehoor.

Vir God is hierdie kwessies só belangrik dat Hy uit Sy hemelse woonplek neerdaal na die stowwerige aarde om persoonlik betrokke te wees. En Hy neem selfs vir Abraham, die feilbare, wankelende mens in Sy vertroue hieroor. Ja, Abraham mag dalk maar net ‘n doodgewone mens gewees het met foute en al, maar hy was die oorsprong van God se groot raadsplan en van God se volk waaruit hierdie raadsplan moes gestalte kry. Sy nageslag sou ‘n deurslaggewende rol speel in die lewe van die ganse mensdom, nie alleen die Jode nie. As draers van die geloofsgemeenskap mag daar by hierdie volk géén twyfel bestaan oor Wie God is nie. Almal moet weet van Sy regverdigheid, Sy optrede en Sy oordeel. Daarom word Abraham betrek by die Goddelike optrede wat sou volg.

Trouens, vandag verwag God nog steeds dat Sy kinders, ek en jy as gelowiges, deeglik bewus moet wees van God se optrede en van wat reg en verkeerd is. Ons verstaan nie altyd God se optrede nie, en dikwels lyk dit vir ons onregverdig en totaal onverstaanbaar. En daarom moet Abraham die getuie wees van hierdie waterskeidingsaak. Hy moet vir die nageslag die antwoord kan gee op die kernvraag

oor God se regverdigheid.

In die eerste plek wil God kom bevestig dat Hy nie maar op hoor-sê werk nie, maar met die ware feite. Ja, natuurlik is God alwetend en alomteenwoordig, maar Hy wou vir Abraham kom wys dat Hy persoonlik belangstel in wat gebeur, en dat Hy nie sommer maar daar uit die hemel 'n oordeel fel nie. Dus maak hy vir Abraham bewus dat Hy "afgekom het om Sélf te kom kyk" wat in Sodom aangaan. Hy wil Homself met die ware feite kom vergewis. Om 'n stad te vernietig oor hulle sonde, is nie 'n ligtelike saak nie. God se oordeel is dus gegrond op feite.

Abraham is egter 'n baie bekommerde man. Sê nou maar net die regverdiges in die stad word gestraf saam met die Goddeloses - dit sou mos nie regverdig wees nie? Hy het mos nou al die Here leer ken as regverdig. Dalk moet hy dit waag om met God te praat oor hierdie sakie. "Here, sal U die regverdiges saam met die Goddeloses vernietig?" God sou tog sékerlik nie die gelowiges en Goddeloses onder dieselfde kam skeer nie? Dan begin Abraham met 'n aftelgesprek. Daar sou dan tog seker ten minste vyftig gelowiges in die stad wees - sy nefie Lot is immers daar, én sy gesin. Hulle vriende moet

darem mos ook gelowig wees, of hoe? Tot sy skok moet Abraham verneem dat daar nie eers vyftig regverdige mense in Sodom en Gomorra is nie. Ook nie eers veertig of selfs dertig nie! Abraham se vlammetjie brand al flouer, en sy waagmoed raak minder. Die hoop verskraal dat daar ooit énige gelowiges in Sodom is. Wat dan van Lot? Hy moet van God verneem dat daar selfs nie eers tien is nie! En dan moet Abraham maar noodgedwonge die saak gewonne gee.

Inderdaad het die beeld van Sodom totaal verkrummel, maar die beeld van God het vir Abraham ‘n totaal nuwe dimensie gekry: Hy was steeds bereid om die stede te spaar, al was daar net tien miserabele gelowiges oor in die twee stede. God maak dus ‘n verskil tussen opregtes en ongelowiges. Nog meer: Hy is selfs bereid om die bose mense genadig te wees ter wille van ‘n klein handjievol gelowiges.

Ek dink jy sal besef uit hierdie verhaal, dat ek en jy as gelowiges ‘n geweldige belangrike rol het om te speel in die samelewing. Nie alleen is ons getuies van die geloofsgemeenskap van God nie, maar ons het ook ‘n verantwoordelikheid teenoor die ongelowiges. G’n wonder nie dat Jesus in Matteus 5:13 vir ons sê dat ons die sout

van die aarde is!

Ja, die Goddeloosheid van die stede het gemaak dat God nie anders kon nie, as om hulle totaal van die gesig van die aarde af te vee. Nogtans sal Hy uit Sy pad gaan om vir Lot te red ter wille van Abraham.

Gebed:

Here, dankie dat ons net weereens kan besef dat U regverdig is, maar dat U genade terselfdertyd onmeetlik groot is.

# Sodom se Lot

Genesis19:1-38

Vanoggend se gru-verhaal begin met ‘n gesiene man wat rustig in die stadspoort gesit het. Lot was ‘n immigrant in Sodom, maar hy was ‘n goeie inwoner met goeie waardes wat saam met die ander oudstes by die ingang van die stad kon sit en regterlike uitsprake maak. Hy was dus iemand wat kon leiding gee en regspraak handhaaf. Lot het sékerlik iets van sy Oom Abraham geleer deur die jare. Maar het hy genoeg van hom geleer?

Twee vreemdelinge daag op by die stad. Lot is nie bewus daarvan dat dit twee engele is nie, dieselfde twee wat so pas saam met God ‘n gesprek met Oom Abraham gevoer het. Dit word nie pertinent hier genoem nie, maar ek is séker dat Lot vir hulle veiligheid gevrees het, die oomblik toe hy hulle sien, want hy doen groot moeite om hulle welkom te heet en ‘n veilige slaapplek in sy huis te gee. Hulle wil eers sommer op die plein gaan slaap, maar daarvan wil Lot niks weet nie. Het hy geweet dat as hulle op die plein sou slaap, hulle verséker aangerand sou word?

Lot se voorgevoel was ook dan gladnie ongegrond nie, want die manne van die stad het die twee vreemdelinge raakgesien. Daardie selfde aand word Lot se huis omsingel. Lot word beveel om die twee manne uit te lewer sodat hulle homoseksueel misbruik kan word. In die vorige oordenking het ons verneem dat Sodom en Gomorra in die oë van God so sondig was, dat Hy die stede wou verwoes. Nou begin ons egter agterkom van die ware omvang van hierdie sonde. Hierdie stad is totaal korrup, en géén vreemdeling is hier veilig nie. Elkeen wat daar kom word baie gou ingeslurp in hulle walglike praktyke.

Lot pleit by sy medeburgers om die vreemdelinge die verkragting te spaar, en dan doen hy die ewe-walglike ding, om sy eie twee dogters vir hulle aan te bied sodat hulle dié maar kan verkrag soos hulle lus kry, solank hulle net sy gaste spaar.

Nou begin daar ‘n ander sy van Lot na vore kom. Aan die een kant is hy beskermend teenoor sy gaste, maar terselfdertyd is hy bereid om sy eie gesin se waardes en veiligheid vir die wolwe te gooi. Dit maak gladnie sin nie. Hy pas selektiewe moraliteit toe omdat hy sy gewete wil sus. Het sy

verblyf in die sondige Sodom dalk al sy eie waardes begin aantas? Lot was deeglik bewus van die verrotte waardes van die stad, maar hy het steeds verkies om by hulle te woon.

Jy moet maar verseker weet, dat as jy die pakket van sekuriteit en gemak plus die risiko van boosheid verkies, dan verbind jy jouself alreeds tot ‘n skewe waardesisteem. Lot kon die stad en sy mense nie beïnvloed nie, al het hy baie vroom by die poorte gesit en regspraak lewer! Die stad het hóm al klaar sleg beïnvloed!

Wanneer Lot se eie lewe bedreig word omdat hy die vreemdelinge nie wil uitlewer nie, red die engele hom deur hom in die huis in te trek en die woedende skare skielik met blindheid te slaan. Lot word aangesê om onmiddellik te vlug met sy gesin. Lot is egter so verknog aan die weelde waarin hy geleef het, dat hy bly talm. Sodom het in sy bloed gekruip!

As die dag begin breek, sleep die twee engele vir Lot, sy vrou en sy twee dogters uit die stad uit. Hulle vlug vir hulle lewe na ‘n klein dorpie daar naby. Dan tref die verskriklike ramp die stad. Swael en vuur reën uit die hemel, en die hele vlakte waar die dooiesee vandag geleë is,

gaan in vlamme op. Lot se vrou het nie gedoen wat die engele beveel het nie. Sy het getalm, omgedraai, dalk wou sy vir oulaas nog die wonderlike stad sien waar sy al haar besittings moes agterlaat, en toe raak sy agter. Dalk het die gasse en as haar oorweldig. Sy het ‘n gruweldood gesterf omdat sy nie ag geslaan het op die engele se waarskuwing nie. Sy het in ‘n soutpilaar verander, nes met die mense van Pompeï gebeur het, om die nageslag te herinner aan ‘n persoon wat God se waarskuwing verontagsaam het.

Die verhaal het egter nóg ‘n grillerige nadraai, wanneer Lot en sy twee dogters later in ‘n grot gaan skuiling soek. Ek wil myself die vraag afvra: waarom het hulle nie na Oom Abraham toe gegaan nie? Dit sou mos net logies wees? Was Lot dalk bang dat Abraham hom sou berispe of verwyt?

Sodom was dood, uitgewis, verwoes deur die hand van God. Maar so ‘n ietsie van Sodom het voortgeleef in Lot en sy twee dogters. In die grot maak Lot se twee dogters hom dronk. Dan pleeg hulle bloedskande met hulle pa. Walglik!

Boosheid kan nie eers deur verwoesting uitgewis

word nie! Boosheid kan slegs uitgewis word deur ‘n hartsverandering. Jy moet eers van binne af nuut gemaak word en totaal herskep word. Dit kan slegs gedoen word deur God self, wanneer die Heilige Gees jou die wedergeboorte gee en jou nuut maak. Lees gerus wat staan in Efesiërs 4:17-23, waar Paulus by jou pleit om nie langer soos ‘n heiden te lewe nie, maar jou te laat herskep na die beeld van God om volkome volgens Sy wil te leef.

Gebed:

Here, die verhaal van Sodom ruk my aan die hart. Hou asseblief my hand vas, en gee vir my die wil om heilig te lewe volgens U wil.

## Ag nee, Abraham!

Genesis 20:1-18

Ag nee, Abraham! Tog nie al wéér nie!? Dit is ons eerste reaksie wanneer ons vanoggend se verhaal lees. Maar wag, kom ek verduidelik:

Jy sal mos nog onthou hoedat Abraham, toe hulle in Egipte was, voorgedoen het dat Sara sy suster is? Die Farao het vir Sara in sy harem opgeneem, en dit was eers toe die plae die Egiptenare tref, wat Abraham met die sak patats uitkom dat hulle tweetjies eintlik getroud is.

Ons sou nou dink dat Abraham sy les geleer het. Dit was nou 25 Jaar later en Abraham al lankal vergeet van hierdie voorval. Hy en Sara verskuif hulle tente na die Suidland. Sara was al ‘n vrou van so byna 90 jaar oud, maar steeds was sy beeldskoon, want koning Abimelek het met sulke regte slaapkamer-ogies na haar gekyk. Hy kon nie weerstaan wat hy aanskou het nie. Jy wonder wat dit is aan ‘n negentigjarige ou vrou wat haar so begeerlik kan maak? Abraham sien moeilikheid kom, en dan vertel hy vir die koning dat Sara sy suster is.

Eintlik was hierdie net ‘n halwe leuen, want nou verneem ons dat Sara eintlik sy halfsuster is.

Hulle het dieselfde pa maar nie dieselfde ma nie. Dit maak egter géén verskil aan Abraham en Sara se sonde nie, want hulle beplan egbreuk, en dit is ‘n liederlike sonde.

Genadiglik gryp God weereens betyds in voordat dit hééltemal te laat is, en nes die vorige keer tref hy Abimelek en sy volk met ‘n plaag. Dan praat God met Abimelek in ‘n droom, en sê vir hom dat Sara reeds getroud is, en dat hy haar moet terug gee anders sterf hy.

Op die rooi tapyt kom Abraham weereens, net soos in Egipte, met die hele sak patats uit. Nadat hy eers ’n slag goed geroskam is, kry hy sakke vol geskenke - slawe, troppe vee en ‘n streepsak vol silwer.

Ons voel lus om Abrahan aan die skouers te skud en vir die man te sê: “Abraham, leer jy dan nie?” Uit hierdie verhaal leer ons egter vandag ‘n paar baie kosbare lewenslesse.

Eerstens leer ons dat owerspel baie beslis verkeerd is. Die Bybel veroordeel dit in geen onduidelike terme. Trouens, hoe daar ookal vandag oor buite-egtelike verhoudings gerasionaliseer word, dit is vir God ontoelaatbaar. In die ou Israel was dit strafbaar

met die dood. Dit is ‘n gruwelsonde, en God sien nie eers heidene oor hieroor nie. Abimelek was ‘n heiden, en hy sou die doodstraf gekry het as hy (selfs onwetend) hiermee voortgegaan het.

As jy dus vandag dalk besig is om die kat in die donker te knyp - dalk ‘n “onskuldige” skelm verhoudinkie by die werk: Staak dit onmiddellik voordat dit te laat is! Dit is ‘n gruwel in God se oë!

Die tweede belangrike les, is dat God se genade baie wyer strek as wat ons wil besef. God het nie witbroodjies nie! Dit was nie die uitverkore Abraham wat deur God gewaarsku is nie, maar die heidense koning Abimelek! Abraham het ‘n goedbeplande sonde gepleeg. Abimeleg, aan die ander kant, is onskuldig in Abraham se plan ingesuig, en daarom waarsku God hom dat hy besig is met sonde.

‘n Derde les wat ons leer, is dat daar versoening moet kom na ‘n misstap. Abraham moes gaan bieg: hy moes gaan verduidelik waarom hy so ’n onnosele ding gedoen het. En toe moes hy gaan regmaak waar hy verbrou het. Hy het vir Abimeleg en sy volk voorbidding gedoen vir God se vergifnis, en dat hulle lewe weer herstel sou

word.

Abimeleg, die heiden, het baie goed besef dat hy gesondig het, al was dit dan ook nou onwetend, en deur vir Abraham groot geskenke te gee, wys hy dat hy vir Abraham vergewe het. Hierdeur bewerkstellig hy dus versoening. Dit is dus ‘n mite dat dit altyd die gelowige is wat reg is en die ongelowige wat verkeerd is!

Abraham, die vader van gelowiges, is nie ‘n engeltjie nie! Selfs hierdie hoekpilaar van geloof het ook gestruikel. Ons sien hom as iemand wat ook maar sy tekortkominge en swakhede het, selfs op honderdjarige ouderdom. Net so het sy nasaat, die groot koning Dawid, die man wat sulke mooi Psalms geskryf het, selfs moord gepleeg om sy egbreuk te probeer verdoesel. In 1 Kor. 1 lees ons dat Paulus ‘n beroep doen op die gemeente in Korinte “wat in Jesus afgesonder” is om op te hou met hulle liederlike sondes van onsedelikheid, afgodery ens.

Die verbond, hetsy dit die Ou of Nuwe verbond is, maak nie van jou ‘n sondelose mens nie. Dit beloof jou wel ‘n nuwe hart en ‘n nuwe gees, maar dit vereis van jou om vrywillig anders te leef. ‘n Mens is nie ‘n robot wat geprogrammeer

kan word om slegs goed te doen nie. Daar is géén towerstaffie wanneer jy die dag jou hart aan Jesus gee, wat gaan maak dat jy outomaties goed lewe nie. Die keuse lê steeds by jou om te leef soos wat God dit wil hê. Hy gee jou egter die Heilige Gees om jou krag te gee daarvoor en jou te help wanneer jy die keuse gemaak het.

Gebed:

O Here, ek struikel so maklik. Hou asseblief my oë gevestig op Jesus sodat ek nie van die pad afdwaal nie.

# O Blye Dag!

Genesis 21:1-21

Daar heers ongekende vreugde in die Abraham-huishouding. Voor die toegeknoopte tent stap Abraham ongeduldig op en af: “Hoe lank nog?” Maar al wat hy kry is ‘n niksseggende antwoord daar van binne. Hy hoor hoe sy gryse ou vrou kerm van die pyn, maar sy hande is afgekap. Sal sy ooit die geboorte oorleef op haar hoë ouderdom?

En dan hoor hy die mooiste geluid wat hy nog óóit in sy lewe gehoor het: ‘n babatjie wat sy eerste skree gee. Die honderdjarige Abraham gee ‘n wilde bokspring: “Is dit toe ‘n seun? Is dit ‘n seun?”

“Abraham, jy is die pa van ‘n gesonde seun!” Die nuus uit die tent laat die honderdjarige ou man ronddans van pure uitgelatenheid. “En terloops, met Sara gaan dit ook baie goed!”

Abraham doen ‘n riel voor die tent rond dat die stofwolke so staan: “Isak, my seun,” sing hy “Ek het ‘n seun, en sy naam is Isak, Isak, Isak!” Hy gee ‘n paar stuitige bokspringe soos ‘n wafferse jong mannetjie.

Daardie aand brand die vreugdevure baie hoog, en daar word feesgevier tot dagbreek toe. Skaars agt dae later is daar wéér groot makiti toe klein Isak besny word. Nou dra hy die teken van God se verbond, en nou weet Abraham dat God Sy beloftes altyd gestand doen.

Isak se geboorte was sékerlik die grootste gebeurtenis óóit in Abraham se lewe. Die aanvanklike belofte wat God aan hom gemaak het, het nou 'n werklikheid geword. Dit was egter nie Abraham se verdienste wat dit bewerkstellig het nie. Inteendeel, hy het menigmaal getwyfel of die belofte óóit kon waar kom. Hy het selfs so ver gegaan om God te probeer help om die belofte waar te maak. Die boodskap hieruit aan jou en my, is dat ons nie moed moet verloor nie, maar aanhou glo, maak nie saak hoe onmoontlik omstandighede dalk mag lyk nie.

Hiermee val die klem al minder op ons as twyfelende mense, en al meer en meer op die geloofwaardigheid van God. Hierdie verhaal wil dus vir ons sê dat dit God bekendstel as die Een wat aan Sy Woord getrou is. Dit stel ons bekend aan die Een wat ons as mense se swakhede ken, en wat selfs ten spyte van ons twyfel Sy heilige doel bereik. Maar Hy is ook die Een wat

ons behoeftes en ons hartsverlangens deur en deur ken en dit dikwels gebruik om iets baie groter te bereik.

God wil hê dat ons iets van onsself in Abraham moet raaksien. Dit is juis ook daarom dat Hy nie dooie stellings gebruik om gedagtes oor te dra nie, maar lewende verhale wat jou aan die hart gryp. Hy gebruik verhale vol passie en hartseer, twyfel en blydskap. Hy gebruik verhale wat jou hart warm laat klop.

Wanneer ons Abraham se verhaal lees, kan ons nie anders nie as om maar net te besef dat hierdie gebeurtenis 'n groot wonderwerk is wat ver bo die mens verhewe is, want dit is tog gans onmoontlik vir 'n honderdjarige man en 'n negentigjarige ou vrou om kinders voort te bring.

Drie jaar later is daar alweer gróót fees gevier: Klein Isak is gespeen, en dit was genoeg rede om groot makitie te hou. Maar alles was nie wel in die Abraham-huishouding nie, want Ismael het vir klein Isak gespot. Hy het Isak uitgelag! Daarvan het Sara net mooi niks gehou nie. Dan kom iets lelik van Sara na vore, en sy eis dat Abraham vir Hagar en haar seun Ismael moet wegjaag. Hulle is immers slawe, en wie weet,

dalk wil Ismael nog ‘n deel van die erfporsie vir homself opeis! Hy ís immers Abraham se kind!

Dit is ‘n droewige prentjie wat vir ons geskets word: Abraham se gewete het hom gepla oor die bitsige dinge wat Sara gesê het, maar hy het geen ander keuse gehad as om hulle die woestyn in te stuur nie. Met genoeg kos en water om hulle ‘n week of wat aan die lewe te hou, vaar Hagar en Ismael die Bersebawoestyn in.

Water hou egter nie vir ewig nie, en ‘n paar dae later is dit ‘n moedelose, verontregte Hagar wat haar seun onder ‘n doringboom laat om te sterf van die dors. ‘n Ent daarvandaan gaan sit sy en huil. Hierdie kind was tog nie haar skuld nie! Dit was Sara sélf wat daarop aangedring het dat sy vir Abraham ‘n kind in die wêreld moes bring. Waarom moet sý nou die prys betaal?

Maar weereens gryp God in. Hy hoor die gehuil van die kind, en dan praat die “Engel van die Here” (Jesus) met Hagar uit die hemel. “Moenie bang wees nie,” sê Hy vir haar. En dan verseker die Here haar dat Hy van Ismael ‘n groot nasie sou maak.

Dan skielik, gaan Hagar se oë oop en sy sien die put raak. Sy kan die watersak gaan volmaak en

vir haar dors seuntjie gee om te drink. Ismael sou die vader word van ‘n menigte woestynbewoners, geharde mense wat in die Paranwoestyn rondswerf.

Weereens sien ons hoe God Sy beloftes waar maak. Vertrou jy Hom ook?

Gebed:

Here, dankie dat ons net weereens uit hierdie verhaal kan leer van U trou.

# Abraham Koop Eiendom Aan

Genesis 21:22-34

Wat ‘n blye dag: Abraham bekom sy héél eerste stukkie eiendom in die beloofde land!

Maar wag, nou loop ek die storie ver vooruit.

Met die waarword van die eerste belofte - Abraham se nageslag - nog vars in sy geheue ingebrand, begin Abraham daarna hunker dat God se tweede belofte óók sal waar word. God het hom immers ook die belofte gegee dat hierdie ganse land aan hom sou behoort. Maar dit is steeds maar net ‘n mooi toekomsdroom, want daar is géén sprake dat hy die land gaan oorrompel nie. Om die waarheid te sê is hy nog steeds ‘n bywoner op sy eie grond, en besit hy nie eers soveel as sy eie waterput vir sy vee nie! Vir die gryse ou Abraham is dit ‘n baie groot verleentheid, maar vir God is hierdie juis ‘n wonderlike geleentheid om te wys dat Hy selfs in die gewone gang van die lewe betrokke is by die wel en weë van Sy kinders, die gelowiges.

Inderdaad is Goddelike verskynings die uitsondering op die reël, en daar is slegs enkele gevalle beskryf oor die ganse geskiedenis van die Bybel wat oor baie duisende jare strek. God

werk gewoonlik deur die doodgewone alledaagse. En dit kom Abraham wel deeglik agter wanneer Abimelek en Pikol, sy bevelvoerder, met Abraham ‘n ooreenkoms maak. Hulle het opgemerk dat God by Abraham is, en dat dit dus die moeite werd sou wees om met hom ‘n vredesooreenkoms te sluit. Om Abraham as jou vyand te hê, beteken dat jy ook vir God as vyand het, en dit kan bitter gevaarlik wees. Abimelek moes kennis neem dat om God by jou te hê, selfs meer werd is as om vir Pikol, die leërbevelvoerder saam met jou te hê, of om die land met al sy rykdomme te besit. Inderdaad sal jy met my saamstem dat dit selfs meer werd is as enigiets anders waaraan jy kan dink!

Aan die ander kant is dit natuurlik vir Abraham ook van groot belang om in vrede saam met sy bure te leef. Op 100 wil ‘n man mos nie meer oorlog maak nie! Eintlik was Abraham sy hele lewe lank nog ‘n vreedsame mens wat verkies het om in vrede sy eie ding te doen, buiten natuurlik die slag toe hy verplig was om Lot te gaan red.

Abraham het egter ‘n groot probleem met ‘n waterput, en hy sukkel nou al baie lank vrugteloos om die probleem op te los. ‘n Put is in

daardie dorre streke sekerlik jou kosbaarste besitting, en dit is van lewensbelang. Daarsonder kan jy net eenvoudig nie lewe nie!

Abraham het vir hom ‘n waterput laat grawe vir sy vee. So ‘n put is nie sommer maar net ‘n ou gaatjie in die grond nie. Dit is dikwels ‘n baie groot en diep gat met trappies af onder in die buik van die aarde in, sodat ‘n mens kan afklim tot waar die water uitsyfer. In daardie dorre wêreld was die watertafel maar bitter diep. Abimelek se slawe het hierdie kosbare put van Abraham watertand sit en aangaap, en toe op ‘n dag besluit hulle dat dit hulle put sal wees. Hulle verjaag Abraham se slawe en neem besit oor van die kommoditeit.

Natuurlik dompel dit Abraham in ‘n reuse dilemma, want sonder water kan hy net sowel tou opgooi. Abimelek se vredesverdrag kom dan juis vir Abraham op ‘n baie geleë tyd, en dan roer hy die sakie van die put aan op ‘n baie slim manier. Nadat geskenke uitgeruil is om die verdrag te beklink, keer Abraham sewe ooilammers uit vir Abimelek. “En dié?” wil Abimelek weet.

“Vir die put”, verduidelik Abraham. Met daardie

sewe skape “koop” hy nou die put wat hy self gegrawe het. Die verbaasde Abimelek stem in, en die transaksie word beklink. Ons kan sommer hoor hoe ou Abraham deur sy baard sis: “Yes! Yes! Yes!” Nou het hy sy eie stukkie eiendom in die land, iets wat aan hom persoonlik behoort. Al is dit ook dan net ‘n put, het hy uiteindelik die belofte dat God die land aan hom sal laat behoort begin waar maak. ‘n Piepklein stukkie van Kanaän is Abraham se eiendom.

Die plek word Berseba genoem om die verbond met mekaar te gedenk. In Hebreeus is dit ‘n lieflike spel van klanke wat die betekenis van sewe skape beloof, eed en waterput weerspieël.

Abimeleg is tevrede terug na sy land. Met Abraham en sy God sal hy nie moeilikheid hê nie, en die prys wat hy betaal het was bitter klein.

Abraham sien egter die wonderbare hand van God in al hierdie gebeure raak. Hy beleef die teenwoordigheid van God in die normale loop van omstandighede, en daarom kan hy dan ook nie anders nie as om daardie groot dag te gedenk deur ‘n tamarisk te plant. Nou mag hy maar bome plant, want dit is mos sy put! Daar is

vir hom ‘n wonderlike toekoms wat wink, want God, die Ewige God  is met hom. In aanbidding val hy voor die Here neer. Hier kan hy lank en gelukkig lewe.

Herken ek en jy ooit die hand van die Here in die alledaagse dinge, of gaan dit maar net verby sonder dat ons agterkom hoedat God voorsien in ons behoeftes? Kom ons maak ‘n slag ons oë oop en leef in dankbaarheid oor Sy wonderlike voorsiening in ons lewe.

Gebed:

Dankie Here vir klein wonderwerkies wat elke dag my lewe vul. Dankie dat U vir my voorsien in al my behoeftes.

## Lam Ter Slagting

Genesis 22:1-8

Dit is ‘n verhaal wat jou koue rillings gee - “Hoe kon God.....?” wil ons vra, “Hoe kon God óóit so ‘n wrede ding aan ‘n mens doen? Eers gee Hy, en nou wil Hy dít wat Hy gegee het terugneem?”

Isak was ‘n springlewendige jong seuntjie toe God eendag helder en duidelik met Abraham praat. Dit was weereens een van daardie rare gebeurtenisse toe God hoorbaar met ‘n mens gepraat het. Dit gebeur slegs in baie spesiale gevalle, en Abraham het onmiddellik geweet toe hy God se stem hoor, dat hier iets baie groot gaan gebeur. “Hier is ek Here!” kom Abraham se opgewonde antwoord. Maar Abraham sou nooit in sy lewe voorbereid kon wees vir die opdrag wat hy daardie dag sou kry nie.

“Vat jou seun,” Abraham se hart bokspring ‘n slag as hy net aan sy kosbare klein Isak dink. Watter wonderlike ding beplan die Here vandag vir hom en klein Isak? “jou enigste,” (Vir Abraham kan daar tog sékerlik nie nog kinders kom nie!) “wat jy liefhet,” (O ja, die Here sal nie eers weet hóé lief hy daardie kind het nie!) “en gaan na die landstreek Moria toe.”

“Maar dis baie ver Here,” wil Abraham nog protesteer. “Ek is darem al diep in die honderd!” Maar dan kom die gedagte dat daar verséker iets baie opwindend daar op hulle wag. Hoe reg was Abraham nie, maar die volgende woorde slaan hom soos ‘n voorhamer teen die kop: “En offer jou seun daar op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.”

Abraham is verslae. Hoe kan God so ‘n verskriklike ding van hom verwag? Wat sê hy vir Isak as dié wil weet waarheen hulle op pad is? “Die Here sal voorsien! Hy het nog altyd. Ek sal maak soos Hy sê. Ek verstaan dit nie, maar ek sal so maak.” Abraham het sekerlik daardie hele nag deur gehuil. Maar vroeg die volgende oggend is die donkies gepak en die slawe gereed. Klein Isak hardloop opgewonde rond oor hierdie opwindende avontuur wat op hulle wag, min wetende watter afgryslike lot vir hom beplan is.

Dit was sekerlik die langste drie dae in Abraham se ganse lewe, daardie reis na Moria. Hoe het hy nie dalk op die pad met die Here geworstel oor hierdie moeilike opdrag nie? En dan is dit asof die Here vir hom sê: Abraham, onthou jy nog toe Ek vir jou die vorige keer gevra het om saam met

My ‘n risiko te loop?”

“Ja Here, sal ek dit óóit vergeet?”

“Sékerlik onthou jy tog wat die gevolg was? Kom, doen dit weer ‘n slag saam met My!”

Tot watter mate is ons bereid om God te vertrou en te gehoorsaam? Moontlik moet ons eerder vra: Wat is die kern van jou geloof? Is dit om sekere voordele daaruit te put? Om ‘n kind van God genoem te kan word? Om die ewige lewe te kan verwerf? Of gaan dit eerder vir jou oor God Sélf - om Hom alleen te dien. Só ‘n geloof kan dikwels baie duur wees! As jy die dag besluit dat jou geloof slegs gaan om God te dien, kan God dalk groot eise aan jou stel.

Dikwels hoor ons van mense wat op uitreike gaan na lande waar die Evangelie taboe is. Daar gooi hulle hulleself letterlik vir die wolwe om Bybels en Christelike lektuur te versprei waar dit totaal verbied is. Daar bid hulle saam met mede-Christene waar hulle onder die strengste geheimhouding bymekaar moet kom. Dit is lewensgevaarlike werk. ‘n Goedkoop offer is beswaarlik ‘n offer! Die prys wat jy bereid is om te betaal is dikwels die barometer van die ware erns van jou geloof. Bid asseblieftog vir elkeen

wat so uitreik, dat die Here hulle in Sy hand van bewaring sal hou, elke oomblik van die gevaarlike uitreik.

Op die derde dag sien Abraham die berg waarvan die Here hom vertel het in die verte. Die arme man se hart klop in sy keel. “Wat nou?” wonder hy. “Bly julle hier by die donkie,” beveel hy die twee slawe. Hy tel die brandhoud van die donkie se rug af en plaas dit op Isak se skouers. “Ons gaan daar aanbid,” vertel hy vir die slawe, met groot vraagtekens op hulle gesigte. Gewapen met ‘n mes en vuur, begin Abraham en Isak die hoogte bestyg. Abraham was ‘n bitter bekommerde man. Weereens moet hy totaal op God vertrou. Die verskil is net dat hy hierdie slag géén uitkoms vorentoe sien nie. Sulke vertroue is menslik onmoontlik tensy God dit vir jou gee.

En dan kom staan en vra klein Isak nog sulke moeilike vrae ook, en Abraham moet baie mooi dink hoe om te antwoord: “Pa, hier is die hout en die vuur, maar waar is die lam dan wat ons moet offer?”

“My seun, God sal Sy eie offerlam voorsien.” Hieroor was Abraham dalk maar half skepties. Maar watter wonderlike profesie was hierdie nie!

Tweeduisend jaar later het God ‘n Offerlam voorsien - ‘n Offerlam wat elke greintjie skuld betaal! Sy eie, enigste, kosbare Seun, Jesus!

(Word vervolg!)

Gebed:

Here, hierdie aangrypende verhaal herinner my aan U offer aan die kruis. Dankie dat U dit ook vir my betaal het.

# God se Offerlam

Genesis 22:8-19

Die gryse ou Abraham klim met swaar treë die berg op, die berg wat die Here aan hom uitgewys het waar hy sy seuntjie moet gaan offer. Elke tree is vir hom 'n pyniging. Nee, nie oor sy hoë ouderdom nie, maar oor die vooruitsig om sy enigste lieflingseun daar op die altaar te sien, oopgespalk en geslag. Trane loop oor sy wange. "Here, God Almagtig, moet ek dit werklik doen?" Die vraag maal deur sy gedagtes. Maar die Stem van God is stil. Voor hom huppel klein Isak oor die klippe met die swaar drag hout op sy rug, opgewonde oor die nuwe avontuur wat voorlê, min wetende wat op hom wag.

Uiteindelik is hulle bo. Met groot belangstelling hou Isak sy pa dop waar hy begin voorbereidings tref om 'n altaar te bou. Ywerig dra hy swaar klippe aan vir Pa Abraham, maar hy laat Pa maar die pakwerk doen, iets wat hy al baie in sy lewe gedoen het. Hy voel aan dat Pa vandag nie sy ou gelukkige self is nie. Hy skryf dit maar toe aan die ernstige werk van altaar-bou. Dis mos gróót sake hierdie! Een ding wat hy egter nie kan kleinkry nie, is die lam wat geoffer moet word. Pa

vat mos altyd ‘n offerlam saam van die huis af, maar vandag het hy niks by hom nie. En nou is die slawe ook boonop daar onder in die verte. Daar is nie eers ‘n kans dat hulle nog ‘n lam sal bring nie. “Pa?” Daar is ‘n groot vraagteken in Isak se stem. “Pa, ons het die hout, en ons het die vuur en die altaar en alles, maar waar gaan ons ‘n offerlam kry?” Ja, hy het al vroëer daardie vraag gevra, maar Pa het nie vir hom ‘n bevredigende antwoord gegee nie. En waarom kyk Pa hom dan nou so snaaks aan? En waarom huil Pa dan so baie vanoggend?

Die altaar is die mooiste wat Abraham nog óóit gebou het. Hy maak veral seker dat die oppervlak bo gelyk is, en dat daar nie ongemaklike skerp punte uitsteek nie. ‘n Mens moet gemaklik daarop kan lê. Die hout word versigtig op die altaar gepak, net groot genoeg vir ‘n jong seun om op te lê. Isak voel aan dat iets nie baie lekker is nie. Pa se gesig word al langer en stroewer, en hy sien sommer dat daar iets baie swaar op sy hart druk.

“Kom hier my seun.” Die ou man snik nou behóórlik, en hy begin om die protesterende seuntjie vas te bind. Met groot deernis lê hy sy enigste seun op die altaar neer. Dan begin klein

Isak besef dat dit hý is wat geoffer gaan word! Hy het al gehoor dat die heidene dit doen. Hulle offer dikwels hulle kinders aan die gode. Pa sê dat dit verskriklik verkeerd is, maar hier doen hy nou presies dieselfde ding! Met afgryse sien hy hoedat Pa die groot mes optel. Die trane stroom van sy pa se gesig af en klein Isak gaan histeries aan die huil. "Pa gaan my slag!" Sy klein verstandjie kan dit net eenvoudig nie verwerk nie.

Op daardie oomblik weerklink 'n vreemde stem uit die hemel: "Abraham, Abraham!"

Pa kyk verwilderd op: "Hier is ek!"

Eers baie later, toe klein Isak al 'n groot man geword het, het hy verstaan Wie se stem hierdie was. "Die Engel van die Here," het Pa aan hom verduidelik. Nee, hierdie was eintlik géén engel nie, maar die Seun van God, oftewel God Sélf! Só belangrik was hierdie gebeurtenis dat God Persoonlik uit die hemel gekom het om Abraham te keer en by hom te wees. Daardie oggend het Hy geweet dat Hy Sélf tweeduisend jaar later ook soos klein Isak op 'n altaar sou lê. Nee, eintlik sou Hy aan 'n kruis-altaar hang. En daar sou niemand wees om te keer dat die offer sou

voortgaan nie.

“Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy my dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun aan My te offer nie.” Die Stem van God weerklink uit die hemel. Eers tóé sien Abraham dit: die skaapram wat agter hom teen die bos staan, sy horings verstrengel in die takke. Abraham lag en huil, alles deurmekaar as hy die baie verligte klein Isak losmaak en van die brandstapel afhaal. “Dink jy óóit dat God sou toelaat dat ek jou rêrag offer my seun?” Abraham druk sy seuntjie styf teen sy bors vas. Die skaap word in Isak se plek geoffer. “Die Here het voorsien!” Abraham se hele wese jubel as hy met oorgawe die skaapram offer. “Die Here het voorsien!”

Die skaapram is geslag en geoffer in die plek van Abraham se enigste seun, sodat hy kon lewe. God se enigste Seun is geslag en geoffer in die plek van jou en my, sodat ons kan lewe!

Dit is egter nie die enigste les wat ons uit hierdie aangrypende verhaal leer nie. Ons leer ook dat ons soms, net soos Abraham, beproef en getoets kan word. Abraham se toets was onmenslik groot, maar hy het bewys dat sy

geloof alreeds sterk genoeg was om dit te kon slaag. God sal jou nie bo jou vermoë toets nie. Vir die een persoon sal die toets maar klein wees, maar vir iemand wat sterk is in sy geloof, kan die toets dikwels baie groot wees. Wees bly wanneer dit jou tref, want dan weet jy dat God jou waardig ag om getoets te word. En boonop bou elke toets jou geloof verder!

Vir Abraham het die Here daarna ‘n baie groot seën uitgespreek omdat hy aan God gehoorsaam was.

Gebed:

O Here, hierdie aangrypende verhaal ruk my aan die hart. Hoeveel is ek bereid om op te offer ter wille van U? Vanoggend laat ek my kop in skaamte sak. Vergewe my asseblief, Here.

# ‘n Tafereel Ontvou

## Genesis 24:1-7

Die volgende perikoop wil vir ons amper lyk na ‘n stukkie oorbodige geskiedenis wat net so terloops ingegooi is om die boek vol te maak. Daar word ‘n klomp name voor jou kop gegooi, name wat byna niks beteken nie. Of ten minste wil dit so voorkom. Maar opgesluit in hierdie rits name, is ‘n drama wat besig is om te ontvou. Hier volg nou ‘n liefdesverhaal wat baie mense se verbeelding aangegryp het oor duisende jare. Die nageslag van Abraham se broer, Nahor word geskets. Sy nageslag is natuurlik al lankal baie deeglik gevestig, want hy het ‘n streepsak vol kinders gehad. Abraham, aan die ander kant, se nageslag hang steeds aan ‘n baie dun draadjie, en hierdie draadjie was so byna-byna geknip op die berg. Het God nie betyds ingegryp nie........

Wat het Nahor se streep kinders te make met Abraham se geskiedenis? Iewers in die lys sien ons die naam Beteul. Nee, steeds lui dit nie ‘n klokkie nie. Maar Beteul het ‘n dogter gehad, ‘n beeldskone meisiekind. Haar naam was Rebekka. En skielik gaan daar ‘n liggie op, want hierdie naam klink mos bekend: was sy dan

nie........?

En so word die verhoog voorberei vir die volgende toneel, een wat eers begin met ‘n baie ou en afgeleefde Sara wat te sterwe kom op ‘n rype 127 jaar. Die regte ding om te doen, sou dalk wees dat Abraham haar gaan begrawe in Haran, daar waar haar voorsate vandaan kom. Maar vir Abraham is die toekoms van die beloofde land belangriker, en alhoewel hy homself nog as ‘n “vreemdeling en bywoner” beskryf, weet hy dat hierdie land eintlik aan hom behoort, want God het dit Sélf vir hom gegee. Op tipiese Oosterse manier bied hierdie mense aan dat Sara in een van hulle grafte begrawe word. Gasvrye mense hierdie! Maar dit is nie wat Abraham wil hê nie. Hy wil sy voet in die deur kry, en dus begin hy onderhandel om ‘n grot by hulle te koop. Hulle wil dit eers as ‘n geskenk vir hom gee, maar Abraham werk met ‘n plan: hy wil sélf daarvoor betaal, want dan is dit sy eiendom. Iets gegee is mos maar iets geleen! Na ‘n wettige transaksie, waaroor daar op eg-Oosterse manier geredekawel is in die stadspoort, word die koop beklink. Hy betaal ‘n buitensporige prys vir die eiendom, baie meer as wat dit werd is. In die “titelakte” word die eiendom baie deeglik

beskryf, ook die grot en selfs die bome word beskryf.

Abraham is ‘n baie tevrede man: nou besit hy alreeds ‘n put en ‘n grot in die beloofde land!

Maar daar is ‘n ander sakie wat Abraham begin bekommer: Isak. Hierdie seuntjie het ‘n man geword, en hy trek al diep in die dertig, en steeds is daar nie sprake van ‘n vrou in sy lewe nie. As Abraham nie plan maak nie, sal hy nooit as te nimmer die voorreg hê om sy kleinkinders te sien rondhardloop nie. Die probleem is egter dat hier in die vreemde land net heidense meisies is. Begeerlik, maar nie Isak se tipe nie! Hierdie woestynmeisies sal net eenvoudig nie deug vir die seun van Abraham nie! Hy moet iemand vir Isak kry wat darem ten minste familie is, sodat hy kan weet dat sy uit ‘n eerbare stamboom kom. Wat van Broer Nahor? Hy het mos ‘n paar baie mooi kleinkinders wat nou al baie goeie troumateriaal kan wees. En Abraham begin plannetjies beraam!

Abraham besef maar ál te goed, dat as hy vir Isak stuur om in die lowerryke Haran vir hom ‘n vrou te gaan soek, kan Isak dalk net besluit om daar agter te bly. Of die meisiekind se pa kan

besluit dat sy dogter nie gebou is vir ‘n lewe in die woestyn nie, en dan hou hy vir Isak nét daar. Nee, dit sal nie deug nie!

Abraham kry skielik ‘n briljante idee: Hy sal iemand anders stuur om daar in Haran vir Isak ‘n vrou te gaan uitsoek. Maar hierdie persoon sal darem ‘n goeie oordeel moet hê, anders kom hy dalk net hier aan met iemand wat nie na Isak se smaak is nie.

Die gryse ou man besluit dat daar net één persoon is aan wie hy hierdie taak kan toevertrou: sy hoof slaaf, die man wat al Abraham se bates bestuur. Ja, hy is die enigste betroubare man. Hy word ontbied, en dan sien hy sommer met die intrapslag dat hier ‘n baie gewigtige saak op sy baas se gemoed rus. “Kom sit jou hand hier onder my heup,” beveel Abraham hom, en die man skrik hom yskoud. Hier is vandag nog baie groter sake as waarvan hy óóit kon droom. As hy ‘n eed moet aflê, dan is sy baas baie ernstig!

Die slaaf luister aandagtig as Abraham vir hom in groot detail beduie dat hy onder géén omstandighede mag toelaat dat Isak met ‘n Kanaänitiese meisie deurmekaar raak nie. Hy

móét ‘n vrou kry uit Haran. Boonop durf Isak nie sy voete sit in Haran nie, want dan is dit neusie verby vir sy seun. Abraham het so ver gekom in die lewe, en hy sien al amper die laaste van God se beloftes waar word. Hy wil nie nou kom staan en dinge verongeluk op nommer nege-en-negentig nie. Maar skielik speel daar ‘n glimlag oor Abraham se plooigesig: Die Here het nog al die jare getrou voorsien. Waarom sal hierdie ‘n uitsondering wees? God sal weereens voorsien. Die slaaf moet alles maar net in God se bekwame hande oorlaat.

Gebed:

Here, hoe wonderlik is dit nie om net weereens te kan leer uit hierdie mooi verhaal, van hoe U voorsien, en hoe elke klein detail deur U beplan word - ook in my eie lewe. Ek loof U!

# Die Meisie by die Put

## Genesis 24:9-27

Die slaaf kry die onmoontlike opdrag: “Gaan soek vir my seun ‘n vrou!” Die arme man het homself seker ál die pad bejammer op sy lang reis na Mesopotamië waar Nahor bly. Met sy karavaan van tien kamele vat hy die langpad, terwyl Abraham en Isak hom opgewonde agterna kyk. Abraham is die ene selfvertroue waar hy met ‘n glimlag op sy kierie leun. “Die Here sal Sy engel vooruit stuur om alreeds sake te gaan voorberei. Hy sal die regte vrou vir Isak stuur! Hy het my immers nog nóóit teleurgestel nie!” Isak, aan die ander kant, spring op en af van opgewondenheid. Hy is stukkend geskeur tussen twee begeertes: die een om saam te gaan en sélf sy eie vrou te gaan uitsoek, en die ander om hier by sy pa te bly en te wag vir die groot dag en om alles gereed te kry. “Sê nou maar die slaaf maak ‘n verkeerde keuse?”Dit gryp aan sy maag! “Sê nou maar hy kom hier aan met ‘n regte ou draak?” Maar dan skuif hy die gedagte uit sy kop: “Daardie man ken sy storie! Hy gaan vir my die mooiste ou dingetjie denkbaar bring, een met fyn goue ringetjies aan haar neus en sulke lang pikswart wimpers wat skaam onder

haar sluier uitloer.” Isak se hart mis sommer ‘n paar slae as hy vir homself die prentjie skilder van hoe hierdie bruid nou eintlik gaan lyk.

Abraham se slaaf het baie tyd gehad om na te dink oor alles wat Abraham vir hom gesê het. Daar was uitdruklike instruksies oor Isak se aanstaande bruid. Soos wat die kraai vlieg is dit omtrent 900 kilometer, maar hy sou sekerlik ‘n ompad gekies het omdat hierdie roete byna onbegaanbaar is. Dit kon dan nader aan 1300km wees! Dit is ‘n uitmergelende reis deur dorre woestynland. “Hy verwag van my ‘n onmoontlike ding,” dink die arme man. Maar dan onthou hy dat Abraham sy vertroue altyd op sy God geplaas het. Hy weet wat hy sal doen: Hy sal Abraham se voorbeeld volg en bid.

Twee maande later gooi die slaaf ankers uit by ‘n fontein net buite Mesopotamië. Hy voel soos ‘n opgewonde skoolseuntjie as hy van sy stowwerige kameel afklim en gaan kniel by die lafenis. Dan bid hy: “Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur.” Hy het haarfyn uitgewerk wat hy die Here gaan vra. Hoe sal hy weet watter meisie vir Isak bedoel is? Hy sal die Here vra om die regte meisie vir hom uit te wys. Die meisie wat by die

fontein kom water skep en vir hom, ‘n wildvreemde man, water kom aanbied en sy kamele ook nog versorg, dit sal sý wees wat aan Isak behoort. So het hy die Here gevra om haar aan hom uit te wys.

En dan, wanneer hy sy oë oopmaak, sien hy haar daar staan, die mooiste jong meisie wat hy nog ooit gesien het. Die slaaf se hart gee ‘n paar wilde spronge: “Dit móét net eenvoudig sy wees! Hierdie is beslis Isak se vrou!” Met groot belangstelling en kloppende hart kyk hy hoe sy in die fontein afklim. ‘n Ruk later klim sy die trappies op met ‘n swaar kruik op haar skouer. “Kan ek asseblief ‘n bietjie water kry?” waag die slaaf dit.

“Drink gerus! Ek sal sommer vir jou kamele ook gaan skep,” voeg sy by. En toe wéét hy: die Here was getrou! Hy het weereens voorsien net soos Hy elke keer nog vir sy meester voorsien het oor die afgelope 130 jaar. Terwyl sy nog water aandra vir sy kamele, hardloop hy haastig na een van die diere. Uit ‘n saalsak haal hy ‘n gekerfde kissie. As hy dit oopmaak blink die suiwer goud in die helder sonlig. Twee goue armbande en ‘n goue neusring word versigtig uitgehaal. Die meisie is stomgeslaan as hy vir

haar die kosbare juwele aansit.

"Wie se dogter is jy?" wil hy weet. Sy verduidelik dat haar pa se naam Betuel is. Oupa se naam is Nahor......

Dit was die bevestiging! God het waarlik voorsien! Het Abraham nie gesê dat hy wens dat een van sy broer Nahor se kleindogters vir Isak 'n vrou sal wees nie? Wat is die kanse dat 'n man 1300km ver reis, en dat die presiese meisie waarvoor hy gevra het die eerste sal wees om hom buite 'n stad te ontmoet by 'n fontein? Boonop nog dat sy presies die regte dinge sou sê! Dit is 'n totale onmoontlikheid! Maar by God is niks onmoontlik nie. Nét daar val hy in aanbidding voor die Here neer, en dank Hom vir Sy leiding.

"'n Wonderwerk!" wil ons uitroep. "Maar sulke soort wonderwerke gebeur mos nie vandag meer nie......"

Werklik? As 'n mens jou oë net 'n slaggie oopmaak, sien jy elke dag wonderwerke gebeur, dinge wat net eenvoudig nie anders kan beskryf word as totaal onverklaarbaar nie. In my eie lewe sien ek daagliks "alledaagse" wonderwerke gebeur. Die feit is egter dat ek in elkeen van

hulle God se hand kan sien. Verlede Sondagaand vertel Oom Angus Buchan van die asemrowende wonderwerke wat gebeur het tydens die Mighty Men konferensies deur die jare, en dan slaan jy jou hande saam in verwondering!

Dit is eers wanneer jy waarlik totaal afhanklik raak van God, dat jy die wonderwerke begin raaksien, en dat jy wéét: God voorsien!

**Gebed:**

**Here, vanoggend wil ek ook soos daardie slaaf in aanbidding voor U neerval. Ek herken U wonderbare hand in alles in my lewe.**

# Rebekka se Besluit

## Genesis 24:26-59

Die verhaal van hoe Isak sy vrou gekry het, het al die verbeelding aangegryp van baie mense. Jy sal onthou van die vorige dagstukkie toe die slaaf vir Rebekka ontmoet het by die put. En daar val hy neer in aanbidding voor die Here om dankie te sê dat Hy voorsien het, en dat Hy hom reguit gelei het na presies die regte persoon.

Rebekka was natuurlik só opgewonde dat sy reguit terug gehardloop het huistoe om vir haar ma te gaan wys watter wonderlike geskenke hierdie vreemde man vir haar gegee het, ‘n goue neusring en die pragtigste goue armbande. En daar loop sy haar vas in haar broer Laban, ’n man wat beslis ‘n oog gehad het vir alles wat kosbaar is. Daardie naam sal jy sekerlik onthou, want ons maak weer kennis met hom dertig jaar later, wanneer hy vir Jakob so lelik indoen deur hom die verkeerde vrou te gee, en die arme Jakob boonop nog sewe jaar laat werk óók vir haar. Laban se gierige ogies het geskitter toe hy die geskenke sien, en toe hardloop hy so vinnig hy kan na Abraham se slaaf, waar hy steeds by sy kamele by die fontein staan. “Kom saam!”

nooi hy die man oorvriendelik uit. “Jy is ‘n man wat deur die Here geseën is!” En hy bied vir die slaaf blyplek aan en voer vir sy kamele, en hy laat die kêrel se voete was, en so ook die res van sy geselskap s’n. Ek dink nie ‘n slaaf was nog óóit so gepamperlang soos hierdie een nie!

As Abraham se slaaf ‘n heerlike gereg aangebied word om te eet, weier hy egter. “Nee,” beduie hy, “ek moet eers my opdrag afhandel!”

En dan begin hy vertel van hulle familielid wat soveel jare gelede daar weg getrek het. Hy vertel van hoe suksesvol ou Abraham geword het, en van al sy vee en sy donkies en kamele. En Laban se oë rek al groter. Oopmond sit hulle en luister na die man wat hulle vertel van hoe ryk die gryse ou Abraham nou éintlik is, van sy streepsakke vol goud en silwer en al sy rykdom. Wanneer hy vertel dat Abraham op honderdjarige ouderdom vir die eerste keer pa geword het, snak die gehoor letterlik na hulle asem. En hy vertel van hoe ‘n toegewyde gelowige die ou man is, en hoe naby hy aan God leef.

Op die tafel staan die geurige gereg en koud word, maar niemand durf eet voordat die man

nie eers by die punt gekom het nie. Op eg-Oosterse wyse gaan maak hy sy draaie by Timbaktoe en die Dooie See, en in die fynste detail vertel hy presies wat Abraham se opdrag aan hom was, om vir Isak ‘n vrou te loop soek. En nee, sy mag nie eers ‘n sweempie van Kanaänietiese bloed in haar hê nie. Sy moet ‘n suiwer afstammeling wees van Oupa Nahor se familie.

“Ek moes met ‘n eed beloof dat ek Abraham se opdrag noukeurig sal uitvoer,” beklemtoon hy.

Dit is ‘n aangrypende verhaal wat die man vertel, en almal hang aan sy lippe. Die kos is nou al lankal vergete. Maar hy is steeds nie klaar nie, en toe vertel hy van hoe hy gebid het en die Here gevra het om die regte vrou vir Isak na hom te stuur by die put, en dat sy vir hom water moes aanbied. En daar gebeur dit toe presies nes hy die Here gevra het. In detail skilder hy die prentjie van presies wat daar by die put gebeur het.

Die slaaf kyk Betuel in die oë: “As u dan u verantwoordelikheid as familie teenoor my eienaar wil nakom, sê my dan.” Hy dwing ‘n antwoord af. “En as u weier, sê my dit sodat ek

kan omdraai en teruggaan.”

Ou Betuel het net sy kop geskud: “Hierdie ding kom van die Here af! Hoe kan iemand nog daarteen stry?” Laban wou nog teëpraat, en Rebekka se ma wou haar dogter darem nog ‘n week of twee by die huis hou om darem behóórlik totsiens te sê, maar die laaste woord behoort aan Rebekka. Wat sou sy besluit? Sy was so opgewonde dat sy sommer dadelik instem om saam te gaan: “Ja! Ja! ’n Duisend maal Ja!” Daardie aand is aandete eers baie, baie laat genuttig!

Daardie hele nag het Rebekka sékerlik nie ‘n oog toegemaak nie. “Hoe lyk hierdie Isak? Is hy darem ‘n aantreklike man?” Sy probeer ‘n prentjie in haar kop vorm van Isak. “As sy pa, Abraham so ryk is soos wat die slaaf sê, dan moet Isak mos ‘n prins wees!” En so vertrek Rebekka en haar hele gevolg vroeg-vroeg die volgende oggend op die lang pad terug na Kanaän. Sy neem haar grootmaak-vrou saam met haar asook ’n hele string slavinne, ‘n “prinses” moet mos darem goed versorg wees! Rebekka kan haar lag nie hou van opgewondenheid nie. “My prins!” bokspring haar hart. “O, om aan jou voete te kan sit....”

Is jy so opgewonde soos Rebekka? Ek is! Ek en jy is op pad om ons “Prins” te gaan ontmoet. Ja, dalk is daar nog ‘n baie lang pad voor, maar Hy wag alreeds daar vir ons met ope arms. “Hoe lyk Hy?” wonder ons ook, en opgewonde probeer ons ‘n prentjie skilder in ons gedagtes van hoe Jesus werklik lyk. Ja, Hy het ons alreeds vrygekoop, en die geskenke wat Hy ons gegee het vertel so ‘n klein ietsie van wat alles op ons wag. Ek kan nie meer wág om Jesus van aangesig tot aangesig te sien nie! Hoe wonderlik gaan dit nie wees om vir ewig en ewig aan Sy voete te kan sit nie!

**Gebed:**

**Here, ek is opgewonde as ek dink aan die wonderlike dag wanneer ek vir Jesus kan sien. Maranatha! Kom Here Jesus, kom gou!**

# Op Pad Na Ware Geluk

## Genesis 24: 59-67

Wanneer Rebekka die kameel bestyg, dwing daar twee kontrasterende gedagtes deur haar liggaam: Opgewondenheid aan die een kant, oor die groot avontuur wat op haar wag, en natuurlik haar prins wat daar vir haar staan en wag met ope arms. Maar aan die ander kant is daar ‘n mate van vrees wat haar hart omklem oor die onsekerheid oor wat voorlê. Daar is die uitmergelende reis na die land Kanaän, ‘n reis wat twee maande gaan duur en haar deur onherbergsame gebiede gaan neem. En dan ook die gedagte: sê nou maar haar prins is nie die man wat sy verwag nie? Sê nou maar die slaaf het net stories gespin, en dat die man daar anderkant ‘n stokou, lelike man is? Sy pa is immers al 135 jaar oud!

Rondom Rebekka is daar ‘n gewoel en gewerskaf, en sy word teruggeruk na die werklikheid. “Die Here seën jou, Rebekka!” hoor sy haar vriendinne uitroep. Hulle is álmal daar. Die nuus het soos ‘n veldbrand deur Mesopotamië getrek, en dit voel asof die ganse stad rondom haar staan. Rebekka se kop draai.

"Ons suster, mag jou nageslag tienduisende word!" sing die meisies. "Mag hulle die stede van hulle vyande verower!" sing die manne wat nog almal hoopvol was dat sy dalk aan een van hulle sou behoort.

Laban staan tevrede eenkant en hy glimlag van oor tot oor: Sy mooi sussie het gesorg dat hy sakke vol geskenke kry. Daardie ver familie van hom gaan hom nog skatryk maak! Hy moet net die regte toutjies trek.......

Rebekka kry haar sit op die woestyn-skip. 'n Swaar sluier bedek haar gesig sodat net haar twee donker oë wys. Onder die sluier loop die trane, maar gelukkig sien niemand dit nie. Sal sy ooit weer haar ma sien? Sal sy ooit weer die laggende, skertsende mense van Mesopotamië sien? Sy gaan die gode wat hulle aanbid mis! En hulle vrolike feeste. Die slaaf het haar vertel dat daar by Abraham-hulle géén afgode is nie. Hy aanbid 'n God wat niemand kan sien nie. Hoe doen 'n mens dit? Sy het al gehoor dat Oupa Nahor en Pa Betuel praat van hierdie God. Maar sy en boetie Laban steur hulle nie juis aan die oumense se praatjies nie.

Onder groot gejuig kom die karavaan in

beweging. “Ons suster,” sing die meisies, “mag jou nageslag....”, maar die sang word verswelg deur die skril stemme van die vroue as hulle al dansende om haar “Ulululululu” met bibberende tonge. Die klank is oorverdowend. Al wiegende laat sy die skare agter, en weldra verdwyn die stad Mesopotamië agter die horison.

Nou is dit stil, en al wat hoorbaar is, is die ritmiese klank van kameelpote in die sand. “Waarvoor het ek myself ingelaat?” wonder sy. “Sal ek nou ook hierdie onsigbare God van Isak moet aanbid?” Uur na uur wieg die kamele voort deur die moordende woestyn en sy son wat alles verskroei. Maar uiteindelik sak die son, en dit word tyd om uit te span. Daar word ‘n tent opgeslaan vir Rebekka, maar die res slaap sommer so onder die sterre.

As die dag breek, wieg die karavaan al weer voort op sy lang tog na Kanaän, dag in, dag uit. Die dae word weke, lang, vervelige weke van ry en ry en nogmaals ry. “Hierdie Isak beter die moeite werd wees, want ek offer darem baie op vir hom!” stoom Rebekka.

Daardie aand om die kampvuur soek Rebekka Abraham se slaaf se geselskap op. “Vertel my

van Isak se God,” por sy hom aan. Sy gesig helder sommer dadelik op. “O, Hy is wonderlik!” Skielik is hy baie spraaksaam. Hy vertel van die beloftes wat God aan Abraham gemaak het, en van die ongelooflike dag toe Isak gebore is. “Sara was al negentig jaar oud! Dit was ‘n baie groot wonderwerk!” babbel hy. Rebekka kan nie help om met verwondering te luister na alles wat hierdie God gedoen het nie. Sy hoor hoe Abraham met slegs ‘n handjievol slawe ‘n hele oorlog gewen het; sy hoor van die afgryslike verwoesting van die Goddelose stad Sodom. Aand na aand sit Rebekka oopmond en luister na die verhale van God - hoe Hy die hemel en aarde geskep het uit niks, van Noag, die groot vloed en die toring van Babel.

Twee maande het dit geduur, en dan uiteindelik vertel die slaaf opgewonde vir Rebekka: “Ons is hier! Ons is tuis! Nog net ‘n paar uur, dan is ons by die huis!”

As die son laag oor die horison hang, sien Rebekka die tente - Isak se tente. ‘n Man kom aangehardloop, en sy kan sien dat hy baie opgewonde is. “Wie is dit daardie?” Maar sy kan alreeds raai. “Dis my eienaar!” Die slaaf is trots.. Rebekka spring rats van die kameel af, en sy

trek haar sluier oor haar gesig. “My bruidegom!” Opgewonde jubel dit in haar: “My prins!”

Is ek en jy ook so opgewonde oor Jesus soos Rebekka was oor Isak? Is ons ook so gretig om te leer oor die Here as wat Rebekka was? Dalk vertel die Bybel dit nie in soveel woorde nie, maar ek is séker dat Rebekka álles wou weet oor Isak en God. Om waarlik die Here te kan lief hê, moet jy so veel oor Hom leer as wat menslik moontlik is. Ek wil jou vandag uitdaag om leergierig oor Hom te word.

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike liefdesverhaal. Dit wil my ook iets leer van U groot liefde vir my, en hoe ek U moet liefhê. Ek wil meer en meer van U leer, Here!**

# Is daar Lewe na Sara?

# Genesis 25:1-11

Abraham en Sara was getroud vir meer as ‘n leeftyd. Die Bybel sê nie vir ons hoe oud hulle was toe hulle afgehaak het nie, maar Abraham sou sekerlik nie ouer as 35 gewees het nie. Toe hy 137 was, is Sara oorlede. Dus was hulle beslis vir meer as ‘n honderd jaar saam. ‘n Rekord? In vandag se terme baie beslis, waar ‘n huwelik selde langer as 5 jaar hou!

Maar Sara is dood en Abraham het getreur oor sy maat van meer as ‘n eeu. Toe begin die oubaas se ogies weer blink. ‘n Pragtige jong vrou, Ketura verskyn op die horison, en Abraham voel skielik weer die ou bloedjong homself.

Dalk was hierdie die rede waarom sy slaaf nie vir Rebekka eers na Abraham geneem het nie, maar sommer reguit na Isak toe. Die klem van die verhaal skuif na Isak en Rebekka, want hulle word nou die nuwe aartsvader en -moeder. Op hulle skouers rus die reuse taak om die volk van God voort te bou. Na 137 jaar breek ‘n splinternuwe era aan, die era van Isak. Was hy so ‘n opwindende man soos Pa Abraham? Nee, hy was maar ‘n doodgewone man. Maar God het

hom geplaas in die geslagslyn van die volk van God, waaruit daar tweeduisend jaar later die Messias, die Verlosser gebore sou word. Die Here gebruik doodgewone mense soos ek en jy om Sy werk op aarde te doen. Ons moet onsself net gewillig verklaar om te dien in Sy Koninkryk.

Maar terug by Abraham: op 137 is hy nog lank nie dood of koud nie. En Ketura het iets in die ou man wakker gemaak. Hy trou met haar, en daar volg sommer ‘n hele streep kinders uit die huwelik. Die name van 6 seuns word genoem. Hoeveel dogters daar was, weet ons nie. Daar word ook so terloops genoem dat Abraham ook vir hom byvrouens gevat het, en dat dáár kinders was. Uiteindelik was Abraham dus al klaar die vader van ‘n hele boel kinders. Sy seuns hetuiteindelik aan die hoof gestaan van etlike volke.

Isak was egter die uitverkorene wat die naam sou voortdra.

Veertig jaar nadat Abraham sy liefling Sara in die Makpelagrot begrawe het, dra sy twee seuns, Isak en Ismael, albei alreeds stokou manne, hulle pa na dieselfde grot. Vir 175 jaar lank het hy ‘n verskil gemaak aan die wêreld waarin hy

gewoon het. Vir 175 jaar het hy die Here gedien en ‘n geloof uitgestraal wat selfs vandag nog, vierduisend jaar later, ons verbeelding aangryp. God het aan Abraham beloof dat die land Kanaän aan sy nageslag sou behoort. En nou word hy begrawe op die enigste stukkie eiendom wat hy in hierdie land besit.

As ons vandag terugkyk oor Abraham se lewe, sien ons ‘n vredeliewende man wat, anders as al die ander leiers rondom hom, verkies het om in vrede met sy medemens te lewe. Die enigste keer wat hy in ‘n oorlogsituasie ingedwing is, was toe sy nefie Lot ontvoer is. Toe het hy met ‘n handjievol slawe ‘n hele oormag van beroepsoldate oorwin. Maar hy was nie alleen in die stryd nie. God het die stryd namens hom gevoer. Ja, Abraham se keuse om eerder in vrede met sy medemens te lewe, het hom ‘n paar keer in die moeilikheid gehad, en hy moes sy pad ooplieg. Om vrede te bewaar, het hy by ‘n paar geleenthede gesê dat Sara sy suster is. Wat Abraham daar gedoen het was verkeerd. Maar God het hom vergewe.

En dit bring ons by die sterkste kenmerk van Abraham se lewe: sy verhouding met God. Vandag wil ons Abraham skets as iemand met ‘n

geloof wat berge kon versit. Maar wat was dit wat Abraham se geloof so sterk gemaak het?

Ek dink dit is die feit dat Abraham God beleef het as ‘n lewende werklikheid. Saam daarmee, was hy gehoorsaam toe die Here hom opdragte gegee het. Nee, Abraham het sékerlik nie al die opdragte verstaan nie, en dikwels het dit vir hom gladnie sin gemaak nie. Nogtans was hy gehoorsaam. Die eerste opdrag het gekom toe die Here hom aangesê het om uit die lowergroen, vrugbare landstreek van Haran te trek na ‘n onbekende woestynwêreld waar droogtes aan die orde van die dag was. Abraham het nie teëgestribbel nie, maar gegaan. Hy het die Here vertrou, ten spyte daarvan dat hy dit nie verstaan het nie. Daarna was daar talle soortgelyke opdragte. Abraham het geleer dat God getrou is, en dat ‘n mens Hom maar kan vertrou, al maak dinge nie sin nie. Hy het ook geleer dat God Sy beloftes hou, en dat ‘n mens maar net geduldig moes wees. God se tyd is nie ons tyd nie!

Abraham se grootste toets het egter gekom toe hy uiteindelik na ‘n honderd jaar pa word, en hy daardie enigste seun van hom, God se belofte aan hom, moes gaan offer. Dit was sékerlik die

moeilikste opdrag wat Abraham óóit gekry het. Maar ook hierdie keer vertrou Abraham vir God, en voer hy die opdrag uit.

Hoe lyk ons verhouding met God? Ervaar ons Hom as ‘n lewende werklikheid? Is Hy vir ons Iemand wat hier en nou aktief betrokke is in ons lewe? Is Hy Iemand vir Wie ons met absoluut alles kan vertrou?

Hier roep ons nou eers halt met die Genesis-verhaal aangesien baie mense met vakansie vertrek. Aan julle wil ek God se rykste seën toebid vir hierdie Kerstyd. Ons sal in Januarie weer voortgaan met Genesis. Intussen gaan ons more aan met ‘n kort reeks oor Kersfees.

**Gebed:**

**Here, ek wil ook graag ‘n verhouding met U hê soos Abraham van ouds.**

# Die Verskriklike Tweeling

## Genesis 25:12-27

Abraham het diep spore agtergelaat in die geskiedenis, spore wat nooit weer uitgewis kan word nie. Vierduisend jaar nadat Abraham se stokou liggaam tot stof vermurwe het, lê sy spore steeds helder en duidelik in die geskiedenis ingegraveer. Maar wat van sy nageslag? Sy eerste seun, Ismael, was so byna-byna dood as klein seuntjie, toe sy ma met hom die woestyn ingevlug het. Maar hy het dit oorleef danksy God wat betyds ingegryp het. Hy het twaalf seuns gehad, almal sterk leiers van stamme en almal deur die bank gewelddadig. Die Bybel vertel ons dat hulle gedurig oorlog gemaak het teen die ander afstammelinge van Abraham. Soos sy pa Abraham, het Ismael ook baie oud geword, ‘n volle 137 jaar voordat hy na sy graf gedra is. Vierduisend jaar het verbygegaan, en steeds maak die nageslag van Ismael oorlog teen die nageslag van Abraham se ander kinders.

Maar wat van Abraham se lieflingseun, Isak? Wat het van hom geword? Het hy ook so ‘n charismatiese leier geword soos Pa Abraham? Oordeel maar self!

Isak trou op veertigjarige ouderdom met Rebekka, die pragtige dogter van Abraham se broer, Beteul. En weereens wil dit lyk asof die geskiedenis hom wil herhaal, want maak nie saak hoe hard hulle probeer nie, Rebekka kan net eenvoudig nie swanger raak nie. Vir twintig jaar gaan dit so aan, sodat Isak naderhand moedeloos raak. Was Rebekka die regte keuse? Het Pa Abraham se slaaf nie dalk ’n fout gemaak nie? Vra ons nie dikwels ook maar hierdie soort vrae wanneer ons ‘n teleurstelling beleef nie? Wil ons dit nie soms toeskryf aan 'n fout iewers - dalk selfs ‘n fout van God nie? Kom ons sê dit maar duidelik vir mekaar: God maak nie foute nie!

Isak wend hom tot die enigste Een wat hom kan help. Hy bid en vra die Here om asseblieftog te voorsien. Sy pa, Abraham het immers die belofte gekry van God dat daar ‘n reuse nageslag sou wees. En hierdie nageslag sou alleen kom deur Isak.

Die Here het Isak se gebed verhoor, en Rebekka raak swanger. Maar iets was nie heeltemal reg nie. Binne-in Rebekka het dit gewoel en gestamp, en sy was bang. Maar Rebekka het ook geleer dat daardie God van Abraham wáárlik

God is, baie anders as al die ander gode wat sy as jong meisie aanbid het. As sy terugdink, besef sy nou dat hulle dooie gode is. Die Almagtige God is die enigste lewende God. En daarom bid sy en vra: “Here, wat is aan die gang met my? Wat gebeur binne my? Ek is bang Here!” En die Here antwoord haar, dat sy ‘n tweeling in haar dra. Maar hierdie is géén gewone tweeling nie. Uit hulle sal daar twee volke ontstaan - volke wat teenoor mekaar te staan sou kom. En dan die onverstaanbare: die oudste sal die jongste dien!

Hieroor het Rebekka sékerlik baie gewonder terwyl haar swangerskap gevorder het. Uiteindelik breek die groot dag aan. Die vroedvrou trippel om Rebekka as die geboortepyne deur haar liggaam ruk. Die uur breek aan, en die geboorteproses begin. As die eerste seuntjie sy verskyning maak, gaap die vroedvrou die babatjie aan met ‘n oop mond. So ‘n baba het sy nog nooit gesien in al die jare wat sy vroedvrou was nie. Die baba se ganse lyfie is bedek met vlamrooi hare, so asof hy ‘n veljassie aan het.

Maar wat die vrou nog groter laat skrik, is die tweede baba wat kort op die hakke van die eerste volg: Sy klein handjie is stewig geklem om

die hakskeen van sy ouer boetie, so asof hy hom wou terughou en hy sélf gryp na heerskappy. Hy sou bekend staan as Jakob, die hakskeengryper, ‘n naam wat hy later in sy lewe gestand sou doen.

Die twee babas het seuntjies geword. Pa Isak het natúúrlik vir klein Esau voorgetrek. Hy was immers die eersgeborene, die draer van die belofte van God aan Pa Abraham. Esau het alles gekry wat hy wou hê, maar hierdie klein rooikop het hom nie veel gesteur aan luukshede nie. Hy was ‘n seun van die veld. As jy hom maar kry, dan was hy iewers daar buite besig om sy ding te doen. Van kleins af het hy ‘n liefde ontwikkel vir jag, en hierdie kuns het hy vervolmaak. Sy lewe was die veld.

Aan die ander kant was sy tweelingboetie ‘n regte mamma-se-seuntjie, dalk selfs ietwat verfynd. Pa Isak het nie veel erg gehad in klein Jakob nie. Hy was heeldag om sy ma se bene. En as sy kos voorberei het, was hy daar met groot belangstelling. Ma Rebekka het geglimlag as sy hom sien, want diep binne in haar het sy geweet: Esau is dalk Pa se witbroodjie, maar klein Jakob is die een wat nog héél bo gaan uitstyg in die lewe, al moet sy hom dalk ‘n bietjie

aanhelp.

As ouers moet ons baie versigtig wees om nie een van ons kinders voor te trek nie. Dit kan later katastrofiese gevolge hê. Net omdat een ouer, slimmer, meer musikaal of meer sportief is as die ander, mag dit ons nie lei om meer aandag aan een te gee as die ander nie. God kan ook Sy doel bereik met ‘n kind wat na ons mening onbekwaam is. So gebruik Hy vandag selfs erg gestremde kinders in Sy Koninkryk. Kom ons kyk met nuwe oë na hoe ons ons kinders hanteer.

**Gebed:**

**Here, gee asseblief vir ons wysheid om ons kinders reg op te voed en ewe veel aandag aan elkeen te gee.**

# Dáárdie Pot Lensiesop!

## Genesis 25:27-34

Esau is die eersgeborene, dalk slegs ‘n paar minute voor sy broer Jakob gebore, maar dit maak nie verskil aan die saak nie: hy was eerste oor die “wenstreep”, en dit gee hom ‘n onbetwisbare reg op die leierskap van die uitgebreide familie. Wanneer Isak die dag te sterwe kom, is Esau die een wat die familienaam voort moet dra. Hy is dan die een op wie se skouers God se belofte aan Abraham sal rus, om in lyn te staan van die groot nageslag aan wie die land Kanaän uiteindelik sou behoort.

Maar dan kom daar ‘n kinkel in die kabel.

Ons het reeds gesien hoe verskillend hierdie twee seuns was. Boonop het Isak vir Esau voorgetrek en Rebekka weer vir Jakob. Só erg was hierdie voortrekkery dat dit uiteindelik die gesin uitmekaar geskeur het. Dit is so bitter jammer dat ouers nie besef wat hulle doen as hulle ‘n kind voortrek nie. Dit kan fataal wees vir daardie gesin, en dit kan die kinders se toekoms gruwelik in die wiele ry!

Esau was ‘n seun van die veld. Maar hierdie seun het ‘n man geword, en Pa Isak het hom

aangemoedig om sy wilde veldlewe ten volle uit te leef. Dit in sigself was nou nie juis ‘n fout nie, maar Esau het hierdie veldlewe met só ‘n passie uitgeleef, dat dit hom totaal perspektief op die lewe laat verloor het. En dááraan het Pa Isak net mooi niks gedoen nie. Hy het eerder sy seun gesterk in sy kwaad. Esau het traak-my-nie-agtig en totaal ongeërg deur die lewe gegaan, rof en onbeskof.

Jakob, aan die ander kant, kry sy lewens-opleiding by Ma Rebekka. Sy leer hom al die fyner kunsies van die lewe. Maar sy leer hom ook hoe om ‘n gereg geurig voor te berei. Daardie kuns was nou nie juis in daardie jare deur manne beoefen nie. ‘n Vrou se plek is in die huis, en veral in die kombuis. Daar bly die manne weg! Nie Jakob nie - hy stel intens belang en leer met oorgawe van sy ma. Later sou dit vir hom baie handig te pas kom in die lewe - sou dit sy totale menswees beïnvloed. Nog erger: dit sou die totale gang van die geskiedenis verander. Eintlik nie werklik nie, want God is mos in beheer en dit is Hý wat bepaal hoe die geskiedenis loop! Jakob sou dalk dink dat hy die een is wat die loop van die geskiedenis verander, maar dit was al baie lank

voor hierdie tyd bepaal deur God.

Rebekka vertel eendag vir Jakob: “Esau dink dat hy daardie belangrike, sterk leier is. Maar jý, my seun, gaan eendag nog die leier van ons familie wees!” Haar woorde het diep indruk gemaak, en hy het baie gewonder en gedroom hieroor. “Hoe gaan ek dit regkry? Esau sal my mos vermorsel!” Hy vertroetel sy droom: “Eendag...... eendag gaan ek hom nog uitoorlê!”

En toe, een snikhete dag val die geleentheid as’t ware reg in Jakob se skoot!

Esau is daardie oggend baie vroeg al veld toe. Pa Isak se lus vir ‘n stukkie wildsvleis dryf die ou man teen die tentmure uit. Esau moet sorg dat Pa sy vleisie kry. Dit hou die ou man gelukkig. Sandduin op, sandduin af loop Esau, maar die bokkie bly hom ontwyk. Oor kliprante klouter hy, en hy soek oral waar die wild gewoonlik wegkruip, maar hy kry net mooi niks. Die son skroei op sy rooi gelaat en bak genadeloos op hom, maar hy is dit gewoond en dit pla hom nie. Pa Isak se vleislus dwing Esau om baie verder te loop as gewoonlik.

Laatmiddag keer hy onverrigtersake terug na Pa Isak se tente. Hy is moedeloos en moeg van die

harde dag se jag. En honger! Hy het nooit verwag om so lank weg te bly nie, dus het hy nie eers gedink aan padkos nie. Gewoonlik kry hy mos sy bokkie baie gou!

Esau is nog ver van die tente af as daardie heerlike geur op die luggie na hom aangesweef kom, die geur van sy gunsteling gereg: lensiesop. Hy begin sommer vinniger loop: ma se lensiesop laat sy maag kerm van die honger. Hy loop by Pa Isak se tent verby, reguit op die geur af. “Ma, ek’s honger!” Maar dis Boetie Jakob wat hy by die kookskerm die kospotte sien roer. “Gee my van daai rooigoed!” hyg hy, rasend van die honger. Skielik sien Jakob die kans waarvoor hy al jare wag. ’n Sluwe glimlag plooi om sy mond as hy met afsku na sy broer kyk. “Ek’s moeg!” skree Esau. “Skep!”

"Op voorwaarde," gryns Jakob. "‘n Bak heerlike lensiesop vir jou eersgeboortereg!” Esau kan sy ore nie glo nie. Hier is hy besig om dood te gaan van die honger, en sy verwyfde boetie wil redekawel oor geboortereg. “Man vat dit!” brom hy. “Gee net vir my kos!”

“Belowe eers!” Jakob waag nie kanse nie. Hy swaai die bord geurige, stomende kos voor Esau

se neus rond. “Sweer met ‘n eed dat ek jou eersgeboortereg kan kry!”

Esau sluk die bord kos gulsig af, staan ongeërg op en stap weg, min gepla dat hy so pas sy eersgeboortereg vir ‘n bak lensiesop verkoop het! Dit is iets wat enige Oosterling se hare laat regop staan! Dis ‘n gruwel! En Jakob? Hy is ewe skuldig, want wat hy gedoen het is skelm en veragtelik!

Dink baie mooi voordat jy ‘n kind voortrek. Dit kan bitter gevaarlik wees!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ons kan leer uit die geskiedenis, en dat ons waardevolle lewenslesse daaruit kan kry.**

## Nie Jy Óók nie Isak?

## Genesis 26:1-17

Ons draai nou eers die klok so ‘n bietjie terug na ‘n tydjie voor die geboorte van Jakob en Esau, die verskriklike tweeling, toe Rebekka se lyf nog sy soepel vorm gehad het. Nes Skoonma Sara, was sy ‘n beeldskone vrou.

Isak was ‘n baie bekommerde man, want die reën het weggebly en alles het verdroog. Hy onthou nog van die verskriklike droogte waarvan Pa Abraham hom vertel het, toe hy na Egipte moes trek om te kon oorleef. Dit is dáár waar Pa Abraham daardie lelike stel afgetrap het, toe hy gelieg het oor Ma Sara, en haar aan die Farao voorgestel het as sy suster. Isak wonder of dit nie dalk raadsaam sou wees om ook maar op te pak en na Egipte te gaan nie? Daar kan hulle ten minste oorleef totdat die droogte verby is. As dit tog maar net wil reën.........

Op ‘n dag sê Isak vir Rebekka dat dit nou nie meer anders kan nie. “Pak op - ons trek!” In Gerar slaan hulle tent op om die vee 'n bietjie te laat uitrus.

En dan gebeur dit: Soos die Here aan Pa Abraham verskyn het, verskyn Hy nou aan Isak.

Dit was ‘n baie ernstige saak hierdie. God se volk is op die spel, asook die land wat Hy aan hulle beloof het. “Moenie na Egipte toe trek nie, Isak.” Dan herhaal die Here die beloftes wat Hy aan Abraham gemaak het, nét so ook aan Isak. Isak sal ‘n groot nageslag hê, asook die land Kanaän. Boonop sal Hy by Isak wees. Waarom? Omdat Isak so ‘n goeie mens is? Nee, alleen op grond van die eed wat Hy aan Abraham gemaak het. Dit was nie Isak se verdienste nie, maar suiwer genade!

Terloops: In vers 5 staan daar dat Abraham God se “gebooie, voorskrifte en wette” gehoorsaam het. Maar daardie tyd het die Tora (5 boeke van Moses) dan nog nie bestaan nie? Ons moet onthou dat Genesis geskryf is tydens die ballingskap, en die skrywer het met sy eie agtergrond, waar die Tora die riglyn was, beskryf hoedat Abraham aan God gehoorsaam was. Dieselfde geld vir die Filistyne waarvan hier gepraat word. Die skrywer het geweet van Filistyne, en aangeneem dat hulle maar altyd daar was. Maar in Abraham se tyd was hulle nog nie daar nie. Hulle het eers 800 jaar later gekom. Dit is dus ander heidense volke wat hier beskryf word as Filistyne.

Isak sê vir sy mooi vrou Rebekka dat hulle nét hier bly - God se bevele! Maar dan begin die moeilikheid: die plaaslike manne kan maar net nie hulle oë afhou van hierdie mooi vrou nie. Met groot kommer in sy hart sien Isak dit raak. Rebekka voel ongemaklik, want sy kan voel hoe die manne se wellustige oë haar stukkie-vir-stukkie ontklee. “Hier kom gróót moeilikheid,” sê Isak eendag vir Rebekka. “As ons nie ‘n plan maak nie, gaan hierdie klomp wolwe my nog elimineer om jou in die hande te kry.”

“Kom ons trek,” wil Rebekka nog voorstel, maar sy weet dat Gerar die enigste plek is wat nie deur die droogte geraak is nie. Daar is natuurlik ook Egipte, maar die Here het hulle uitdruklik gewaarsku om nie daarheen te gaan nie. “As ons sou sê dat Rebekka my suster is, dan is my lewe ten minste nie in gevaar nie,” dink Isak. “Dit mag dalk werk,” beaam Rebekka toe hy dit aan haar voorstel. En so word Rebekka skielik Isak se sussie.

Maar het dit nie presies net so gebeur met Abraham nie? Inderdaad! En dít boonop so pas nadat God hierdie wonderlike beloftes aan Isak gemaak het! “Isak!” wil jy hom aan die skouers skud. “Isak, wat máák jy?”

Dan gebeur die ding wat Isak nóóit verwag het nie: Terwyl hy en sy Rebekka ál te danig met mekaar is, loer die koning, Abimelek deur sy venster, en hy sien die twee verliefde duifies. En hy weet sommer: g'n broer en suster kan só lief wees vir mekaar nie. Hy kry snuf in die neus en laat roep vir Isak. Dié kom met die hele sak patats uit en vertel die koning dat hy bang was iemand maak hom dood om sy vrou te kry. Daarom hierdie liegstorie dat Rebekka sy sussie is.

Verbasend genoeg word Isak nie summier verban nie. Daar word 'n koninklike dekreet uitgevaardig om hom en Rebekka beskerming te gee. En Isak boer vooruit! Ons lees in Gen. 26:12-15 hoe die man opgang maak in die lewe. Sy koringlande lewer 'n oorvloed op en sy troppe vee groei teen 'n verbysterende tempo aan. Sy slawe se getalle groei by die dag aan en Isak word 'n skatryk man in die land van die "Filistyne".

Dit alles maak Koning Abimelek, 'n baie bekommerde man. Sê nou net Isak besluit om die land oor te neem? Met so 'n klomp slawe kan hy 'n gawe leër saamstel! As hy nie nóú van hom ontslae raak nie, kan daar dalk net gróót

moeilikheid vir Abimelek kom. “Isak”, sê hy eendag vir hom, “Jy het te sterk vir my en my volk geword - ek wil nie moeilikheid hê nie!” Voor Isak nog kan antwoord los Abimelek die bom: “Trek asseblief weg!”

En so trek Isak weereens sy tentpenne uit en gaan kap hulle by die Gerarspruit in. Die Here het dit baie voorspoedig vir hom gemaak ten spyte daarvan dat sy geloof soms gewankel het. Ons eie lewe is in werklikheid ook maar slegs suiwer genade. Ons verdien absoluut niks van al die ryke seëninge waarmee die Here ons oorlaai nie!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U genade oor my so groot is - dat U vir my gee sonder my eie verdienste.**

## Putte Spel Net Moeilikheid

## Genesis 26:16-33

Ryk - ryker - rykste! Dit was die gang van Isak se lewe. En dit is ook die einste ding wat hom in onguns laat kom by die koning. Is dit nie snaaks nie, dat toe Isak met sy liegstories kom en vir Rebekka voorstel as sy suster, Abimelek hom maar net oor die vingers tik, en hom nog boonop daarvoor beloon en vir hom beskerming gee. Maar as hy die dag begin ryk word, word hy weggejaag. Isak se welvaart hou vir Abimelek ‘n baie groter bedreiging in as sy morele oortredings. Mense heg baie meer waarde aan materiële prestasie as morele waardes. By God is dit egter baie anders. Vir Hom is morele waardes onverhandelbaar.

Wat is in ‘n kurkdroë land jou kosbaarste besitting? Water, natuurlik! In ‘n land waar riviere, stroompies en fonteine ‘n bitter skaars ding is, is ‘n put met water in van onskatbare waarde. En hoe slaan jy iemand die seerste? Jy sny sy waterbron af! In hierdie geval, sy put. En dit is presies wat die “Filistyne” doen (nie werklik Filistyne nie). Wanneer Isak vir hulle ‘n bedreiging begin word, slaan hulle hom bitter

seer deur die putte wat Pa Abraham nog gegrawe het toe te gooi en sodoende sy water af te sny.

Wanneer Isak dan wegtrek van Abimelek af en by die Gerarspruit gaan kamp maak, is die eerste ding wat hy doen, om sy slawe aan te sê om die put in die droë bedding van die spruit weer oop te grawe. Tot hulle verbasing kry hulle daar baie sterk water. En nét daar begin die moeilikheid. Met groot begeerte in hulle oë kyk die manne van Gerar na daardie put met sy baie water. "Ons moet plan maak om dáárdie put in die hande te kry!" Begeerte is 'n gevaarlike ding! Dit kan tot lelike dinge lei. En dit is presies wat gebeur, en die manne van Gerar gaan eis die put vir hulleself op, al het hulle hom nie gegrawe nie.

Soos Pa Abraham is Isak 'n vredeliewende mens, en gelate gee hy die eienaarskap van die put op. Dit is immers nog nie sy land nie! Sy slawe word aangesê om 'n ander put te grawe. Die arme slawe was sékerlik moedeloos, want put grawe is harde werk. Hulle sal nóóit weer 'n put kry met soveel water nie! Maar hulle harde werk is nie verniet nie, en wanneer die put klaar is, is daar oorgenoeg water vir hulle vee. Maar weereens begeer die "Filistyne" daardie

oorvloedige put met sy inhoud, en Isak is genoodsaak om weereens te trek. Hierdie slag slaan hy tent op by Berseba. En uiteindelik laat die “Filistyne” hom daar in vrede. Jy sal seker onthou dat Abraham daar in Berseba ‘n put gegrawe het, en toe koop hy die put. Dit het met ander woorde sy heel eerste stukkie eiendom in hierdie land geword. Daar by die put het hy toe ook ‘n boom geplant, en daar het hy die Here aanbid. Dit is ook op hierdie plek waar die Here vir Abraham sy grootste toets óóit laat skryf het - die toets om sy seun Isak te gaan offer. Dit is hierdie einste plek met groot herinneringe vir Isak waarheen hy trek.

Isak se trek na Berseba, is een wat hy nooit sou vergeet nie. Daar aangekom, slaan hulle tent op. Daardie aand sit Isak by sy kampvuurtjie en dink aan die dag toe hy en Pa Abraham hiervandaan gegaan het na Moria, daardie verskriklike dag toe hy gedink het hy word lewendig geslag. O, hoe wonderlik het die Here daar voorsien!

Terwyl Isak nog sit en droom oor die gebeure uit sy kleintyd, kom daar ‘n stem, helder en duidelik: “**Ek is die God van jou vader Abraham.**” Isak word vervul met groot ontsag: “Die Here praat met my!”

“**Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou ‘n groot nageslag gee ter wille van My dienaar Abraham.**”

Die volgende dag bou Isak ‘n altaar en aanbid die Here, wat na al hierdie jare steeds getrou is en steeds aan hom dink ten spyte van al sy foute.

Isak sou later eers besef wat die Here se belofte aan hom daardie aand werklik inhou, want kort na hierdie verskyning van God aan hom, kry hy besoek van ‘n baie hoë afvaardiging. Koning Abimelek kom persoonlik na Isak se nederige tent om hom te kom spreek. Dieselfde koning wat hom, nie lank tevore nie uit sy stad weggejaag het, kom nou bakhand na Isak om te smeek vir ‘n ooreenkoms. Hy is duidelik baie bang vir Isak omdat hy gesien het hoe God vir Isak op die hande dra. “Moet ons asseblief nie aanval nie, behandel ons goed,” smeek die koning. Isak neem sy kans waar en slaan hom met ‘n paar bitsige woorde oor sy laakbare gedrag. En dan stem hy toe tot ‘n vredesverdrag, en hulle vier dit met ‘n heerlike maaltyd.

Isak word oorval met seëninge. En dit ten spyte van sy foute. Dit is beslis nie op eie verdienste

dat hierdie dinge met hom gebeur nie. Oor en oor word God se beloftes aan hom herhaal sodat hy dit nie sal vergeet nie. Oor en oor word God se beloftes ook aan my en jou herhaal sodat óns dit nooit sal vergeet nie. Net soos met Isak is daardie beloftes nie omdat óns so goed is nie, maar uit God se onverklaarbare genade alleen. Die vraag is: wat doen ons daaromtrent?

**Gebed:**

**Here, ek verstaan nie die genade wat U aan my bewys nie. My lewe is nie eers náástenby goed nie. Steeds oorlaai U my elke dag met ryke seëninge! Help my asseblief om ‘n beter kind vir U te wees, en om U gebooie beter uit te leef uit dankbaarheid vir wat U alles vir my doen.**

# Esau se Seën Gekaap

## Genesis 27:1-30

Isak en Rebekka se probleme met hulle twee seuns het met die jare al groter en groter geword. Die seuns het manne geword en toe Isak al ‘n stokou man was, besluit Esau om vir hom vrou te vat. Op veertig trou hy met ‘n Hetitiese meisie, tot groot ontsteltenis van Pa Isak. ‘n Heidense vrou kan net moeilikheid beteken! Om egter die saak te vererger, besluit Esau dat één vrou nie genoeg is vir hom nie, en hy vat vir hom nóg een, ook ‘n Hetiet. Die twee oumense is siek van bekommernis oor hulle seun, want dit gaan beslis sy geestelike ondergang beteken. Wat hulle egter nie wou besef nie, is dat hulle al lankal sélf verantwoordelik was vir hulle seun se ondergang met die manier wat hulle die kinders opgevoed het.

Op veertig was Mamma se seuntjie, Jakob egter nog ongetroud en beslis nog nie verlief nie. Hy het ál Ma se aandag gekry.

Isak was al stokoud, blind van ouderdom. Hy het gevoel dat sy einde nou nader kom, en dit het tyd geword dat hy die gebruiklike “sterfbed seën”

uitspreek voordat dit heeltemal te laat is. Die gebruik was dat al die kinders bymekaar geroep word en dat die sterwende Pa dan met almal teenwoordig aan elkeen ‘n spesifieke seën gee.

Nou weet ons natuurlik hoe Isak nog al die jare vir Esau voorgetrek het. En weereens beplan hy om vir oulaas hierdie liefling seun van hom baie spesiaal te seën. Teen alle gebruike in, wil hy vir Esau privaat sy seën gee. Maar eers het hy ‘n opdrag aan Esau: Sy lus vir ‘n stukkie wildsvleis het baie groot geword, en Esau moet eers vir hom ‘n bokkie gaan skiet en ‘n wildsgereg voorberei.

Maar mure het ore en tentmure is maar bitter dun. Rebekka kon natuurlik alles hoor wat daar gekonkel word. Sy skrik haar yskoud, en dan begin haar verstand oortyd werk. Sy kan nie toelaat dat Esau die seën, en daarmee saam natuurlik die eersgeboortereg kry nie. Die Here het mos destyds aan haar belowe dat Jakob die leierskap sal kry! Sy moet ‘n plan maak, en bitter gou, voordat dit te laat is. “Jakob!” roep sy haar seun. Sy vertel hom van haar dilemma. En dan skielik het sy helder en duidelik 'n plan. “Luister mooi Jakob!” Sy verduidelik dat hy twee vet bokkies moet gaan slag. “Maak gou!” Jakob wil

nog protesteer dat dit nie gaan werk nie, maar sy het klaar haar slinkse plannetjie agtermekaar. “En bring vir my hulle velletjies saam!”

Terwyl Jakob besig is om te slag, gaan kry Rebekka ’n stel van Esau se klere wat hy op ’n slag daar gelos het. “Trek aan!” Terwyl die gereg sy heerlike geur van kruie versprei, word Jakob “hervorm”. Die nat bokvelletjies word om die protesterende man se arms gedraai. Hy gril hom dood, maar Ma het ’n plan. Esau is ’n baie harige man, en as die blinde Isak aan Jakob raak, moet hy dink dat dit sy veldseun is. Rebekka wil dubbel seker maak dat iets nie dalk skeefloop nie, en so word daar nat bokvelletjies om Jakob se nek en hande ook vasgemaak.

Dan is die geurige gereg gereed, en Jakob in Esau’s-gewaad kom Pa Isak se tent binne met die watertand “wilds” gereg. Hy probeer sy bes om Esau se stem na te maak, maar dit is nie baie suksesvol nie. Pa Isak ruik lont: iets is nie reg nie! Dis mos Jakob hierdie! “Kom ‘n bietjie nader Seun!” Hy wil seker maak, want hy vertrou nie meer sy vrou Rebekka nie. Met kloppende hart tree Jakob nader. Gaan Ma se plan werk? As dit nie werk nie, is hier vandag báie groot moeilikheid.

Pa Isak vat aan Jakob se hande. “Dis baie snaaks,” dink Isak. Die hande is Esau s’n, harig en hard. Maar iets is verkeerd! “Jy is tóg Esau?” sê-vra Isak. “Ek is, Pa,” lieg Jakob. Dit voel vir Jakob soos ‘n ewigheid as Pa Isak smul aan die geurige gereg. En dan word Jakob nadergetrek en gesoen. As Isak sy seun Esau se klere ruik, die geur van bossies en die veld, dan haak dit die knoop deur, en alle twyfel is weg. Jakob kry die volle seën wat vir Esau bedoel is. Hy word geseën met rykdom en oorvloed en heerskappy. Sy eie familie en selfs sy broer sal die knie voor hom buig.

Die seën kom net-net betyds, want skaars is Jakob uit die tent uit, of Esau daag op in ‘n vrolike luim. “Uiteindelik - die seën!” jubel dit in die veldseun.

Hierdie verhaal laat jou met baie vrae: Het Isak reg opgetree om Esau “privaat” te seën? Nee, beslis nie. Maar wat van Rebekka? Wat sy gedoen het, is ‘n gekonkel! Sy kon haarself natuurlik verontskuldig deur te sê: “Maar Isak het óók gekonkel!” Dan was daar natuurlik ook die Godspraak veertig jaar tevore, toe sy nog swanger was met die twee. Wanneer jy ‘n etiese én ‘n teologiese verskoning het, het jy mos

genoeg rede om op te tree? Die doel heilig mos die middel? Skielik is dit nie meer Rebekka wat die slinkse persoon daar ver is nie. Dis ek en jy wat “goeie verskonings” het om sélf oneties op te tree.

Kom ons los maar liewer die verskonings en tree op in liefde soos Jesus ons geleer het. Die onreg kan ons in God se baie bekwame hande oorlaat. Rebekka het nie nodig gehad om te konkel nie, God sou reg laat geskied. Sy wou God egter so ‘n bietjie “aanhelp”. Moenie dat ek en jy vir God probeer “aanhelp” om Sy heilige doel te bereik nie. Hy is bekwaam om dit Sélf te doen. Doen maar net wat Hy van jou en my vra.

**Gebed: Here, ek staan baie skuldig as ek terug dink oor hoeveel keer ek al U werk vir U probeer doen het. Vergewe my daarvoor, en leer my om altyd in liefde op te tree.**

# Bedrog Deur Gelowiges

## Genesis 27:30-47

Mens voel gewalg oor die bedrogspul van die aardsvaders, Isak en Jakob. Isak spreek ‘n seën uit in die teenwoordigheid van die Here. Die Here word hier aangeroep en Sy gawes word aan die ontvanger (veronderstel om Esau te wees) belowe. Maar Isak spreek hierdie seën uit in die geheim. Waarom wil hy dit wegsteek? Omdat hy presies geweet het van die Godspraak wat Rebekka gekry het. Hy was deeglik bewus dat Jakob die regeerder sou wees, maar hy het nie hiermee saamgestem nie. Hy wou dit op sy eie manier doen en die mag vir Esau gee.

Jakob, aan die ander kant, wil die seën ontvang in die teenwoordigheid van die Here, maar hy doen dit met bedrog. ‘n Mens wil dit uitskreeu: “Maar hoe kón hulle? Hulle is dan die heilige voorvaders van die volk van God!”

Maar kom ons gaan dink ‘n bietjie mooi oor die saak: die Here word hier misbruik as 'n blote werktuig. Hy is maar net ‘n Naam om ander mense te manipuleer. Ons is ook dikwels in dieselfde situasie. Ons misbruik die heilige Naam van die Here om dinge te laat gebeur.

Dikwels word e-posse in die Naam van die Here misbruik om mense te beroof. Noem selfs reddende genade van Jesus om bedrog te pleeg. Ek het self al verskeie kere deurgeloop onder mense met ‘n hartverskeurende storie met soveel oortuiging in die Here se Naam om my te bedrieg.

Maar ek en jy moet lig loop daarvoor dat ons nie dalk dieselfde doen om ons doel te bereik nie!

Esau het Pa Isak se tent ingewals met ‘n lied in die hart en ‘n geurige wildsgereg om Pa in die regte luim te kry sodat sy seën baie goed sal wees. Maar baie spoedig verander die lied in ‘n donderstorm met erge reënbuie as hy uitvind dat sy broer hom bedrieg het en sy seën gesteel het. Hy skree van verbystering en woede, en sy gille vibreer deur die stil woestynlug. “Pa, seën my tog ook!” gil hy hard en bitter deur sy trane. Isak is baie ontsteld as hy verduidelik dat Jakob klaar die seën gekaap het. Met bedrog het hy Esau se seën weggevat, en nou bly daar niks oor nie. Wat gesê is, is klaar gesê!

‘n Mens se woorde het ‘n geweldige krag, baie groter as wat jy soms dink. Ons wil graag alles op skrif hê, want dan is dit bindend. Die

gesproke woord is egter nét so bindend. Kyk maar hoeveel opslae is daar nie al gemaak deur onbesonne uitsprake van hooggeplaastes nie! Ek kan skielik aan sommer 'n hele paar gróót name dink wat bitter kwetsende dinge baie onlangs kwytgeraak het. Maar dan is die dinge wat ons sélf sê in ‘n oomblik van onbedagsaamheid óók dikwels bitter kwetsend. Ons woorde kan iemand bitter seer maak.

“Het Pa nie nog ‘n seën vir my ook nie?” kerm Esau. “Het Pa dan net een seën?” Hy huil bitterlik: “Pa, seën my ook, Pa!”

En dan spreek Isak ‘n seën uit oor Esau, sy geliefde seun. Maar die seën klink meer na ‘n vloek wat hy oor hom uitspreek. Hy sal van oorlog leef en gebuk gaan onder die heerskappy van sy jonger broer, die een vir wie hy nou so haat. Armoede sal sy geselskap wees en die natuur sal sy rug op Esau draai.

Dit is ‘n donker prentjie wat vir Esau geskilder word. Wat veronderstel was om ‘n dag van groot vreugde te wees, verander vir hom in die ergste nagmerrie wat ‘n mens jou kan voorstel. Deur sy bitter trane deur sweer Esau dat hy sy broer gaan vermoor sodra Pa Isak in die graf is. Hy

gaan boet hiervoor!

Wanneer Rebekka hoor van Esau se wraakgedagtes, skrik sy haar yskoud. Jakob moet vlug, dis al genade! Die enigste plek waarvan sy weet wat veilig kan wees, is Haran waar sy vandaan kom. Daar het sy darem nog familie. Boetie Laban is nog daar, en hy is seker al ‘n welgestelde man met ‘n streep hubare dogters. As sy nou vir Jakob kan oorreed om daarheen te vlug, kan hy dalk wegkom van hierdie verleidelike Hetitiese meisies, en dalk met een van boetie Laban se dogters trou. Maar eers moet sy Isak gaan oorreed. Hoe gaan sy vir Isak so ver kry om uit eie vrye wil vir Jakob weg te stuur?

Wanneer Isak oor die ergste skok is en bedaar het, gaan Rebekka na haar man toe. Sy lyk baie ontsteld, en sy haal ‘n bitter seer saak aan, die een van Esau se Hetitiese vrouens: “Isak,” sê sy, baie opgewerk. “Ek is nou siek en sat vir hierdie Hetitiese vrouens van Esau.”

“Ja ou vrou, ek ook,” wil Isak nog sê, maar sy gee hom nie eers kans nie. “As Jakob óók met een van hulle trou, kan ek net sowel sterf!” Isak knik sy kop: hy stem saam met Rebekka.

“Wat sou jy voorstel? Wat moet ons doen Isak?” Dit is ‘n slim set van Rebekka om Isak die besluit te laat neem. Hy gaan haar help om Jakob te laat vlug vir Esau se wraak, en dit gaan lyk asof dit Isak se idee was.

Rebekka glimlag selfvoldaan as Isak reg in haar kraal speel: “Stuur die kind na Haran toe.”

“Bingo!” wil Rebekka uitroep. Haar liefling seun se lewe is gered.

**Gebed:**

**Here, plaas asseblief ‘n wag voor my mond, en bewaar my asseblief daarvan dat bedrog my hart vul.**

# Jakob die Vlugteling

## Genesis 28:1-10

Die kollig van ons verhaal verskuif nou na Jakob, die bedrieër, die vader van die volk Israel, die mens in konflik. Tydens sy geboorte was Jakob alreeds in konflik. Esau het sélf al in die minuut van sy geboorte die indruk geskep van iemand wat nog sy vuiste gaan swaai. Daardie bloedrooi harige lyfie van hom het net één ding gesê: "Pasop vir my!" Maar Jakob, slinks soos die houtjie van die galg kom hy van agter en gryp sy klein boetie aan die hakskeen.

Wanneer hy 'n jong man is, buit hy Broer Esau se nood uit wanneer Esau rasend van die honger uit die veld aangestrompel kom. Wanneer hy op sy kwesbaarste is, rokkel die geslepe Jakob sy eersgeboortereg af. En nou het hy so pas weer sy skelmstreke uitgehaal en op laakbare wyse vir sy pa gelieg en Esau se seën gesteel. Ons wil vra: "Wat kan tog van so 'n skelm man word?"

Vir oulaas probeer Pa Isak om tóg net 'n bietjie sin in sy seun se lewe in te praat. Wanneer sy bui gesak het oor die groot onreg wat Jakob hom aangedoen het, laat roep Isak vir hom. "Jy mag

nie met ‘n Kanaänietiese meisie trou nie, Jakob!” Wie weet, dalk sal Jakob nie dieselfde fout maak as Broer Esau nie. Hoe verpes hy nie Esau se heidense vrouens nie! Hy gee vir Jakob duidelike instruksies om na sy ma se broer Laban toe te gaan en met een van sy dogters te trou.

En dan gebeur die wonderlike: Ten spyte daarvan dat Isak al die jare vir Esau voorgetrek het, en ten spyte van die verfoeilike ding wat Jakob hom aangedoen het en die walglike manier wat hy vir sy pa gelieg het, seën Isak sy seun weer 'n slag: “God die Almagtige sal jou seën my seun.” Hierdie is sékerlik die laaste keer dat hy óóit weer sy seun sal sien. “God sal jou vrugbaar maak en jou ‘n groot nageslag gee, en Hy sal aan jou hierdie hele land gee as jou besitting.”

En so vertrek Jakob op die lang tog na Haran, ‘n tog wat hom drie maande sou neem. Nie alleen gaan hy vrou soek nie, maar hy moet so ver as moontlik wegkom van sy woedende broer Esau, anders is hy ‘n dooie Jakob.

Esau het intussen te hore gekom van hierdie gesprek en dat Jakob gevlug het. Hieroor was hy woedend! Maar iets anders het hom nog meer

ontstel: Hy het ook gehoor dat Isak-hulle nie sy twee vrouens goedkeur nie. Hy probeer die sakie regstel op sy eie manier, en gaan vat toe maar vir hom nóg ‘n vrou, een van sy oom Ismael se dogters, sodat een van sy harem darem so half in die familie is.

‘n Eensame vlugteling op pad na Haran, Jakob, bedrieër. Oupa Abraham het daarvandaan gekom as ‘n skatryk man en boonop vriend van God. Ma Rebekka het uit Haran gekom, oorlaai met geskenke en jubelend gelukkig. Jakob strompel voort na Haran, eensaam en met ‘n reuse skuld wat op sy skouers rus. Die prys vir sy bedrog is baie groter as wat hy óóit kon droom. Dit het na so ‘n goeie idee gelyk. Nou is hy egter ‘n weggeworpe vlugteling, voortvlugtend vir sy eie broer.

Wat maak jy met jou verkeerde besluite, met die dinge wat jy gedoen het wat ander mense bitterlik seergemaak het? Wat doen jy as jy selfs vir God bitterlik bedroef het? Vlug jy daarvoor? Die probleem is dat jou skuld soos ‘n skaduwee saam met jou trek. Die krimineel, Dirk Prinsloo, moes dit op die harde manier leer, toe hy gedink het hy vlug Rusland toe, want daar is hy weg van al sy probleme. Daar land hy toe egter in nog ‘n

groter moeilikheid! Jy kan nie vir sonde wegvlug nie.

Jakob het net een troos gehad: Pa Isak se seën! "God is by my," sê hy dit die hele tyd vir homself. "God is darem nog by my......" Maar Jakob is sélf ook nie eers so seker of God werklik nog by hom is, en of God ooit nog in hom, die skelm hakskeengryper sou belangstel nie.

Mamma se seuntjie, Jakob was sy lewe lank 'n huismens. Anders as boetie Esau wat heeldag lank in die veld geboer het, het Jakob homself besig gehou in die kooktent saam met Ma Rebekka. En nou pluk hy die wrange vrugte daarvan, want hierdie tog van hom is nie maklik nie. Hy is nie gewoond daaraan om heeldag lank in die son te wees nie, en sy sagte voetjies is teen die eerste middag al seer geloop. Hy sug swaar. Hoe ver nog?

Wanneer die son begin sak, besluit hy dat dit genoeg is vir een dag. Hy het niks by hom nie, nie eers 'n tent om in te slaap of 'n kussing vir sy kop nie. "Hoe gaan ek hierdie lang pad oorleef?" Hy soek vir hom 'n plekkie uit om sy seer liggaam vir die nag neer te lê. Genadiglik kry hy darem 'n plat, gladde klip in die hande wat hy

onder sy kop kan sit. Mens wil darem nie dat die oorkruipers en goeters in jou hare kom nesskrop nie!

Hy gaan lê met die maan en miljoene sterre wat vir die eerste keer in sy lewe sy tentdak is, en verwonder hom aan die skoonheid daarvan. Jakob sug swaar. En dan oorval die slaap hom, ‘n diepe slaap onder die hemelkoepel, God se groot skepping. Dan gebeur iets wat Jakob in sy lewe nooit sou kon vergeet nie......

**Gebed:**

**Here, soos Jakob het ek ook dikwels ‘n swaar las van sonde op my skouers. Dankie dat ek vandag kan weet dat U Seun Jesus alreeds ál my sondes vergewe het en elke minuut van die dag by my is.**

**Immanuel - God-Met-Ons!**

**Genesis 28:11-22**

Jakob is fisies en emosioneel totaal uitgeput as hy sy moeë liggaam op die harde grond neerlê, sy kop op ‘n plat klip. Dit was maar die eerste dag van sy drie maande lang reis, en hy voel al só! Hoe gaan hy dit óóit oorleef? Genadiglik kom die slaap feitlik oombliklik. En dan droom Jakob. Maar hierdie is nie sommer enige deurmekaar droom waarin al die opgehoopte spanning van die afgelope tyd ontlaai nie. Hierdie droom is klokhelder, en elke klein detail is so duidelik soos die werklikheid sélf.

Jakob droom dat hy staan voor ‘n stel trappe wat hier voor hom geanker is, trappe op na daar bo iewers. Hy rek sy nek om te sien waarheen hierdie eienaardige trappe lei. Op en op en op gaan die trappe tot reg in die hemel in. Maar die eienaardige is dat daar engele met die trappe op en af klim, skares van engele, oral op die leer.

Terwyl Jakob hom nog so staan en verwonder oor hierdie eienaardige leer, staan God Sélf, persoonlik hier langs Jakob. Hy skrik hom natuurlik byna dood. Het die Here nou uit die hemel afgekom om Hom, Jakob,

Hakskeengryper, bedrieër te kom veroordeel? Hy mag dalk vir Esau se wraak kon vlug, maar nou het God hom gekry, vir hom, Jakob die skelm wat sy broer se erfporsie én sy seën gesteel het. God het hom wat vir sy pa gelieg het en hom boonop op verraderlike wyse mislei het, hom wat tweespalt gesaai het in die gesin van God, gekry. Vandag is die dag dat God se oordeel hom verteer!

Maar dan kom die verrassende: God veroordeel nie, maar Hy kom maak beloftes aan Jakob. Die man kan nie glo wat hy hoor nie! Die Here kom belowe hom die grond waarop hy lê, vir hom en sy nageslag. Daar sal ‘n nageslag wees? Beslis! So baie soos die stof van die aarde! En dan belowe God boonop dat Hy vir Jakob sal beskerm. Hy hoef dus gladnie so bang te wees nie! En as hierdie grond syne is, dan beteken dit mos dat hy gaan terugkeer na sy geboortegrond, is dit nie?

Jakob ontdek ‘n wonderlike ding: hy ontdek dat God baie groter is as wat ons dink, as wat ons menslike verstand kan begryp. Hy ontdek dat God nie is soos baie mense Hom voorstel nie, ‘n God wat net kyk waar Hy mense kan straf en veroordeel nie. Ons wil God visualiseer in terme

van ons eie menslike gebeurtenisse. Maar God kan nóóit gemeet word aan ons menslike paradigmas nie. Hy is só anders as ons en Hy dink so verrassend anders. Hy ken ons elke diepste, fynste gevoel en gedagte. Ja, God het presies geweet van Jakob se stryd, sy wroeging. Hy het natúúrlik geweet dat Jakob alreeds besig was om die duur prys te betaal vir sy wandade. Daarom kom Hy nie met 'n sambok en gee hom nog verder pak nie. Inteendeel, Hy kom bemoedig vir Jakob op die oomblik wat hy dit die nodigste het.

Skielik skrik Jakob wakker, sopnat gesweet. Dis pikdonker. Hy spring regop. Die trappe na die hemel is weg, en ook die duisende engele. En God - waar is God? Hy tas in die donker rond, maar daar is niks! Net die oorverdowende stilte! Jakob se hart klop in sy keel. Hy bewe van angs. "Ek het God ontmoet! Ek het nooit besef dat God hier ook is nie. Ek het gedink dat Hy net daar by Pa Isak rond is!" Die res van die nag ontwyk die slaap vir Jakob. Hy is te ontsteld om te slaap. "Hierdie is die poort na die hemel! Dit moet die plek wees waar God woon!"

As die son se eerste strale die lug rooi verkleur, bou Jakob 'n monument vir die Here. Vol ontsag

neem hy die klip wat die nag onder sy kop was, en sit hom regop neer. Sy bietjie kosbare olie word gebruik om die klip te salf. Plegtig noem hy die plek “Bet-El” - huis van God. Hierdie klippilaar sal ‘n getuie wees van sy héél eerste ontmoeting met God. Dan val Jakob neer in gebed voor God: “As U, o God by my is en my beskerm en my terugbring na my ouerhuis, sal U my Here, my God wees. Van alles wat U my gee, sal ek vir U ‘n tiende gee.”

Na ‘n ontmoeting met God is géén mens ooit weer dieselfde nie. Jakob, die vlugteling het Jakob die pelgrim geword, ‘n man met ‘n missie. ‘n Man wat in totale onverskilligheid teenoor God en sy medemens geleef het, word iemand wat Geloftes maak aan God en ‘n herinneringspilaar vir Hom oprig.

Wat nutteloos om jou was, kry skielik nuwe betekenis wanneer jy die Here ontmoet. Alles om jou verander, en jy begin met splinternuwe oë na dinge kyk. En skielik ontdek jy dat God nie maar vasgevang is in die een of ander kerkgebou nie, maar dat Hy oral is waar jy is. Jakob het ontdek dat God “Immanuel” is, God-Met-Ons. Op sy drie maande-lange reis na Haran sou God tree-vir-tree saam met hom stap. Baie jare later word dit

nog baie duideliker wanneer Jesus gebore word, en vir ‘n kort rukkie kon mense fisies hierdie Immanuel-konsep ervaar. Vandag weet ons as gelowiges dat Jesus steeds Immanuel is, en al kan ons dit nie verstaan nie, kan ons tóg weet en dit ervaar dat Hy elke tree van die lewenspad saam met ons stap. In Matt 1:23 word dit duidelik uitgespel, en regdeur die Nuwe Testament lees ons dit, tot in Openbaring 21:3. Soos wat Jakob dit daardie nag ervaar het, so is Jesus vandag aan ons sy!

**Gebed:**

**Here, soos Jakob voor U neergeval het in aanbidding, wil ek ook vandag voor U neerval. Maar nie in vrees en bewing nie, maar in dankbaarheid en blydskap omdat U Immanuel is, God-Met-My!**

# Einde Van Die Pad

## Genesis 29:1-12

By Bet-El ontmoet Jakob vir die eerste keer die Here. En dan is dit in werklikheid die begin van Jakob se lewensreis, ‘n reis wat begin met ‘n drie maande lange tog, stoksielalleen deur die dorre woestyn. Snags lê Jakob en droom van ‘n beeldskone meisie wat vir hom wag in Haran. Daar het Oupa Abraham sy vrou gekry, en hulle sê dat sy beeldskoon en begeerlik was, selfs toe sy al stokoud was. Moeilik om te glo! Ja, en Pa Isak het ook in Haran sy vrou gekry, ma Rebekka. En ook sy was ‘n beeldskone vrou, sy is vandag nog steeds! Hoe gaan die vrou lyk wat vir hom, Jakob, daar in Haran wag? Dit lyk asof al die meisies daar beeldskoon is! Natúúrlik gaan syne ook so mooi wees soos Pa en Oupa s’n!

Die pad sleep pynlik langdradig verby, en boonop is Jakob se sawwe voetjies nie gewoond aan ver loop nie. Die eerste week van die reis is, om die minste te sê, ‘n pyniging. Daarna begin dit so half beter gaan, en Jakob begin die stappery gewoond raak. Drie lang maande sleep verby. Gaan Haran dan nooit opduik nie? Jakob het geweet dat dit ver is, maar só ver! Dit het hy

nooit kon droom nie.

En dan, skielik, as Jakob oor ‘n sandduin kom, is daar ‘n groenigheid hier vlakvoor hom. Hy loop hom vas in ‘n groot trop skape en bokke. En daar is ‘n put! Jakob is oorstelp van vreugde. Jy loop nie elke dag hier in die woestynwêreld in ‘n put vas nie. Maar snaaks genoeg is dit nog maar vroegmiddag, waarom sou die veewagters dan nou al hierdie tyd van die dag met hulle kleinvee by ‘n put sit en wag?

En dan merk hy dit: Op die bek van die put lê ‘n groot plat klip wat dit verseël. Die wagters verduidelik: “Ons wag tot al die vee van die omgewing hier is, dan maak ons die put oop en laat hulle suip.”

“Simpele klomp!” dink Jakob in sy stilligheid “Waarom laat hulle nie die vee wei tot dit tyd is om die put oop te maak nie? Hulle verwaarloos mos hulle skape!”

“Waarvandaan kom julle?” wil Jakob weet, en dan gee sy hart ‘n bokspring as hulle beduie dat hulle van Haran af is. “Haran!” juig dit in Jakob se binneste, “Haran! Ek het dit toe tóg uiteindelik gemaak tot by Haran!”

“Julle ken nie dalk vir Laban nie?” vra Jakob uit.

“Hy is ‘n kleinseun van Nahor.....”

“O ja, almal hier rond ken hom maar al te goed,” lag hulle. “Dit is nou juis sy jongste dogter, Ragel wat daar onder aankom met sy vee.” Een van die manne beduie na ‘n trop skape wat stof opskop in die vlakte. “’n Mooie meisiekind,” sug een ou kêrel. “Sal nie omgee as sy myne was nie....”

Jakob vervies hom vir die manne wat rondlê en niksdoen, en dit terwyl hulle skape merkbaar nog nie genoeg kos gehad het vir die dag nie. Hy weet nie veel van boerdery af nie, maar hy kan duidelik sien wanneer dinge verkeerd gedoen word. “Laat suip julle vee, en gee hulle kans om nog te wei!” Jakob is omgekrap. “Nee, dinge word nie so gedoen hier rond nie,” protesteer hulle.

En dan daag Ragel op met haar pa se skape. Jakob kan sy oë nie glo as hy die skoonheid van hierdie skaapwagtertjie aanskou nie. Dit is liefde met eerste oogopslag. “Daar waar ek vandaan kom is daar nie sulke mooi goed nie,” dink hy. Drie maande van oorlewing in die woestyn het Jakob se sagte kombuishandjies hard en taai gemaak. Met brute krag rol hy vir Ragel die klip

van die put se bek af sodat haar vee kan suip.

“Jy is Ragel, Laban se dogter?” stamel Jakob. Sy glimlag en knik haar kop instemmend, en haar oë skitter betowerend soos sterre. Tot haar verbasing gryp hierdie vreemdeling haar, en nog voordat sy tot haar sinne kan kom, soen hy haar. En dan kan Jakob sy emosies nie meer beteuel nie, en hy bars in trane uit. “Uiteindelik het ek jou gekry,” snik die man dit uit, sodat Ragel half verleë daar staan en nie weet wat om te doen nie.

En dan, as Jakob sy stem terugkry, begin hy vir haar verduidelik. Hy kom van baie, baie ver af, en hy is naarstigtelik op soek na sy familie. En hier het hy hulle nou gekry. “Jou pa en my ma is broer en suster,” begin hy familie uitlê. “Sestig jaar gelede het my oupa Abraham iemand gestuur hier na Haran toe om vir my pa ‘n vrou te kom haal. Daardie vrou is jou pa, Laban se suster.”

Ragel gaap die man aan. Sy kan nie glo dat enigiemand soveel moeite sal doen vir familie nie. Sy spring op, los haar skape nét daar by die put en hardloop so vinnig sy kan om vir haar pa die nuus te gaan vertel. Jakob het aan die einde

van sy reis gekom!

Ons het ook twee weke gelede aan die einde van ‘n reis gekom. die jaar 2017 lê op sy rug. Maar die einde van ‘n reis beteken ook die begin van ‘n splinternuwe reis. Vir Jakob het dit die begin van ’n totaal nuwe lewe beteken. Die nuwe jaar hou splinternuwe uitdagings vir jou en my in. Kom ons begin ons nuwe reis soos Jakob, saam met die Here. Kom ons pak ons 2018 reis aan met Jesus as ons reisgenoot. Jakob wou bitter graag die verlede vergeet, en met alle ywer die nuwe lewe aanpak. Ons kan dieselfde doen. Vergeet van wat verby is, en pak die nuwe lewe aan met die oog gevestig op Jesus.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U met my is op hierdie lewensreis. Laat elke dag asseblief vir my ‘n splinternuwe begin wees.**

# Jakob kry van sy Eie Medisyne

## Genesis 29:12-30

Wanneer Jakob vir Rachel ontmoet, hardloop sy vinnig terug om vir Pa Laban te vertel van die ontmoeting. Jakob staan nog en wonder oor hierdie verleidelike skaapwagtertjie, toe hy ‘n ander spektakel sien, ‘n stokou man wat reguit na hom toe aangehardloop kom. “Laban,” beduie die herders wat steeds daar rondlê.

Dalk het Laban onthou van die vorige keer toe iemand daar uit Oom Abraham se wêreld gekom het, dat hy sakke vol goud en ander kosbaarhede saamgebring het. Maar die mannetjie wat hy vanmiddag hier by die put kry lyk maar bra verwaarloos. En waar is al sy kamele en bagasie dan? Lyk of hy al die pad uit Kanaän geloop het!

As Laban sy asem terugkry, begin hy uitvra: “Wie is jy nou eintlik? En wie is jou pa en jou oupa en jou oupagrootjie? Hoe steek die familie inmekaar?” Jakob moet mooi verduidelik en stambome uitlê. Laban is tevrede: “Nou maar kom saam huis toe, daar is slaapplek vir jou.”

Jakob se kuiertjie rek uit na ‘n volle maand, en Laban begin kriewelrig raak. “Hoe lank gaan die

kêreltjie nog bly?” Maar intussen het Jakob net één ding in sy kop: daardie verruklike dogter van Oom Laban, Ragel. Haar ouer sussie, Lea, het die mooiste sagte oë, soos diep waterpoele. Maar sy is nou nie juis wat jy sou bestempel as ‘n olieverfskildery nie. Haar oë pas gladnie by die res nie. Jakob het klaar besluit: “Vir Ragel wil ek hê as my vrou!”

Laban het agtergekom dat Jakob nie ‘n sent op sy naam het nie. Hy is half teleurgesteld. Maar hy sien gou dat daar nie ‘n ding verkeerd staan vir die mannetjie se twee hande nie, flukse kêrel! Hierdie mannetjie kan baie nuttig wees hier rond. “Wil jy nie vir my kom werk nie?” Jakob lyk ingenome met die idee. “Wat moet ek jou betaal?”

Laban trap reg in die strik, en Jakob kan sy geluk nie glo nie. “Jou dogter,” gryp Jakob die geleentheid aan met albei hande. “Jou jongste, Ragel!”

Laban val amper van sy stoel af. Hoe gaan hy uit hierdie penarie kom? Lea is die oudste, en sy moet eerste getroud kom - sit al hoeka op die rak, want niemand wil haar hê nie. Dan dink hy aan ‘n briljante plan: As hy vir Jakob sê dat hy

sewe jaar lank vir Ragel moet werk, sal Jakob beslis tweekeer dink oor die aanbod. Maar Laban het nie rekening gehou met die sterretjies in Jakob se oë nie. “Ek aanvaar dit! Dankie Oom Laban!”

Sewe jaar is ‘n lang tyd om te werk vir jou bruid. Maar vir Jakob het dit verby gevlieg soos ‘n gedagte. Voor Jakob sy oë kon uitvee, was die tyd verby. Maar toe sit Laban met ‘n reuse dilemma. Nog steeds het Lea nie ‘n man nie, en sy is nou al lankal verby die “Verkoop-teen” datum. Nou moet hy ‘n plan maak. Maar wat? Jakob het klaar sewe jaar gewerk vir Ragel - hy kan mos nie nou op sy woord teruggaan nie? Maar tradisie skryf voor dat die oudste dogter eerste moet trou, en daar kan hy nie verby kom nie!

Maar Laban het ‘n slinkse plan.

Die bruilof word gereël en Jakob is in die sewende hemel. “Uiteindelik!” bokspring sy hart. Gaste kom van heinde en verre en dit is gróót makitie. Daar word gedans, gedrink, geëet, gesing en musiek gemaak tot laatnag toe. En dan kom die huweliksnag, die nag waarop Jakob al sy hele lewe lank wag. Volgens tradisie word

Jakob onder groot gejuig begelei na sy tent toe om daar te wag op sy bruid. Terwyl hy daar in die halfdonker sit met ‘n hart wat in sy keel klop, doen die slinkse Laban ‘n liederlike ding. Ragel word aangesê om elders te wag, en hy gryp vir Lea en sleep haar in Jakob se kamer in. “Vannag is jy Ragel!” sis hy in haar oor. “Óf jy is dood!” In die donker is Jakob se passie vir sy bruid so groot, dat hy nooit eers agterkom dat dit die verkeerde bruid is nie. Die volgende oggend kry hy die grootste skok van sy lewe. Hy is bedrieg! Woedend storm hy die tent uit op soek na skoonpa Laban. “Wat het jy gedoen? Jy het my bedrieg!”

Laban haal net sy skouers op: “Tradisie..... Maar ek sal jou tegemoetkom. Jy kan Ragel óók kry oor ‘n week as jy nog sewe jaar vir my werk.” Jakob wil die man vermoor, maar hy het nie juis ‘n keuse nie, en Laban lag in sy binneste: Jakob is ‘n baie goeie werker! Hy het Laban al skatryk gemaak! Nou kan hy hom vir nog sewe jaar behou. En boonop het Lea getroud gekom!

Ons het agtergekom dat Jakob nie een is wat tradisies handhaaf nie. Sy ouer broer se eersgeboortereg en seën het hy gesteel. Téén tradisie in het hy die put oopgemaak vir Ragel.

Teen álle tradisie in het hy met die jongste dogter getrou, ensovoorts. Soms is tradisies nodig, maar ander kere lê dit jou aan bande. Om tradisies te verbreek, kan bevrydend wees. Maar jy moet baie mooi dink op watter wyse jy dit gaan doen, want dit kan mense dikwels baie seer maak.

Wanneer Jakob weereens ‘n tradisie wil verbreek, kry hy van sy eie medisyne terug. Al die jare was hy die hakskeengryper, die bedrieër. Nou het hy die slagoffer geword.

Kom ons gaan hierdie nuwe jaar binne en los die bedrog agter. En kom ons behou die goeie tradisies, en verander die slegtes met groot omsigtigheid.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek na U kan opkyk vir leiding oor hoe om met tradisies om te gaan.**

## Twee Vroue Spel Moeilikheid

## Genesis 29:31 - 30:24

Jakob se bedrog teenoor sy broer en sy pa het ernstige gevolge gehad. Dit het die gesin uitmekaar geskeur. Dit het veroorsaak dat Esau gevul is met wraakgedagtes, en dat hy selfs bereid was om moord te pleeg. Dit het gemaak dat Jakob moes vlug vir sy lewe, en dat hy nooit weer sy ouers sou sien nie. Sy bedrog het bittere hartseer veroorsaak.

Maar nou was dit Jakob se beurt om van dieselfde bitter medisyne terug te kry. Laban bedrieg hom deur vir hom die verkeerde vrou te gee, en weereens het hierdie bedrog ernstige gevolge, dié slag vir Jakob se huwelikslewe. Weliswaar kry Jakob twee vrouens in die transaksie, maar reg van dag een af is daar probleme as die twee sussies skielik mededingers word om Jakob se liefde. Jakob kan homself net eenvoudig nie vereenselwig met die gedagte dat hy bedrieg is met Lea nie, en die gevolg is dat hy haar nooit kon liefkry nie. Genesis 29 en 30 vertel hoedat Lea smag na liefde, maar dat dit haar deurentyd ontglip. Dit maak nie saak hoe hard sy probeer nie, Jakob

het nie sy vrou lief nie.

Die vraag wat dikwels in ons gedagtes opkom, is of poligamie verkeerd is? Ons sien oral hoedat die groot manne uit die geskiedenis meer as een vrou gehad het. Die groot Psalmdigter, Dawid het ‘n string gehad, en die liefdesanger, Salomo het nie minder nie as ‘n duisend vrouens gehad! Dit gaan my verstand totaal te bowe hoe hy met hulle kon huishou. Het hy ooit al sy vrouens geken? Die feit is egter dat hierdie soort huwelike nêrens verbied word nie. Wat ons egter baie duidelik in die Bybel lees omtrent hierdie huwelike is die konflik wat dit keer op keer meebring. Om enkele voorbeelde te noem: Lameg, Abraham, Elkana (die pa van Samuel), Dawid, Salomo. Ja, sy baie vroue het uiteindelik sy totale ondergang beteken!

In die verhaal van Jakob en sy twee vrouens, word die dubbele huwelik nie as sulks deur God afgekeur nie, maar sy hantering van die huwelik word ‘n probleem. Jakob was in ‘n situasie geplaas waaroor hy nie veel beheer gehad het nie. Dit was sy verantwoordelikheid om hierdie situasie te hanteer op ‘n liefdevolle wyse. Hy misbruik egter die geleentheid en verander dit in ‘n verleentheid.

Die vraag wat ons onsself moet afvra, is hoe ons situasies hanteer wat nie baie gunstig is nie? Ek word in ‘n werksituasie geplaas waar die baas mislik is met my. Hoe hanteer ek dit? As ek deel is van God se gemeenskap, sal ek beslis nie reageer deur sy kwaad met kwaad te vergeld nie. Dikwels kom sulke slegte situasies juis oor ons pad om ons die geleentheid te gee om God se liefde aan die wêreld te wys deur die verleentheid te verander in ‘n getuienis-geleentheid. Deur byvoorbeeld Christus-liefde uit te leef teenoor jou mislike baas, mag jy dalk net die instrument wees wat die situasie totaal kan verander, nie net vir jouself nie maar ook vir jou mede-werknemers.

Jakob het egter die toets totaal gedop. God het Jakob se liefdeloosheid teenoor Lea raakgesien, en Hy keer die rolle om. Omdat slegs Ragel liefde kry en Lea niks, kry slegs Lea kinders en Ragel niks. Die een suster smag na liefde en die ander na moederskap. Dit maak Jakob, Lea én Ragel moedeloos en later desperaat.

Ons moet versigtig wees om dit nie as ’n straf te sien op Ragel nie, maar ’n middel om Jakob tot nadenke te dwing. Jakob is egter vasgevang in die konflik tussen die twee vroue, en hy sal daar

vasgevang bly omdat hy toelaat dat hy deel bly van die probleem, en totdat hy die kern oplos, sal hy die probleem nooit oplos nie.

“Gee vir my seuns!” is Ragel se wanhoopskreet eendag aan Jakob, en hy kap terug met: “Kan ek God se werk oorneem?” Dan besluit Ragel dat surrogaatmoederskap die enigste uitweg is. Haar slavin, Bilha word gebruik om vir haar ‘n kind te gee uit pure radeloosheid. Dit gee haar egter steeds nie die bevrediging van ware moederskap nie. Lea reageer deur ook háár slavin, Silpa te gebruik om nog méér kinders vir Jakob te gee! Dalk wen sy op só 'n manier sy liefde. Later span Ragel selfs ‘n ou “Boereraat” in, die stimulant liefdesappels, wat sy by Lea ruil vir ’n nag saam met Jakob. Dit verander egter nie die situasie nie, en die ellende word net erger en erger.

Uiteindelik kom daar tóg ‘n verandering in Ragel se ellende, wanneer God ingryp en vir haar ‘n seun gee. Ten spyte van Jakob se hardkoppige vasklou aan sy sonde, bring God ‘n draaipunt, en hy gee vir Ragel hoop met die geboorte van haar eersteling, Josef. God sou later nog hierdie seuntjie gebruik om die splinternuwe volk Israel te red van ‘n gewisse hongerdood. Maar eers sou daar nog baie water in die see loop.

Vandag wil die Here by my en jou pleit om nie soos Jakob te wees nie, maar om Sy liefde uit te leef op alle terreine van die lewe, teenoor alle mense, ten spyte van omstandighede waarin ons dalk mag beland.

**Gebed:**

**Here, ek bely dat ek ook dikwels soos Jakob kwaad is oor my omstandighede, en dit dan op onskuldige mense wil uithaal. Help my asseblief om bo my omstandighede uit te styg en U liefde uit te leef.**

# Skelmstreke Werk Nie

## Genesis 30:25-43

Veertien jaar lank het Jakob vir Laban gewerk. Wat was sy loon? Twee vrouens wat jaloers was op mekaar! En boonop het hulle vir Jakob meer ergernis besorg as vreugde. En hier sit hy nou in die vreemde! Maar wie is hierdie "sukkelaar" dan? Hy is Jakob, kleinseun van die ryker-as-skatryk Abraham. Hy is die draer van die belofte wat God aan Abraham gemaak het! Teen hierdie tyd moes Jakob al ‘n groot “grondbaron” gewees het met rykdom wat hy nie kon tel nie. Maar hy is nie! Inteendeel, hy is brandarm, met net ‘n deel van die Here se belofte, ‘n nageslag. Ja, Jakob het letterlik kinders by die dosyne, maar hy besit nie eers ‘n huis nie!

Wat ons egter wél van Jakob kan sê, is dat hy vir die eerste keer in sy lewe die eerbare ding doen om sy verpligtinge teenoor skoonpa Laban na te kom en die volle veertien jaar te werk vir hom. Maar nou is daardie tyd verby, en Jakob sien uit daarna om ‘n slaggie iets vir homself te doen, om dalk sy eie huis te bou. Om veertien jaar lank vir iemand anders vee op te pas is nou nie juis elke man se droom nie!

Laban skrik hom asvaal as Jakob die nuus breek, dat dit tyd geword het om aan te beweeg. Anders as die slawe wat vir hom werk, en sy vee verwaarloos, het Jakob in hierdie tyd vooruit geboer en vir ou Laban skatryk gemaak. Die misrabele ou kuddetjie brandsiek skape wat Jakob daardie eerste dag by die put gekry het, het aangegroei tot een van die grootste kuddes spogskape in die omgewing, iets om op trots te wees. “Wat gaan van al my vee word as Jakob wegtrek?” wonder Laban.

En dan soebat Laban dat Jakob tóg maar aanbly, want hy sien hoedat die Here hom seën deur Jakob. “Besluit jy sélf maar wat ek jou moet betaal om aan te bly,” smeek Laban, “ek sal betaal nét wat jy vra”.

Jakob het baie mooi oor hierdie wending van sake nagedink, en dan kom hy met ‘n baie slim voorstel: hy sal werk vir ‘n gedeelte van die aanteelvee. Al die wit skape en swart of bruin bokke sal Laban s’n wees, en die bontes Jakob s’n. Laban is ingenome met hierdie voorstel, want hy weet dat die skape van daardie streek deur die bank wit is en die bokke bruin of swart, en dat slegs ‘n klein persentasie bont is. “Akkoord!” sê Laban, maar die skelm ou man het

al klaar weer ‘n slinkse plannetjie in sy kop.

Daardie aand gaan keer Laban al die bont skape en bokke in die trop uit en stuur sy seuns met die diere om hulle drie dae ver te gaan oppas sodat hulle nie naby die wittes kan kom nie. Hoeveel bont lammers kan daar tog nou gebore word uit ‘n trop spierwit skape? Jakob gaan maar bitter min uit hierdie transaksie kry, dáárvoor sal hy wat Laban is sorg! Mens kan maar sê dat die arme Jakob alwéér aan die agterspeen moet suig!

Maar veertien jaar agter ‘n trop skape het Jakob iets geleer van hoe dinge werk. Hy stuur ‘n teelprogram van stapel wat hom waarborg dat die grootste meerderheid van lammers bont gaan wees. Boonop span hy al die kundigheid en ervaring wat hy oor die jare opgebou het in om te sorg dat die bont skape en bokke die sterk diere is en die wittes die swakker diere. Vandag se veeboere sal dalk lag vir Jakob se metodes om spesifieke resultate uit sy teeltrop te kry. Die feit is egter dat die Here dit vir Jakob voorspoedig gemaak het en dat die vernuf wat hy aan die dag gelê het deur die Here beloon is. Het die Here nie immers vir Jakob voorspoed beloof nie? En nou kry hy dit ten spyte van al

Laban se pogings om dit te dwarsboom.

Verslae en magteloos moet Laban sit en toekyk hoedat Jakob vooruit boer in die lewe en hoe sy eie besittings al minder raak. Sy slinkse plan het gefaal! Sy skelmstreke het hom absoluut niks in die sak gebring nie.

Ons moet besef dat Bybelverhale nie maar net mooi stories is nie. Dit is die Woord van God, en Hy maak dit vir ons lewend wanneer die Heilige Gees uit die verhale met ons praat. Dit is nie maar net ‘n verhaal wat 4000 jaar gelede afgespeel het nie. Moontlik wil die Here uit hierdie verhaal vir jou sê dat deur maar net agteroor te sit en te wag dat die genade van die Here oor jou spoel, nie ál is wat jy nodig het nie. Hy wil juis hê dat ons kundigheid moet opbou en slim sal leer. Dat ek die kundigheid na die beste van my vermoë sal gebruik in die lewe, nie alleen om God se Koninkryk te bou nie, maar ook vir myself en my medemens. Moenie jou talente onder ‘n maatemmer wegsteek nie, gebruik hulle!

Of moontlik wil die Here vir jou sê uit hierdie storie dat oneerlikheid nie werk nie. Op die oog af mag dit dalk na ‘n slim plan lyk, en mense

mag jou dalk nie uitvang nie, maar ons moet dit baie deeglik besef dat ons absoluut niks vir die Here kan wegsteek nie. Wees eerlik! Met jouself, met ander mense en veral met God.

**Gebed:**

**Here, tot my groot verleentheid moet ek vandag bely dat ek al soveel skelm plannetjies gemaak het, en gehoop het dat niemand daarvan sal weet nie. U weet Here! Vergewe my asseblief, en help my om my talente ten volle te gebruik.**

# Ons Trek!

## Genesis 31:1-18

Laban is ‘n bekommerde man: stukkie-vir-stukkie sien hy hoedat sy rykdom besig is om te kwyn. Hy het veertien jaar van ongekende voorspoed beleef toe Jakob sy veekuddes bestuur het, maar sedert sy ooreenkoms met Jakob is dit nou Jakob wat besig is om vooruit te boer en sy eie kudde wat krimp. Hy het elke skelmstreek in die boek probeer om die gang van sake om te keer, maar elke keer loop dinge net vir hom skeef. En boonop is sy seuns nou ook al baie ongeduldig, want hulle het gedink dat hulle ‘n reuse erfporsie sou kry toe Jakob so gewoel het met die teelprogram. Maar nou sien hulle hoedat hulle erfporsie al kleiner en kleiner word. En dit is alles daardie Jakob se skuld! Hy het hier aangekom met net die klere aan sy lyf, en kyk net waar sit hy nou! Stinkryk! Elke sent wat hy gemaak het, het hy ten koste van hulle en hulle arme pa gemaak!

Jakob kan voel hoe hulle oë hom brand. Boonop het Skoonpa die afgelope ruk baie stug geword teenoor hom. Daar is niks meer van lekker gesels saans om die kampvuur nie. Jakob voel

die ongemaklikheid aan, die lug is so dik, jy kan dit met ‘n mes sny as hulle bymekaar is.

En dan, een nag gebeur daardie wonderlike ding. Jakob droom, maar dit is nie ‘n gewone droom nie. Hierdie droom is so helder soos die werklikheid, asof alles in die lewe voor hom afspeel. Wanneer Jakob wakker skrik is hy sopnat gesweet, en nét daar val hy in aanbidding neer voor God, want hy het in die droom vir God persoonlik gesien, net soos daardie nag by Bet-El toe hy die leer gesien het, en God met hom kom gesels het.

In Jakob se droom het hy die onmiskenbare Stem van die Engel van God gehoor. (Die Engel van God is natuurlik nie ‘n engel nie, maar die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid, naamlik Jesus, die Seun van God). “Jakob”, het die Stem geroep, en toe antwoord Jakob: “Hier is ek!”

Soos by elke vorige geleentheid waar God op só ‘n wyse aan iemand verskyn het, was hierdie ook ‘n baie belangrike saak, want die opdrag wat God aan Jakob sou gee, sou die ganse gang van die geskiedenis verander. Alles moes in plek gestel word sodat die Messias tweeduisend jaar

later in Betlehem gebore kon word en op Golgota die finale offer kon bring om die mensdom te bevry van die sondebande. “Jakob, dit is Ek, die God wat jy in Bet-El ontmoet het wat nou met jou praat,” stel die Here Homself bekend. En dan gee Hy vir Jakob die opdrag om weg te trek, terug na sy geboorteland toe.

Jakob weet eers nie mooi hoe om hierdie sensitiewe saak te benader nie. Laban sal hom nooit as te nimmer laat gaan nie, al voel hy die spanning tussen hulle twee ook hóé erg. Jakob is vir Laban te veel werd as bestuurder van sy vee. Sonder Jakob sal alles ten gronde gaan. Maar die vraag is hoe sy twee vrouens oor die saak sou voel? Dit is immers hulle pa, en sulke soort bande verbreek jy nie sommer nie.

Dan besluit Jakob dat die saak nie langer uitgestel kan word nie. “Kom ons gaan stap ‘n entjie,” nooi hy vir Ragel en Lea een oggend. Daar is ‘n reuse vraagteken op hulle gesigte, en hulle kan die spanning aanvoel. In die privaatheid van die oop veld tussen sy skape, verduidelik Jakob vir sy twee vrouens waaroor die saak gaan. “Pa Laban is nie meer dieselfde nie,” begin hy, en die twee stem saam. Hulle het gesien hoe hy die afgelope tyd verander het,

amper haatlik teenoor hulle man, en dit nadat hy so hard vir Pa werk. “Hy bedrieg my kort-kort!” Jakob vertel hulle hoe wispelturig die ou man is, en dat hy byna daagliks sy werksvoorwaardes verander. So kan dit beslis nie aangaan nie! “Ja, en hy het ons ganse bruidsprys, die waarborg vir ons voortbestaan opgebruik!” voeg die twee vrouens by. Hulle is sélf nou al dik vir hulle pa se skelmstreke.

En dan laat val Jakob die bom: hy vertel van sy gesprek met God, en dat hulle moet trek na Kanaän. Jakob val amper van sy stoel af as hulle heelhartig saamstem. “Pa gaan oor ‘n paar dae skaap skeer, dan is dit ons kans om ongesiens weg te kom!”

En so word daar haastig opgepak terwyl Laban en sy seuns ver weg is met die skeerdery. Dit was ‘n baie groot trek, want Jakob het baie besittings en vee versamel in die tyd wat hy vir Laban gewerk het. Hy het skatryk geword.

Baie jare het verby gegaan voordat God se beloftes aan Jakob eers begin vorm aanneem het. Ons is gewoonlik te haastig, selfs ongeduldig met die Here as dinge nie dadelik vir ons gebeur nie. Uit eie ondervinding het ek

gesien hoe dinge inmekaar pas, dikwels oor baie jare, en dat Hy getrou is. Ons mag nie vir God probeer aanjaag om Sy beloftes te vervul nie! Hy weet presies wanneer dit vir ons die regte tyd is. Jakob moes baie lank wag, maar die seën wat hy daaruit gekry het was onmeetlik groot. Vir jou, liewe leser, wil ek ook vandag sê: Wees maar net geduldig! Op die regte tyd sal Hy ook Sy beloftes aan jou vervul.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek weereens vandag kan besef dat U getrou is. Dankie dat ek kan wéét dat U elke belofte aan my sál nakom.**

# Laban is Briesend!

## Genesis 31:19-55

Die oggend van die groot trek breek aan. Jakob en sy gesin het sekerlik deurnag gewerk om al hulle aardse besittings in te pak vir die lang reis na Kanaän. Laban is weg om te gaan skaap skeer, en sy afwesigheid word met albei hande aangegryp. “Skoonpa gaan woedend wees!” glimlag Jakob. “Maar vir twintig jaar moes ek my hande vir hom deurwerk sonder eers ‘n enkele dankie! Al wat ek gekry het is mor en kla oor elke ou klein dingetjie.”

Ek dink nie enige van ons sou vir Jakob kwalik neem dat hy so skelm wegsluip sonder om Laban daarvan te laat weet nie. Maar wat hy doen is eintlik wreed en baie verkeerd. Jakob vlug dalk vir ‘n bemoeisieke, gemene ou man. Maar al is Laban ook hóé gemeen, bly dit steeds verkeerd. Hiermee vat Jakob Laban se twee dogters en sy string kleinkinders van hom af weg sonder om hom die kans te gee om hulle eers te groet. Wat het Jakob gedink? Natúúrlik het hy die Here vertrou! So lyk dit ten minste op die oog af. Die Here het hom immers die opdrag gegee om te trek! Die Here het hom egter nie beveel

om skelm weg te sluip nie!

Die probleem was dat Jakob bang was dat Laban sy gesin sou agterhou. Maar dan is sy vertroue in die Here mos glad nie so groot nie? Het hy nie al teen hierdie tyd uitgevind dat God almagtig is nie?

Ek en jy doen soms presies dieselfde as Jakob. Ons sê dat ons die Here vertrou, maar dan doen ons dinge op ‘n oneerlike manier omdat ons bang is. Ons kan gaan leer van die dapper mense wat Bybels smokkel. Ek het al soveel verhale gehoor van hierdie onverskrokke manne en vroue wat met ‘n tas vol Bybels deur die doeane gaan, en selfs openlik voor die amptenaar die tas oopmaak met Bybels wat oop en bloot daar lê, en dat hierdie amptenare se oë deur God gesluit word sodat hulle nie die Bybels kan raaksien nie. Ons dien ‘n almagtige God!

Nie alleen trek Jakob skelm weg nie, maar sy lieflingvrou, Ragel besluit dat sy beskerming nodig het vir die lang pad, en sy gaan steel pa Laban se afgodsbeeldjies uit sy tent.

Dit laat ons met ‘n paar lastige vrae: Waarom het sy nog afgodsbeeldjies nodig gehad? Was God nie vir haar genoeg nie? Was sy heimlik nog

afhanklik van afgode? Dit wil net nie strook nie! Dit sê ook vir ons dat Laban en sy gesin afgode aanbid het. Het hy dan oor die afgelope twintig jaar absoluut niks van Jakob geleer oor God nie? G’n wonder dat hy so ‘n onmoontlike ou man was nie!

Drie dae nadat Jakob so stilletjies weggeglip het kry Laban die nuus. Hy is woedend! Met ‘n hele leër van manne sit hy vir Jakob agterna. As hy hom in die hande kry, maak hy hom nét daar dood! So ‘n lae skurk! Nie alleen het hy sy dogters en kleinkinders gesteel nie, maar ook sy afgode! Die stokou Laban is behóórlik op die oorlogspad.

Maar weereens gryp God in. In ‘n droom waarsku Hy vir Laban om nie vir Jakob leed aan te doen nie. Alhoewel Laban ‘n afgodsaanbidder is, het hy oor die afgelope twintig jaar wel dééglik agtergekom dat jy nie hierdie God van Jakob teenstaan nie. Wanneer hy dus na sewe dae se agtervolging vir Jakob inhaal, is sy gemoed darem al ‘n bietjie gekalmeer.

As Jakob vir Laban sien aangestap kom, dan wéét hy: vandag is hier moeilikheid! Sommer so van ver af begin Laban al vir Jakob uitskel. “Wat

het jy gedoen? Jy het my bedrieg!” (Kry hy nie dalk maar net van sy eie medisyne nie? Ek wonder maar net....) Sonder om Jakob kans te gee om te verduidelik, stoomroller hy voort, dat sy brose ou dogtertjies soos krygsgevangenes daar weggesleep is en dat sy kleinkinders ontvoer is. Min weet hy egter dat hulle deel was van die sameswering! Die ergste was egter dat Jakob sy afgode gesteel het! Dit was laag en gemeen!

“Kom soek maar,” is Jakob se reaksie. Hy weet dat hy niks gesteel het nie. “Die een by wie jy die beeldjies kry kan maar doodgemaak word!” As Jakob maar geweet het dat dit sy liefling Ragel was, sou hy sy tong afgebyt het. Alles word deursoek, maar Laban kry niks. Ragel sit op die beeldjies en verduidelik dat sy nie kan opstaan nie as gevolg van haar maandstonde. (Wys jou net hoe min sy van hulle gedink het!)

Nou is dit Jakob se beurt om uit te vaar oor hoedat Laban hom misbruik het en hoedat hy sy hande moes deurwerk vir Laban, en hoe Laban onmenslike eise aan hom gestel het en onredelik was. Laban was die werkgewer waaroor enigeen verskriklike nagmerries sou kry! Laban staan oopmond en luister hoedat Jakob hom behóórlik

die kop was. Hy het Laban leer ken, en hy het geweet dat Laban hom nie sou laat gaan nie, daarom moes hy vlug.

Uiteindelik, wanneer altwee stoom afgeblaas het, bereik hulle ‘n ooreenkoms. Dit word beseël met ’n klipstapel, ’n maaltyd en ‘n offer, en daarna gaan elkeen sy eie paadjie. Laban kry die kans om sy dogters en kleinkinders te groet, en voor Jakob lê die lang pad na Kanaän. Wat sou daar op hom wag? Dalk Esau? Jakob se hart krimp ineen. Van die een euwel na die ander euwel......

**Gebed:**

**Here, my vertroue in U wankel ook maar dikwels. Help my asseblief om U ten volle in alles te vertrou.**

## Ontmoeting by Jabbokdrif

## Genesis 32:1-32

Na Laban se afskeid kon Jakob met ‘n geruste hart voortgaan met sy trek na die beloofde land. Die eerste groot struikelblok is verby. Maar in Jakob se agterkop begin ‘n nuwe vrees te broei: Esau! Wat gaan sy broer se reaksie wees wanneer hy hom sien? Inderdaad het daar reeds twintig jaar verbygegaan, maar soos wat hy vir Esau ken, is die kêrel nog steeds woedend oor Jakob hom so lelik ‘n rat voor die oë gedraai het.

‘n Week het verby gegaan, ‘n week van duisende pote wat die woestynstof tot poeier trap en ‘n verstikkende stofwolk laat opslaan. Die week het ‘n maand, twee maande geword. Kanaän is ‘n duisend kilometer ver, en om dit met so ‘n groot trop vee aan te durf is g'n grap nie.

Na maande se tent opslaan en afbreek, tot vervelens toe, is die beloofde land uiteindelik in sig. Wat wag daar op Jakob, bedrieër, hakskeengryper? Sy naam vertel klaar van al die geraamtes van die verlede wat hy saamsleep. Hy kan mos nie hierdie beloofde land binnegaan soos wat hy dit twintig jaar gelede verlaat het

nie?

Een oggend, so vlak by die noordelike grens van die beloofde land, gebeur daar iets wat Jakob nooit sou vergeet nie. Skielik uit die bloute verskyn daar ‘n hele leër van manne voor hom. Eers skrik hy hom boeglam, maar dan herken hy hulle as dieselfde engele wat hy daardie nag by Bet-El in die droom gesien het. En dan wéét Jakob: die Here is steeds met hom! Hy het selfs Sy engelemag gestuur om by Jakob te wees. Daardie engele herinner hom aan die belofte wat God aan hom gemaak het by Bet-El, dat Hy altyd by hom sal wees.

Dit is tog snaaks dat ‘n mens die een oomblik die wonderlike nabyheid van God kan ervaar en weet dat Hy hier reg by jou is, en net die volgende oomblik pak vrees jou weer, en jy vergeet skoon van die Here se sorg en nabyheid. En dit is presies wat met Jakob gebeur. Skaars het hy hierdie wonderlike ervaring van die versterking van die engele, of hy begin te stres oor wat vir hom voorlê. Esau, wat gaan Esau maak? ‘n Ontsettende vrees pak Jakob. Wat kan hy doen om te verhoed dat Esau hom kom doodmaak? Esau het immers destyds gesweer dat hy vir Jakob gaan vermorsel!

Jakob stuur ‘n afvaardiging vooruit om Esau sag te maak en hom geskenke te beloof. Maar dan kom die ontstellende nuus: Esau het reeds gehoor dat sy gehate broertjie op pad is, en sy soldate is alreeds op pad hierheen. Angs omklem Jakob se hart. Het die Here ‘n fout gemaak om hom terug te stuur na sy geboorteland? Hy maak allerhande soorte plannetjies om tog net Esau se aanslag te kan oorleef.

Jakob is desperaat: “Here, God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, U wat vir my gesê het om terug te gaan na my land ......” Jakob vertel vir die Here dat hy niks verdien het van alles wat die Here hom gegee het nie. Dat hy Haran binne is met net ‘n kierie in sy hand, en nou is hy ‘n skatryk man. Alles wat hy het is net genade. En hy vertel vir die Here van hoe verskriklik bang hy is, en dat die Here dan beloof het dat Hy vir hom ‘n groot nageslag sou gee, en hier gaan Esau nou vir hom én sy nageslag platvee met die aarde.

En dan weet Jakob wat hy moet doen. Hy stuur ‘n groot geskenk van 220 skape en bokke, ’n trop kamele en donkies vooruit na Esau, en laat weet hom dat hy jammer is oor destyds en dat

hy in vrede kom. Daardie nag pak Jakob kamp op en stuur sy twee vrouens en sy kinders vooruit deur die Jabbokspruit, terwyl hy self nog ‘n rukkie agterbly. Wanneer Jakob egter die drif wil deursteek, staan daar skielik ‘n Man voor hom wat hom keer. Jakob kan nie verstaan nie: hy is tog ‘n man van vrede. Waarom is hierdie Man dan so dreigend? As Jakob wil deurgaan, pak die Man hom. ‘n Hewige stoeigeveg breek los. Jakob, wat ‘n sterk man is, kan net eenvoudig nie die oorhand kry nie, en die Man wil hom nie los nie. Die geveg duur voort tot die dag begin breek.

“Wat is jou naam?” wil die Man weet. “Jakob!” sê hy. “Jy kry nou ’n nuwe naam: Israel!” Dan slaan die Man vir Jakob op die heup sodat dit uit sy potjie spring. Intense pyn skiet deur Jakob se liggaam. Die Man verdwyn maar nie eers voordat Hy vir Jakob geseën het nie. En dan dring die besef tot Jakob deur dat dit God was met wie hy gestoei het.

Die óú Jakob, die hakskeengryper, onderduimse bedrieër moes eers verander en ‘n nuwe naam kry, ’n nuwe mens word voordat hy die beloofde land kon binnegaan. Slegs God kan hom so verander.

Ek en jy moet vandag ook baie deeglik besef dat ons slegs die hemelpoorte kan binnegaan as ons deur God nuutgemaak is. Slegs Hy kan dit doen! Al ons eie pogings is vrugteloos. Dikwels is hierdie nuutmakingsproses ‘n pynlike een, want ons ou lewe moet herskep word om nuut te kan word. En soos Jakob met sy mank been gedurig herinner is aan daardie dag, is daar soms ook tekens wat ons herinner aan die dag toe ons nuutgemaak is.

**Gebed:**

**Here, ek dank U vir die dag toe U my nuutgemaak het. Dankie dat U my ook gedurig herinner aan die wonderlike gebeurtenis.**

# Vergifnis
## Genesis 33:1-20

Jakob se ondervinding by die Jabbokspruit moet sékerlik ‘n baie traumatiese ervaring gewees het. Om te besef dat jy met God geworstel het deur die nag, en dit was nie maar net ‘n droom nie, want nou sit hy steeds met hierdie heup wat kloppend seer is. Die ding was dan uit sy potjie geslaan, en die arme Jakob kan skaars loop - ‘n pynlike herinnering van die vorige nag se geveg. Hinke-pink loop Jakob sy gesin van agter in. Die arme man se kierie maak diep duike in die sand.

Maar Jakob se pyn is baie gou vergete, want hy skrik hom spierwit as hy in die verte ‘n stofwolk sien aankom. In sy binneste wéét Jakob: “Dis Ouboet Esau op die oorlogspad!” Soos wat die stofwolk nader kom, groei Jakob se angs: “Vandag is die dag dat my broer my lewendig afslag en my liggaam vir die aasvoëls voer!” Haastig begin Jakob organiseer om darem die impak so ‘n bietjie minder te maak. Die slavinne en hulle kinders word voor in die linie geplaas, dan kom Lea en haar kinders, en heel agter Ragel met haar kindertjies. En dan loop staan Jakob héél voor en wag met ‘n kloppende hart

vir sy einde. Vir twintig jaar het Esau se woede teenoor sy broer wat hom so verneuk het opgebou, en hier kom hy nou aangejaag met vierhonderd soldate by hom om vir Jakob met sy "leër" van weerlose vrouens en kindertjies te kom platvee, van die gesig van die aarde af. Vir 'n vlietende oomblik wonder Jakob of Esau darem die geskenke gekry het wat hy vooruit gestuur het? Soos hy Esau ken sou die man seker die hele lot vrekgemaak het, skape, bokke, kamele én die slawe, uit pure woede vir sy broer. Hy sal nooit daardie dag vergeet toe Esau gesweer het dat hy hom gaan vermorsel nie. Was dit nie vir Pa Isak nie.......

In 'n stofwolk ruk Esau sy perd tot stilstand en hy spring af. Jakob buig diep. Dalk sal dit sy broer se hart 'n bietjie sagmaak. Grootoog kyk Jakob toe hoedat sy woeste rooikop broer aangestorm kom. Hy buig weer, baie diep. Sy heup pyn ondraaglik, maar hy byt vas! Net vir die wis en onwis buig hy weer 'n slag - sommer sewe maal. As Esau by hom kom gryp hy hom .......... en soen hom! Jakob kan sy oë nie glo nie: sy wilde, woeste, wrede broer Esau soen hom dan! Waarom maak hy hom nie dood nie?

Jakob bars in trane uit. Hy omhels sy broer wat

hy twintig jaar laas gesien het. Saam huil die twee geharde manne dat die trane spat.

Wanneer hulle tot bedaring kom, wil Esau weet: "En al hierdie mense by jou? Wie is die spul vrouens en kindertjies?" En dan verduidelik Jakob dat hulle almal syne is. Die Here het hulle in Sy groot liefde vir Jakob gegee.

Ek dink dat jy vir Esau met 'n veertjie kon omslaan. Toe hy laas vir Jakob gesien het, was dié nog 'n regte mamma-se-seuntjie wat maar één rokspant geken het, sy ma s'n. Die verwyfde mannetjie het g'n nooit in 'n meisiekind se rigting gekyk nie. En nou? Nou sit hy met 'n string vrouens en 'n dosyn klein kindertjies! Ja, hy het nog gedink dat dit Jakob se einde is toe hy die dag daar soos 'n bang hond weggevlug het met net sy kierie as sy enigste besitting. Wat het met Jakob gebeur dat hy so vooruit geboer het?

"En daardie baie geskenke wat jy vir my gestuur het?" wil Esau weet. "Waarom?" Jakob verduidelik dat hy die troppe skape en bokke en kamele gestuur het om vir Esau te laat weet dat hy in vrede kom. "Kyk, ek is sélf 'n skatryk man," wil Esau nog teëpraat. "Ek het rêrag nie sulke groot geskenke nodig nie!" Maar Jakob dring

daarop aan dat Esau sy geskenk aanvaar. En so is die twee broers dan weer uitmekaar, hierdie slag in liefde en vrede.

Jakob het vir baie jare met skuldgevoelens in sy binneste rondgeloop teenoor sy broer Esau. Esau, aan die ander kant, het nie toegelaat dat wraak sy lewe oorheers nie. Hy het lankal vrede gemaak daarmee dat Jakob hom gekul het. Het Jakob tog maar net geweet! Dit is daarom dat Jakob so verskriklik formeel is by die ontmoeting, maar Esau kom groet hom soos ‘n ware broer behoort te doen.

By Sukkot, nie ver van sy Jabbokspruit-ervaring nie, slaan Jakob kamp op, en daar bou hy vir hom ‘n huis. Later trek hy verder suid tot by Sigem. Hy koop vir hom ‘n stuk grond en bou ‘n altaar, net soos wat Oupa Abraham voor hom gedoen het. Sy rondswerwe het tot ‘n einde gekom. Jakob het uiteindelik in die beloofde land aangekom.

Dit is so hartseer wanneer ‘n mens broers en susters teëkom wat vir jare in vyandskap met mekaar lewe. Ek hoor daagliks daarvan. As jy dalk een van hulle is, wil ek vandag by jou smeek om tóg maar te vergewe en vrede te

maak. Die liefde waarvan Jesus praat, is nie net bedoel vir jou medemens nie, maar veral ook vir jou eie bloedfamilie, jou broers en susters. Dalk het hulle jou liederlike leed aangedoen - vergewe asseblief! Esau het alle rede gehad om Jakob nét daar dood te maak. Maar die een van wie ons dit die minste verwag het sy broer vergewe. Kom ons volg die wilde, woeste Esau se voorbeeld na, en gaan maak vrede.

**Gebed:**

**Here, my gebed gaan uit na soveel gelowiges wat vandag in haat lewe met hulle eie broers en susters. Leer asseblief aan elkeen wat so leef om te vergewe en te versoen.**

# Soete Wraak

## Genesis 34:1-31

Ons staan nou al geruime tyd stil by die verhale van die drie aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob. Iets wat my veral opgeval het oor hierdie ou grotes uit die geskiedenis, is dat hulle vreedsame manne was. Ons het slegs een enkele insident gesien waar ou Abraham geweld gebruik het. Dit was die keer toe hy sy nefie Lot moes gaan bevry nadat hy as gyselaar weggevoer is. Sedert ons met Abraham se verhaal as jong man begin het, het daar dus al heelwat meer as tweehonderd jaar verloop sonder geweld van die volk wat God uitverkies het.

Maar dan vind daar ‘n insident plaas wat die afstammelinge van Abraham skielik laat opvlam en die hele prentjie laat verander. Dina is Jakob se enigste dogter. Vir ‘n meisiekind om so alleen groot te word tussen ‘n klomp rowwe broers, is nou nie juis lekker nie. Sy het geselskap gesoek van haar eie soort, en die enigste ander meisies in die omgewing was die Kanaänietiese meisies. Op ‘n dag gaan kuier sy by haar heidense vriendinne. Dan gebeur ‘n liederlike ding. ‘n Jong

kêrel met die naam Sigem sien hierdie mooi Israelietiese meisie raak, en sy hormone gaan op loop met hom. Sy pa is die volksleier, en Sigem het sékerlik alles gekry wat hy wou hê. Hy het ’n brandende begeerte vir haar, en wanneer hy haar alleen kry, verkrag hy haar.

Dina is verpletter! Haar lewe is verwoes, en dit nogal deur ‘n heidense man! Sigem, aan die ander kant, het nou eers opgewerk begin raak. Hierdie meisie het ‘n begeerte in hom wakker gemaak wat hy net eenvoudig nie kan blus nie. Vir Dina móét hy kry as sy vrou!

Wanneer Dina weer by die huis is, vertel sy wat met haar gebeur het. Jakob is geskok! Sy enigste dogter, verkrag deur ‘n Kanaäniet! As tagtigjarige ou man het hy nou nie juis meer die kragte om die jong Sigem te gaan konfronteer nie. “As my seuns tog maar net hier was.....”. Maar Jakob se string seuns het baie ver met die troppe vee gaan wei. Dit sou nog weke neem voordat hulle weer ‘n draai by die huis kom maak. “My seuns sou geweet het wat om te doen omtrent hulle suster....”

Intussen gaan gesels Sigem met sy pa, Gamor. “Pa, daar is iets wat ek begeer met my hele hart.

Pa moet haar asseblief vir my kry!” Gamor sien sommer die begeerte van sy seun se gesig afdrup. “Pa, kry asseblief vir my daardie dogter van Jakob! Ek wil haar hê as my vrou!”

En so vertrek Gamor en Sigem na Jakob se tente om te begin met die onderhandelinge. Binne Jakob kook dit oor die verskriklike onreg wat sy meisiekind aangedoen is, maar hy verbloem sy gevoelens. Die óú Jakob, die bedrieër is skielik weer terug as hy met ‘n vroom gesig die gaste ontvang.

Juis op daardie tydstip kom sy seuns by die huis aan, totaal onbewus van al die drama wat daar afgespeel het. Maar baie gou kry hulle die nuus. Hulle is woedend. “Kom ons maak die addergebroedsel nét hier vrek!” wil een nog voorstel. Maar dan kry hulle ‘n briljante idee: die wraak gaan baie soet wees!

Intussen gaan die onderhandelinge voort tussen Jakob en Gamor. Die Kanaäniet skilder vir Jakob ‘n pragtige prentjie van hoe hulle familie gaan word as die tweetjies nou sou trou, en hoedat daar dan vir al Jakob se seuns ook vrouens sal wees. En boonop is Gamor bereid om ‘n fortuin te betaal vir sy seun se bruid. Maar Jakob het

ander planne: “Ek wil eers die sakie met my seuns bespreek.”

“Pa ken mos ons wet wat van Grootoupa Abraham se tyd af kom? Dina mag mos nie trou met iemand wat nie besny is soos ons nie?” Jakob ruik ‘n rot, maar hy luister voort. “As hulle wil hê dat ons met hulle dogters trou, dan moet die hele lot van hulle mos besny word.” Die slinkse seuns het klaar 'n plan uitgewerk.

Jakob is terug na die onderhandelingstafel met sy seuns se sinistêre voorstel. Gamor skrik hom yskoud as hy hoor wat met al sy manne moet gebeur, maar sy seun se begeerte is so groot dat hy tóg instem. En so is hy terug na sy mense om hulle die goeie en die slegte nuus mee te deel. ‘n Rukkie later is al die onderdane van Gamor, sékerlik onder luide protes, besny.

En dit is nét hiervoor wat Jakob se seuns sit en wag. Wanneer al Gamor se manne in pyn sit na hulle massa-operasie, sluip Simeon en Levi, twee van Jakob se seuns die stad binne en vermoor vir Gamor en Sigem. Dina, wat intussen daarheen geneem is teen haar sin, word bevry. Dan word al die ander mans afgemaai terwyl hulle totaal weerloos is. Die stad word geplunder

en die vrouens en kinders word as slawe geneem.

Jakob is verslae: hy is nie sulke geweld gewoond nie. Sy seuns het skande oor sy huis gebring, en waarskynlik baie moeilikheid op die pad vorentoe.

Jakob se seuns het Godsdienstige motiewe gebruik vir eie gewin. Ons moet baie versigtig wees dat ons dit nie sélf doen nie. As gelowiges loop ons dikwels die gevaar om ons Godsdiens te misbruik om sekere situasies te regverdig. “Die doel heilig die middel” is ‘n baie gevaarlike stelling. God se wil is die enigste norm wat vir ons as gelowiges durf geld.

**Gebed:**

**Here, bewaar my asseblief daarvan dat ek my geloof sal misbruik vir eie gewin. Laat U wil geskied, asseblief Here.**

# ‘n Bet-El Geleentheid

## Genesis 35:1-15

Elke dag in jou lewe behoort ‘n Sabbat te wees, ‘n dag aan God toegewy. In die praktyk werk dit egter nie so nie, en die mees toegewyde gelowige versamel dikwels so deur die loop van die lewe sondetjies waaraan hy gewoond raak. Naderhand sien hy dit as deel van sy gelowige lewe. Die toegewyde gelowige kom elke week saam met ander gelowiges saam om versterk te word, te aanbid en die Here te loof. En dan is daar selbyeenkomste, Bybelstudiegeleenthede ensovoorts waar ons as gelowiges opgebou word. Maar al hierdie dinge is nie heeltemal genoeg nie. Daar kom ‘n tyd in elke gelowige se lewe dat jy net weer ‘n baie spesiale tydjie saam met die Here moet deurbring om weer totaal tot stilstand te kom en weer ‘n slag gereinig word van die vuil wat jy met jou saamsleep. ‘n Tyd van hertoewyding aan die Here. Hierdie is gewoonlik die grootste hoogtepunte in ‘n gelowige se lewe. Dit is tye wat jy koester en vir altyd onthou, beslis baie spesiale tye.

Baie jare het nou al verby gegaan sedert Jakob gevlug het vir sy broer. Maar dit was ook

dieselfde tyd toe hy vir die eerste keer werklik met God kennis gemaak het by Bet-El. En nou het dit tyd geword dat Jakob weer herinner word aan dit wat daardie nag gebeur het. Hy moet herinner word aan die beloftes wat hy daardie tyd aan die Here gemaak het, die tyd toe hy in groot nood was. Hy het daardie oggend ná sy droom vir die Here belowe dat as Hy by hom is en hom beskerm en vir hom kos en klere gee, sal hy Hom dien. Die Here het baie meer as net dit gedoen. Hy het vir Jakob ‘n baie ryk man gemaak, en Hy het hom ryklik geseën. En nou het die Here hom teruggebring in sy geboorteland, die beloofde land.

Wanneer die Here dan vir Jakob sê dat hy na Bet-El toe moet gaan, is die eerste gedagte wat deur Jakob se kop gaan: “Kan ek voor die heilige God gaan verskyn net soos ek is?” En dan besef Jakob dat hy beslis nie waardig is om voor die Here te gaan staan nie. Hy het vir jare gebly in ‘n heidense land waar afgode aanbid is. Sy vroue het selfs uit ‘n huis gekom waar afgodery aan die orde van die dag was, en nou het die tyd gekom dat hulle finaal gespeen word van die ou dinge waaraan hulle nog vasgeklou het. Waarom Jakob nie al lankal met sy vroue oor hierdie

dinge gepraat het nie, gaan jou verstand te bowe.

Jakob roep almal bymekaar: “Kom, uit met al die afgodsbeeldjies wat julle nog het!” Elke dingetjie wat hulle nog herinner het aan hulle ou heidense lewe word aan Jakob oorhandig, en daar begrawe hy dit onder ‘n boom. Nou is hulle ou lewe simbolies dood en begrawe. As ‘n simbool van vernuwing en aanvaarbaarmaking voor God, was hulle hulle en trek skoon klere aan. Daar heers ‘n stemming van groot opgewondenheid onder hulle: “Ons gaan Bet-El toe!” sing hulle sekerlik al die pad.

Hierdie dinge het nie ongesiens verby gegaan nie. Die mense van die omgewing het gesien wat Jakob-hulle doen, en hulle was baie bang. Hulle was natuurlik ook baie deeglik bewus van wat met Sigem en sy trawante gebeur het. Daardie dag is die ganse stad en sy inwoners verwoes deur Jakob se seuns.

Simbolies gereinig van hulle ou lewe, pak hulle op en trek na Bet-El. Vir Jakob is hierdie ‘n baie emosionele oomblik wanneer hulle aankom by die plek waar hy vir God gesien het. Hy bou ‘n altaar vir die Here en hernoem die plek na El-

Bet-El wat beteken: “God van Bet-El.” Daarmee word die ou bedeling afgesluit, en dit is nou ‘n splinternuwe Jakob wat voor die Here staan. Hulle het ál die ou dinge agtergelaat.

Maar die Here was nog nie klaar met Jakob nie, want nie lank daarna nie verskyn die Here weer aan Jakob en sê vir hom: “Jakob, van nou af sal jy nie meer Jakob wees nie. Jy sal nou Israel genoem word.”

Wanneer die Here vir die tweede keer vir hom sê dat sy naam verander is, word Jakob daaraan herinner dat die ou Jakob, die bedrieër dood is, en dat dit nou die nuwe Israel is wat voor God staan. Die Here herhaal dan ook die beloftes wat Hy vroeër aan hom gemaak het, dat hy ‘n groot nasie sou word en dat die ganse land aan sy nageslag sou behoort.

Die dag toe die Here in jou lewe gekom het, is jy nuut gemaak. Jy het ‘n nuwe naam gekry, die naam van Gelowige, kind van God. Die probleem is dat ons die dinge begin vergeet. Wanneer die geleentheid dus op jou pad kom om weer opnuut aan God toegewy te word, om weer herinner te word aan die nuwe naam wat jy gekry het, moet jy dit met albei hande aangryp.

Dit is baie spesiaal!

Die beste is egter nog steeds om elke dag só te lewe asof vandag daardie spesiale dag is. Die Here het vir ons Sy Woord gegee sodat dit ons elke dag kan herinner aan die beloftes wat Hy ons gegee het, elke keer wanneer ons daaruit lees. Elke keer wanneer ek die Bybel oopmaak, is dit ‘n ontmoeting met God. Ek en jy is soveel meer bevoorreg as wat Jakob was. Kom ons benut daardie voorreg ten volle!

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek elke dag herinner kan word aan U beloftes. Dankie dat U net 'n gebed ver is, en dat dit nie net by spesiale geleenthede is wat ek met U kan praat nie, maar elke dag, enige tyd van die dag of nag.**

## Leer uit die Geskiedenis
## Genesis 35:16-29

Dalk het dit tyd geword dat ons so 'n bietjie in perspektief kyk na die geskiedenis van Abraham, Isak en Jakob. Die prentjie wat ons gewoonlik vir onsself wil skilder, is dat hierdie drie aardsvaders se lewens nie werklik oorvleuel het nie. Die feite is dalk so 'n bietjie verbloem tussen die bladsye van die joernale.

Abraham word op 100 die pa van Isak. Maar dit is nie waar sy lewe eindig nie. Wanneer Sara sterf, trou hy weer, en daar word 6 seuns gebore uit die huwelik. Dus het Abraham 8 seuns gehad waarvan ons weet. Daar word egter ook net so terloops gemeld van byvrouens en hulle seuns, dus is dit moontlik dat Abraham dalk heelwat meer kinders gehad het. En daar word ook nie gepraat van sy dogters nie.

Isak trou toe hy 40 is, en op 60 word Jakob en Esau gebore. Abraham was dus 160 toe sy kleinseuns in die wêreld gekom het. Toe Jakob 'n seun van 15 was, sterf sy oupa Abraham op 'n rype ouderdom van 175 jaar. Dit is dus moontlik dat Jakob op Oupa Abraham se skoot gesit het.

Wanneer Jakob 40 is, word die prentjie vir ons

geskilder van ‘n blinde ou Isak wat so te sê op sy sterfbed lê en sy seuns seën voordat hy sterwe. Toe was Isak al 100 jaar oud. Daarna hoor ons nooit weer van Isak nie, en ons neem maar aan dat Jakob nooit weer sy pa gesien het nadat hy weggevlug het nie, want die het mos gesterf. Dit is egter baie ver van die waarheid, want in Genesis 35 lees ons dat Jakob vir Isak gaan kuier het in Mamre nadat hy uit Haran terug gekom het. Isak sterf uiteindelik op die rype ouderdom van 180 jaar, dus toe Jakob sélf al ‘n man was in die fleur van sy lewe, 120 jaar oud!

Isak het dus nog gelewe toe Josef as sewentienjarige seun as slaaf verkoop is aan die Egiptenare.

Maar terug by die verhaal van Jakob. Daar heers groot vreugde in die huis van Jakob, want sy lieflingvrou, Ragel is weer swanger met hulle tweede baba. Dit was destyds groot vreugde toe klein Josef gebore is, want Ragel het lank gesukkel om swanger te raak. En nou is dit weer sulke tyd. Maar wanneer die dag kom dat die nuwe baba gebore moet word, is die vroedvrou bitter bekommerd. Dit is nie ‘n maklike bevalling nie, en soos wat die tyd aanstap begin dinge al slegter lyk. Ragel kry bitter swaar. Buite stap

Jakob op en af. As sy geliefde Rageltjie dit tog net gaan oorleef....

Maar pas na die geboorte sterf Jakob se lieflingvrou, Ragel. Hy is verpletter, maar daar is darem ‘n sprankie vreugde in die tragiese gebeure. Klein Benjamin, “Seun van my Regterhand” oorleef die geboorte, en word vir Jakob ‘n troos in sy oudag. Ragel word begrawe langs die pad na Efrata, met ‘n reuse klip op haar graf om te merk dat sy die groot liefde in Jakob se lewe was.

Jakob het eintlik vier vrouens gehad, en nie net twee soos wat ons graag wil dink nie. Die ander twee was Bilha, Ragel se persoonlike slavin wat sy vir Jakob as vrou gegee het, en Silpa, Lea se slavin. Hierdie vier vroue het vir Jakob twaalf seuns in die wêreld gebring. Die enigste dogter wat gemeld word is Dina.

Ruben was natuurlik Jakob se oudste seun, maar omdat hy Lea se kind was, het Jakob seker nie so baie aandag aan hom gegee nie. Josef was natuurlik die appel van Jakob se oog, omdat hy Ragel se eerste kind was. Dalk wou Ruben sy aanspraak as die oudste seun, en natuurlik daarby die erfgenaam van die eersgeboortereg,

versterk. Dalk wou hy vir ‘n slag die aandag op homself as oudste seun vestig - ons sal nie weet nie. Maar op ‘n dag pleeg hy ‘n liederlike daad wat ‘n mens die koue rillings gee: Hy het gemeenskap met sy pa se slavin-vrou, Bilha. Dit is ‘n uitdagende en walglike daad.

Vreemd genoeg lees ons nêrens dat Jakob teen hom opgetree het oor hierdie verfoeilike ding wat hy gedoen het nie. Maar baie jare later, toe die vaderlike seën oor Jakob se kinders uitgespreek word, word Ruben die voorreg van eersgeborene ontneem. Bloedskande is ‘n baie ernstige saak, en regdeur die Bybel word dit ten sterkste veroordeel.

Wanneer ons die lys name van Jakob se seuns lees, dan besef ons dat die dinge waarop Abraham net kon hoop, vir Jakob in vervulling gegaan het, Abraham en selfs Isak se ander kinders het hulle eie paaie gegaan en ander volke gestig. Jakob se twaalf seuns het die kern geword van die volk Israel, wat nou alreeds vierduisend jaar later nog steeds voortbestaan.

Die era van Jakob het nou tot ‘n einde gekom. Natuurlik leef hy nog vir baie jare, maar van nou af is dit sy seuns wat die geskiedenis gaan

oorheers, en dan veral sy lieflingseun Josef. Jakob het ‘n nuwe naam gekry: Israel. Nou is dit nie meer Jakob nie, maar Israel wat die middelpunt van die geskiedenis word.

Dit is baie belangrik dat ons die Bybelse geskiedenis sal verstaan en in perspektief sien. Hierdie was werklike mense wat die geskiedenis help vorm het, nie fiktiewe figure nie. Uit hierdie volk-in-wording word tweeduisend jaar later die Messias gebore, die Verlosser wat vandag vir my en jou die enigste ware Bron van lewe is.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek ook vandag kon leer uit die geskiedenis van die voorvaders van ons geloof. Help my asseblief om daardie geloof uit te leef soos wat U dit van my verwag.**

## Van Witbroodjie tot Slaaf

## Genesis 37:1-12

Na Jakob, verskuif die fokus na Josef. Hy was nou wel nooit as opvolger van Jakob gesien nie. Trouens, Juda word die stamleier na Jakob se dood. Die gesin van Jakob groei uiteindelik tot ‘n volk om mee rekening te hou. Daar word bereken dat toe die Israeliete, almal afstammelinge van Jakob, die dag deur Moses uit Egipte uitgelei is, daar meer as drie miljoen van hulle was. Dit is nogal ‘n merkwaardige groei uit slegs twaalf seuns!

In die volgende paar hoofstukke gaan ons sien wat God se betrokkenheid is, nie alleen by die klein gesinnetjie van Jakob nie, maar by wêreldgebeure. Ons sien hoe Hy betrokke bly, selfs in hulle alledaagse dinge soos familietwiste, hofintriges, haat, droogtes, menslike foute, aanstellerigheid, jaloesie ensovoorts. Die verhaal van Josef skets die mens in al sy naaktheid, en vertel van intriges van liefde en haat, wraak en vergifnis, getrouheid en ontrouheid. En dwarsdeur al hierdie dinge is God besig om Sy volk te vorm, ten spyte van al hulle swakhede.

Ons verhaal begin by ‘n verwaande, bedorwe

jong seun wat deur sy pa gepamperlang en voorgetrek word. Sy familie verwerp hom, ten spyte van, of dalk juis as gevolg van sy Goddelike talent van drome droom. Hy beleef slawerny, miskenning, verleiding en uiteindelik die tronk. Maar dan word hy verhef en word hy op die einde die redder van die volk Israel.

Klink hierdie laaste gedeelte nie baie bekend nie? Het Jesus nie ook dieselfde soort dinge beleef nie? Hy was verwerp, misken, verlei, gevange geneem en veroordeel. Maar dan, wanneer Hy opstaan uit die dood, word Hy die Redder, nie net van Israel nie, maar van die ganse wêreld!

Die verhaal van Josef het alreeds sy oorsprong by Isak en Rebekka wat elkeen ‘n kind voorgetrek het, met rampspoedige gevolge. Dit het oorgespoel na Jakob. Die dinge wat hy in sy ouerhuis ervaar het, het hy oorgedra na sy eie gesin. Hy koop vir Josef mooi klere om te wys dat Josef die bevoorregte persoon in die huis is. Terwyl sy ander broers moet werk en iewers in die veld skape moes oppas, sit Josef dikwels by die huis en mooi lyk.

Jakob is egter nie die enigste wat ‘n aandeel het

in die haat van Josef se broers nie. Hy het ongewild geraak deur homself te verhef bo sy broers en deur stories aan te dra. En dan was daar natuurlik die lang klere met die moue wat die jaloesie teenoor hom aangeblaas het.

Die toppunt van alles was egter dáárdie twee drome van Josef. Later sal ons sien hoe ‘n groot rol drome, en veral die uitleg van drome in die lewe van Josef gespeel het. Nou moet ons darem baie versigtig wees, en nie sommer betekenis heg aan elke droom wat ons droom nie. Daar is al baie boeke geskryf oor die betekenis en uitleg van drome. Dit is die grootste snert, en as jy jou daarmee ophou, is jy besig met die okkulte, die dinge van die duisternis. Dat die Here wél ook drome gebruik om met mense te praat, is nie uitgesluit nie, maar dit gebeur slegs by uitsondering. Dit is elke keer ‘n baie groot gebeurtenis as die Bybel vir ons beskryf waar die Here met iemand in ‘n droom gepraat het.

Josef het twee drome gehad. In die eerste sien hy hoe hy en sy broers koring sny en in gerwe bind. Skielik staan sy gerf regop, en dié van sy broers kom buig voor sy gerf. Met groot vermaak gaan vertel hy vir sy broers van die droom. Hulle

is al klaar vies vir hom, maar as hy homself só bo hulle verhef, raak hulle baie warm onder die boordjie: “Jy verbeel jou dat jy gaan koning word en oor ons regeer,” jak hulle hom af. Hulle het nou net mooi genoeg gehad van hom en sy aanstellerigheid. Later droom hy dat selfs die son en maan en elf sterre voor hom kom buig. Dit was die laaste strooi. Selfs Pa Jakob is nou al keelvol vir Josef se dinge. Sien, dit was nie soseer die drome wat hulle ontstel het nie, maar die manier waarop Josef oor die drome gepraat het. Hy het homself al gesien as die groot heerser. Maar hy sou nog goed met moeder aarde kennis maak voor hierdie drome sou waar word. Inderdaad was dit God wat met hom gepraat het in sy drome, maar Josef het dit totaal verkeerd hanteer.

Daardie droom van Josef het nog vir baie lank in Jakob se gedagtes bly krap. “Weet die seun dalk iets wat ons nie weet nie?” Maar dan een dag verander Josef se droom vir die gryse ou Jakob in ‘n verskriklike nagmerrie. Maar daaroor lees ons in die volgende dagstukkie.

Ek dink dat vandag se verhaal ‘n mens wel baie deeglik oor jou eie situasie laat dink: trek ek een van my kinders voor? As dit die geval is, is ek

besig om met vuur te speel. Jakob het sy vingers lélik verbrand, en voor hom sy pa, Isak. Moenie dat jou vingers ook verbrand word nie!

Daar is ook 'n tweede les uit hierdie verhaal: As die Here my aangestel het in ‘n hoë posisie, dan verwag Hy van my om my status te hanteer soos wat Jesus dit gedoen het. Hy was Koning oor die heelal, maar Hy was 'n vriend vir tollenaars, sondaars en selfs vir 'n slegte, gehate Samaritaanse vrou! Hy was nederig genoeg om selfs Sy dissipels se voete te was. Wat maak ek en jy met die posisie wat ons beklee in die samelewing? Nederigheid is wat die Here van ons vra.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die waardevolle lewenslesse wat ek leer uit die geskiedenis van die grotes. Help my asseblief om dit ter harte te neem.**

# Josef in die Put
## Genesis 37:12-36

Die verhoog word opgestel vir ‘n toneelstuk propvol intriges. Net - dit is nie ‘n toneelstuk nie, maar ‘n verhaal met regte mense, en dit laat jou hare regop staan. In die hoofrol, die snuiter wat sy broers verklik het en homself boonop aanstellerig hou oor sy hele familie. Sy neus-in-die-lug houding begin maak dat niemand meer van hom hou nie, dat selfs sy eie broers hom haat met ‘n passie.

Jakob se seuns het baie ver gaan wei met die vee. Dit is nou ál sy seuns buiten die witbroodjie Josef. Waarom hy nie saam met hulle is nie, kan ons maar net raai. Is dit omdat hy homself nie wou verwerdig om saam met hulle in die veld te wees nie, of is dit omdat Pa Jakob hom voorgetrek het?

Die seuns is in die omgewing van Sigem met die vee. Jakob is bekommerd, want dit is mos in Sigem waar sy seuns die manne wat vir Dina verkrag het uitgemoor het. Die inwoners van Sigem is steeds bitter omgekrap oor hulle optrede, en daar kan net moeilikheid kom. Einde ten laaste word Josef gestuur om te gaan kyk of

dit darem nog goed gaan met sy broers.

Wanneer Josef by Sigem kom, is hulle nêrens te vinde nie. Josef doen oral navraag of iemand hulle nie dalk gesien het nie. “Hulle het gesê hulle gaan na Dotan toe”, vertel een kêrel hom, en Josef vertrek verder op sy reis. Nou is hy alreeds ‘n honderd kilometer van sy huis in Hebron af.

Jakob se seuns sit by hulle skape onder ‘n koelteboom. “Kyk nou net wie kom daar aangewals”, merk een van hulle verbaas op. “Daardie klere sal ek oral herken!” Josef is nog baie ver as hulle hom sien, en onmiddellik styg die humeure. “Wat kom maak hy hier? Kom spioeneer hy alweer op ons? Ek voel sommer lus en sny hom keelaf!" Die idee begin posvat onder die manne. “Kom ons raak vir goed van hom ontslae, ons het nie sy soort nodig nie!” Jy sukkel nie met Jakob se seuns nie. Hulle het al bewys dat iemand wat hulle te na kom beslis tweede-beste daarvan gaan afkom. Vat nou maar vir Sigem en sy trawante.....”

“Haai, luister ouens, hy is darem ons broer! Ons kan hom mos nie net so staan en elimineer nie!” Ruben se gewete pla hom. Hy het hoeka al so ‘n

skande oor die familie gebring toe hy sy pa se slavin-vrou verlei het. Hy wil nie nou nog ‘n broeder-moord ook op sy gewete hê nie. Maar die manne lag hom uit: “Het jy nou sag in die kop geword Ruben?” Ruben wil nog protesteer, maar dan dink hy aan ‘n plan om sy klein boetie te red: “Kom ons gooi hom in daardie droë put,” stel hy voor. “Daar sal hy nooit lewendig uitkom nie!” So ‘n put was gewoonlik bottelvormig, met ‘n klein opening bo, waarop ‘n klip geplaas is. As jy daarin sou beland is dit klaarpraat, want niemand kan daar uitklim sonder hulp nie. Ruben beplan om later, wanneer niemand hom sien nie, vir Josef te gaan red.

Maar dinge werk anders uit as wat hy of sy broers beplan het. ‘n Groep nomadiese handelaars kom verby, en skielik maak dit vir die manne nuwe vergesigte oop. “Kom ons verkoop hom! Dan is ons vir goed van die laspos ontslae, en dan kry ons darem nog geld vir hom ook!” Almal hou van die gedagte, en die Midianiete word nader gewink vir die transaksie. Josef behaal twintig silwerstukke, ‘n gangbare prys vir ‘n jong slaaf. Om ‘n familielid te verkoop as slaaf was daardie tyd as ‘n baie ernstige misdaad beskou, en dit het die doodstraf verdien. Maar dit

het hierdie manne min gepla.

Josef se mooi klere word bemors met die bloed van ‘n skaaplam. Met lang gesigte kom Josef se broers ‘n week of twee later by Pa Jakob aan met die klere wat hulle "in die veld opgetel het”. Met gesigte wat drup van die onskuld, wil hulle by Pa Jakob weet: “Is dit nie dalk Josef s’n nie?” Jakob is verpletter oor die dood van sy seun, sy liefling-seun. “Dit kon maar net ‘n roofdier gewees het,” snik hy. En sy seuns stem saam!

Tog snaaks hoe die geskiedenis homself herhaal: Jakob het sy pa bedrieg met ‘n bokkie, en nou bedrieg sy eie seuns hom weer met ‘n bokkie se bloed. Jakob kry sy eie medisyne terug. Sy seuns probeer hom skynheilig troos, maar hy is troosteloos. Sy seuntjie is opgevreet deur ‘n roofdier. Hoe afgryslik!

Intussen is Josef aan Potifar in Egipte verkoop. Kyk net hoe het ‘n reeks klein dingetjies van nuus aandra en aanmatigend optree, opgehoop tot ‘n reuse berg van ingewikkelde intriges. Geen intrige is eenvoudig nie, en dit is nie net een party wat skuldig is nie. Mense bewerk dikwels hulle eie ellendes.

Ons wil amper vra: “Maar hoe kon God toelaat

dat hierdie verskriklike dinge met Josef en Jakob gebeur?" Om dit egter te verstaan, moet ons die hele verhaal lees soos dit oor baie jare sou ontvou. Die geheel prentjie maak dat ons in verwondering die asemrowende voorsiening van die Almagtige God sien, hoe Hy selfs verfoeilike menslike intriges laat werk het om Sy groot doel te bereik. Wanneer jy dus sélf in so 'n situasie beland, moenie jouself verknies nie: God is in volle beheer, en jou situasie is net nog 'n klein deeltjie in Sy groot, wonderbare raadsplan.

**Gebed:**

**Here, hierdie verhaal gevul met menslike intriges, laat ons maar net weereens besef dat U ten volle in beheer is, al lyk dinge vir ons soms so duister.**

# Van Slaaf tot Baas

## Genesis 39:1-6

Die verhaal van Josef is al oor en oor en oor vertel. As kinders het ons dit by herhaling gehoor, en daar is al selfs ‘n uiters suksesvolle toneelstuk daaroor geskryf wat elke keer gepakte sale trek. Waarom? Omdat dit so ‘n mooi storie is? Nee, omdat dit so menslik is en omdat dit tot jou en my eie ondervindinge in die lewe spreek. Daardie verhaal kon net sowel vandag hier afgespeel het. Om die waarheid te sê, speel Josef se verhaal elke dag iewers af, en soms beland dit selfs in die koerante.

Maar wat maak Josef se verhaal so anders en besonders?

Josef, die bedorwe tiener, word in die put gesmyt om daar dood te gaan van honger en dors. "Toevallig" kom die Midianietiese handelaars op daardie tydstip daar verby, en hy word aan hulle verkoop. Gestroop van sy mooi klere, en waarskynlik in kettings om te sorg dat hy nie miskien verdwyn nie, moet Josef agter die kamele aanloop Egipte toe, waar die Midianiete hulle ware gaan verkwansel. Dit is ‘n lang, stowwerige pad deur die woestyn.

Uiteindelik, na ‘n uitmergelende tog, kom hulle in Egipte aan. Op die markplein word Josef uitgestal soos ‘n stuk negosieware. Hoe vernederend! Hy, die lieflingseun van die beroemde Jakob, nou minder as niks! Mense kom voel aan hom om te sien of hy darem murg in sy pype het. Dan kom daar ‘n baie belangrike man aan en almal maak plek vir hom. Vrees op hulle gesigte wys dat hierdie man groot mag het. “Dáárdie seun, ek wil hom hê!” Hy beduie na Josef.

Gou verneem Josef dat hy nou die eiendom is van Potifar, die hoof van die koninklike lyfwag - ‘n baie belangrike en gevaarlike man. “Hier sal ek moet uithaal en wys,” besef Josef, “anders word ek vir die Nylkrokodille gevoer!”

En dit is presies wat Josef doen. Vir die eerste keer in sy lewe werk hy, en hy doen dit baie goed. Die waardering wat hy kry van sy nuwe baas, en veral dié se vrou, spoor hom aan om net harder te werk. Waar hy die krag en ywer vandaan kry om te doen wat hy doen, weet Josef nie mooi nie, maar dit gaan sommer maklik, en baie gou word hy bevorder tot Potifar se persoonlike slaaf. Saam daarmee kom nogal baie voordele, en Josef begin voel dat dit ná

alles tog nie so sleg is om ‘n slaaf te wees nie. Van sy broers wat hom so verpes het, het hy al lankal vergeet, en Josef doen sy werk met groot passie.

Op ‘n dag word Josef ingeroep deur Meneer Potifar: “Josef, ek het groot waardering vir jou ywer. My hele huishouding het verander vandat jy hier ingestap het. Alles het sommer voorspoedig geraak. Ek wil jou nou aanstel oor my hele huishouding en al my eiendom.”

Jy kon Josef met ‘n veertjie omslaan. “Wat het ek gedoen om dit te verdien?”

Wat Josef nie besef nie, is dat dit nie is wat hý gedoen het nie, maar dat dit is wat die Hére gedoen het. God is die Een wat alles wat in Josef se sorg was voorspoedig gemaak het. “**Die Here was met Josef**”, lees ons telkemale, en “**Die seën van die Here het gerus op Potifar se besittings**” (Gen 39:5).

Ons wil dalk vra: “Maar waar was die Here dan toe Josef se broers hom gegryp het en die mooi klere wat pa Jakob spesiaal vir hom laat maak van sy lyf afgeskeur het? En waar was Hy toe hulle hom wou doodmaak, en hom in die put gesmyt het?” Dalk wil ons weet: “Waar was God

toe sy broers hom as slaaf verkoop het? Was God toe afwesig? Waarom is Hy nou skielik weer by Josef?”

God was nooit weg nie! Terwyl Josef loop en stories aandra het, was Hy daar langs Josef, en dit het Hom seergemaak, want Hy het geweet dat Hy vir Josef sou moes vorm om die redder van sy volk te word. Toe Josef gevang is deur sy broers, en hulle hom daar in die veld wou keelafsny, was God teenwoordig, en dit is Hy wat die simpatie in Ruben verwek het om te keer dat Josef doodgemaak word. Ja, Hy was elke oomblik daar saam met Josef in die donker put, en dit is Hy wat beskik het dat die karavaan met handelaars presies op die regte oomblik daar verbykom om Josef na Egipte te neem. Hy het vir Josef daar in Egipte ‘n baie besonderse taak gehad, maar eers moes Josef gevorm word van ‘n bedorwe tiener na ‘n baie verantwoordelike man.

Waar was God toe ek en jy bittere swaarkry beleef het in die lewe? Waar was Hy toe ons die dood in die oë gestaar het? Hy was hier reg langs ons, besig om ons hand styf vas te hou, want Hy was besig met vormingswerk in ons lewe. Wees bly as jy die dag swaarkry beleef,

want dan weet jy dat die Here jou waardig geag het om gevorm te word na Sy hand, soos klei in ‘n pottebakker se bekwame hande.

Josef se verhaal het ‘n baie groot kinkel in die kabel, maar soos in ‘n goeie vervolgverhaal, sal ons DV volgende keer verder lees. Hou jou asem op want hier kom gróót drama! (**Word Vervolg....**)

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vandag kan wéét dat U elke oomblik van die dag by my is, en dat selfs die swaarkry in my lewe vormingswerk is. Gee my asseblief die krag en ywer om dit te verwerk soos U wil hê dat ek dit moet doen.**

# Verlei!

# Genesis 39:6-23

Mooi man was hy - Josef! Die langbeen tiener wat Potifar op die plein as jong slaaf gekoop het, het uitgedy tot ‘n frisgeboude man, en baie aantreklik. Aard na sy mooi ma en ouma en oumagrootjie wat almal sulke mooi mense was. Mooi het ongelukkig ook sy nadele. Kyk maar net hoe het die manne met leepogies gekyk na Sara - sy het hulle knieë lamgemaak. Rebekka het dieselfde invloed op die manne gehad, en die arme Isak moes nes sy pa Abraham allerhande plannetjies maak om uit die moeilikheid te bly met sy beeldskone vrou. Ragel het vir Pa Jakob skoon uitgeboul die eerste keer wat hy sy oë op haar lê, en hy was selfs bereid om veertien jaar lank te werk vir haar!

Maar dis nie net die mooi vroue wat soveel moeilikheid met hulle saamdra nie. Josef se aantreklikheid het hom ook nou in die sop, want meneer Potifar se vrou stel hoeka hééltemal te veel belang in hierdie jong blaartjie. Toe hy nog maar net ‘n doodgewone slaaf was, het sy nou nie juis notisie geneem van hom nie, maar nou dat hy so ‘n groot bevordering gekry het, begin

hy al hoe meer begeerlik lyk. Sy sit heeldag ledig by die huis en sien haar baie belangrike man maar net so af en toe. Dit maak dat die mooi Hebreër nog meer aanloklik begin lyk.

Josef begin al hoe meer ongemaklik voel in haar teenwoordigheid. Hy kan eintlik voel hoedat sy hom uittrek met haar oë. Op ‘n dag wink sy hom nader: “Josef, kom lê ‘n bietjie hier by my." Josef skrik hom yskoud. Wat moet hy doen? Sy is in haar slaapkamer! Hier kom gróót moeilikheid!

‘n Man voel gevlei as ‘n mooi vrou sulke uitnodigings aan jou rig, veral nog as sy boonop een van die invloedrykste vroue in die land is. Nie alleen is al haar aandag baie vleiend nie, maar boonop kan sy ook baie vir ‘n man se loopbaan beteken. Dink maar net hoeveel voordele so ‘n verhouding vir jou kan inhou, nie eers gepraat van hoe dit ‘n man se ego streel nie!

Maar die realiteit van die saak tref vir Josef. ‘n Mens doen net eenvoudig nie sulke dinge nie! So is hy geleer. Kyk maar net hoeveel droefheid boetie Ruben veroorsaak het toe hy en pa Jakob se slavin-vrou ‘n verhouding aangeknoop het. Is hierdie nie maar presies dieselfde ding nie? Pa

Jakob het hom geleer dat sulke dinge verkeerd is in die oë van die Here. “Jammer, nee”, stotter Josef voor die aanloklike vrou, “Meneer vertrou my! Hy het my die hoogste moontlike pos gegee wat ‘n slaaf kan beklee. Ek is aangestel oor sy hele huishouding, en u is mos sy vrou. Dit sal verkeerd wees! Boonop gaan ek sondig teen my God”.

Daarmee draai Josef om en stap uit. Mevrou Potifar is verslae! Hoe kan hy so onnosel wees om so ‘n aanbod te weier? Die ander manne van Egipte sal oor mekaar val om ‘n nag by haar in die kooi deur te bring. “Vir Josef wil ek hê, kom wat wil! Ek sal hom nog bed toe sleep, al is dit die laaste ding wat ek doen!”

Potifar is vir ‘n lang ruk uithuisig, en mevrou Potifar se begeerte na hierdie mooi jong kêrel raak al hoe groter en dringender. Sy probeer elke truuk in die boek om hom te probeer uitlok, maar elke keer ontglip hy haar. “Miskien is hy bang dat iemand ons saam sien. Dalk moet ek sorg dat ek en Josef alleen in die huis is.” Mevrou Potifar kry haar plannetjies baie mooi agtermekaar. Al die slawe kry die dag af sonder Josef se medewete. As hy daardie oggend in die huis instap, kom hy agter dat hier iets broei. En

dan is Mevrou Potifar hier langs hom, en hy sien sommer dat sy nie hier is vir speletjies nie. “Kom Josef, kom lê by my asseblief, ons is alleen....”

Josef skrik hom yskoud. “Nou moet jy vlug ou maat”, skiet dit deur sy brein, en hy maak presies nét so. Hy maak hom uit die voete, maar die desperate vrou gryp hom aan sy klere. Josef ruk hom los, maar in die proses skeur sy die klere van sy lyf af. Josef hardloop uit die huis uit, net té bly dat hy uit haar kloue kon ontsnap.

Mevrou Potifar is woedend! Die spreekwoord lui: “Hell hath no fury like a woman scorned.” Wanneer die ander slawe terugkom, gil sy blou moord: “Daardie man wou my probeer verkrag! Kyk, in sy haas om weg te kom het hy nog van sy klere hier vergeet!”

Wanneer Potifar uiteindelik weer tuis is, hoor hy van die verskriklike ding wat sy vrou oorgekom het, en Josef beland in die tronk. Eintlik moes Josef net daar tereggestel word, maar ek dink Potifar het dalk sy vrou se storie met ‘n knippie sout geneem, en dwarsdeur haar treurmare gesien.

“Hoe onregverdig,” wil ons sê. “Kon God nie iets daaromtrent gedoen het nie? Josef het dan juis

gehandel volgens God se wil?" Maar die Here het ‘n baie groter taak vir Josef gehad as om maar net vir Potifar te werk. En daarvoor moes Josef uit Potifar se huis verwyder word, en dan boonop ook eers ‘n tyd in die tronk deurbring. Vir Josef was die tronk ‘n klein opoffering vir die groot dinge wat nog op hom gewag het. Hy moes maar net geduldig wees. God se plan met my en jou lyk dikwels baie raaiselagtig. Maar as ons geduldig wag, sien ons hoe Hy Meesterlik beplan.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die voorbeeld wat Josef vir ons gestel het. Help my om ook so voor al die aanloklike versoekings steeds staande te bly.**

# Alwéér in ‘n Gat

## Genesis 39:20-40:23

Mense wat opreg probeer leef, word dikwels beloon met onreg. Josef probeer ‘n rein lewe leef, en hy weerstaan die verleiding van Potifar se vrou. Hy wil leef soos dit God behaag. En wat kry hy? Hy word in die tronk gesmyt wanneer daardie vrou hom belieg. Deur die eeue is talle mense geviktimiseer oor hulle opregtheid. Talle gelowiges verloor daagliks hulle werk bloot omdat hulle te eerlik is. Hoeveel mense weet jy nie van wat al baie besigheid verloor het omdat hulle nie hulle beginsels wou prysgee nie? Daar breek ‘n dag aan wat sulke gelowiges dalk sal wil vra waarom God hulle dan nie gehelp het nie? Wanneer ons Josef se verhaal lees, dan sien ons dat God nooit óóit Sy kinders in die steek laat nie. Ja, daar kom soms bittere teleurstellings, en daar kom dikwels groot swaarkry en seerkry, maar deur dit alles is Hy steeds daar, en gebruik Hy daardie einste teleurstellings om ons na iets beter te lei.

Josef word opgesluit in Potifar se “ronde huis,” waarskynlik ‘n fort waarin ook tronkselle was. Potifar het alle rede gehad om Josef te laat

doodmaak. Maar wat maak hy? Hy plaas Josef in beheer van die hele tronk. Inderdaad is Josef ‘n gevangene, maar baie gou word hy ‘n bevoorregte gevangene. Ook hiérin kan ons nie anders nie as om die Here se hand te sien. Hy sorg vir Josef selfs in die tronk.

Op ‘n dag beland twee van Farao se hoof hofbeamptes in die tronk omdat hulle “gesondig” het teen die magtige Farao. Tog ironies: hulle is daar omdat hulle sondig. Josef is daar omdat hy weier om te sondig! En dan een nag kry albei hierdie belangrike amptenare ontstellende drome. Wanneer Josef daardie oggend in hulle sel kom om hulle te versorg, sien hy sommer dadelik dat hulle baie ontsteld is. “Wat’s fout?” wil hy weet, en dan vertel hulle van die drome, en dat dit hulle ontstel. Dalk het hierdie drome ‘n groot betekenis!

“God ken julle drome, Hy kan dit uitlê. Kom, vertel my daarvan”. Met die uitleg van drome gee Josef al die eer aan God - dit is Hy wat hom die wysheid gee om dit te kan doen. En skielik word die rolle omgeruil. Nou is Josef nie meer die arrogante dromer nie, maar die een wat luister na ander se drome. Die skinker vertel van hierdie ongelooflike droom, waar hy letterlik

staan en kyk hoe ‘n wingerdstok begin bot, en voor sy oë binne drie dae blom en ryp vrugte voortbring wat as wyn vir Farao voorgesit word. Asemrowend!

“Oor drie dae gaan jy weer vir Farao wyn skink,” lê Josef die droom uit. Nou is die bakker opgewonde. Dalk gaan dieselfde met hom gebeur. Hy vertel hoedat hy gedroom het van voëls wat varsgebakte brood kom oppik uit ‘n mandjie wat hy op sy kop dra. Josef se gesig val. Vir hierdie arme man wag daar bitter slegte nuus: hy gaan tereggestel word oor drie dae.

“Dink aan my wanneer jy ‘n vry man is,” pleit Josef by die skinker. Hy vertel hulle hoedat hy “gesteel” is uit sy land, en hoedat sy broers hom in die gat (put) gegooi het, en nou sit hy alweer in ‘n gat (tronk). Dit is nou al dertien jaar sedert hy in die eerste gat gegooi is, en hier wil hy nou bitter graag uit!

In Farao se paleis is daar groot fees. Hy verjaar, en daar word groot partytjie gehou. Dan beveel Farao dat sy twee hofamptenare wat hy in die tronk laat smyt het gebring word sodat hy hulle kan verhoor. Die skinker kry goeie nuus: hy word in sy amp herstel. Die bakker word egter

tereggestel, presies soos Josef voorspel het.

Maar die skinker het skoon vergeet van Josef waar hy steeds in die tronk sit en krepeer.

"**Hoe lank gaan U my nog bly vergeet Here?**" snik Dawid, die Psalmdigter dit uit in Psalm 13, "**Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af wegkyk? Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring?**" Hierdie woorde kon net sowel uit Josef se mond gekom het. En hierdie is die woorde wat menige gelowige uitsnik wanneer hulle in die donker gat van ellende sit - almal het van hulle vergeet, selfs God.

Maar God het nie van Josef vergeet nie. En God het ook nie van Dawid vergeet nie. Psalm 13 eindig met die woorde: "**Ek hou vas aan U troue liefde, oor die uitkoms wat U gee juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.**" Op dieselfde trant borrel Paulus dit uit, terwyl hy in die tronk sit in Rome: "**Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!**" Waarom kan Josef en Dawid en Paulus positief wees terwyl hulle in 'n donker gat sit? Omdat hulle gewéét het dat God ten spyte van hulle omstandighede steeds by

hulle was, en dat Hy deur dié omstandighede iets groot wou bereik. Paulus se briewe uit die tronk het baie miljoene mense bereik. Josef se verblyf in die tronk sou uiteindelik die volkie Israel red en laat blom. Wat van die tyd wat ek en jy dalk in die gat deurbring? Wat wil die Here daardeur bereik? Dalk sal ons nie nou weet nie, maar eendag gaan ons ons hande saamslaan as ons terugkyk en sien hoe die Here ons swaarkry gebruik het om iets wonderlik te bewerkstellig.

**Gebed:**

**Here, gee my asseblief ‘n borrelende blydskap ten spyte van my omstandighede. Gee my asseblief volle vertroue in U, want ek weet dat U iets groot beplan in my swaarkry.**

# Van Tronkvoël tot Heerser

# Genesis 41:1-57

Die Skinker het hom vergeet! Almal het van Josef vergeet - die res van sy lewe sou hy in die stinkende kerker verslyt, en dit vir ‘n daad wat hy gladnie eers gepleeg het nie. Twee jaar sleep harmansdrup-stadig verby sedert die skinker herstel is in sy pos.

Dan, een nag gebeur die ding wat God se plan in werking stel, die ding waarvoor God Josef bestem het. Alles begin met ‘n afgryslike droom wat die Farao in die middel van die nag sopnat gesweet laat regop spring in sy kooi. Hy skud sy kop om seker te maak dat dit ‘n droom was en nie die werklikheid nie. Alles was so helder en werklik! Hy kon sweer hy staan persoonlik self op die Nylrivier se walle. Farao se hart klop in sy keel. Hy sien weer die prentjie voor hom: ‘n rustige prentjie waar sewe spekvet koeie in die vleigras staan en wei. En dan gebeur die bisarre ding. Uit die Nylrivier kom daar die aakligste maer gedrogte van koeie uitgekruip - óók sewe van hulle. Waarom elke keer SEWE? Die koeie is amper onherkenbaar, geraamtes van maerte. En voor sy oë pak die maer koeie die sewe

vettes en vreet hulle op! Die snaaksste is dat hulle daarna maar net so maer bly! Farao gril vir die verskriklike beeld in sy kop. Hy rol rond in die bed, die gedagtes wil hom net nie verlaat nie. Uiteindelik raak hy tóg onrustig aan die slaap.

Maar dan is dit alweer sulke tyd, en Farao droom van sewe mooi uitgeswelde, vet koringare wat op die land staan, en dan word hulle verslind deur sewe maer, uitgedorde koringare. Met ‘n asem wat jaag, skrik Farao weer wakker. Nou is sy slaap vir goed weg! Waarom elke keer die getal sewe? Wat sou die betekenis wees?

Dit is nog nie eers behoorlik lig nie, toe laat roep Farao sy raadgewers. Hulle kry ‘n bitter omgekrapte Farao waar hy op en af stap. “Ek het gedroom”, begin hy, en dan vertel hy hulle van die verskriklike drome. Die wyse manne is stomgeslaan. Hulle het hiérdie kant toe en dáárdie kant toe kleigetrap, maar hierdie droom is een te veel vir die jarelange opleiding wat hulle het in die uitleg van drome. Die groot grap is dat Farao beskou word as ‘n god, maar nou skielik is hierdie “god” bang en kan hy nie eers sy eie drome uitlê nie!

In die middel van hierdie chaos onthou die

skinker skielik van Josef, en dat hy daar in die tronk hulle drome so absoluut akkuraat uitgelê het - alles het presies gebeur soos Josef voorspel het.

Josef word laat haal. Maar hy moet darem eers aanneemlik lyk vir die grote Farao se hof, dus word sy tipiese Semietiese baard afgeskeer om aan te pas by die Egiptiese voorkoms. Hy word netjies aangetrek, en dan, as hy darem naastenby soos 'n Egiptenaar lyk, kom staan hy voor Farao. Maar al hierdie protokol en ge-opsmukkery verhoed nie vir 'n oomblik dat Josef die Farao baie goed laat verstaan waarvandaan sy wysheid kom nie. "**Nie ek nie**", deel Josef hom mee, "**God is die Een wat dié goeie antwoord vir u gee**" (Gen 41:16).

En dan vertel die magtigste man op aarde vir Josef van sy verskriklike nagmerrie. Sonder om eers tweekeer te dink, weet Josef wat die betekenis is. Die Heilige Gees lê die uitleg daarvan in sy gedagtes vas, en Josef vertel vir Farao dat daar sewe jaar van oorvloed gaan wees en daarna sewe jaar van die allerverskriklikste hongersnood regoor die wêreld. Farao skrik hom asvaal - "**Wat gaan ons maak?**", hyg hy. Maar Josef staan al klaar

gereed met ‘n antwoord: “**Stel ‘n uiters bekwame man aan om betyds voorsorg te tref.**”

Farao is so beïndruk met die wysheid wat Josef aan die dag lê, dat hy hierdie jong man, toe maar pas dertig jaar oud, aanstel om die saak te hanteer. Dit moes iemand wees “met die verstand van ‘n god” - letterlik: “**iemand in wie die Gees van God is**” (v 38), en dit is duidelik dat Josef presies so ‘n persoon is. Saam met hierdie aanstelling kry Josef die magsposisie as tweede hoogste gesag in die land. Hy kry ook ‘n nuwe naam, ‘n nuwe (?) vrou en ’n splinternuwe ryding, (’n Rolls Royce?) alles dinge wat sy nuwe status bevestig.

Oor die volgende sewe jaar bewys Josef dat die Gees van God in hom is, en op briljante wyse bou hy graanskure regoor die Koninkryk en vul hulle tot oorlopens toe, sodat wanneer die sewe jaar van hongersnood die wêreld tref, Josef tevrede kon terugsit met ‘n taak wat uit die boek voltooi is.

Nou is die verhoog gereed vir die volgende toneel in die geskiedenis van Jakob en sy seuns, die wordende volk Israel.

Hierdie is ‘n verhaal vol aangrypende emosionele belewenis wat jou en my meesleur. Net wanneer ons wil vra: “Waar is God dan?” dan gebeur die mees aangrypende wonderwerk wanneer God ingryp. Dan sien ons dat Hy nog al die tyd daar was. God staan nie eensydig nie. Hy is in beheer en Hy is gedurig besig om mense se lewens te rangskik om ons voor te berei om Sy doel te bereik, ‘n baie groter doel as wat ons eenvoudige menslike verstand ooit kan bedink.

**Gebed:**

**Here, die verhaal van Josef laat my snak na my asem. Dit laat my net weereens besef hoe groot U werklik is. Dankie dat ek ‘n Almagtige God kan aanbid - ‘n God wat omgee en altyd daar is vir my.**

# Hongersnood

## Genesis 42:1-38

‘n Verwoestende hongersnood tref die Midde-Ooste. Mense is radeloos! Die aarde lewer absoluut niks op om van te oorleef nie. Vir jare al bly die reën net weg. Selfs die skatryk Jakob en sy kinders word hard deur die droogte getref, sodat hulle laaste bietjie graan naderhand gedaan is. Moedeloos roep die gryse ou man sy seuns bymekaar: “Ek het gehoor dat daar graan in Egipte is,” deel hy hulle die nuus mee. “As ons wil oorleef, dan sal julle daarheen moet gaan en vir ons gaan koop”.

En so begin een van die grootste dramas van alle tye, ‘n aangrypende drama wat keer op keer vir my ‘n knop in die keel besorg en trane. Josef se klein boetie, Benjamin moet agterbly by Pa Jakob. Hy is die enigste herinnering wat Jakob nog oor het van sy geliefde Rebekka. Die ander tien seuns vertrek op hulle lang reis na Egipte.

In Egipte aangekom, word hulle verwys na die Premier. Hy hanteer persoonlik al die verkope van graan omdat dit so ‘n geweldige belangrike saak is. Die ganse wêreld rondom Egipte se lewe en toekoms hang af van die graan in Josef

se skure. Wanneer die tien broers in die deftige saal instap, word hulle begroet deur ‘n baie belangrike “Egiptenaar”, uitgedos in die beste klere en behang van goud. Alles aan hierdie man wys dat hy naas Farao die belangrikste man in Egipte is. Hulle buig diep voor hom - hier moet hulle darem nou hulle passies ken! Twintig jaar het verbygegaan sedert hulle vir Josef verkoop het. Nie alleen het die seun ‘n volwasse man geword nie, maar hy lyk nie eers naastenby meer soos die woestynbewoner-seuns van Jakob nie. Maar die jare het niks aan hulle verander nie, en Josef herken hulle onmiddellik as sy broers. Hy kry die begeerte om op te spring en hulle te gaan omhels en soengroet, maar dan is dit asof ‘n stem vir hom sê: “Moenie!”

Josef behou sy streng gesig, en sonder om van stryk gebring te word deur sy emosies, vra hy bars: "Waarvandaan kom julle?” Josef se gesig sê dit nie, maar binne-in hom is alles ‘n warboel. Skielik onthou hy die droom van twintig jaar gelede, toe sy broers se koringare voor syne kom buig het. Die wiel het reg rondom gedraai! Wat moet hy maak? Nou is hierdie skarmunkels almal in sy mag! Maar Josef koester geen

wraakgevoelens nie. ‘n Pikdonker put, slawerny, die tronk - al hierdie pynlike dinge het almal vir Josef gevorm. Pyn verander mense. Pyn kan mense vernuwe, tot totaal ander insigte lei. Maar dit gebeur alleen wanneer jy besef dat God jou dwarsdeur hierdie pyn nooit in die steek laat nie. Dan raak gebrokenheid sinvol.

Skielik besef Josef dat sy broers na hom gestuur is met ‘n doel. Hulle moet getoets word of hulle steeds so vol venyn, afguns en twis is. Hy speel briljant toneel as hy ‘n vyandige houding teenoor hulle inslaan. Hulle word beskuldig van spioenasie. Hulle ontken dit natuurlik heftig, en dan verduidelik hulle dat hulle almal broers is, kinders van een pa. En hulle vertel van die een broer wat dood is (dis nou Josef waarvan hulle praat). Hy glimlag heimlik, maar hulle merk dit nie op sy gesig nie. Josef brand om te hoor hoe dit met Pa en klein Benjamin gaan, maar hy durf nie vra nie. Dan vertel hulle van die jongste seun wat by Pa is. “Pa leef dus nog!” Josef se hart slaan ‘n slag bollemakiesie.

En so kry Josef inligting oor hoe dit met sy familie gaan, maar steeds weet hy nie hoe hulle gesindheid verander het nie. Alleen iets wat hulle hard slaan, sal hierdie sy van hulle openbaar.

Dus laat smyt hy hulle in die tronk.

Vir drie dae los hy hulle in die kerker sodat hulle behóórlik tyd kan kry om te besin oor die verlede. Josef wil eers die spul in die tronk hou, en net een terugstuur na Pa toe, maar dan besef hy dat dit nie prakties sou wees nie. Hy is besorg oor sy familie wat swaarkry. Maar hy gaan beslis een agterhou. Hy laat roep hulle, en deel hulle mee dat een van hulle in aanhouding gaan bly. Wanneer hulle onder mekaar praat, hoor Josef dat Ruben hom nooit wou verkoop nie. Hy hoor hoe die beeld van 'n boetie wat om genade smeek daar by die put, weer voor hulle opdoem. En hy hoor dat hulle berou het oor hulle daad.

Nou kan Josef sy emosies nie meer in bedwang hou nie, en hy moet haastig die vertrek verlaat sodat hulle dit nie raaksien nie. As Josef weer sy emosies onder bedwang het, is hy weer die streng heerser. Hy sal nie vir Ruben in die tronk hou nie, maar eerder vir Simeon. Ongemerk laat plaas hy die broers se geld weer in hulle sakke, en hulle word huistoe gestuur. Terug by die huis skrik hulle hulle yskoud as hulle die geld kry. Pa Jakob word meegedeel van Simeon, en dat daardie Egiptenaar daarop aangedring het dat Simeon slegs vrygelaat sou word as hy eers vir

Benjamin sien. Jakob is verslae: nie Benjamin ook nie! Hy wil hom nie óók verloor nie. Benjamin sal nié na Egipte gaan nie! Jakob sit sy voet neer!

Hierdie drama gryp jou aan die hart, en dit laat jou onwillekeurig terugdink aan die duister dinge uit jou eie verlede. Het jy al God se vergifnis daarvoor beleef? As jy waarlik berou het, is God bereid om alles te vergewe en te vergeet. Lees gerus maar in Jesaja 1:18 en Romeine 8:1 hoe volkome God se vergifnis is.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vandag kan weet dat U al my sondes reeds vergewe het - dat ek vandag vry is.**

# Die Feesmaal

## Genesis 43:1-34

Ruben is ‘n baie bekommerde man. As oudste van Jakob se seuns, rus die verantwoordelikheid nou swaar op sy skouers. Pa Jakob begin nou baie oud raak, en hy wat Ruben is sal die leisels moet oorneem. Hy kan sy tong afbyt oor die misstap wat hy jare gelede begaan het, toe hy en Pa se slavin-vrou....... Nee daarvan wil hy liewer vergeet. Hy wonder of Pa hom al ooit daarvoor vergewe het.

Maar nou sit hy met ‘n baie groot dilemma: Simeon sit in die tronk in Egipte, gyselaar van daardie belangrike man. Hy het ge-eis dat hulle vir Benjamin na Egipte toe bring, en nou wil Pa Jakob niks daarvan weet nie. Wat gaan hy maak? Ruben kyk met groot kommer na hulle kosvoorrade. Vir die afgelope weke al word almal gerantsoeneer! Daar is byna niks meer oor nie. Die tyd loop uit. Wat gaan hy maak om vir Jakob te oortuig?

Maar dan is daar boonop die kwessie van die geld wat hulle in hulle graansakke ontdek het. Ruben kry koue rillings as hy daaraan dink. Iemand het hulle probeer merk! As hulle weer

terugkom in Egipte sonder Benjamin, gaan daardie geld óók nog voor hulle koppe gehou word. Dit sal die laaste strooi wees!

“Pa,” pleit Ruben radeloos. “Ek sal volle verantwoordelikheid neem vir Benjamin. Asseblief Pa....”

“Julle maak my kinderloos!” tier Jakob. “Eers Josef, en nou Benjamin! Nee, ek sal dit nie toelaat nie!”

Ruben se hart sak in sy leersandale. Radeloos kerm hy: “Pa kan my eie twee kinders doodmaak as ek nie vir Benjamin terugbring nie!” Maar Jakob is soos ‘n steeks donkie. Hy weier volstrek.

‘n Maand later kry Ruben die boodskap: “Pa wil ons sien."

“Dalk het Pa tot besinning gekom,” hoop Ruben. Ons gaan almal nog hier vrek van die honger. Alles is op, vanoggend was daar nie eers meer ‘n ou roosterkoekie om te eet nie!"

“Julle moet maar weer vir ons ‘n bietjie kos gaan koop.”

“Maar Pa, ons kan nie sonder Benjamin gaan nie! Daardie man het uitdruklik gesê dat ons nie

ons voete in Egipte durf sit sonder die seun nie!" Juda pleit by Jakob en waarborg die seun se veiligheid. "Ek sal vir altyd by Pa in die skuld wees as ek hom nie terugbring nie!"

Uiteindelik gee Jakob baie teësinnig in. "Ons is gered!" jubel dit in Ruben. "Kom broers, as die son more opkom moet ons al ver wees!"

Wanneer hulle Egipte binnery op hulle kamele, maak Ruben vir oulaas seker dat hy alles het. Pa Jakob het aangedring daarop dat hulle 'n klomp geskenke saampiekel: balsem en heuning (die bietjie wat hulle nog oorgehad het!) en gom, hars, neute en amandels. En die belangrikste: die geld wat in hulle graansakke was. Hulle sal darem baie mooi moet verduidelik oor dáárdie geld!

"Hulle is terug Meneer," kom gee die amptenaar vir Josef die nuus, "en hulle het toe die jong seun ook saamgebring!"

"Vanaand eet hulle saam met my in my huis," beveel Josef die amptenaar. "Gaan berei 'n groot feesmaal voor. Maak seker dat net die beste voorgesit word!"

Wanneer Ruben hoor dat hulle na daardie belangrike man se huis ontbied word, kry hy

eintlik maagkrampe van bekommernis. “Dis ons einde broers! Hulle het uitgevind van die geld, en nou....” Ruben probeer vir die amptenaar verduidelik van die geld, en dat hy rêrag nie weet hoe dit daar gekom het nie, en dat hulle alles teruggebring het. Maar die amptenaar stel hulle gerus: “Moenie bekommerd wees nie, dit is julle God wat dit bewerkstellig het.”

Ons moet besef dat God nie in die opspraakwekkende dinge werk nie, maar in die alledaagse. Herken Sy hand in die gewone dinge wat elke dag gebeur.

Dan word die broers herenig met Simeon. Die vreugde is groot! Hulle broer het die tronk oorleef!

Daardie aand word hulle die eetsaal van Josef binnegelei, geklee in hulle beste klere. Hulle voete word gewas en dan word hulle plekke aan die tafel aangewys. Ruben se mond hang oop: die broers word gerangskik van oud na jonk, presies in die regte volgorde! “Hoe het hulle geweet?” wonder hy. Maar hy kry nie veel kans om te wonder nie, want nét dan, met groot fanfare, word Josef ingebring. As hy sy klein boetie, Benjamin sien, is dit net een te veel vir

hom, en hy moet vinnig omdraai, want nou kan hy nie meer sy emosies beteuel nie. Eers wanneer hy klaar gehuil het, sy gesig gewas het en weer die selfversekerde Josef van altyd is, kom hy terug. Nou kan die fees begin. Benjamin se bord word gelaai, en hy kry vyf keer so veel as die ander. Josef hou die situasie baie fyn dop. Hoe gaan die ander reageer omdat Benjamin voorgetrek word? Die seun is immers nou in dieselfde situasie as wat hyself twintig jaar tevore was. Sonder dat hulle dit weet, slaag die broers die toets. Hulle het beslis ‘n verandering van gesindheid ondergaan.

Maar Josef is steeds nie tevrede nie: hulle sou nog ‘n toets moet slaag. Maar daaroor gesels ons DV more.

**Gebed:**

**Here, maak asseblief my oë oop sodat ek U hand sal raaksien in die dinge wat elke dag gebeur.**

# ‘n Groot Terugslag

## Genesis 44:1-34

Die elf broers kan nog steeds nie glo wat hulle getref het nie. Waarom is hulle so goed behandel, en dit nogal nadat daardie man hulle so beskuldig het van spioenasie en allerhande liederlike dinge? En die geld wat in hulle sakke was? Hy moes sékerlik onraad gemerk het! Waarom het hy al die moeite gedoen om hulle, eenvoudige Hebreërs, so ‘n groot feesmaal voor te sit? En dan is daar die groot raaisel: hoe het hy geweet om hulle presies in die regte volgorde van oud na jonk te rangskik om die tafel? Die manne gis en wonder. “Hulle sê dat daardie man glo voorspellings kan doen, glo 'n profeet of iets! Ek wonder of hy nie dalk deur magiese krag dwarsdeur ons kon sien nie?”

Dit het tyd geword om weer op te pak, want met hanekraai moet hulle in die langpad wees. Intussen het Josef die hoofamptenaar ‘n snaakse bevel gegee: Hy moes heimlik weer die graansakke van die elf manne gaan oopmaak, en hulle geld bo in elkeen se sak plaas. “En vat my silwerbeker,” sê hy vir die verbaasde amptenaar, “en sit hom bo in die sak van die

jong seun saam met sy geld.” Josef wil die manne nog een laaste keer toets om te sien of daar waarlik ‘n hartsverandering by hulle gekom het. Wat sou hulle maak as hulle met diefstal gekonfronteer word? En wat sal hulle doen as die lewe van hulle kleinboet bedreig word? Sal hulle toegee aan die druk en hulle eie lewens probeer red?

Die amptenaar voer Josef se opdrag noukeurig uit met ‘n groot vraagteken op sy gesig. Soms verstaan hy Josef gladnie. Maar daardie slim man bevraagteken jy nooit! Sy misterieuse God gee hom baie groot mag.

Donkeroggend word die donkies gelaai, en val die manne in die pad, salig onbewus van die tydbom wat hulle met hulle saamdra. Skaars is hulle uit die stad, of Josef roep sy hoof amptenaar. “Nou moet julle die manne agterna sit. Soek hulle sakke deur, maar sorg dat die seun se sak laaste is. En dan neem jy hulle in hegtenis.”

“Maar meneer......,” wil die man nog sê, maar hy bedink hom. Hy kan nou gladnie meer verstaan wat hierdie slim Meneer wil probeer bereik nie. En so sit hy en ‘n afdeling soldate die groepie

Israeliete agterna. “Wat het julle besiel?” vra hy bars vir die verbaasde manne. “My meneer het julle net met goedheid behandel, en nou kom doen julle so ‘n lae ding. Waarom beantwoord julle sy goedheid met die slegte?” En dan vertel hy vir hulle baie dramaties dat Josef se baie spesiale silwerbeker, nogal die een wat hy gebruik om al sy voorspellings mee te doen, gesteel is. “En daardie beker het verdwyn nadat julle by hom gaan eet het!” voeg hy by. “Dit kan maar net een van julle wees!”

Die manne trek hulle skouers op: “Waarom sal ons so ‘n lae ding doen? Jy het sélf gesien dat ons die geld wat ons laaskeer in ons sakke gekry het, teruggebring het. Nie een van ons sal steel nie. Jy kan die een in wie se sak dit is maar doodmaak!” Dan voeg Ruben by: “En dan kan jy ons almal maar jou slawe maak!”

Baie dramaties begin die amptenaar by die oudste se sak. Ruben se graansak word deeglik deursoek, maar van die beker is daar géén teken nie. “Ek het jou mos gesê,” wil hy vir die man sê, maar hy bedink homself. Hy kyk hoedat die tweede sak deursoek word, en die derde, sonder enige resultate. Nou begin Ruben gerus raak. En so gaan die hoofamptenaar op die ry af - die

sewende, agtste, negende en tiende. Die manne slaak ‘n sug van verligting: daardie belangrike beker is nie hier nie. (Snaaks genoeg word daar niks gemeld van die geld nie. Wat het daarvan geword? Ons kan maar net raai.)

Dan word die jong Benjamin se sak oopgemaak. Ruben voel hoe die bloed uit sy gesig loop. Spierwit van die skok en oopmond staar hy na Benjamin se sak: daar, bo-op al die graan skitter Josef se silwerbeker. Stomgeslaan draai die manne om, terug na Egipte om op die rooi tapyt te gaan staan. Hulle kan dit nie verstaan nie!

Hoe mooi hulle ookal verduidelik, en hoe mooi hulle ookal soebat: Josef bly ongenaakbaar. Benjamin sal sy slaaf word, maar die ander is vry om terug te gaan. Hulle is platgeslaan: “Dit gaan ons pa se dood beteken,” soebat hulle, maar Josef bly by sy besluit.

Die manne is in die moeilikheid oor hulle sonde wat God aan die lig gebring het. Nie die beker nie, maar omdat hulle vir Josef verkoop het! Dit is dáárdie sonde wat hulle inhaal. Nog nêrens hoor ons dat hulle erken dat hulle destyds vir Josef verkoop het nie. Hulle praat net die hele tyd van “die broer wat dood is” of van “die broer

wat verdwyn het”.

Dan tree Juda na vore en pleit om genade. Hy is bereid om in Benjamin se plek slaaf te wees. Hy was die een wat voorgestel het dat Josef verkoop word, en nou word hy die pleitbesorger. Juda het hulle gesamentlike skuld bely. Daar was ‘n totale ommekeer by die broers, en veral Juda. Tyd en lyding het gesindhede verander.

‘n Mens mag nooit iemand afskryf nie, en boonop mag jy die krag van lyding nooit onderskat nie.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U bemoeienis met ons maak. Help my asseblief om U hand te herken in dinge wat met my gebeur - dat selfs pyn en lyding soms nodig is om my tot besinning te ruk.**

# Dis Ek, Josef!

## Genesis 45

Voor die "ongenaakbare" Josef staan die patetiese groepie van elf manne, bedremmeld, verlore, verslae. Party is byna in trane. Hulle soebat en smeek vir hulle klein boetie. Kan dit óóit dieselfde mense wees wat hom twintig jaar tevore met so 'n venyn gehaat het dat hulle hom wou keelaf sny? Is dit dieselfde jaloerse broers wat hom in die put gegooi het om daar van honger en dors dood te gaan? En wat hom verkoop het? Is dit dieselfde brawe manne wat 'n hele dorp uit weerwraak vernietig het en die inwoners uitgemoor het? En Ruben? Kan dit dieselfde man wees wat in magsvertoon sy pa se byvrou bed toe gesleep het? Wat het gebeur dat hierdie geharde manne nou voor hom kruip?

Josef voel hoe die emosie in hom opwel, 'n dam van trane wat dreig om die wal te laat bars. Hy beduie vir al sy amptenare om te skoert. Hulle maak soos hy sê.

Dan kan Josef dit net nie meer hou nie, en voor die verbaasde manne bars hy in trane uit. Hy snik en huil so hard dat die Egiptenare dit tot in die Farao se paleis kan hoor. "My broers het

verander!” maal dit deur sy verwarde gedagtes. “My geharde broers het berou. Hulle harte het sag geword!” Oopmond staar die elf manne hierdie spektakel aan. “Wat is dan nou hier aan die gang?”

Dan kom Josef met die hele sak patats uit: “Ek is Josef!” hoor hulle so tussen die snikke deur. “Ek is Josef, julle broer Josef wat julle as slaaf verkoop het.” Nou het hulle alles gehoor! “Leef Pa werklik nog?” wil hy weet.

Die manne kyk geskok vir mekaar: “Is hierdie maar net weer een van sy truuks? Wat probeer hierdie Egiptenaar hierdie slag met ons aanvang? Ons het al gesien hoe totaal onvoorspelbaar hy kan wees!”

En hulle raak baie bang.

Maar Josef roep hulle nader: “Kom hier. Ek is werklik julle boetie Josef. Moenie bang wees nie, julle het my daardie tyd dalk verkoop, maar dit was eintlik God wat my vooruit gestuur het om julle te kom red.”

Dan begin Josef vertel van hoe wonderlik die Here voorsien het. Hy het hulle onreg gebruik om almal se lewens te red. Maar eintlik gaan dit nie soseer oor hulle nie, maar om God, en wat

God doen met mense se dade.

As ‘n mens die dag hierdie groter visie het van God wat bo alle mense verhewe is, en selfs mense se onreg kan kanaliseer en gebruik tot heil van ander mense en om Sy groter doel te bereik, dan begin jy iets verstaan van die Koninkryk van God. Natuurlik is ons steeds verantwoordelik vir ons dade. Trouens, vir meer as twintig jaar moes hierdie broers ‘n leuenlewe voer en saam met ‘n bitter skuldige gewete leef. Ja, hulle wandade het baie seergemaak, maar dit het nooit God se doel verydel nie.

Josef beveel die elf om onmiddellik huis toe te gaan en vir Jakob en hulle gesinne te gaan haal. Alles wat hulle besit, hulle vee, slawe - alles moet saamkom. Hulle kan hier in die Gosenstreek kom vestig. Daar lê nog vyf jaar van hongersnood voor, en in Kanaän sal hulle beslis nie oorleef nie. Hier is vir hulle oorvloed, en kan hulle hulle lewensstandaard handhaaf.

Steeds is die broers skepties. Dan roep Josef sy kleinboet Benjamin nader. Hy omhels hom, en dan loop die trane alweer as Benjamin op Josef se skouer huil. Dan besef die manne dat hierdie nie ‘n skouspel is nie, dit is die werklikheid. Hulle

bestorm vir Josef en omhels hom. En almal huil lekker saam.

Hierdie gebeure het die Farao se paleis baie vinnig bereik. Wat sou die man se reaksie wees? Sou hy woedend vir Josef afdank? Inteendeel: hy is saam met Josef bly, en dan stuur hy die boodskap na Josef se paleis: “Josef, sê vir jou broers dat hulle hulle rydiere moet opsaal en jou pa gaan haal. Ek sal vir hulle die beste deel van Egipte gee om in te bly. Hulle kan die room van die land geniet. Ek sal vir al hulle vervoer hierheen sorg.” Wow!

En so stuur Josef sy broers om sy pa te gaan haal. Hulle word oorlaai met padkos en graan. En Benjamin kry ‘n sak vol silwer en vyf stelle nuwe klere.

Terug by die huis aanskou Jakob hierdie optog. “En wat is hier aan die gang?” wil hy weet.

“Sit Pa! Pa, Josef leef!” Jakob begryp nie wat Ruben vir hom sê nie. Dit kan mos nie wees nie? “Pa, Josef leef, en hy regeer oor die hele Egipte!” Jakob is stomgeslaan. Sy verstand sê vir hom dat dit nie waar kan wees nie. Sy seuns probeer hom net in sy oudag opbeur!

“Nee, moenie vir my kom loop storietjies vertel

nie. Ek ken julle mos al lank genoeg!” Jakob is sommer vies vir hierdie wrede poets wat hulle hom wil bak. Dan sien hy die optog van Egiptiese waens wat kom om sy trek te kom haal.

“Is dit werklik waar?”

"Nou waarom sal ons oor so ‘n ding lieg Pa? Natúúrlik is dit waar!” Jakob se vreugde ken géén einde nie. Die ou grysaard het sékerlik nét daar ‘n riel gedans dat die klippers so spat. “Josef, Josef my seun! Jy leef!”

**Gebed:**

**Here, Josef se verhaal bring trane in my oë. Dankie dat ek vandag hierdie aangrypende verhaal kan lees, en wéét dat U voorsien en selfs mense se swakhede kan gebruik om U doel te bereik.**

# Egipte, Hier Kom Ons!

# Genesis 46

Jakob (oftewel Israel) is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie op pad Margate toe. “Josef leef!” Hy kan net nie ophou dans en sing nie. “My seun leef sowaar. Juda, jy sê dat Josef oor die hele Egipte heers?” Jakob kan dit nog nie mooi kleinkry nie. “Hoe is dit op dees aarde moontlik?”

Dan moet Juda maar weer verduidelik van Josef en sy drome, en hoe hy die Farao se droom uitgelê het. “En vertel my weer ’n slag van daardie lelike poets wat Josef julle gebak het.” En Juda moet vertel van hoe hulle laag voor Josef moes buig, en van sy strak gesig wat absoluut niks verraai het nie. En dan kraai die ou man van die lag, en die trane loop oor sy wange van pure lekkerkry. “Hy het julle darem lekker gevang né?” En dan onthou Jakob van die drome wat Josef gehad het voor hy verdwyn het: eers die een waar die gerwe voor syne gebuig het, en die ander een wat hulle almal so kwaad gemaak het, toe die son en maan en sterre voor hom moes buig. “Nou maak alles sin!” dink die ou man. “God het twintig jaar gelede al vir Josef laat verstaan dat almal, selfs sy eie familie voor

hom sou buig! Nou word alles duidelik!”

Op Jakob se werf is daar ‘n baie groot gewerskaf. Almal hol rond soos ‘n klomp mal hoenders, want hierdie is nie sommer maar net ‘n trek nie, hierdie is dié Groot Trek! Alles wat hulle deur die jare bymekaar gemaak het, moet saam, want vir die volgende vyf jaar gaan hulle in Egipte bly. (Het hulle maar geweet dat daardie vyf jaar uiteindelik ‘n volle vierhonderd jaar sou word!)

Kyk, om Jakob en sy gesinnetjie te laat trek, is nou nie juis ‘n geringe takie nie. Vroeër jare was dit nog redelik maklik, maar toé was hulle nog net ‘n handjievol. Maar nou het Abraham se nasate al aangegroei tot ‘n volle sewentig (waarvan drie alreeds in Egipte is). En dan is daar nog nie eers begin tel aan sy kinders en kleinkinders se vrouens nie, en wat nog van al die slawe. As almal bymekaar getel word, is daar ‘n paar honderd van hulle. Maar dit is nie waar die logistieke probleme ophou nie. Hulle veekuddes loop die hele Kanaän vol. Daar is letterlik derduisende skape, bokke en beeste, nou wel almal uitgeteer van die droogte, maar hulle is steeds daar.

Dan, een nag gebeur die wonderlike weer met Jakob: In ‘n visioen kom die Here na hom: “**Ek is die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar ‘n groot nasie maak. Ek gaan saam met jou na Egipte toe.**” Nou weet Jakob dat hy die Here se wil doen, en nou kan hy met ‘n geruste hart vertrek. Min het Jakob geweet hoe geweldig waar die Here se woord daardie nag aan hom was. Die Here het belowe om Jakob ‘n groot nasie te maak in Egipte. Jakob se sewentig nasate sou aangroei tot meer as drie miljoen mense teen die tyd dat hulle weer Egipte sou verlaat.

Jakob was sy hele lewe lank gewoond om te voet te gaan waar hy wou kom. Maar hierdie slag ry hulle in styl. Josef het spesiaal gereël dat daar waens gestuur is om die vrouens en kinders te vervoer. Juda word vooruit gestuur om vir Josef te laat weet dat die groot trek begin het. Jakob is op pad! Wanneer Josef hierdie boodskap kry, besluit hy dat sy pa darem ‘n bietjie beter behandel moet word as om op ‘n gewone ou wa te ry. “Span my persoonlike wa in!” Nou word daar nie in die Bybel vir ons vertel hoe sy wa gelyk het nie, maar ek kan myself

voorstel dat die tweede in bevel in Egipte darem ‘n baie grênd wa moes gehad het. Dit moes ten minste ‘n Rolls Royce gewees het, met lugreëling en sagte sitplekke en al die luukshede wat ‘n koninklike sou betaam!

As Josef se blink wa voor Jakob se tentdeur stop, kan Jakob dit eers nie glo nie. Almal vergaap hulle aan al die blink en goud en luukse. Dan tree Josef te voorskyn. Die klomp snak na hulle asems: ’n Egiptiese prins! Hy hardloop na sy pa toe en omhels hom. En die trane loop, want die blydskap was baie, baie groot. Vir twintig jaar was sy liefling-seun dood, en hier staan hy nou in lewende lywe voor hom. “Nou is ek tevrede,” snik Jakob dit uit. “Nou kan ek maar sterf, my seun is terug.”

En so vertrek Jakob en sy gevolg na Egipte. Jakob ry saam met Josef in sy luukse wa, en vir die eerste keer in sy lang, lang lewe sak hy weg in die donsige kussings van ‘n koninklike wa. “God is goed,” sing dit in hom. “God is groot, en Hy is almagtig!”

Alles het nou ‘n volle sirkel gekom - wel byna! Abraham se nasaat was ‘n groot en magtige heerser. Sy nageslag was besig om met

astronomiese getalle te groei. Sy kleinseun was skatryk. Daar was nog net een ding wat moes gebeur: Sy nageslag moes die land Kanaän in besit neem. Maar daarvoor sou hulle nog vierhonderd jaar moes wag.

Ons verhaal is nou so byna op sy einde. Maar hierdie einde is eintlik maar net die begin, want hier in Egipte word die volk gevorm en dy hulle uit. En hier kry hulle uiteindelik die leier, Moses wat hulle sal lei om die beloofde land in besit te neem namens God.

**Gebed:**

**Here, hierdie wonderlike geskiedenis van Abraham, Isak en Jakob het my net weereens verryk. Dankie dat U Woord elke keer so vars en nuut is wanneer ek dit lees, en elke keer tot my hart spreek, selfs deur die ou geskiedenis.**

## Langs Jakob se Sterfbed

## Genesis 47-50

Wanneer Jakob in Egipte aanland in Josef se luukse wa, neem Josef die ou man om die Farao te gaan ontmoet. Farao vra uit oor wat Jakob en sy seuns se nering is, en dan verduidelik hy dat hulle veeboere is. Die Farao is beïndruk met Jakob, en hy verneem of daar nie dalk ‘n paar knap manne in sy groep is wat die koninklike vee kan versorg nie. Die Farao kan sien dat ou Jakob al baie myle op het. Hy is nuuskierig oor hoe oud hierdie man dan kan wees. “Honderd en dertig jaar,” deel Jakob hom mee, maar dan voeg hy vinnig by dat hy eintlik maar nog jonk is in vergelyking met pa Isak en oupa Abraham. “Maar dis al die swaarkry en verdriet wat my so oud laat lyk,” verduidelik hy. “Boonop is ek eintlik maar net ‘n vreemdeling hier op aarde,” voeg hy by. Ja, na al die jare wat hy en sy voorvaders nou al in die beloofde land Kanaän bly, altesaam byna 300 jaar, is ál eiendom wat hy kan wys, ‘n put, ‘n graf en ‘n klein lappie grond. Dit maak hom nou nie juis die eienaar van die land nie!

En dan kom die groot verrassing: Jakob en sy mense word ‘n stuk grond toegesê in die land

Rameses, ‘n vrugbare stuk aarde. Dit word hulle eiendom. Nou is hulle nie meer bloot bywoners en vreemdelinge nie, maar hulle is grondeienaars. “Maar dis dan in die verkeerde land!” wil ons uitroep. Inderdaad het selfs die naam van die gebied ‘n onheilspellende klank aan hom. Ja, Egipte het nou die land van Jakob (Israel) se afstammelinge geword.

Die verskriklike droogte was op hierdie stadium maar nog in sy kinderskoene. Daar het nog ‘n volle vyf jaar daarvan oorgebly. Van heinde en verre het mense by Josef kom graan koop. Uiteindelik begin die kopers se geld opraak, en word hulle gedwing om hulle vee te verruil vir graan. Later is selfs dié op, en word hulle eiendom verruil sodat hulle maar net aan die lewe kan bly. En deur dit alles, bestuur Josef hierdie graanbesigheid met groot vernuf, en maak hy die Farao ‘n skatryk man. As mense selfs hulleself as slawe aan Josef verkoop om iets te kry om te eet, dan word vir ons gesê dat die ganse Egipte se eiendom sowel as sy mense nou aan die Farao behoort. Volgens ou Egiptiese inskripsies het Farao Rameses III nie minder nie as 3264 veewagters gehad - feitlik almal buitelanders. Dit gee jou net ‘n idee van hoeveel

vee hy bekom het uit die ruiltransaksies.

Later, na die hongersnood verby is, het Josef vir die mense saad gegee, maar ‘n vyfde van hulle opbrengs moes aan die Farao gegee word. Hulle sowel as hulle grond het mos nou aan hom behoort!

Maar terug by Jakob. Sy jare het aangestap, en hy het geweet dat sy einde naby is. Op 147 is ‘n man nie meer ’n kuiken nie! Josef word laat roep - Pa wil met hom praat. Jakob is ‘n bekommerde man: Egipte is nou alles goed en wel, maar hy wil tog nie hier begrawe word nie. Hy wil by die huis begrawe word. Josef belowe hom dat hy sal sorg dat Jakob in oupa Abraham se graf begrawe sal word.

Nie lank daarna nie, word Josef weereens ontbied: “Jou pa is baie siek!” Die einde is in sig. Josef word geseën asof hy die oudste seun is, met ‘n dubbele seën. En dan, die verrassing: Josef se twee seuns, Efraim en Manasse word as Jakob se eie seuns verklaar. Hulle word dus ook nou stamvaders soos die ander seuns. Ook húlle word geseën, en daarmee bind hy die twee wat in Egipte gebore is aan die beloftes wat God aan hom en Isak en Abraham gegee het.

Dan word al Jakob se seuns nadergeroep. Die tyd het aangebreek: hulle moet nou hulle seën kom ontvang. Dit is soos om in ‘n prokureur se kantoor te sit wanneer ‘n belangrike persoon se testament uitgelees word, propvol spanning en verrassings.

Ruben is uit die aard van die saak eerste aan die beurt. Hy is immers die oudste en natuurlik ook die hoof erfgenaam, en leier van die volk. Maar hier kom die eerste verrassing: Hy word sy status ontneem omdat hy hom vergryp het aan sy pa se byvrou. Dit maak hom onwaardig. Ook Simeon en Levi kwalifiseer nie as leiers nie, oor hulle geweld. Hulle het mense koelbloedig vermoor. Juda is die een wat aangewys word as leier. “Jy is ‘n leeu, my seun Juda,” sê Jakob. “Jy sal altyd regeer tot Silo kom.” Dawid en Jesus is uit die stam Juda gebore.

Terwyl Jakob se seuns om hom staan, het Jakob vrede. Sy taak is afgehandel. Dan sterf hy. Josef het hom huilende gesoen. Jakob is volgens sy wens in die Makpelagrot in Kanaän, die beloofde land begrawe saam met sy pa, Isak en oupa Abraham. Hy kry ‘n staatsbegrafnis soos slegs die mees hooggeplaaste Egiptenare kan kry.

Na die begrafnis, wat twee maande geduur het, is Josef se broers bekommerd. “Nou is Pa dood, en nou gaan Josef ons terugbetaal vir wat ons aan hom gedoen het!” Hulle kom val voor hom neer en smeek om vergifnis. Josef is in trane: “Ek is nie God nie”, sê hy vir hulle, en dan verduidelik hy dat God eintlik hulle wandade omgekeer het, sodat hulle eie redding en dié van hulle volk daaruit sou voortkom. “Moenie bang wees nie, ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.” En daarmee is Josef se vergifnis finaal.

God se vergifnis vir my en jou sondes is nog soveel groter as dié van Josef. Aanvaar dit en beleef dit!

**Gebed:**

**O Here, dankie dat U vergifnis so allesomvattend is, en dat ek in vrede kan leef, met die gedagte dat U my totaal en onvoorwaardelik vrygespreek het in Jesus, U Seun.**

# Epiloog

## Genesis 1-50

Ons het aan die einde gekom van die Genesis-verhaal. Dit was ‘n lang reis wat begin het by die skepping en die paradys. Uiteindelik is daar Abraham en God maak aan hom die beloofde van die Beloofde Land. Maar sy nageslag haak vas in Egipte. Dit sou ‘n Moses kos om hulle uit hierdie gat te sleep, en dit sou nog ‘n volle 450 jaar neem.

Maar kom ons gaan kyk ‘n bietjie in perspektief na hierdie verhaal wat ons so pas deurgestap het. Die grootste deel van die geskiedenis handel oor die drie patriarge, Abraham, Isak en Jakob. Tóg strek hulle storie oor ‘n baie klein tydgleuf van die geskiedenis, ‘n skamele 300 jaar. Nou moet ek eers ter inleiding sê dat daar groot meningsverskil is by die geskiedkundiges oor werklike datums. Ek het gekies om vir hierdie oefening ‘n gemiddelde kronologie-tabel te gebruik wat deur meeste geleerdes aanvaar word.

Die drie ou grotes uit die oergeskiedenis het al drie so kort deuskant die duisend-merk hulle ogies finaal toegemaak. Nou weet ons ook dat

daar meningsverskil is, en dat baie geleerdes meen dat hierdie verskriklike lang leeftyd van die ou grotes nie in jare gemeet is soos ons dit vandag ken nie, en dat hulle miskien gladnie so vreeslik oud geword het nie. Ons weet net eenvoudig nie vandag of dit die geval was of nie. Maar kom ons aanvaar dat die ouderdomme wat in die Bybel gegee word in naastenby dieselfde jare gemeet is as wat ons vandag ken.

Adam het 930 jaar oud geword, ‘n goeie, lang lewe. Die volgende ou grote waarvan ons lees, was Metusalag. Hy het 969 jaar oud geword, en daarmee het hy die Guinness rekordboek so net-net gehaal as die oudste man in die wêreld se geskiedenis. Na hom was daar nog ‘n ou grote: Noag. Hy het sy bes probeer om Metusalag se rekord te breek, maar op 950 moes hy die handdoek ingooi, ‘n skamele 19 jaar kort van die groot rekord.

As ek die tabelle van die slim manne reg lees, dan sien ek dat Adam nog geleef het toe Metusalag al oor die onderdeur begin loer het. En verder was Noag al ‘n stokou man toe Metusalag nog geleef het. Dit wil voorkom asof hy in dieselfde jaar as die groot vloed gesterf het. 350 Jaar na die groot vloed sterf Noag in die

jaar 1994vC. Drie jaar later, in 1991vC skree klein Abrampie blou moord as hy sy eerste lewenslig aanskou. Drie honderd jaar later, in 1700vC ry Jakob in Josef se luukse wa Egipte binne, en uiteindelik 450 jaar later, in die jaar 1250vC trek Moses met drie miljoen Israeliete oor die Rietsee, weg uit Egipte uit. Dit sou ‘n verdere 40 jaar neem voordat hulle die Jordaanrivier sou oorsteek om die land Kanaän in te neem. En so word God se belofte aan Abraham uiteindelik waar.

Wat het die oergeskiedenis en verhale van die aardsvaders ons geleer? Was dit maar net ‘n mooi storie? Vir my persoonlik was dit ‘n groot belewenis en voorreg om hierdie verhaal te kon skryf, en dit het gemaak dat ek met nuwe oë na hierdie deel van die Bybel kyk. Ons lees hierdie verhale vir ons kinders, en dan maak ons gewoonlik finaal die Bybel daar toe, want ons het dit mos nou al ‘n slag gelees! Ons weet mos nou wat daar staan. Tot my groot verbasing en vreugde het ek presies die teendeel gesien toe ek dit oorskryf, want skielik het hierdie verhale vir my lewendig geword. Ek kon saam met Abraham sy vrese en frustrasies en vreugdes beleef. Skielik kon ek saam met Isak die emosies beleef

toe hy verlief raak op die mooiste kreatuur wat hy ooit aanskou het, dis nou Rebekka. Saam met Jakob kon ek die frustrasie beleef van ‘n ongenaakbare skoonpa, die droefheid om jou seun te verloor en die borrelende vreugde as jy uitvind na twintig jaar dat hy nog leef.

Josef het my moed gegee vir die lewe, want ek kon dit meeleef toe hy van ’n slawelewe af groot hoogtes bereik in die lewe, net om skielik weer te tuimel tot héél onder. Maar dan weet hy die hele tyd dat God steeds, selfs daar in die tronk, met hom is en vir hom groot dinge beplan.

Ek het persoonlik gedurende hierdie reis ervaar dat daardie groot name uit die verlede nie maar net ikone is waarna ons vandag terug kan verwys nie, maar dat hulle werklike, doodgewone mense was nes ek en jy. Ek het agtergekom dat hulle dieselfde vrese as ons beleef het en dieselfde versoekings en uitdagings. Dit het my egter baie diep getref hoe elkeen van hierdie manne met die Here ‘n pad gestap het. Vir hulle was dit nog ‘n baie groter uitdaging as vir ons vandag, omdat hulle toe géén Bybel gehad het om vir hulle as riglyn te dien nie. Daarom moes God van tyd tot tyd ingryp en met hulle praat deur ‘n droom of

visioen.

In watter wonderlike tyd leef ons nie vandag nie! Ons het God se wonderlike lewende Woord om vir ons ‘n riglyn te wees en om vir ons die pad uit te stippel wat Hy wil hê ons moet loop. En natuurlik het ons die verhale van die ou grotes wat vir ons sê: “Hou moed! Bly vashou aan God se beloftes, al lyk hulle ook hóé onmoontlik. En die belangrikste van alles: Bly vasklou aan jou geloof, maak nie saak wat gebeur nie!”

**Gebed:**

**Here, dankie dat U vir ons hierdie wonderlike geskiedenis gegee het van U handelinge met die grotes uit die ou tyd. Dankie dat ons geloof daardeur versterk kan word en dat U so vir ons moed gee.**

As hierdie boek vir jou
van waarde was, oorweeg
dan asseblief 'n donasie
deur hierdie ZAPPER QR
kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan
vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

Na Inhoud 